


TOERUS
BYBELSKOOL




**<u>Bestellings kan geplaas word by</u>:**
**Past. Danie Nell**
**Tel: 071-678-6572**
**Epos: Danie.nell1937@gmail.com**


**Danie en Helene Nell is getroud op die 25ste April 1959. Sedertdien is hulle in voltydse bediening. Hy spot altyd deur te sê dat hy al vier keer probeer aftree het. Eintlik tree 'n mens nooit af as jy vir die Here werk nie.**
**In totaal was hulle herders in tien gemeentes. In 1997 het hulle verhuis na Jeffreysbaai waar hulle in 2002 "Christ for the Nations" Bybelskool begin het. Die Internet Bybelskool wat hy tans hoof van is, word genoem "Equip Bible School" en meer inligting daaroor word verkry op hul Webwerf. Die adres is: www.equipministry.co.za**

**Hulle het vier getroude seuns en nege kleinkinders. Drie is al getroud, wat die totaal kleinkinders nou (2019) op twaalf bring.**
**Hulle woon al jare op Jeffreysbaai in die Oos-Kaap en geniet hierdie dorp wat bekend staan as "The Surfer's Paradise"**

**Hierdie "Toerus Bybelskool" het hy saamgestel om hulle wat nie altyd deur Teologiese Kolleges kan studeer nie te help om in hul eie taal hulself toe te rus waarvoor die Here hulle geroep het.**

**Sy een groot passie is om Christene te help om hul posisie in Christus te ontdek asook hul Bediening en Gawes. Op 'n praktiese wyse leer hy ook gemeentes hoe om geestelik asook in getalle te groei. Sy gebed is dat die Here hierdie waarhede sal gebruik tot eer van Sy Naam.**

**Mag jy ook geseën word deur die inhoud van hierdie boek en dit deel met ander wat dit ook kan waardeer.**

# *Toerus Bybelskool*

## INHOUD


- **Die Ontdek Kursus** **5**

  ***<u>Ontdek:</u>*** ***Hoe om Bybelstudie te doen***
  ***Jouself as <u>gees</u>, <u>siel</u> en <u>liggaam</u>***
  ***Volkome Vergifnis***
  ***Jou Posisie in Christus***
  ***Jou Potensiaal***
  ***Jou Bediening***
  ***Jou Gawes***

- **Drie Heilswaarhede wat elkeen moet weet** **46**

  ***Dissipelskap***
  ***Die doop van die gelowiges***
  ***Die doping met die Heilige Gees***

- **Basiese Waarhede** **57**

  ***As ek versoek word, wat dan?***
  ***Gebed en Voorbidding***
  ***Die krag van ons Woorde***
  ***Die krag van saamstem***
  ***Die gee van Tiendes***
  ***Wedergeboorte***
  ***Geloof***
  ***Goddelike Genesing***
  ***Handoplegging***
  ***Heiligmaking***
  ***Saai en Maai***

❖ **Hoe kan 'n Gemeente Groei ?** **96**
***Dit is God wat laat groei***
***Die 9 dinge wat die Kerk laat groei het***
***Gemeente groei in 'n Streek (Hand. 9:31)***
***Gemeente groei in Efese (Hand. 19)***

❖ **Aanbidding as 'n Lewenstyl** **106**

❖ **Evangelisasie** **111**
***Ons Opdrag: "Gaan dan heen..."***
***Hoe lei ons iemand na Christus?***
***Hoe hanteer ons die baie besware?***
***'n Sielewen Strategie***
***Opleiding vir: Altaarwerkers en Opvolgwerkers***

❖ **Geestelike Leierskap** **120**
***Watter Leiers nodig is***
***Eienskappe van 'n Geestelike Leier***

❖ **Die Koninkryk van God** **130**
***Wat is die Koninkryk van God?***
***Die sleutels van die Koninkryk***
***Die Koninkryk breek 'n pad deur***

❖ **Geestelike Oorlogvoering** **139**
***Ons is in 'n Geestelike oorlog***
***Ons stryd is nie teen mense nie***
***Wat is ons Wapens?***

❖ **Die Salwing met die Heilige Gees** **145**
***Wat leer die Bybel oor "Salwing"?***
***Watter waarde het die "Salwing" vir ons?***

❖ **Ou Testamentiese Oorsig** **150**

❖ **Nuwe Testamentiese Oorsig** **164**

❖ **Wenke vir Prediking** **191**

# DIE ONTDEK KURSUS

***Die doel van hierdie kursus is om die student te***
***help om homself / haarself te "Ontdek"***
***as mens.***
***Hoe God ons saamgestel het as***
***gees, siel en liggaam***
***Hoe Hy ons vergewe het en in 'n posisie***
***gestel het waar ons***
***ons volle potensiaal kan uitlewe***
***sodat ons die***
***"Bedieninge" en "Gawes"***
***wat Hy ons gegee het beskikbaar kan stel***
***vir Hom en Sy koninkryk***

***Dit sal vervulling bring in ons lewe.***

## Die volgende onderwerpe word bespreek

**Hoe om Bybelstudie te doen**

**Ontdek jouself as gees, siel en liggaam**

**Ontdek Volkome Vergifnis**

**Ontdek jou Posisie in Christus**

**Ontdek jou Potensiaal**

**Ontdek jou Bediening**

**Ontdek jou Gawes**

# HOE OM BYBELSTUDIE TE DOEN

Wat ons ookal gaan leer; die Bybel gaan jou handboek wees deur jou hele lewe! En onthou dat die Bybel soos 'n goudmyn is, maar jy sal moet delf om die goud te ontdek!

**Maak 'n studie van 2 Tim.2:15**

1**. Bybelstudie is belangrik: Dit veroorsaak groei.**

**1 Pet.2:2** "Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord dat julle daardeur kan opgroei." Dit is voorwaar voedsel.
**Matt.4:4** "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Dit is 'n lig vir my pad.
**Ps.119:1**05 "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad"

2. **Metodes van Bybelstudie:**

(1) Die beste metode is om daagliks die Bybel te lees. Lees die Bybel totdat dit met jou in jou gees praat
(2) Studeer onderwerpe: Soos Bekering; Heiligmaking; Die Heilige Gees ens.

Wat het jy nodig?
(a) Verskillende Bybels met goeie verwysings en 'n goeie konkordansie
(b) Slaan ook woorde na wat verwant hou met jou onderwerp. Bv. Gebed. Kyk dan ook na Voorbidding; Toewyding ens.
(c) Bou jou notas op tekse wat duidelik is oor jou onderwerp. Vermy eers tekse wat jy nie verstaan nie, totdat jy meer insig kry daaroor.

(3) Tipes: (Tipologie)
Daar is pragtige Tipes in die Bybel.
Soos in Gen.24:
- Abraham (tipe van God)
- Eliëser (tipe van die Heilige Gees)
- Isak (tipe van Jesus)
- Rebekka (tipe van die bruid van Christus)
- Eliëser moes Isak se bruid gaan haal.
- Dit is die Heilige Gees wat ons as bruid vir Christus gaan haal het.
- Rebekka het Eliëser ontmoet by 'n fontein. Dank God vir die fontein van lewende water waar jy en ek deur Sy Gees ontmoet was.
- Sy was gevra om bruid te word van 'n onbekende man in 'n vêr land.

( 4) <u>Lees ‘n Hoofstuk teks vir teks</u>

Ons noem dit is die Analitiese metode. <u>Vra vrae soos</u>:

(a) Waar het dit plaasgevind?
(b) Wie was die rolspelers?
(c) Wat is die vernaamste WAARHEID in die gedeelte?
(d) Wat is die SLEUTEL VERS in die deel?
(e) Wat vertel die gedeelte aan my wat ek behoort te doen?
Maak altyd 'n toepassing eers op jouself voordat jy dit aan ander oordra. Daarom leer Jakobus ons dat ons nie net hoorders moet wees van die Woord nie maar ook daders. Jak.1 :22-25

(5) 'n Hele boek: Soos JAKOBUS.

<u>Vra jouself gedurig die volgende vrae terwyl jy lees</u>:

(a) Wie het die boek geskryf? Jak.1 : 1 (Jesus se broer lees: Gal.1 :9)
(b) Aan wie het hy geskrywe? Jak.1 :1 ;2:1
(c) Wat was die skrywer se hoofdoelwit? Hy leer oor praktiese geloof.
(d) Watter sleutelwoord gebruik die skrywer?

(6) KARRAKTER STUDIES:

God het baie voorbeelde in Sy woord vir ons gelaat van manne en vroue wat oorwinnings, neerlae, stryd, depressie, en versoekings onderv'ind het. Alles was om ons Sy genade te wys en ons te help om geestelik te oorwin.

<u>Hoe doen jy 'n karrakter studie in die Bybel?</u>

(a) Besluit op 'n karrakter
(b) Maak 'n Iys van tekse en hoofstukke wat oor die persoon praat. En lees dit alles met aandag deur terwyl jy notas maak
(c) Gebruik 'n Bybel met verwysings soos:
Thompson Chain Reference Bible.
Gebruik ook 'n konkordansie
(d) Wat beteken die persoon se naam en hoekom het hy sy die naam ontvang?
(e) Uit watter familie kom die persoon ?
(f) In watter tyd het die persoon geleef ?
(g) Wat het die persoon bereik en watter negatiewe asook posetiewe dinge het met hom/haar gebeur ?
(h) Wat kan ek leer uit die lewe van hierdie persoon ?

<u>WAT JOU SAL HELP WANNEER JY BYBELSTUDIE DOEN</u>:

(1) VERSKILLENDE VERTALINGS: Lees soveel vertalings as moontlik. As die waarheid van dit wat die Here aan jou wil sê nie deur die een vertaling tot jou kom nie sal die ander een dit wel doen.

(2) NOTABOEK: Hou attyd 'n notaboek by jou Bybel. Wanneer die Here met jou praat deur Sy Woord moet jy 'n nota daarvan maak.

(3) AANBEVELING VIR NUWE CHRISTENE:
Nuwe christene moet altyd eers die Nuwe Testament lees.
Begin by die vier Evangelies.
Handelinge vertel jou hoe die Heilige Gees gewerk het in die eerste Kerk.
Die Sendbriewe leer ons hoe ons moet leef in ons nuwe lewenstyl.

( 4) HOU 'N OOP GEMOED. Wanneer jy die Bybel nader met jou reeds vooropgestelde teologie en folosofie, sal jy sukkel om altyd te hoor wat die Here aan jou wil openbaar. Nader dus altyd die Bybel met 'n gebed van: "Here, praat met my"

(5) HOE GEBRUIK ONS KOMMENTARE ?
Slaan eers kommentare na nadat jyself die Woord van die Here bestudeer het. Lees ook eers 'n paar vertalings rakende dieselfde gedeelte.

(6) SKRIF SAL NOOIT TEEN SKRIF PRAAT NIE.
As jy 'n teks lees wat jou sou verwar, vind uit wat die hele Bybel daaroor sê. Die res van die bybel sal jou teks verduidelik.

(7) INTERPRETEER DIE BYBEL LETTERLIK.
Ons wil altyd 'n mistieke iets plaas op die Bybel of alles "vergeestelik".
God praat egter met ons deur Sy woord dat ons die waarheid kan ken.
Die simboliek wat ons vind in boeke soos in Openbaring; Daniël en Esegiël se betekenisse sal ons vind uit die res van God se woord soos wat die Gees dit aan ons sal openbaar. In geheel vertolk ons die Bybel letterlik.

(8) DOEN KRUIS-VERWYSINGS:
Dit meen dat jy die een teks met die ander vergelyk.
Skrif sal nooit in kontra met 'n ander skrif staan nie.

(9) GELYKKENISSE, ALLEGORIE, TlPES en SIMBOLE:
**'n Gelykenis** is wanneer die Bybel ons 'n waarheid wil leer op 'n alledaagse manier. Die woord in engels is "Parable" en kom van die Griekse woord "paraballo" wat beteken iets langs iets anders te plaas. Dink aan die gelykenis van die Saaier in Matt.13
**Allegories** is 'n storie wat 'n onderliggende betekenis het anders as wat 'n mens net op die oppervlakte van die verhaal kan verstaan.
**Tipes** is 'n Profetiese verwysing. M.a.w. 'n Tipe in die Ou Tes. Kan profeties verwys na iets wat sou plaasvind in die Nuwe Tes.
**Simbole** is iets wat staan vir 'n ander mening as wat oorspronklik voorgehou word. Die boek Openbaring is vol daarvan.

**<u>HOE OM DIE WOORD VAN GOD KORREK TOE TE PAS:</u>**

2 Tim.3:16,17 "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"

<u>DRIE VRAE:</u> (Na aanleding van hierdie teks)
(1) Wat moet ek LEER uit die gedeelte wat die Here my gee?
(2) Wat moet WEERLê word wat waarheid verhinder?
(3) Wat moet geleer word om mense in GEREGTIGHEID le help ?
(M.a.w. Om mense in die regte verhouding tot God te kry.)

# <u>ONS BYBEL</u>

Die BYBEL bevat die wil van God, die toestand van die mens, die weg van saligheid, die oordeel oor sondaars, en die geluk van die gelowiges. Sy leerstellings is heilig, sy bevele bindend, sy geskiedenis waar en sy uitsprake onveranderlik. Lees dit om verstandig te wees, en beoefen dit om heilig te wees. Dit bevat lig om u te lei, voedsel om u te versterk, en troos om u te bemoedig. Dit is die reisiger se landkaart, die pelgrim se staf, die loods se kompas, die soldaat se swaard, en die Christen se handves. Hier is die Paradys herstel, die hemel geopen en die poorte van die hel geopenbaar. CHRISTUS is die grootste onderwerp daarvan, ons welsyn die opset, en die eer van God die doel daarvan.

Dit moet die geheue vul, die hart regeer, en die voete rig. Lees dit stadig, dikwels, en biddend. Dit is ‘n myn van rykdom, ‘n paradys van heerlikheid, en ‘n rivier van genot. Dit word aan u gegee in hierdie lewe, sal oopgemaak word by die oordeel en onthou word tot in ewigheid. Dit bring die hoogste verantwoordelikheid mee, sal die hardste arbeid beloon, en sal almal veroordeel wat met die heilige inhoud daarvan speel.

## <u>OPSOMMING VAN DIE OU TESTAMENTIESE BOEKE</u>

1. Die eerste vyf boeke in die Bybel word die PENTATEUG genoem.

| | |
|---|---|
| GENESIS | - Begin of oorsprong |
| EXODUS | - Uittog of vertrek |
| LEVITIKUS | - Levietise sisteem – hulle wat ‘n kerklike diens moes verrig |
| NUMERI | - “Boek van die getalle” of die telling van Israel |
| DEUTRONOMIUM | - Die tweede bekendmaking van die wet |

2. <u>Die Geskiedenisboeke:</u> (van Josua tot Job)

   Die dertien boeke van op die Pentateug volg, is almal geskiedenis boeke. Dit bevat geskiedenis van die Israelietiese volk vanaf die vestiging in hulle land. Die geskiedenisboeke word afgesluit met die aanvang van die herstel en opbou van die Heilige Land. Alhoewel hulle bykans geheel en al geskiedkundig van aard is, is daar wel talle geestelike lesse in die geskrifte vervat. Die boeke dek ‘n tydperk van ongeveer 1 000 jaar na die dood van Moses. Drie boeke nl. Josua, Rigters en Rut beskryf die vroeër geskiedenis van die Joodse volk, terwyl ses boeke, nl. 1 & 2 Sameul, 1 & 2 Konings en 1 & 2 Kronieke, die tydperk dek toe die volk deur konings geregeer was. Die laaste drie beskryf die tydperk en ballingskap, nl. Esra, Nehemia en Ester.

   Afsonderlik beskou, bevat die boeke die volgende inligting:

   **JOSUA:** Die finalisering van die bevryding uit Egipte, die opvolging van Moses deur Josua, die oorname van Kanaän en die verdeling van die land tussen die

twaalf stamme van Israel.  Josua, na wie die boek vernoem is, is die hoofkarakter en waarskynlik ook die skrywer.

**RIGTERS:** Beskryf die geskiedenis en die vroeër jare van die volk.
Dit word gekenmerk deur hulle periodieke afval van God en die daaropvolgende invalle deur vyande as straf.  Gedurende hierdie tydperk is die volk geregeer deur rigters wat in tye van krisis deur God aangewys is.  Hierdie boek meld die name van dertien rigters waaronder een ‘n vrou was.

**RUT:** Staan bekend as die mooiste verhaal in die wêreld.  Hierdie boek werp meer lig op die familielede in die dae van die rigters.  Ons kry ‘n insig in die Joodse gebruike van daardie dae van die rigters.  Die hoë geestelike voorbeelde daarin vervat moet deur ons nagestreef word.

**BOEKE VAN SAMUEL:** Die glorieryke tydperk van Israel se bestaan word deur Samuel, die vyftiende en finale rigter, hierin opgeteken.  Verder vertel hy van die instelling van die konings waarvan Saul die eerste was.  Die jong Dawid is prominent in hierdie verslag en hy word ook later koning oor die Joodse volk. Jerusalem word verower en dien as die geestelike en maatskaplike hoofstad.

**BOEKE VAN KONINGS:** Behandel die laaste dae van Dawid se heerskappy en sy opvolging deur Salomo.  Onder laasgenoemdes se koningskap vind die grootste uitbouing van Israel plaas.  Verder leer ons van die twee koninkryke waarin Israel verdeel is na die dood van Salomo  -  Israel en Juda  -  en die vyandskap tussen die twee koninkryke.  Die verskillende konings van die twee koninkryke word gemeld totdat die volk verslaan en in ballingskap weggevoer is. Ons leer ook van die magtige bediening van die grootse profeet in die Ou Testament, Elia en sy opvolger Elisa.

**DIE BOEKE VAN KRONIEKE:** Vermoedelik geskrywe deur Esra en is ‘n herhaling van die geskiedenis opgeteken in 2 Sam. 1 en 1 & 2 Konings.  Daarin word gefokus op Dawid en sy opvolgers in die koninkryk van Juda.  Min word gesê van die Noordelike koninkryk van Israel.    Die boeke begin met die kroning van Dawid, sy opvolging deur Salomo, eindig met die neerlaag van Juda en sy voortbestaan as ‘n satelliet-staat van vyandelike magte.

**ESRA:** Hierdie is ‘n verhaal van ‘n groep Jode wat na Jerusalem teruggegaan het, om die tempel te herbou.  Kores, die Persiese koning, speel ‘n groot rol in die herbou van die tempel in Jerusalem.

**NEHEMIA:** Nehemia gee sterk leiding in die herbou van Jerusalem se mure onder baie vervolging.  Gelukkig voltooi hy sy taak.

**ESTER:** Die verhaal van Ester ontvou in Persië terwyl Esra en Nehemia in Jerusalem was. Gelyk aan die boek Rut, is dit 'n opwindende verhaal uit die lewe van die Jode. God se getroue wag oor en sorg vir sy volk, word duidelik in hierdie boek geopenbaar.

**JOB:** Hierdie boek is geskiedenis van 'n sekere man in Israel wat ten spyte van baie teleurstellings op God bly vertrou het; iemand wat onder moeilike omstandighede nog kon uitroep: "EK WEET MY VERLOSSER LEEF"

3. <u>4 Boeke van Poësie</u>: Psalms tot by die Hooglied van Salomo

4. <u>17 Profetiese boeke</u>: Jesaja tot Maleagi

**<u>OPSOMMING VAN NUWE TESTAMENTIESE BOEKE:</u>**
1. Die 4 Evangelies: Mattheus, Markus, Lukas en Johannes.
2. Die Handelinge van die Apostels
3. Die Sendbriewe: Romeine tot Judas
4. Die Openbaring van Johannes (sien egter op 1:1)

**<u>DANK GOD VIR DIE BYBEL IN ONS EIE TAAL:</u>**
Daar is tienduisende van boeke op aarde, maar die meeste is net vir 'n tyd; net so sterflik soos die mens! Baie boeke sterf reeds in die hande van drukkers, MAAR DAAR IS 'N BOEK WAT NOOIT SAL STERF NIE, EN DIT IS ONS BYBEL!!! Dink maar aan die vervolgings wat die Bybel moes deurmaak en tog kon die duiwel die boek nie uitgeroei het nie. Saam met die Psalmdigter roep ons uit: "U Woord is deur - en deur – gelouter en u kneg het dit lief" (**Ps. 119:140)**

**<u>ONS GLO DAT DIE BYBEL GOD SE WOORD IS, WEL OM DIE VOLGENDE REDES:</u>**
1. **2 Tim. 3:16** "Die <u>hele</u> skrif is deur God ingegee …"
   **2 Pet. 1:21** "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek"
   **1 Pet. 1:25** "Die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die Woord wat aan julle verkondig is"
2. <u>'n Tweede bewys dat die Bybel God se Woord is, is die eenheid daarvan:</u>
   Die Bybel bevat: **66 boeke (39 in die Ou Testament en 27 in die Nuwe Testament)**
   **1 180 hoofstukke**
   **773 692 woorde**
   **3 566 940 letters**
   Dit is **geskrywe deur 35 mense** (Hulle was skaapherders, vissermanne en selfs konings)
   Dit is geskryf in verskillende lande, oor 'n tydperk van ongeveer 1 600 jaar…
   EN TOG VORM DIT AS GEHEEL 'N WONDERLIKE EENHEID!!
   As dit nie goddelik geïnspireerd was nie, sou dit nie moontlik kon wees nie.

MEER NOG: Die een Testament bewys die ander. Dink maar net aan die leiding en dood van Jesus. Wat in die Ou Testament voorspel is, het letterlik in die Nuwe Testament gebeur. Lees Jesaja 53, dan sal jy dink dat dit nà Jesus se kruisdood geskryf was. Tog is dit ongeveer 800 jaar vòòr Christus se kruisiging geskryf!!

3. Nog 'n rede waarom ek glo dat die Bybel God se Woord is, is omdat die Wetenskap dit bewys:
   Vrae soos: Was daar 'n sondvloed?
   Was daar stede soos Sodom en Gomorra?
   Was daar 'n stad Ninevè; en kon 'n vis Jona ingesluk het?
   AL hierdie vrae en nog meer word deur Wetenskap vandag bewys, deur die opgrawings en ontdekkings wat hul gemaak het.
   Selfs die ontdekking van Habbakuk en die 66 hoofstukke van Jesaja wat naby die Dooie See in sekere grotte ontdek was, het talle kritici se monde gestop.
4. 'n Verdere bewys is die persoonlike ondervindings van mense:
   Baie lewens is verander deur hierdie Boek en talle het genesing hierdeur ontvang.

**GOD SE WOORD IS:**

1. **'N SWAARD:**
   **Heb. 4:12** "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard…"
   **Ef. 6:17** "En neem aan die helm van verlossing en die swaard van Gees - dit is die Woord van God"
2. **VOEDSEL**:
   **1 Pet. 2:2** "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die word, dat julle daardeur kan opgroei"
   **Matt. 4:4** "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan"
3. **SAAD:**
   **1 Pet. 1:23** "Want julle is wedergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike deur die lewende Woord van God, wat tot in ewigheid bly" (Sien ook Markus 4:3;14)
4. **'N REDDENDE KRAG:**
   **Rom. 1:16** "Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo." Hierdie woord "krag" kom van die Griekse woord "dinamus"

5. **GOD SE WOORD IS SOOS 'N HAMER**
   **Jer. 23:29** "Is my woord nie sò, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?" ELKE ROTS van siekte, sonde of probleme kan verbruisel word deur diè hamer, nl. God se Woord.

**WAT BETEKEN DIE WOORD VAN GOD VIR MY?**

1. **DIT BEWAAR MY TEEN SONDE:**
   **Ps. 119:11** "Ek het u woord in my hart gebêre dat ek teen u nie sal sondig nie"
2. **DIT VERLIG MY PAD:**
   **Ps. 119:105** "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad"
3. **DIT REINIG ONS LEWENS:**
   **Ps. 119:9** "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord."
   **Joh. 17:17** "Heilig hulle in u waarheid, U Woord is die waarheid"
   **Joh. 15:3** "Julle is alreeds rein deur die woord wat ek tot julle gespreek het"
4. **DIT GEE BLYDSKAP:**
   **Jer. 15:16** "Toe u woorde gevind is het ek hulle opgeëet, en u Woord was vir my 'n vreugde en vrolikheid vir my hart, want U Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die Leërskare."

**HOEVEEL TYD SPANDEER ONS DAAGLIKS MET DIE BYBEL?**

Van elke 24 uur per dag, slaap ons tot 8 uur, eet 1 uur, gaan skool ongeveer 6 uur of werk 8 uur. Ons gebruik baie ure om te gesels, te lees, radio te luister of na die TV te kyk, en in sport en ontspanning. Hoeveel tyd spandeer ons met God se Woord?

# <u>GEES, SIEL en LIGGAAM</u>

Die mens **<u>is</u> 'n GEES**, **<u>besit</u> 'n SIEL** en **<u>woon</u> in 'n LIGGAAM**

'n Goeie teks in die Bybel om te wys dat die mens 'n "drie eenheid" is vind ons in **I Thes.5:23** "En mag Hy, die God van die vrede, julle VOLKOME heilig maak, en mag julle <u>Gees</u> en <u>Siel</u> en <u>Liggaam</u> geheel en al onberispelik bewaar word by die Wederkoms van onse Here Jesus Christus."

Volgens bogenoemde teks moet "volkome heiligmaking" dus plaasvind in al drie hierdie areas van die mens, naamlik gees, siel en liggaam.

In Markus 12:30 sê Jesus dat ons God soos volg moet liefhê: "en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart (dit is jou gees) en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag (dit is jou liggaam)"

Wedergeboorte (dit is wanneer Christus jou red uit jou sondige toestand en jou God se kind maak) vind plaas in ons gees.
Jy en ek moet self werk aan ons siel (m.a.w. Ons denke; emosies en wil) asook ons liggaam.

Toe God die mens gemaak het, het Hy ons gemaak uit 'n "stoflike" en uit 'n "geestelike" deel. Die "stoflike" is ons liggaam en die "geestelike" is ons gees en siel.
Ons lees die volgende toe God die mens gemaak het, naamlik:
"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword." (Gen. 2:7)

Indien daar skeiding sou kom tussen hierdie twee dele, dan tree die dood in.
Indien die twee dele weer kan verenig sal die persoon weer op aarde lewe.

'n Verhaal in die Ou Testament wat bogenoemde stelling sal verduidelik en wat ons meer insig sal gee vind ons in 1 Kon. 17:17-24.

Ons lees in **I Kon.17:17-24** van 'n jong seun wat gesterf het in die tyd van Elia.
*"Na hierdie dinge het die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword; en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem in hom oorgebly het nie. Toe sê sy vir Elia: Wat het ek met u te doen, man van God ! U het na my gekom om my ongeregtigheid in gedagtenis te bring (haar sonde te openbaar) en my seun dood te maak ! Maar hy antwoord haar: Gee jou seun vir my. En hy het hom van haar skoot af geneem en hom opgedra na die bo-kamer waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê; en hy het die Here aangeroep en gesê: Here my God, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, 'n onheil gebring deur haar seun te laat sterwe ?*

*Daarop het hy hom drie maal uitrgestrek oor die kind en die Here aangeroep en gesê: Here my God, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer. En die Here het Elia verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, sodat hy weer lewendig geword het. Daarop neem Elia die kind en bring hom af uit die bo-kamer in die huis en gee hom aan sy moeder; en Elia sê: Kyk, jou seun lewe ! En die vrou sê vir Elia: Nou weet ek dit dat u 'n man van God is en dat die woord van die Here in u mond waarheid is."*

Toe hierdie kind sterf het sy "geestelike deel" wat hier "siel" genoem word, sy liggaam verlaat. Elia bid toe vir hom en wat het teruggekom in sy liggaam ?
Sy siel (nie iemand anders se siel nie, en ook nie sy "bloed" nie)
Want die mens se siel is nie in sy bloed nie.
Wanneer daar in Levitikus verwys word dat die dier se siel in sy bloed is meen dit dat die die dier se lewe in sy bloed is.

Die Bybel praat ook van die "uiterlike mens" asook die "innerlike mens" soos wat ons lees in **2 Kor. 4:16** *"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons <u>uiterlike mens</u> ook, nogtans word die <u>innerlike mens</u> dag na dag vernuwe."*

**1 Pet. 3:3,4** verwys weer na die *"uiterlike"* asook *"die verborge mens van die hart"*

Toe Paulus in Athene wag vir Silas en Timotheus lees ons in **Hand. 17:16** hierdie woorde: *"En terwyl Paulus in Athene vir hulle wag, <u>het sy gees in hom</u> opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was."*

Dit is duidelik dat God se Gees kontak maak met ons gees.
In **Rom. 8:16** staan geskrywe: *"Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."*

*"Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is ?"* **1 Kor. 2:11**

Dan praat die Bybel ook dat ons met ons gees kan bid. In **1 Kor. 14:14** lees ons: *"Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar."*

**JY EN EK IS DUS TEN EEERSTE "GEES"**

<u>En ons "gees" bestaan uit</u>:
**Ons GEWETE** (wat ons vertel wat reg en verkeerd is)
**INTUISIE** (dit is hier waar ons "ingewings" kry)
Ons gees is die deel van ons wat met God gemeenskap kan hê. Want ons moet nooit vergeet dat God "Gees" is en die wat Hom wil aanbid moet Hom in "gees" en in "waarheid" aanbid. (**Joh. 4:24**)

**MAAR DAN BESTAAN ONS OOK UIT ‘N SIEL**

Dit is nie maklik om die GEES en SIEL van mekaar te skei nie.
Tog vertel die Bybel ons dat daar 'n verskil is tussen die twee.
Derhalwe kan hulle geskei word volgens **Heb.4:12** wat soos volg lees: *“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees.”*

**‘N GOEIE DEFINISIE VIR DIE SIEL SAL WEES:**
**ONS DENKE; EMOSIES en WIL**

**ONS DENKE:**
**Spr.23:7** vertel ons dat soos 'n mens dink so is hy.

DIE WAARHEID IS DAT ONS DIE SOMTOTAAL IS VAN WAT ONS TOT HIERTOE GEDINK HET!

> *Lees gerus ook **Spr. 4:23** in Die Lewende Bybel*
> *“’n mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer.”*
>
> Dit word beweer dat die meeste siektes psigosomaties is.
> M.a.w. dat die meeste siektes nie in die liggaam ontstaan nie maar in die gees en siel van die mens.
> *Daarom moet ons ons denke verander en dink soos God wil hê ons moet dink, soos wat die Bybel ons leer in **Rom. 12:2** “word verander deur die vernuwing van julle gemoed.” **Fil. 4:8** “alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.” **Kol. 3:2** “Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.”*

**ONS EMOSIES**:
Ons emosies is die volgende: Liefde en haat; woede en kalmte; entoesiasme en teleurstellings; vreugde en bedruktheid.
Geen wonder dat ons self gedurig aan hierdie emosies moet werk nie. Vir hierdie rede maak ek die stelling dat God ons in ons gees red maar ons moet werk aan ons siel, wat bogenoemde insluit.

SO lETS OOR ENTOESIASME:
Dit kom van die Griekse woord "entheos" wat verwys na God.
Hoe meer iemand entoesiasme het, hoe meer het hy van God in hom

**ONS WIL:**
Jy en ek is nie soos 'n robot gemaak nie. Daarom kan ons ons eie besluite neem.
Ons dink hier aan die keuse wat Moses die volk gegee het in die woestyn. Ons lees in Deut. 30:19 die volgende woorde, naamlik: *“Kies dan die lewe, dat jy kan lewe.”*
So gee God ons die wil om self besluite te neem.

**WAT BEiNVLOED MY SIEL?**
M.a.w. Wat beinvloed my **DENKE**, **EMOSIES** en **WIL?**

**Ten eerste dit wat ons "sien"**
Jesus het die volgende verklaring gemaak oor ons oë in **Matt. 6:22,23** *"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie !"*

Dit kom hierop neer dat indien ons sondige dinge toelaat om deur middel van ons oë in ons harte in te kom sal die uitwerking wees dat ons hele lewe "donker" word, of dan "sondig" word.
**Ook dit wat ons "praat" beinvloed ons siel**
***Spr. 18:21*** *sê "Dood en lewe is in die mag van die tong."*
Wat jy en ek praat beinvloed nie net ander mense posetief of negatief nie, maar beslis ook onsself. Vra dus God om 'n wag voor jou mond te sit.
***Spr. 13:3*** *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang tegemoed."*
***Spr. 15:1*** *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar, maar 'n woord wat seer maak laat die toorn opkom."*
***Spr. 17:24*** *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel (kan jy sien dat woorde die siel beinvloed ?) en 'n genesing vir die gebeente."*

Wanneer die Bybel verwys na die siel (of bloed) van ʿn dier, dan verwys dit na die LEWE van die dier. Ons lees bv. hiervan in **Gen.9:4 en Lev.17:11.** Die Hebreeuse woord wat hier as "siel" gebruik word is "nephesh" wat "lewe" beteken.
Die dier het beslis nie 'n siel (denke; emosies en wil) soos die mens nie.

**EN NATUURLIK BESTAAN DIE MENS UIT 'N LIGGAAM.**
Ons LIGGAME is baie belangrik vir God.
In **Rom.12:1** lees ons: *"Ek vermaan julle dan…dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens."*

As God sê dat dit ons "redelike godsdiens" is, naamlik dat ons ons liggame aan God moet gee as 'n lewende en ook heilige offer, meen dit dat dit nie iets "onredelik" is wat God van ons verwag nie.

En in **1 Kor. 6:19,20** lees ons: *"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie ? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God <u>dan in julle liggaam</u> en <u>in julle gees</u> wat aan God behoort."*
Ons is die meesterstuk van God se skepping. Ek en jy is uniek geskep deur God. Lees gerus met aandag **Psalm 139**

*<u>En het jy geweet? In ons het God genesing ingebou.</u>*

# <u>VOLKOME VERGIFNIS</u>

**In 1 Joh. 1 :1 tot 10** lees ons dat Johannes skryf dat Jesus vlees geword het en dat ons as gelowiges gemeenskap met mekaar moet hê en dan leer hy ons oor vergifnis van sondes.

Johannes skryf sy brief nie aan die wêreld nie, maar aan die kerk.
Kyk hoe baie praat Johannes hier van "ons" bv. vers 6, "As <u>ons</u> sê dat <u>ons</u> met Hom gemeenskap het …", vers 7, "Maar as <u>ons</u> in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het <u>ons</u> gemeenskap met mekaar."
Die woordjie "<u>ons</u>" kom 32 keer voor in hierdie 10 verse.
Hier praat die Bybel dus met jou en my as gelowige.

Daar is net een manier om vergifnis van sonde te kry, en dit is deur belydenis, daarom sal ons weer die krag van belydenis moet ontdek.
Ons sal vir God en ook aan mekaar moet kan sê dat ons jammer is wanneer ons verkeerd gedoen het.

<u>Eers nadat Daniël sy volk asook sy eie sonde bely het, het God hom geantwoord</u>.
**Dan. 9 vers 19** *"En ek het tot die Here my God gebid en belydenis gedoen en gesê:….ons het gesondig en verkeerd gedoen…..Here, hoor ! Here vergeef ! Here, merk op en doen dit,……"*

Indien u antwoord op u gebedes wil hê, sal u ook moet kan bely.

<u>Toe Jesaja bely het, het die koolvuur van God se altaar sy mond aangeraak en is sy skuld weggeneem.</u>
**Ons lees hiervan in Jesaja 6:5-7 toe hy God op Sy verhewe troon gesien het en Sy heerlikheid die tempel gevul het.**
*"Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore ! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien ! Maar een van die serafs (spesiale engele) het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar afgeneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen."*

Jesaja moes eers sy toestand voor God bely het voordat die koolvuur van die altaar sy lippe aangeraak het.

Baie mense wil God se vuur van Sy altaar hê, sonder om hul lewe voor God reg te maak deur hul sonde te bely. As u wil oorwin sal u moet kan bely!

**INDIEN JY VOLKOME VERGIFNIS DEELAGTIG WIL WORD, IS DAAR DRIE DINGE OM TE DOEN:**

**Ten eerste moet jy persoonlik vergifnis kry by die Here.**

Iemand vra: Hoe kan ek vergifnis kry van my sonde?
Vra Jesus om jou te vergewe en te reinig met Sy bloed.
**In 1 Joh.1:7 en 9 staan geskrywe:** *"die bloed van Jesus Christus…reinig ons van alle sonde….. As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

As die bloed in ons liggame nie `n sekere liggaamsdeel bereik nie, sal daardie deel sterf.
As Jesus se bloed nie u lewe deurvloei nie, sal u geestelik doodgaan.
Daarom is dit noodsaaklik om 'n mens se sonde voor God te bely sodat die bloed van Christus die reinigingswerk in ons lewens kan doen.

**Ten Tweede: Vergewe JOUSELF!**

Soos wat die duiwel Josua, die hoëpriester voor God aangekla het (Sag.3:1-5) só kla hy ons ook voor die Here aan. (Op.12:10)
Moenie die duiwel help in sy vuil werk deur ander asook jouself voor God aan te kla nie.

ONTHOU: Alle sondes wat van harte bely is, is vergeefde en vergete sondes

**Kyk wat het God met jou sondes gedoen wat Hy vergewe het:**
**Kol.2:14** (Die Lewende Bybel) "Hy het `n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."

God verwyder ons sondes so vêr as die Ooste is van die Weste
**(Ps. 103:12)**
**Waar is Oos en waar is Wes?** Niemand kan dit bepaal nie.
Hy verwyder ons sondes so vêr van ons dat ons dit nooit weer kry nie.

**Jes.44:22** "Ek delg jou oortredinge uit soos `n newel en jou sondes soos `n wolk; keer terug na my, want Ek het jou verlos".
`n Newel is mis wat naby die grond is, en veroorsaak dat `n mens nie mooi jou pad kan sien nie. Wanneer God ons vergewe het, dan neem Hy hierdie 'mis' op ons pad weg sodat ons weer God se pad kan sien en daarop kan wandel.
**Miga 7:19** "Hy sal Hom weer oor ons ontferm. Ons ongeregtigheid vertree, ja, U sal hulle sondes in die dieptes van die see werp."

Letterlik beteken dit dat God ons jammer kry, en ons sondes onder Sy voete vertrap en hul dan almal diep in die see gooi

**Jer.31:34** "Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."
As God nie daaraan meer dink nie, moet jy en ek ook nie daaraan dink nie. As God Homself kan beperk om te vergeet, kan Hy jou ook help om te vergeet.

God sal deur `n geboorte in jou gees jou help om te vergeet
God het deur die geboorte van Mannase Josef gehelp om te vergeet ! Gen.41:50
God sal, as jy Hom toelaat, deur 'n "geestelike geboorte" bewerk deur Sy Gees, jou ook help om jou negatiewe verlede te vergeet.

Terwyl ek in Kiev, Ukraine hierdie waarheid geleer het in 'n Bybelskool, het een van die studente na klas haar geskiedenis aan my vertel. Natuurlik was die hele gesprek deur my tolk omdat die dame in Russies gepraat het.
Sy vertel hoe haar pa van Moskou gekom het en haar gevra het om met haar twee kinders by hom te kom bly. Haar moeder, by wie sy gewoon het, het haar egter daarop gewys dat haar vader reeds sewe mense in sy woonstel huisves terwyl sy en haar moeder daardie oomblik in 'n drie slaapkamer woonstel gewoon het.
As gevolg hiervan het sy die aanbod van haar vader van die hand gewys.
Hy het toe 'n beroerte aanval gehad en is elf dae later in 'n hospital oorlede.
Hierdie voorval was 'n paar jaar tevore, en sedertdien het sy haarself blameer vir haar vader se dood.
Maar toe sy hoor dat sy haarself moet vergewe het 'n lig vir haar opgegaan in haar gees. Terwyl die Woord aan haar bedien was het daar 'n groot vrede oor haar gekom. In trane kon ons drie daar in die portaal van die gebou mekaar omhels en saam God dank vir wat hy vir haar gedoen het. Ek wens jy kon saam met my haar vreuge, wat gemeng was met trane, ervaar het.

**Wat doen ek as die ou verkeerde gedagtes wil terugkom?**
**Kol.3:1,2** "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is … bedink die dinge wat daarbo is …"

VRAAG: Wat gebeur as ek weer sou sondig?
As kind van God moet ons nie sondig nie, maar indien ons wel sou sondig sal Jesus ons Middelaar wees tussen ons en God om in te tree vir ons sondes. **1 Joh. 2:1,2**

**DIT BRING ONS BY DIE DERDE SAAK t.o.v VOLKOME VERGIFNIS, NAAMLIK: VERGEWE JOU MEDEMENS**
Om volkome vergifnis deelagtig te word is dit nodig om vergifnis by God te kry, jouself ook te vergewe, maar is dit beslis ook nodig om ander te vergewe
In die "Onse Vader" gebed het Jesus ons soos volg geleer: **Luk.11:4** "Vergeef ons ons sondes, WANT ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is."

Het jy geweet dat baie nie "berge" van probleme kan verskuif nie omdat hul nie kan vergewe nie? Mark.11:23,24 is twee wonderlike tekse.
Maar om net te "GLO" en met jou berg "TE PRAAT" is nie genoeg nie
Daar is ook `n 25ste en 26ste vers hier wat só lees: "En wanneer julle staan en bid (voor hierdie berg van probleme) vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemel is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook julleoortredinge nie vergewe nie."
**Die Lewende Bybel stel vers 25 so:** "Elke keer as julle bid, moet julle julle afvra of daar iets is wat julle teen iemand het. Dan moet julle eers vergewe, sodat julle Vader in die Hemel ook kan vergewe wat julle verkeerd gedoen het."
(voeg hierby: *"en sodat julle Vader in die Hemel ook julle berge kan verwyder.")*

**Wat gebeur as ek vergewe?**
Ek ontsluit die geestelike deur vir dié persoon wat ek vergewe, maar ek maak myself ook geestelik vry van enige bindinge.

**En as ek nie vergewe nie?**
Dan word ek beslis oorgegee aan die "pynigers" volgens: (Matt.18: 15-35)
Die "pynigers" kan verskillende dinge beteken soos siekte; finansieële druk en baie ander kroniese probleme.
As ek nie wil vergewe nie, praat die Bybel van "die laaste bedrag wat ek eers sal moet betaal" voordat ek uit my "geestelike gevangenis" vrygelaat sal word (Matt.5:23-26)

**ONTHOU:** Die HOOFREDE waarom ek ander vryspreek is nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat ék vry wil wees.
Luk.6:37 *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*

Pasop vir bitterheid! Heb.12:15 *"pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."*
'n Wortel kan nie gesien word nie, maar voed die plant.
M.a.w "'n wortel van bitterheid" sal jou lewe voed met alles wat bitter is en sal selfs ander mense "besoedel"
Die Griekse woord vir bitterheid is "pikros." Dit beteken om te "steek" of om te "sny". Iemand wat "steek en sny" (met hul mond) het bitterheid in hul lewe en sal ander eers moet vryspreek voordat hulle vry gemaak sal word.
Bitterheid kan jou siek en selfs dood maak. Hand.12:20-24

**<u>VOORBEELDE VAN MENSE WAT HULSELF BEVRY HET MET DIE SLEUTEL VAN VERGIFNIS</u>**

**<u>`n Suster wat 40 jaar kronies siek was:</u>**
Tydens verlof in Uvongo, Suidkus van 1980 ontmoet my vroutjie en myself `n Christen vrou wat ook tevore in ons gemeente op die Rand was.
Ons was `n paar gelowiges saam, en het elkeen `n teks "getrek" uit die "Manna kaartjies". Hierdie vrou was verbaas dat sy vir `n tweede maal Kol.3:13 gekry het, wat só lees: "Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander `n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen."
Terwyl van die ander gaan koffie maak het, het ek langs haar gaan sit en haar gevra of sy besef dat die Here met haar praat uit Kol.3:13?
Sy het bevestigend geantwoord op my vraag. My volgende vraag was: "Maar u is mos kronies `n siek vrou, nie waar nie?" Haar antwoord was dat sy vir 40 jaar al siek is met verskillende kwale. Ek vra toe verder: "Maar is daar nie moontlik mense wat u nie kan vergewe nie?" Haar antwoord hierop was: "Ja, vir 40 jaar al"
Ek het `n sterk drang in my gewaar en haar aangemoedig om so gou moontlik nou finaal met hierdie mense reg te maak.
Ek het toe later verneem dat sy dit binne die volgende week of meer gedoen het.
Ses maande later het ek deel gehad aan haar begrafnis. Die mooiste getuienis egter was van haar kinders en vriende: "Sy was `n moeilike en siek mens die afgelope 40 jaar, maar die laaste 6 maande was sy `n engel op twee bene en daarby `n gesonde mens" Sy kon dit vir 40 jaar gewees het !

**`n Vrou wat 12 jaar verbitterd was kry vergroeisels in haar keel.**
In Mei 1981 gaan sy na `n diens in Johannesburg. Voordat die prediker vir die siekes bid stuur hy hul eers na die bidkamer van die kerk om hul sake voor God reg te stel en om mense eers te vergewe, daarna sal hy vir hul bid.
Daardie aand ry sy saam met haar man huis toe, volmaak genees asook bevry in haar gees.

**Hoeveel keer moet ek vergewe?**
Volgens Matt.18:21,22 is dit 70 x 7 keer en volgens Luk.17:3,4 is dit tot 7 maal per dag
**Weet een ding:**
As jy nog aan iemand of iets dink wat jou benadeel het, en dit maak nog seer, dan het jy nog nie ten volle vergewe nie

## KRY VOLKOME VERGIFNIS en WEES WAARLIK VRY

- Vra God om jou te vergewe
- Vergewe jouself (gaan praat met jouself in `n spieël en spreek jouself vry)
- Vergewe jou lewensmaat
- Vergewe jou ouers
- Vergewe jou onderwyser of dosent
- Vergewe daardie persoon wat bedrog teenoor jou gepleeg het

# JOU POSISIE IN CHRISTUS

Christene word altyd vertel wat hul behoort te wees
Baie Christene ken nie hul Posisie in Christus nie en besef ook nie hul potensiaal nie

**2 Kor. 5:17** lees soos volg: *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

**The Living Bible**: "When someone becomes a Christian he becomes a brand new person inside. He is not the same any more. A new life has begun"
**King James**: "Therefore if any man be in Christ, he is a new Creature."
**Die Lewende Bybel**: "Want as iemand aan Christus behoort, het hy 'n nuwe mens geword."
**The Amplified**: "Therefore if any person is (ingrafted) in Christ, the Messiah, he is (a new creature altogether) a new creation; the old (previous moral and spiritual condition) has passed away. Behold, the fresh and new has come."

<u>In Grieks beteken "nuwe skepsel"</u>:
"'N NUWE MENSLIKE SPESIE WAT NOG NIE VOORHEEN BESTAAN HET NIE"
Daarom is jy uniek. Daar was nog nooit, en sal nooit iemand wees soos jy nie
Die woordjie "in CHRISTUS" en "in HOM" kom 134 keer voor in die Bybel.

<u>WERK UIT WAT GOD REEDS INGEWERK HET</u>

Fil. 2:12,13 "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae"
<u>Lewende Bybel</u>: "Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."

(1) HOU OP DROOM EN DOEN WAT IN JOU HART IS
Pred. 9:10: "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou hele mag."
God het ses dae gewerk en die sewende dag gerus toe Hy die hemel en aarde gemaak het
Ons behoort beslis meer te WERK as om te RUS
Fantasie is drome sonder werk
Salomo het dit so gestel: "He that works his own land will prosper, but he that chases fantasy will grow poor"

(2) DINK REG
Almal van ons het 'n sekere Filosofie. "Filo" beteken "om lief te hê"
"Sofie" beteken "om te dink" M.a.w. OM LIEF TE WEES VIR ONS DENKE
Griekse Filosowe regeer nog die wêreld deur wat hul gedink het, omdat hulle dit wat hul gedink het in boeke geplaas het.
Boeke is gedagtes wat "gevries" is

EK EN JY IS DIE SOMTOTAAL VAN WAT ONS TOT HIERTOE GEDINK HET
Spr. 23:7 "Want soos hy (die mens) in sy siel bereken so is hy" King James: "For as he thinks in his heart, so is he." Daarom behoort ons gedurig ons gedagtes te vul met alles wat mooi is Lees: Fil. 4:8 Kol.3:2
Spr.4:23 (Good News Bible) "Be careful how you think, because your life is shared by your thoughts."

**ONTDEK YOU POSISIE SOOS DIT AANGETEKEN IS IN Efesiërs 1**

(1) **Ef. 1:3 ONS IS GESEËNDES**.
Die Heilige Gees gawes is 'n seën.
Genesing is 'n seën. Finansiële voospoed is 'n seën
Dank God vir die seën van Abraham in **Deut. 28:1-14.**
Deur Christus het dit myne geword **Gal. 3:13,14**

(2) **Ef. 1:4 IN HOM IS ONS UITVERKIES Lees ook 1 Pet.2:9**

(3) **Ef. 1:7 IN HOM HET ONS DIE VERGIFNIS DEUR SY BLOED**
Het u geweet dat VOLKOME VERGIFNIS op DRIE VLAKKE verkry word?

a. Ek moet vergifnis by God kry
Die bloed van Jesus reinig my van almy sondes, maar dan moet ek dit bely. Lees: 1 Joh. 1:7-9
b. Ek moet myself kan vergewe
Kyk wat het God met jou sondes gedoen wat Hy vergewe het.
**Kol. 2:14; Ps. 103:12; Jes 44:22; Miga 1:19; Jer. 31:34**
c. Ek moet my medemens kan vergewe
Lees: **Matt. 18:15-35; Matt. 5:23-26**
Hoekom vergewe ek ander mense? Sodat ekself volkome vry kan wees

(4) **Ef. 1:11 IN CHRISTUS IS ONS ERFGENAME**
Wat beteken dit om te erf? Dit beteken om besittings te ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie.

Wanneer erf 'n mens? Wanneer die testament maker wat my bevoordeel in sy/haar testament sou sterf.
**Lees Hebr. 9:17**.

(5) **Ef. 1:13,14 IN HOM IS ONS VERSEëL MET DIE HEILIGE GEES**
Dank God vir Sy Gees wat Hy aan ons gegee het. Hand. 1:8 2 Tim. 1:7

(6) **Ef. 1:20-22 IN HOM IS ONS VYAND ONDER ONS VOETE GEPLAAS**

# JOU POTENSIAAL

Een van die belangrikste gedeeltes in die Bybel vind ons in **Gen.1:26-28** waar God baie sterk verklarings maak rakende ons as mens. Ons lees: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld……(v. 28) en God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees **vrugbaar** en **vermeerder** en vul die aarde, **onderwerp** dit en **heers** oor die visse van die see en die voëlks van die hemel en oor al die kruipende diere wat op die aarde kruip."*

Volgens hierdie verklaring uit God se mond het jy en ek die potensiaal om:
(1) Te heers en 'n wenner te wees
(2) 'n Vrugbare lewe te leef en om voort te bring

**WAARVAN PRAAT ONS AS ONS PRAAT VAN POTENSIAAL ?**
- SLUIMERENDE MOONTLIKHEID (DORMENT ABILITY)
- GERESERVEERDE KRAG (RESERVED POWER)
- ONGEBRUIKTE STERKTE (UNTAPPED STRENGTH)
- ONGEBRUIKTE SUKSES (SUCCESS UNUSED)
- VERBORGE TALENT (HIDDEN TALENT)

DIT IS **ALLES WAT JY KAN WEES** MAAR NOG NIE GEWORD HET NIE

DIT IS **ALLES WAT JY KAN DOEN** MAAR NOG NIE GEDOEN HET NIE

DIT IS **HOE VêR JY KAN UITSTREK** MAAR NOG NIE GERAAK HET NIE

DIT IS **WAT JY KAN BEREIK** MAAR NOG NIE BEHAAL HET NIE

POTENSIAAL **IS VERMOë** WAT NOG NIE BLOOTGESTEL IS NIE

**ONMOONTLIKE DINGE** KAN MOONTLIK GEMAAK WORD **(MARK 9:23)**

POTENSIAAL IS LATENTE **(SLUIMERENDE)** MAG!

ONS HET MAG OM **TE BIND EN TE ONTBIND (MATT.18:18)**

**POTENSIAAL IS OM NIE TE BERUS IN WAT JY REEDS BEREIK HET IN DIE LEWE NIE,** WANT EEN VAN JOU GROOTSTE VYANDE VAN JOU POTENSIAAL IS DIE WOORDJIE "SUKSES".
MOET DUS NIE SELFTEVREDE WEES MET DIE LAASTE DOELWIT WAT JY BEREIK HET NIE.

**GOD MOES IETS IN ONS GESIEN HET TOE HY ONS GEROEP HET**
Want in 1 Kor. 1:26,27 lees ons: *"Want let op julle roeping….wat swak is by die wêreld het, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam."*

DAAR IS MEER AS 6 BILJOEN MENSE OP AARDE. TOG IS ELKE MENS UNIEK MET SY EIE STEL VINGERAFDRUKKE. JY IS DUS OORSPRONKLIK EN DAAROM BAIE KOSBAAR

- God kyk na Gideon en sien beslis iets anders as wat Gideon gesien het as hy na homself kyk. Gideon beteken: "Dapper krygsman"

  **Lees: Rig. 6:12-16**
- God kyk na Adam en sien 'n mensdom
- God kyk na Jakob (die bedrieër) en sien 'n Messias
- God kyk na Dawid 'n jong skaapherder en sien 'n gesalfde koning

**DAAR IS 3 GROEPE MENSE VANDAG**
- Die paar wat **dinge laat gebeur.**
- Die baie wat **dophou hoe dinge gebeur.**
- Die oorgrote menigte **wat geen idee het wat besig is om te gebeur nie.**

**NEEM 'N BESLUIT OM 'N VERSKIL TE MAAK IN JOU OMGEWING**
Sukses word nie gemeet in die lig van wat ander bereik het nie - maar is wanneer ek my beste gegee het

**IN ONS BEGRAFPLASE Lê DIE VOLGENDE BEGRAWE:**
- DROME wat nooit 'n werklikheid geword het nie.
- LIEDE wat nooit gesing of geskryf was nie.
- BOEKE wat nooit gedruk was nie.
- SKILDERYE wat nooit die lug gesien het nie.
- UITVINDSELS wat die lewe makliker sou maak.
- PLANNE wat nie verder as die tekentafel gekom het nie

JA, POTENSIAAL OP POTENSIAAL WAT MET KLUITE TOEGEMAAK IS.

**VRA JOUSELF DIE VOLGENDE:**
- Wie is ek?
- Hoekom is ek hier?
- Wat is die potensiaal wat in my is?
- Wat is ek instaat om te doen?
- Met watter maatstaf moet ek myself meet?
- Wie stel die standaarde?
- Wat kan ek doen om my vermoë te vergroot?
- Wat is my beperkinge?

**PRAAT VAN POTENSIAAL**
**DAN DINK ONS AAN ABRAHAM LINCOLN, DIE PRESIDENT VAN AMERIKA**
Hy het sy werk verloor in 1832;
Hy was verkies tot die Wetgewende Raad in 1834; Hy het sy vrou verloor in 1836;
Hy het 'n senuwee ineenstorting gehad in 1838;
Hy was verslaan in sy nominasie vir die Kongres in 1843;
Abraham Lincoln was verkies vir die Kongres in 1846 Hy was verslaan as lid van die Senaat in 1854; Hy was verslaan in sy nominasie as Visi-President van die VSA in 1856; Hy was weer verslaan vir die Senaat in 1858;
Maar hy was uiteindelik verkies as President van die VSA in 1860!

Die boodskap is: **MOENIE OPGEE TOTDAT JY JOU DOELWIT BEREIK HET NIE!**

**MATT. 25:14-30** Vertel ons dat God aan elkeen van ons TALENTE of vermoë gegee het. Party meer ander minder, maar almal het ontvang! Sommige verdubbel hul talente of anders gestel vermeerder dit na 'n 100% Ander werk nie daarmee nie, maar "begrawe" dit.

GEEN WONDER DAT HUL OOK DIE BIETJIE WAT HUL HET VERLOOR NIE

**Matt. 25:29** "Want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het"

Iemand het dit so gestel: "FAILURE IS NOT THE ABSENCE OF SUCCESS. FAILURE IS THE NEGLECT OF TRYING."

**JY IS WAT GOD Sê JY IS!**

**Hoe jy altyd voel of wat ander van jou sê, is nie belangrik nie.**
**Jy is wat God sê dat jy is!** 2 Kor 5:17, 1 Joh 4:4

**ONS MOET DOELWITTE Hê!**
Watter doel wil jy bereik?
<u>**Begin dadelik beplan vir die volgende 6 maande, 12 maande en selfs twee jaar.**</u>
MAAK 'N NOTA DAARVAN EN MONITOR DIT OM TE SIEN HOEDAT JY VORDER. Laat jou doelwitte in die lewe ander ook inspireer

**Hab.2:2**. (King James vertaling) "Write the vision and make it plain on tablets, that he may run who reads it"

**JY KEN FIL 4:13** *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*
GLO DIT EN LEEF DAARVOLGENS
<u>DR MYLES MUNROE Sê</u>: Die woord "Krag/Strengthen" in Grieks beteken: "Christ who continues to infuse me with ability"
"The people who change the world are people who have taken "impossible" out of their dictionaries"

"Whenever God gives you responsibility, He also gives you the ability to meet that responsibility."

**BLY VERBIND AAN JOU OORSPRONG**

Plante verloor hul lewe as hul uit die grond gehaal word. Visse verloor hul lewe as hulle uit die water gehaal word. DIE MENS VERLOOR SY WERKLIKE LEWE AS HY NIE VERBIND BLY AAN GOD NIE! Jou verhouding met God is nie opsioneel nie, maar lewens noodsaaklik

Lees met aandag: **Joh. 15:4,5 en 7** *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie…..As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."*

# JOU BEDIENING

**In 1 Kor. 12: lees ons die volgende:**
*Vers 1: "En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie."*
*Verse 4-6: "Daar is wel verskeidenheid van **genadegawes**, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van **bedieninge**, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van **werkinge**, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk."*
*Verse 27,28: "Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik. En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale."*

- Reg deur die wêreld is God besig om bedieninge in Sy Kerk te herstel. God wil vandag die lidmaat gebruik meer as ooit tevore.
- Baie lidmate weet ongelukkig nie wat hul bediening of funksie is in hul plaaslike gemeente waar hul aanbid nie.
- Vandag is daar ongelukkig baie onkunde rakende die gawes en bedieninge

**<u>Kyk weer mooi na 1 Kor. 12:4-6</u>**
As ek jou vra wat is jou **Bediening** of **Werk** of selfs wat is jou **Genadegawe** wat God vir jou gegee het, dan het ek eintlik dieselfde vir jou gevra.
<u>Byvoorbeeld</u>: As jou "bediening" is om vir siekes te bid kon ek ook jou vra watter "werk" geniet jy om vir God te doen ?
Jou antwoord sou dan wees om vir siekes te bid.
Dit is dan die "genadegawe" wat God jou gegee het, naamlik om vir siekes te bid.

Om in die regte bediening te staan gee aan ‘n mens wonderlike vervulling
Paulus skryf aan Timotheus en gee hom raad wat hy alles as pastoor in die gemeente moet doen maar stel dit duidelik dat ‘n mens werklik vervulling kry in jou bediening waarin die Here jou geroep het, en daarom moedig hy hom aan met die volgende woorde:

> *"verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ‘n evangelis; **vervul jou bediening**." (2 Tim. 4:5)*

> Dieselfde het hy geskryf rakende Archippus.
> *"En sê aan Archippus: Gee ag op die bediening wat jy ontvang het in die Here, **dat jy dit vervul**" (Kol. 4:17)*

**<u>Die Kerk is vol “onvervulde” Christene</u>**
Dieselfde vind ons in die daaglikse lewe

***‘n Bankbestuurder wou eintlik ‘n boer gewees het wat koeie melk***
***‘n Onderwyser wou eintlik ‘n motorwerktuigkundige gewees het***

Soos wat baie mense daagliks na hul werk gaan en frustreerd is omdat hulle die verkeerde werk doen; net so is gelowiges frustreerd in die kerk omdat hulle besig is met dinge waarvoor God hul nie geroep het nie.

Dit mag wees dat die gemeente hulle gekies het om ‘n sekere bediening te vervul of dat die gemeente leiers hul daarin aangestel het. Maar die vraag is: *“Het die Heilige Gees hulle afgesonder vir die taak soos wat gebeur het in die gemeente van Antiochië met Barnabas en Paulus ?” (Hand. 13:3,4)*

**<u>DAAR IS “KERKGROEI” DEUR BEDIENINGE</u>**
**<u>Indien ons ‘n studie maak van Efesiërs 4:11-16 dan is daar DRIE vrae om te vra:</u>**

- **Waarom het God die “vyfvoudige bediening” gegee vir Sy kerk ?**
  God het die “vyfvoudige bediening” gegee soos: apostel; profeet; evangelis; herder en leraar om die lidmate toe te rus vir hulle werk wat hulle vir Hom moet doen. (Ons lees dit in **Ef. 4:11,12**)

- **Wat moet my bediening doen vir myself ?**
  Deur die bediening wat die Here jou en my gegee het wil Hy ons laat geestelik groei. **Ef. 4:13-15**
  *Vers 13: “totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.”*
  My “bediening” moet my dus help om Jesus beter te leer te leer ken en te groei na geestelike volwassenheid. Paulus noem dit hier: *“tot die mate van die volle grootte van Christus.”*
  Indien bogenoemde nie gebeur nie, moet ek seker maak of ek in die regte bediening staan. Bv. Indien ek deel is van die aanbiddingspan in my kerk en ek groei nie geestelik nie, mag dit wees dat dit nie die regte bediening vir my is nie. (Ja, daar kan ook ander redes wees indien ek nie groei nie)

- **Wat moet bedieninge doen vir die gemeente ?**
  Een van die hoofredes vir bedieninge is dat daar in ‘n gemeente **eenheid, liefde** asook **groei** sal wees volgens **Ef. 4:16**
  Dit het ek gesien toe ons in 1982 in ‘n gemeente in Bloemfontein gekom het wat net meer as 300 lidmate gehad het. Vir vyf Sondae het ek leering gegee oor bedienige en hoe elkeen sy/haar bediening moes ontdek. In ‘n kort tyd het die gemeente gegroei na een van die grootste gemeentes in die land.
  Regoor die wêreld sien ons dat gemeentes wat werklik groei is gemeentes wat hul lidmate help om in hul regte bediening te kom en hulle ook gebruik.

**WIL JY SIEN DAT DAAR GROEI, EENHEID EN LIEFDE IS IN JOU GEMEENTE? DAN MOET ONS EF. 4:16 VERSTAAN EN DOEN**
Hierdie skrif is so belangrik dat ek goed gedink het om die volgende vertalings met jou te deel:

**Ou Vertaling**: "Uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saam verbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die **groei** van die liggaam bevorder vir sy eie **opbouing** in **liefde**"

Volgens hierdie skrif word die "liggaam" naamlik "die gemeente" aanmekaar verbind deur die ondersteuning van die lidmate, wanneer elkeen hul funksie vervul waarvoor die Here hulle geroep het.
Dit is dus duidelik dat bedieninge *"groei"* asook *"eenheid"* en *"liefde"* bewerk in die gemeente.

Ander vertalings van Ef. 4:16 lees soos volg:

**Nuwe Vertaling**: "Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde"

**Die Lewende Bybel**: "Die kerk is Sy liggaam en die hele liggaam is van Hom afhanklik. Die dele van die liggaam is aan mekaar verbind en vorm 'n eenheid omdat elke liggaamsdeel sy werk doen en die ander liggaamsdele help. So groei die liggaam deur die medewerker van al die liggaamsdele, en daar is liefde onder mekaar."

**The Living Bible**: "Under His direction the whole body is fitted together perfectly, and each part in its own special way helps the other parts so that the whole body is healthy and growing and full of love."

**Amplified Bible**: "For because of Him the whole body (the church, in all its various parts closely) joined and firmly knit together by the joints and ligaments with which it is supplied, when each part (with power adapted to its need) is working properly (in all its functions), grows to full maturety, building itself up in love".

***In al bogenoemde tekse is dit duidelik dat indien ons eenheid, groei en liefde in ons gemeente wil sien, sal elkeen sy deel moet bydra waarvoor die Here hom of haar geroep het om te doen.***

**ALGEMENE OPMERKINGS OOR BEDIENINGE**

- Indien iemand frustreerd is in dit wat hul vir die Here doen - dan is dit nie hul bediening nie. Want die regte bediening bring vervulling
- Sou 'n persoon nie meer sukses in sy/haar bediening hê nie, het so 'n persoon hul salwing verloor. Salwing bevestig jou bediening. Ex. 40:15
- Dit kan ook wees dat jy 'n nuwe bediening van God moet ontvang, maar dan sal die oue eers moet sterf

**1. <u>DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS IS NIE 'N KERKGEBOU NIE</u>**

Die Lewende Bybel stel dit vir ons duidelik in
**1 Kor. 12:27**; "Wat ek vir julle wil verduidelik is dit: Julle almal saam is die liggaam van Christus en elkeen van julle is 'n liggaamsdeel"
<u>Hierdie teks in The Amplified Bible lees weer so</u>: "Now you (collectively) are Christ's body and (individually) you are members of it, each part severally and distinct - each with his own place and function."

Lees ook: **Ef. 1:22.23** "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat Sy liggaam is"
**Kol. 1:18** "En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente"

**2. <u>HOE KOM 'N MENS IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS?</u>**

Volgens **1 Kor. 12:13** "plaas" die Gees van God ons in Sy liggaam (die gemeente) Dink aan Paulus. Na sy Damaskuspad ondervinding het die Heilige Gees hom ingeplaas in God se kerk
*Hierdie "inplaas deur God se Gees" is wanneer ons tot bekering kom en 'n kind van God word. Ons praat ook hier van "wedergeboorte" volgens wat Jesus in Joh. 3:3-5 gesê het.*
**<u>The Living Bible</u>** <u>stel dit soos volg</u>: "But the Holy Spirit has fitted us all together into one body. We have been baptized into Christ's body by one Spirit and have all been given that same Holy Spirit".
Dit is dus verkeerd om by 'n gemeente aan te sluit.
Ons moet seker maak dat God ons bygevoeg het tot 'n gemeente.
Indien dit gebeur sal mense nie so maklik 'n gemeente verlaat nie.

**3. <u>ELKEEN IN DIE GEMEENTE MOET BESEF DAT HUL VIR GOD BELANGRIK IS. DAAROM MOET ONS WAAK TEEN VERWERPING</u>**

**1 Kor. 12:15-17** *"As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie ? En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees ?"*

Daar is "voete" in die gemeente wat die evangelie uitdra
**Rom. 10:15** bring aan ons hierdie boodskap: *"Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig."*
ONTHOU: ALMAL IS NIE VOETE NIE

Daar is "hande"- Mense wat letterlik met hul hande werk vir God! Almal hoef dus nie predikers te wees nie

Daar is "ore" - Hulle wat kan luister na die nood van ander Ons het voorwaar "ore" nodig in die gemeente. Miskien meer "ore" as "monde". Mense wat bereid is om te luister na die nood van hul mede-gelowige.

**4. DIE LEDE IN DIE LIGGAAM (GEMEENTE) HET MEKAAR NODIG**

Lees: 1 Kor. 12:21-26
Watter deel van u liggaam het u nie nodig nie? Miskien sal u dink dat u kleintoontjie nie belangrik is nie? Dan wil ek u reghelp deur u daarop te wys dat u sonder hierdie toontjie die balans in u voet sal verloor.
Baie lidmate voel nie belangrik in die gemeente nie omdat hulle nie die "groot en belangrike dinge" in die gemeente doen nie - ja, hulle voel soos 'n klein toontjie! Dit is juis hulle wat baie keer die balans in 'n gemeente bring

Omdat ons mekaar nodig het mag ons nie mekaar aanklae nie - dit is in elk geval die duiwel se werk! (Op. 12:10,11) Ons het ook geen reg om my broer of suster "af te skryf" nie.

KYK WEER MOOI NA VERSE 25,26; EN BESLUIT IN JOU HART OM WAARLIK LIGGAAM VAN CHRISTUS TE WEES Ja, mense moet getrek word na ons gemeente wanneer hul die liefde van God daarin sien dat ons van harte mekaar bedien

**5. VOLGENS 1 KOR. 12:18; HET GOD MY VIR 'N DOEL IN SY GEMEENTE GEPLAAS. MY TAAK IS NOU OM TE ONTDEK WAARVOOR EK TOT DIE GEMEENTE GEVOEG IS**

**<u>DIE VERSKILLENDE BEDIENINGE IN DIE NUWE TESTAMENT</u>**

DIE VOLGENDE SKRIFTE HANDEL HOOFSAAKLIK OOR BEDIENGE:
**1 Kor. 12:12-31; Rom. 12:4-8; Ef. 4:11,12**

**(1) APOSTEL**
'n Apostel is 'n "gestuurde" van God en besit sekere kentekens.
Ons lees daarvan in 2 Kor. 12:12; Paulus kon dus kwalifiseer as 'n apostel. Omdat **volharding** (Hand. 14; en 2 Kor. 11:24-28) asook **wonders en tekens** (Hand. 19:11,12) 'n kenmerk was van sy lewe

**(2) PROFEET:**
Die Griekse woord beteken "om reguit te praat" Hebreeus (Nabi) "om aan iemand die waarheid bekend te maak" Iemand met 'n Godspraak! Soos wat ons vind in Hand. 11:28;
Hier vind ons dat die profetiese woord iets in die toekoms bekend maak.

Deur die eeue heen het God uitstaande Profete gebruik. Maar dit is ook duidelik in die Bybel dat ons almal ons kan beywer om te profeteer
Kyk weer gerus na **1 Kor. 14:1,31,39**
Ons moet ons jongmense ook aanmoedig om te profeteer **Hand. 2:17**
<u>'n Profesie het drie duidelike eienskappe volgens 1 **Kor. 14:3**</u>
<u>Naamlik</u>: **Stigting; Troos en Bemoediging**
Hand. 15:32 "en Judas en Silas wat self ook profete was, het die broeders met baie woorde **bemoedig en versterk**" (Dit is die doel van profesie)

**(3) EVANGELIS**
Dinamiese Evangeliste se name kan ons van melding maak wat deur God gebruik was in die verlede. Maar ek glo dat die Here gewone lidmate wil gebruik in hierdie bediening.
As God 'n gewone diaken naamlik Filippus, van 'n diaken tot 'n evangelis kan verhoog, dan kan Hy jou ook gebruik. (Hand. 6:5 en Hand. 8:5-8)

Enige persoon wat die blye boodskap van Christus verkondig en siele na God toe lei, vervul die Evangelistiese bediening

Ek bid dat God talle sal roep vir hierdie taak omdat die oes van die aarde nie ryp is nie, maar oorryp is. (Op. 14:14,15) Ons hoofopdrag bly **Matt.28:19**

**(4) HERDER**
Ons kan nie net die saad van die woord in mense se hart "plant" nie. Ons moet dit ook "nat maak" M.a.w. Ons moet dit wat ons geplant het ook versorg, dan sal God die groeikrag gee (Kor. 3:1-7) DAAR MOET DUS 'N VERSORGINGSBEDIENING IN ELKE GEMEENTE WEES

Die bediening van die woord van ons kansels is nie voldoendenie, daar moet bediening in ons mense se huise plaasvind (Ja, daar waar die vyand hul die meeste aanval)

- Kyk hoe moet dit gedoen word
  1 Pet. 5:1-3; Hand. 20:28; Eseg. 34;
- Die eienskappe van 'n Goeie Herder vind ons in Joh. 10:1-4.
  Sy skape sal na Hom luister
  Hy ken sy mense
  Hy lei hulle
  Hy beskerm hul teen gevaar

**(5) LERAAR:**
Dit is mense wat ander onderrig. Dit is 'n dringende bediening wat nodig is in die Kerk. Ons kan nie net mense na Christus toe lei nie, ons moet hulle ook leer. Dit is nie net om 'n klomp kennis uit die Woord aan mense oor te dra nie. Wat geleer word moet dus 'n leefwyse word.
Verstaan Jesus se odrag in Matt. 28:19; in die lig van die vorige stelling.

Dank God vir besondere leraars wat Hy deur die jare heen geroep en gebruik het. Maar ek is oortuig dat Hy ook die gewone lidmaat vandag in hierdie bediening wil gebruik. Hier dink ek aan die Selgroepleier, die Sondagskoolonderwyser of die Kinderkerkpersoneellid of die Woordskooldossent wat God kan gebruik in hierdie bediening van lering.

Kyk watter magtige resultate het die eerste Woordskool (of Bybelskool) gehad in Efese. Ons lees daarvan in Hand. 19:8-10
Alle groeiende gemeentes reg oor die wêreld het 'n Bybelskool

**(6) DIE BEDIENING VAN HELPERS**:
Wanneer jy in die Bybel lees van "Helpers" kan die vraag gevra word watter bediening dit kan wees?
Dit is om **hulp** te verleen. Tabita het so'n bediening gehad. Hand. 9:26
Die volgende kan geplaas word onder die bediening van HELPER:
Voorbidders; Sang en musiek; Altaarwerk; Opvolgwerk; Hospitaalwerk; Kerkkantoor; Koster; Video's en Kasette/Cd's; Klank; Boekkamer; Instandhoudingswerk; Hofmeester; Vervoer van lidmate
**Kan jy sien waarin "help" hierdie bedieninge die kerk?**
**Bv. Die aanbiddingspan se hooftaak is om die gemeente te leer om God te aanbid.**

**(7) DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES IS 'N BEDIENING AAN SY KERK (1 Kor. 12:28-30)**

Wakker die gawes van God se Gees aan in jou lewe. **2 Tim. 1:6**

***The Living Bible het ‘n duidelike vertaling oor sekere bedieninge.***
***<u>Ons lees die volgende in Rom. 12:6-8</u>***
*“God has given each of us the ability to do certain things well.*
*So if God has given you the ability to Prophesy, then Prophesy whenever you can - as often as your faith is strong enough to receive a message from God. It your gift is that of serving others, serve them well. If you are a teacher, do a good job of teaching. If you are a preacher, see to it that your sermons are strong and helpful. If God has given you money, be generous in helping others with it. If God has given you administrative ability and put you in charge of the work of others, take the responsibility seriously. Those who offer comfort to the sorrowfully should do so with Christian cheer”*

EN NOU: WAT WIL DIE HERE Hê MOET JY VIR HOM DOEN?

# JOU GAWES

**DAAR IS BAIE GAWES, MAAR DAAR IS 9 GAWES VAN DIE HEILIGE GEES VOLGENS 1 KOR. 12:1-11**

❖ Daar is vandag so baie onkunde oor God se Gawes
<u>1 Kor.12:1</u> *"En wat die geestelike gawes betref…..wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie."*

<u>Vers 11</u> *"Maar al hierdie dinge (gawes) werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."*

As daar ooit 'n tyd was dat ons God se Gees nodig gehad het, is dit vandag. Soos wat die Gees in die vorm van 'n duif op Jesus neergedaal het in die Jordaan, so moet ons begeer dat Sy Gees oor ons sal kom

Dit is treffend om te sien dat die Heilige Gees vergelyk word met 'n duif. Ons lees in **Luk. 3:22;** "Die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom (Jesus) neergedaal". Die Nuwe Afrikaanse Vertaling stel dit soos volg: "Die Heilige Gees het in 'n sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal".

**HOEKOM WORD DIE HEILIGE GEES VERGELYK MET 'N DUIF?**

a. **'n Duif is baie sensitief!** Daarom kan 'n mens die Heilige Gees bedroef **Ef. 4:30.** Die Amplified stel dit soos volg: "And do not grieve the Holy Spirit of God, do not offend, or vex (*"tease / terg"*) or sadden Hom". **Ef 4:25-29** vertel ons wat bedroef die Gees.

b. **'n Duif is rigtingvas.** Dink maar aan posduiwe en hoe hulle hul rigting vind terug na hul huise. Die Heilige Gees sal u altyd rigting gee! Glo dit ook vir hulle in u familie wat geestelik rigting verloor het

c. **'n Duif het geen galblaas nie.** Daar is dus geen bitterheid in God nie Die Griekse woord vir bitterheid is "pikros" en beteken om te sny of te steek. As iemand geneig is om met hul mond "te sny of te steek" is daar sekerlik bitterheid in hul harte.

d. **'n Duif het 'n perfekte balanse in sy vlerke.**

'N DUIF EWEVEEL PENVERE AAN ELKE VLERK HET ?

Die Heilige Gees het die PERFEKTE BALANS tussen GAWES en VRUG in die kerk gebring.

DINK OOK AAN DIE Hoë PRIESTER SE KLEED WAT HY GEDRA HET. ONS LEES DAARVAN IN **EX. 28:31-35.** Onder om die kleed het hy 'n klokkie en granaatjie om die beurt gehad.
Die klokkie wat 'n geluid gemaak het, stel die gawes voor en die granaatjie die vrug! Indien u die gawes soek, soek verseker ook die vrug

Die geluid wat die klokkies gemaak het, terwyl die Priester gedurig beweeg het, was 'n aanduiding dat hy nog leef. Gemeentes waar die GAWES nie "hoorbaar" is nie, spreek tot ons van geestelike dood wat ingetree het

**Kom ons besluit om die LEWE te kies deur die gawes aan te wakker wat in ons is <u>Lees: 1 Tim. 4:14 en 2 Tim. 1:6</u>**

**Wakker die gawes aan deur die volgende te doen:**

- Bid oor jou gawe
- Vermeerder jou kennis oor jou gawe
- Stel jouself beskikbaar vir God om jou te gebruik in jou gawe

**SKRYF DIE GAWES (1 KOR 12) TEENOOR DIE VRUG VAN DIE GEES (GAL.5:22) DAN SAL U DIE PERFEKTE BALANS SIEN WAT DAAR IS TUSSEN DIE GAWES EN DIE VRUG VAN DIE GEES.**

| **DIE GAWES** | **DIE VRUG** |
|---|---|
| (1 Kor. 12:8-10) | (Gal. 5:22) |
| 'n Woord van Wysheid | Liefde |
| 'n Woord van Kennis | Blydskap |
| Geloof | Vrede |
| Genadegawes van Gesondmaking | Lankmoedigheid (bid met groter geduld wanneer jy bid vir siekes) |
| Werkinge van kragte | Vriendelikheid |
| Profesie (stig, troos en bemoedig) | Goedheid |
| Onderskeiding van Geeste | Getrouheid |
| Allerhande tale | Sagmoedigheid |
| Uitleg van tale | Selfbeheersing (Die Gees is onderworpe aan die profeet) |

**WAAROM GEE GOD GAWES AAN SY KERK?**

**1 Pet. 4:10;** "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee DIEN ….

**KOM ONS KYK NA DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES:**

**1. ‘N WOORD VAN WYSHEID:**

Hierdie is nie natuurlike wysheid nie; want daar is selfs ongelowiges wat nie die Heilige Gees besit nie, maar wat begaafd is met natuurlike wysheid. Die gawe van ‘n woord van wysheid is slegs iets wat deur die Heilige Gees aan die mens gegee word. Waar natuurlike wysheid feite tot sy beskikking gebruik, is die gawe van ‘n woord van wysheid ‘n direkte openbaring van God

Hoe dikwels het die gawe van ‘n woord van wysheid nie die kind van God gehelp wanneer hy gèèn antwoord op ‘n moeilike vraag gehad het nie.

Is daar ‘n manier hoedat ons goddelike wysheid kan toets?
Sekerlik ja, toets dit met **Jak. 3:17;**
“Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrug, onpartydig en ongeveins”.

Voorbeelde waar hierdie gawe gewerk het vind ons in
**1 Kon. 3:16-28 & Hand. 27:21-25.**

2. **‘N WOORD VAN KENNIS:**

Dit is ‘n gawe van ‘n woord van kennis, en soos in die eerste geval werk hierdie gawe eers nadat “gespreek” is! M.a.w. al sou ‘n openbaring van kennis ontvang word, maar die een wat dit van God ontvang het maak dit nie bekend nie, het hierdie gawe nie gefunksioneer soos dit moet nie

GOD WEET EN KEN ALLES. Daarom kan Hy aan Sy kinders openbaar dit wat verborge is.

LET WEL: **Baie keer werk ‘N WOORD VAN KENNIS** saam met **‘N WOORD VAN WYSHEID,** bv. Deur die gawe van ‘n woord van kennis kon Johannes op Patmos te wete kom wat die toestand van die sewe gemeentes van Asië was, en deur die gawe van ‘n woord van wysheid kon hy raad aan hulle stuur. (Lees Openb. 2 & 3).

**Die doel van hierdie Gawe:**

a) Dit waarsku die kind van God teen sy vyande **2 Kon 6:8-12** (lees gerus hierdie skrifgedeelte in die Lewende Bybel).

b) Dit is ‘n hulp vir die kind van God, sodat hy presies weet wat God van hom verlang.
In **Hand. 9:11,12** openbaar die Here aan sy kind, Ananias dit wat hy nie weet nie, nl. Die plek waar Paulus is en selfs wat hy besig is om te doen

c) ‘n Woord van kennis help in doeltreffende gebed.

Dit was baiekeer die gawe van ‘n woord van kennis wat kinders van God van gewisse neerlae gered het, omdat andere vir hulle gebid het, nadat God dinge deur hierdie gawe geopenbaar het.

Ek wil een persoonlike ondervinding noem wat een Donderdagoggend in 1974 gebeur het. Ek was besig om te bid toe ek ongeveer 11:00 ‘n gesig van God ontvang waar twee persone (een was ‘n vriend van my, naamlik Chris) op ‘n boot in die see in groot gevaar verkeer het.
Met angs het ek seker ‘n halfuur vir hulle gebid totdat daar kalmte in my siel gekom het.
Daardie middag het Chris persoonlik aan my vertel hoedat hul in gevaar was (ongeveer 11:00) en hoedat hul masjien onklaar geraak het; die branders het reeds hoog oor hul geslaan toe daar eweskielik soos ‘n onsigbare hand iemand hul boot indruk by die rivier se mond en hul veilig aan wal gekom het
Wat sou gebeur het as ek ongehoorsaam was en nie vir hulle gebid het nie ?

d) ‘n Woord van kennis openbaar dinge in persoonlike lewens:

Dit was deur hierdie gawe dat Natan die profeet koning Dawid gehelp het sodat hy sy sonde voor God bely het

Ek het die waarde van hierdie gawe gesien toe die Here ‘n sangleier se sondes aan my getoon het terwyl hy sange lei, sonder dat ek iets deur iemand daarvan vertel was. Ek het persoonlik met die betrokke broeder daaroor gepraat wat hom eers vererg het, maar die volgende dag met gebrokenheid bely het en volkome geestelik herstel is

e) Hierdie gawe is ook daar om die Kerk suiwer te hou! Kyk wat gebeur met Ananias en Saffira in **Hand. 5:1-10**

f) ‘n Woord van kennis word gebruik om God se kinders te toon wat op hul wag. **Hand. 10:19; Hand. 21:10,11.**

3. **DIE GAWE VAN GELOOF**

Ons almal het geloof. **Rom. 12:3.**
Dit is onmoontlik om God te behaag sonder geloof. **Heb. 11:6.**
<u>Voorbeelde van **Die Gawe van geloof** is</u>:

- Elia bid dat dit vir 3½ jaar nie moet reën nie!
- Paulus word deur ‘n adder op die eiland Melite gebyt.
  Deur die Gawe van geloof skud hy dit in die vuur af
  **Hand. 28:5; Mark. 16:18.**
- Jesus vervloek die vyeboom; draai om en stap weg. Die volgende dag vind sy dissipels dat die boom verdroog het. **Mark. 11:12-24**

## 4. GENADEGAWES VAN GESONDMAKING
**1 Kor. 12:9**

Soos Paulus vir Timòteus aangemoedig het wil ek jou ook aanmoedig met **1 Tim. 4:14,15;** "Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie ….. Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vooruitgang vir almal duidelik kan wees".

**Waarom laat ons die klem val op die Gawes van die Heilige Gees?**
Omdat God hierdie gawes aan Sy Kerk gegee het dat ons mekaar daarmee kan dien. En die bediening moet nie net van die kansel kom nie
Die Bybel praat van **"**GENADEGAWES" (meervoud) VAN GESONDMAKING.
Moontlik is dit 'n gawe vir elke soort kwaal wat daar is?
ONTHOU: Christus verlang dat Sy Kerk selfs groter wonders sal doen as wat Hy gedoen het! **(Joh. 14:12).**

**Die doel van hierdie gawe**
- Ten eerste om God te verheerlik **Hand. 3:1-9**
- Om die werke van die duiwel te verbreek **Hand. 10:38; Luk. 13:10-17**
- Om die Evangelie te bevestig **Mark. 16:20; Hand. 8:5-7**
- Om mense te trek na die Evangelie **Joh. 6:2; Hand. 9:32-35**

God het deur die eeue heen die gawe van gesondmaking gebruik om mense te oortuig en te red. Mag hierdie gawe herleef in die Kerk sodat Christus verhoog kan word as die Groot Geneesheer. **(Jes. 53:5)**
Wonders en tekens sal weer die kerke laat oorloop! Gelukkig is hierdie gawe beskikbaar vir alle kinders van God **Joh. 14:12; Mark. 16:18**

## 5. WERKINGE VAN KRAGTE

- Natuurwette word verander wanneer hierdie gawe werk. **2 Kon. 6:1-7**
- Duiwels word deur hierdie gawe uitgewerp **Matt. 17:20 & Hand. 16:16-18.**
- Deur diè gawe het Jesus die water in wyn verander te Kana en het Hy die vis en brood vermeerder vir die skare. God wil nog groter wonders deur ons doen
- Deur hierdie gawe het Ananias en Saffira gesterf omdat hul gelieg het vir die Heilige Gees. Ons lees daarvan in **Hand. 5:1-10**
- Dooies word opgewek deur die werkinge van kragte
  **Hand. 9:30-42** (Tabita – Dorkas)
  **Hand. 20:7-12** (Eùtichus – val van 3de verdieping).
  Mel Tari vertel in sy boek:"Like a Mighty Wind" van die herlewing in Indonisië hoedat hulle om 'n persoon wat 3 dae dood was geloop en sing en bid het totdat hy weer lewendig geword het. Hierdie het plaasgevind deur die gawe van werking van kragte
  21 000 mense het as gevolg hiervan in daardie dorp tot bekering gekom
- Lees ook **Hand. 13:6-12.** Deur die gawe van werkinge van kragte het Paulus beveel dat Elimas blind moet word, omdat hy die werke van God teëgestaan het

## 6. PROFESIE

Ons vind in **1 Kor. 14:29-32** hoedat die Gawe van profesie in die gemeente moet werk. Baie het al gevra: WAT IS HIERDIE GAWE?
Sommige sê dat dit prediking is.
Nee, dit is nie gewone prediking nie, alhoewel ‘n prediker soms kan profeteer terwyl hy besig is om te preek. Ander verwar weer hierdie gawe met die gawe van ‘n Woord van kennis. ‘n Voorbeeld in die Bybel: **Hand. 11:28;** “ En een van hulle (profete…sien vers 27) met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar ‘n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius”.

<u>Jy sal dus merk dat die gawe van profesie hoofsaaklik daar is om toekomstige dinge te openbaar</u>

**Die Griekse woord vir “Profesie” beteken:**
Voorspelling van toekomstige gebeure ( Bagster Analytical Greek Lexicon).
Hy beskrywe dit ook verder as ‘n Gawe van God om verborge waarheid voort te bring

**Paulus wys ons op die volgende:**

(1) Dat ons, ons veral moet beywer om te profeteer **1 Kor. 14:1, 31 & 39.**
(2) Die ongelowige word hierdeur oortuig. **1 Kor. 14:24 & 25.**
(3) Deur profesie word die gemeente gestig, getroos en bemoedig **1 Kor. 14:3;** ‘n Profetiese woord is daar om te bou en nie om in stukke te kap nie
(4) Hoogstens drie persone moet tydens ‘n diens profeteer **1 Kor. 14:29.** En dit kan beoordeel word

Daarom mag profesie nooit die plek van God se Woord inneem nie.
Want selfs profesie sal eendag tot niet gaan, maar nooit God se Woord nie.
**1 Kor. 13:8; 1 Pet. 1:25.** Ons moet altyd seker maak dat dit God is wat spreek, sodat ons nie kom waar Israel was in **Eseg. 13:1-9** nie.

**Vraag:** Wil u sien dat u gemeente sal herleef? Dan moet u soos Esegiël lewe spreek oor die “Dor bene!” **Eseg. 37**

*<u>Die rede waarom ons nie meer kragtige profesië hoor nie is omdat ons nie toelaat dat Sy Gees op ons kom nie !</u>* ***Num.11:25***

*Sy Gees kan die “moeilikste” onder ons verander* ***1 Sam.19:18-24***

**<u>Profesie in die boek Handelinge</u>**

**Hand.9:6-19**

- v. 6  Soms gee die Here ons nie al die detail nie.
  Tog verwag Hy dat ons sal luister
  Die christen tannie wat 'n drang gehad het om vriende se huis te skakel terwyl sy geweet het dat hul nie tuis kon wees nie. Haar oproep het gehelp dat die man van daardie huis nie selfmoord gepleeg het nie.
- v. 10,11 Ander kere gee die Here detail
- v. 12  Paulus ontvang 'n profetiese visioen
- v. 13-16  Onthou: Wanneer enige gawe deur jou werk het jy baie geloof nodig om te handel

**Hand. 11:27-30**

- v. 27  Ek glo Profete moet saamkom in hierdie moeilike tye waarin ons leef. Ons dink aan die rampe wat die aarde tref.
- v. 28,29 Die kerk het nie gewag totdat die hongersnood gekom het nie, maar het opgetree as gevolg van die profesie.

**Hand. 13:1-4**

- v. 1  Hierdie bedieninge moet in die locale gemeente wees
- v. 3,4  Die Heilige Gees moet die STUURWERK doen. Iemand het dit soos volg gestel: ***"Many WENT that was not SENT"***

**Hand. 21:8-13**

- v. 8  Hierdie byeenkoms was in die huis van Philip die diaken wat nou 'n evangelis was. Jy kan dus deur God beweeg word van een bediening na 'n ander
- v. 9   Dit moes 'n besondere huis gewees het.
- v. 10,11   Agabus het 'n *"Profetiese Handeling"* gedoen.
  Ander voorbeelde in die Bybel van Profetiese Handelinge vind ons in:
  1 Kon.11:29-31; 1 Kon.13:11-24;  2 Kon. 4:1-7; Jer.13:1-8 en in Eseg. 4 en 5.
- v. 12,13  Het Paulus 'n verkeerde besluit geneem terwyl die Heilige Gees hom gewaarsku het ? Ek meen <u>Hand.20:22-24</u> antwoord ons vraag.

7. **ONDERSKEIDING VAN GEESTE**

**Let wel:**  Dit is nie om persone te onderskei nie, maar geeste.
Ook nie om gedagtes van mense te lees nie.  Dit gaan dus nie om mense nie, maar geeste. En ons het nie bonatuurlike gawe nodig om mense se foute raak te sien nie.

Ons besef dat ons te doen het met geeste in die lug.
**Ef. 6:12;**  "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug".

- Vrees kan ‘n gees wees **(2 Tim. 1:7)**
- Leuens is ‘n gees **(1 Kon. 22:19-23; 2 Thes. 2:9-12)**
- Onreinheid is ‘n gees **(Luk. 4:33-35; Hand. 5:16; Mark. 5:2; Luk. 9: 24).**
- Krankheid kan ook ‘n gees wees. **(Luk. 13:11-16).**
- Stom en doofheid kan ‘n gees wees **(Luk. 11:14 & Mark. 9:25).**
- Rebelsheid is ‘n gees **(1 Sam. 15:23)**
  Die Engelse Bybel sê: “Rebellion is as the sin of whitchcraft”
  Hierdie gawe onderskei die geeste, en deur die gawe van werking van kragte word die bose geeste uitgewerp.
  ‘n Voorbeeld vind ons in **Hand. 16:16-18.** Hier het albei gawes gewerk.

8. **ALLERHANDE TALE**

Daar is ‘n verskil tussen die spreking in tale as teken dat ek gedoop is met die Heilige Gees, en die gawe van allerhande tale.
“**Maar waarom nou tale … watter waarde het vreemde tale?”**

**1 Kor. 14:2;** “Want hy wat in ‘n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede”.
Daarom is dit so wonderlik om in ‘n vreemde taal te bid.
Ja, nie eers die duiwel verstaan wat u bid nie
**1 Kor. 14:4;** “Hy wat in ‘n taal spreek, stig himself.”

**1 Kor 14:14;** “ Want as ek in ‘n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar”. Soos wat die verstand die vermoë besit om in verstaanbare woorde homself uit te druk, so besit die mens se gees die vermoë om homself in ‘n onbekende taal uit te druk, wanneer ek in ‘n vreemde taal sou bid “

Wanneer die verstand onvrugbaar is as ek in ‘n taal bid, dan meen dit dat ek wel bewus is van myself maar dat die verstand nie die vreemde taal produseer nie.

Daar is nog ‘n rede waarom God se Gees tale gee, en dit vind ons in **1 Kor. 14:22.** Dit is nie noodwendig dat die persoon wat in tale spreek dit self moet uitlê nie. Ons moet nie **1 Kor. 14:13** sò vertolk nie.
Want volgens vers 28 van dieselfde hoofstuk kan daar ook ‘n ander uitleêr wees. Indien daar egter geen uitleg is nie, dan moet hy wat in die gemeente in ‘n taal spreek, stil word en saggies tot God spreek (v. 28).

9. **UITLEG VAN TALE**

Hierdie gawe is nie ‘n natuurlike vermoë om onbekende tale te verstaan en dit dan te vertolk nie; maar op ‘n bonatuurlike wyse openbaar die Gees van God die uitleg van ‘n vreemde taal wat gegee word.
Hierdie uitleg kan op verskillende maniere aan iemand in die gemeente geopenbaar word, soos bv.

**Deur ‘n gesig**:  Terwyl iemand in tale spreek kan die persoon self of iemand anders deur ‘n gesig die openbaring ontvang wat die uitleg van daardie taal is.

**Deur die openbaring van die gedagtes** wat gebesig word in die vreemde taal, en dit dan in verstaanbare woorde oor te dra.

**Of deur die Gees gedronge** kan iemand wanneer iemand in tale spreek, ‘n drang hê om in verstaanbare woorde tot die gemeente te spreek.
Die persoon sien dus geen gesig of geen gedagtes word aan hom geopenbaar van wat gesê was nie.

**Let wel:**  Dit is nie noodwendig dat die uitleg presies so lank soos die tale moet wees nie.  Want die tale word nie deur die uitleg woord vir woord vertaal nie, maar die uitleg word in verstaanbare woorde oorgedra

Dit is ‘n uitleg en nie ‘n vertaling nie

Moet die uitleg in die vorm van ‘n gebed tot God wees?

Ons antwoord deur te sê dat dit wel moontlik is, maar as God tot die gemeente wil praat kom dit nie in die vorm van ‘n gebed nie  -  want gebed is altyd gerig tot God

**EN NOU:**

Hierdie nege gawes van die Heilige Gees is aan die Kerk van Christus gegee tot  verheerliking van Sy Naam.  Sal dit nie wonderlik wees as hierdie gawes in elke gemeente teenwoordig is nie?

Kom ons bid daarvoor, sodat die gawes van die Heilige Gees ‘n bediening aan sy Kerk sal wees.

**<u>GOD WIL JOU GEBRUIK</u>**

**Moenie Sy gawe in jou verwaarloos nie!   1 Tim. 4:14**

**Wakker Sy gawes aan in jou lewe volgens  2 Tim. 1:6,7**

# *Drie Heilswaarhede wat jy moet weet*

*(Hierdie  is vir mense wat 'n Christen geword het, of wil word)*

**Op Pinksterdag
het 'n die skare wat in hul harte
getref was met die woord wat Petrus gebring
het, uitgeroep: "Wat moet ons doen, broeders ?"**

**Petrus het in Hand. 2:38 soos volg
geantwoord:**

***"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."***

**<u>In Petrus se antwoord op hul vraag maak hy melding van drie dinge:</u>**

- **Dat 'n mens tot bekering moet kom en sodoende 'n dissipel van Christus sal word.**
- **Dat 'n mens daarna gedoop moet word.**
- **En dat so'n mens gevul moet word met die Heilige Gees.**

# Ons praat dus eers oor "Dissipelskap"

Die groot opdrag wat Christus gegee het aan Sy Kerk is:
" Gaan dan heen, maak **dissipels** van al die nasies. . . (Matt.28:19).

**Het jy al 'n dissipel van Jesus Christus geword ?**

**WAT MOET DIE MENS DOEN OM `N DISSIPEL VAN CHRISTUS TE WORD?**

Die volgende:

1) Elke mens moet ten eerste besef dat hy/sy `n sondaar is.
In **Rom. 3:23** lees ons dat almal gesondig het. Niemand kan dus sê dat hy geen sonde het nie.

2) Dan moet ons vergifnis van ons sonde kry deur dit aan Christus te bely.
In **1 Joh1:7,9** lees ons dat Jesus se bloed ons sal reinig van al ons sondes indien ons dit sal bely. (Om te bely meen om verskoning te vra)

LET DAAROP WAT GOD MET ONS SONDES GEDOEN HET
NADAT HY DIT VERGEWE HET.

**Ps. 103:12** Die Here verwyder my sondes van my so vêr as die ooste is van die weste. (M.a.w. Jy sal dit nooit weer sien nie !)
**Jes.44:22** Hy delg ons sondes uit soos 'n wolk
**Miga 7:19** Hy werp ons sondes in die dieptes van die see
**Jer.31:34** God sal nooit weer aan ons sondes dink nie.

AS GOD VERGEEF EN VERGEET HET, MOET EK DIT OOK DOEN
TEENOOR MYSELF

3) Om Sy dissipel te wees moet ons Jesus aanneem as ons saligmaker en ander ook vertel dat ons dit gedoen het. **Joh.1:12; Rom.10:9,10.**

***Indien ons voorafgaande VERSTAAN én VAN HARTE GEDOEN HET is ons `n kind van die Here! Dan HET ons die ewige lewe.***

**1Joh.5:12,13:** "Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, **sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het** en kan glo in die Naam van die Seun van God".

**En wat gebeur as ek weer sou sonde doen? Was alles dan tevergeefs?**

NEE! In **1 Joh.2:1,2** lees ons dat ons as Christene nie moet sondig nie.

Maar indien ons sou sondig moet ons weet dat ons Jesus het wat weer vir ons sal intree by ons hemelse Vader.

NOODWENDIG KAN JY VERVOLGING EN VERDRUKKING VERWAG, MAAR MOENIE SKAAM WEES OM CHRISTUS TE BELY NIE. (Mark.8:38)

Christus het nie sonskyn en rose vir Sy volgelinge beloof nie.
Hy het inteendeel gesê dat daar selfs verdeeldheid in `n huis sal wees terwille van die evangelie. **Luk.12:51-53:**
En in **Joh.16:33** sê Jesus "In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."
In **2 Tim.3:12** lees ons: "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word."

## Hoekom praat ons van "Dissipelskap"

Omdat dit die taal is wat die Bybel gebruik. **Matt.28:19:** "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies . . ."

**Luk.11:1**: "En toe Hy (Jesus) op `n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: "Here, leer ons bid soos Johannes ook sy dissipels geleer het".

**Hand.14:21** "En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en `n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië".
In Antiochië was die dissipels vir die eerste keer christene genoem. **Hand.11:26.**

## Daar is 4 basiese beginsels van dissipelskap:

1. **Luk:9:23:** "En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, en sy kruis **elke dag** opneem en My volg" (Matt.16:24; Mark.8:34,38)

   Selfverloëning beteken om van myself niks te maak nie; en dit elke dag. Dit beteken ook selfkruisiging met Christus. **Gal.2:20; Rom.6:5,6;**

2. **Joh.15:8**: "Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees".

   Die ware dissipel dra vrug. Dra die vrug volgens **Gal.5:22**.

   <u>Die Lewende Bybel stel Gal.5:22 soos volg</u>: "Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan `n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid, nederigheid en selfbeheersing".

3. **Joh.8:31**: "En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels"

   Ons kan vra net wat ons wil, en dit ook verwag indien ons toelaat dat Sy woord in ons bly en ons in Sy wil bly. **Joh.15:7.**
   `n Ware dissipel **doen** wat die woord van die Here vir hom sê, ongeag die opinie van enige mens.

4. **Luk.14:26-35**: Lees die gedeelte in jou Bybel.
   Om gered te word kos niks! (Jes.55:1)
   Maar om `n ware dissipel te word kos baie

   Die woordjie "**haat"** in Luk. 14 beteken om "**minder lief te hê".**
   Die woordjie **"haat"** in **Luk.14** is nie `n goeie vertaling nie, want God verwag dat ek my ouers sal liefhê en ook sal eer. **Ef.6:2,3**; "Eer jou vader en jou moeder dit is die eerste gebod met `n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."

   Maar wat Jesus vir ons in **Luk.14:26** wil leer is: Ek moet my moeder en my vader, my vrou, my kinders en selfs my eie lewe minder liefhê as vir God.
   **<u>Luk.14:26 Word in die Lewende Bybel soos volg vertaal</u>:**
   "`n Mens kan nie na My toe kom en my volgeling wees as hy nie gewillig is om af te sien van sy pa, ma sy vrou en kinders, sy broers en susters en selfs ook sy eie lewe nie".

   In **Rom.9:13** staan geskrywe: "Jakob het ek liefgehad en Esau het ek gehaat". Ons moet verwag van God dat Hy dié wat Hom nie opreg dien nie minder sal liefhê as vir die wat Hom met hul hele hart soek.

   **En wat van my besittings?** (Lukas 14 vers 33).
   My besittings mag my nie besit nie. Dit beteken ek mag nie `n slaaf van my besittings wees nie.
   Dit is nie sonde om sekere dinge te besit nie, maar dit is `n sonde as die dinge my besit en oor my heers.
   Die ware dissipel is bereid om homself te verneder en die "eie ek" te kruisig. Paulus verwys nie hierdie "kruisiging" in **Gal.2:20.**

   **`n Slot Woord:**
   Hoe jammer dat daar vandag **'geheime dissipels'** is **Joh. 7:13;12:42;19:38**
   Wat sal `n bruidegom maak as sy bruid sê: "Ek sal jou bruid wees maar in die geheim; niemand moet daarvan weet nie?" So `n verhouding sou niks werd wees nie.
   **Die wat nie `n dissipel van Christus wil wees nie sal sy/haar smaak as sout verloor en sal onbruikbaar word. Luk.14:34,35;**
   **Dink aan Lot se vrou!**
   <u>Ek moedig jou aan om 'n toegewyde dissipel (volgeling) van Christus te wees.</u>

# DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE

Die eerste opdrag in Matt.28:19 is: "Gaan maak dissipels" maar daar is ook `n tweede opdrag, naamlik die doop, en daarna moet ons kyk.

Nadat ons ons sondes bely het en Jesus aangeneem het as ons persoonlike Saligmaker, is die volgende stap om gedoop te word volgens die opdrag in die Skrif.
Laat ons saam die DIE DOOP teks vir teks nagaan, en besluit dan om aan God gehoorsaam te wees.

Indien jy nog nie die doop van die Gelowiges ondergaan het nie; word vertrou dat jy Jesus ook sal volg deur die doopwater. Indien jy wel gedoop is, word vertrou dat die studie hiervan jou sal inspireer om ander gelowiges te help dat hulle ook gedoop sal word.

## DIE DOOP TEKS VIR TEKS BEHANDEL: (Lees self in jou Bybel)

1. **Matt.3:11** – Die woorde "met water" verwys nie na die metode van doop nie, maar na die element wat gebruik word, naamlik water.
   M.a.w. `n Mens gebruik water om mee te doop.

2. **Matt.3:13-17** - So is Jesus op dertigjarige leeftyd (Luk.3:23) in die Jordaanrivier deur Johannes die doper gedoop! <u>Let op die woorde</u>:
   "uit die water opgeklim (gekom)" wat tog sekerlik aandui dat Jesus wel in die water was. Jesus was in die water sodat Johannes die doper Hom deur onderdompeling kon doop, anders wat sou die nut vir Jesus gewees het om in die water te gaan indien Hy byvoorbeeld net besprinkel sou word?

3. **Matt.28:19** – Hier staan nie dat die "nasies" gedoop moet word nie, maar die dissipels wat gemaak word uit die nasies.

   `n Mens moet eers `n dissipel (volgeling) van Jesus word voordat hy gedoop kan word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

4. **Mark.16:16** – Hierdie was die laaste boodskap van Jesus voordat Hy opgevaar het na die hemel – Dit bevestig die belangrikheid van die doop.
   'n Mens sal tog alleenlik die belangrikste dinge sê voordat jy hierdie aarde sou verlaat ?

   Daar moet beslis eers geloof in Christus in ons hart wees voordat ons gedoop kan word
   Filippus het ook seker gemaak dat die hofdienaar glo met sy hele hart voordat hy hom gedoop het (Hand. 8:37).

Omdat geloof in `n baba se lewe ontbreek, kan `n baba nie gedoop word nie. Wat gebeur indien `n baba sou sterwe sonder dat hy/sy gedoop is, sal so'n baba nie verlore gaan nie ?
Nee, volgens Mark.10:14 behoort die koninkryk van God aan hulle.

5. **Luk.7:29-30** – Johannes het baie water benodig om te doop omdat doop deur onderdompeling geskied. Dit is dan ook die rede waarom die mense na Enon naby Salim moes gaan om gedoop te word, aangesien daar genoegsame water was. Vandag is dit nog so dat daar baie water benodig word om die mens deur onderdompeling te doop.

6. **Hand.2:38-39** - Die mens moet eers tot bekering kom woordat hy gedoop word. Die doop is `n duidelike BEVEL, soos wat Petrus dit gee in vers 38. Maar die doping met die Heilige Gees is `n BELOFTE, daarom verwys die belofte in vers 39 dan ook na die doping met die Heilige Gees.
In Hand. 1:4,5 word melding gemaak van hierdie belofte, naamlik die HEILIGE GEES.

7. **Hand.8:12** - Net die manne en vroue wat geglo het is gedoop.

8. **Hand.8:35-39** - Doper sowel as dopeling was IN die water. Hoekom? Omdat dit nodig is vir die doper om saam met die dopeling in die water te wees sodat laasgenoemde onderdompel kan word
Filippus en die hofdienaar sou tog sekerlik nie `n deel van hul liggame natgemaak het net om `n paar druppels water op die hofdienaar se hoof te plaas nie.
Dit is ondenkbaar dat die hofmeester die lang reis in die woestyn tussen Jerussalem en Noord Afrika (Ethiopië – Hand.8:27) sou aandurf sonder water by hom.
Filippus het nie sy drinkwater gebruik om te doop nie, omdat doop nie besprinkeling is nie

9. **Hand.10:44-48** - Cornelius en sy mense was gelowiges wat gevul is met die Heilige Gees en het in tale gepraat.
Volgens Petrus het hul dus gekwalifiseer vir die waterdoop.

10. **Rom.6:3-4** - Die doop stel `n geestelike begrafnis voor; en om te begrawe meen om te bedek.
Deur onderdompeling ondergaan ons `n "geestelike begrafnis" om daarna in `n nuwe lewe opgewek te word.
`n Mens sal tog nie met `n paar sandkorrels iemand begrawe nie.

11. **Ef.4:5** - "een Here, een geloof, een doop ….." Ons glo dat daar net een Here is. Ook dat daar net een ware geloof is en dit is in die ewige God. Hoe kan ons dan glo in meer as een ware doop?

12. **Kol.2:11-12** - Die doop het nie in die plek van die besnydenis gekom nie, aangesien hierdie besnydenis verwys na "`n besnydenis wat nie met hande verrig word nie" Die besnydenis van die hart, verwys na bekering. (Vergelyk Deut.10:16; Deut.30:6; Jer.4:4; Rom.2:28-29).

    Die besnydenis was vir Israel en net vir die manlike geslag! (Gen.17:10). Indien die doop in die plek van die besnydenis gekom het, kan net seuns gedoop word.

13. **1 Kor.1:17** - Laat ons hierdie teks nie verkeerd verstaan nie, want die doop is wel `n deel van die evangelie, maar omdat daar verdeeldheid was onder die Korinthiërs, het Paulus hierdie woorde aan hulle geskryf.
    (Lees die vorige verse om dit beter te verstaan - verse 10-16).

    Paulus het beslis doop gepreek en self ook gedoop.
    (Hand.16:10-15 en 30-33 asook Hand.18:8).

14. **1 Pet.3:18-21** - "Want Christus het ook eenmaal vir die sonde gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring. Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees: in wie Hy ook heen gegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt siele deur water heen gered is; WAARVAN DIE TEëBEELD, DIE DOOP, ONS NOU OOK RED, NIE AS `N AFLEGGING VAN DIE VUILHEID VAN DIE VLEES NIE, MAAR AS `N BEDE TOT GOD OM `N GOEIE GEWETE - DEUR DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS."

    In die Ou Testament het die ark 8 mense gered.
    Volgens die Nuwe Testament sal elkeen wat glo en hom laat doop ook gered word. **Mark.16:16**

    Geen wonder dat die Fariseërs en Saduseërs gedoop wou word nie. Hulle het bang geword dat God se oordele hul sou tref indien hulle nie gedoop is nie. (Matt.3:7-8)

`n Uitdaging word aan elkeen wat in Christus glo gestel, naamlik:

**"LAAT JOU DOOP SODAT JY `N GOEIE GEWETE VOOR GOD KAN Hê!"**

# DIE DOPING MET DIE HEILIGE GEES

Petrus het op pinksterdag aan die skare gesê" **Hand.2:38** – "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang". In vers 39 sê Petrus dat die belofte van die Heilige Gees vir ons almal is.

<u>Het jy al die Heilige Gees ontvang?</u>

Iemand vra: Maar het ek nie die Heilige Gees ontvang by my bekering nie?
Ons antwoord: Ja, by bekering het jy seker die Heilige Gees, want dit is tog die Gees wat jou oortuig het van sonde (Joh.16:8) en dit is die Gees wat jou lei en met jou gees getuig dat jy Sy kind is. (Rom.8:14,16)
<u>Maar by die doping met die Heilige Gees het die Gees vir jou !</u>

**DIE DOPING MET DIE HEILIGE GEES**

**1. Die doping met die Heilige Gees is `n belofte vir elke kind van God … nie een word uitgesonder nie, want God is geen aannemer van die persoon nie.**

Volgens **Matt.3:11** is Jesus is dus die doper met die Heilige Gees. (Vergelyk ook Luk.3:16):
Soos wat Jesus Homself oorgegee het aan Johannes die doper om in die Jordaan rivier gedoop te word, so moet jy jouself oorgee aan Jesus sodat Hy jou kan doop in die stroom van "lewende water"

<u>Kind van God!</u> Dink jy dan dat Hy jou sal vergeet?
Nee, die belofte van die doping met die Heilige Gees is ook vir ons wat vêr was. **(Hand.2:39).**

**2. Wat was die ondervinding van diegene van wie ons in die Skrif lees, wat met die Heilige Gees gedoop was?**

a) **<u>Hand. 2:1-4</u>**
Dié wat gevul was met die Heilige Gees op Pinksterdag het in ander tale gespreek, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek, (Hand. 2:4) en het krag en vrymoedigheid ondervind. Kyk bv. Na Petrus (Hand. 2 :14). Eers was hy skaam en het in die binneplaas van die paleis Jesus verloën maar nou is hy bang vir niks en niemand nie; omdat hy vol is van die Heilige Gees. Hier word `n hele aantal verskillende dialekte genoem wat deur die gawe van tale geopereer het soos die Heilige Gees dit gegee het om uit te spreek. Die spreke in tale dien as `n teken vir die ongelowige **(1Kor.14: 22).**

Op pinksterdag het die mense uitgeroep:
"Wat kan dit tog wees?" **(Hand.2:12).**
Petrus het in Aramees, die verstaanbare taal van die tyd, aan die skare God se boodskap oorgedra, en verduidelik wat plaasgevind het. **(Hand.2:14-18).**

b) **Hand.4:31 Hier is die dissipels weer vervul met die Heilige Gees en die uitwerking was dat hulle die woord van God met vrymoedigheid verkondig het.**

c) **Hand.10:44-46 Toe Cornelius en sy mense gedoop word met die Heilige Gees het hulle net soos die dissipels op Pinksterdag, in tale gespreek en God groot gemaak. Deur die eeue heen was dit nog altyd dieselfde ondervinding.**

d) **Hand.19:6 "En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer".**
**NOTA:** Dit is dus baie duidelik dat die eerste teken dat 'n mens gedoop is met die Heilige Gees die spreking in ander tale sal wees. Ja, ander tekens kan daarna ook kom.

**3. Hoe kan ek gedoop word met die Heilige Gees?**

Deur geloof alleen **(Gal.3:2,5)**, maar dan ook as iemand saam met my bid. Hand.8:17 - "Hulle (die apostels) het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang". (Vergelyk Hand.19: 6). `n Gesalfde kneg van God kan saam met jou bid en sy hande op jou lê.

**Luk.11:13** – "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee AAN DIE WAT HOM BID?" Jy kan dus self bid vir die doping met die Heilige Gees en gelowig daarvoor wag op die Here **(Hand.1:4,5; 2:1-4).**

**4. Watter voorwaardes is daar waaraan ek moet voldoen, voordat ek die Heilige Gees kan ontvang?**

**Hand.2:38 -** Ek moet my bekeer en laat doop.
Alhoewel God iemand kan doop met Sy Heilige Gees nog voordat hy in water gedoop is. **(Hand.10:44-48).**
**Hand.8:21 -** My hart moet reg wees voor God.
**Hand.5:32 -** Ek moet gehoorsaam wees aan God.
**Gal.3:2,5,13,14 -** Ek moet deur die geloof die Heilige Gees ontvang in my lewe. Soos wat ek Jesus in die geloof aangeneem het, só ontvang ons die Heilige Gees in geloof.

**5. Waarom is die doping met die Heilige Gees nodig?**

**Matt.10:19,20** - "Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie; want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek".

In tye van nood wanneer ons as kind van God onsself moet verdedig, sal die Heilige Gees ons die woorde gee om te spreek.
(Vergelyk ook Mark.13:11).

**Joh.6:63** - "Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe". As ons na gees en lewe verlang, het ons die Heilige Gees nodig in ons lewens.
**(Vergelyk ook 2 Kor.3:6)**. Verlang jy na `n opwekking in jou gees? Begeer dan die volheid van God se Gees.

**Joh.15:26** - "Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig". **(Vergelyk ook Joh.14:26)**.

Die Heilige Gees sal ons leer en ook Jesus in en deur ons verheerlik.

**Joh.16:13** - "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig".

Ons het die Heilige Gees nodig om ons te lei in die hele waarheid.

**Hand.1:8** - "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde".

Die doping met die Heilige Gees gee krag om te getuig.

As gelowiges moet ons getuies vir Jesus wees, daarom het ons die volheid van die Heilige Gees nodig in ons lewens.

**Rom.8:16** - "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is".

Die teenwoordigheid van die Gees van God in ons lewens gee ons daardie absolute sekerheid dat ons aan Hom behoort.

**Rom.8:26** - "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge".

Ons het die Heilige Gees nodig om ons te help bid.
Jy sal agter kom dat daar dae sal kom dat jy nie genoeg vir God kan sê deur jou verstand nie. Dit is dan dat Sy Gees intree en ons help om te bid.

**6. Waarom is tale so belangrik?**

a) Jy spreek DIREK tot God **(I Kor. 14:2)**

b) Jy spreek deur die Gees VERBORGENHEDE **(1 Kor.14:2)**

c) Wanneer jy in tale bid, STIG jy jouself **(1 Kor.14:4)**

d) Wanneer jy in tale bid, bid jy nie met jou verstand nie, maar met JOU GEES **(1 Kor.14:14)**

e) Jy kan God AANBID deur in tale te bid **(Hand.10:46)**.
Dit vorm dus `n nuwe dimensie van aanbidding.

# Bassiese Waarhede

***ONDERWERPE***

***As ek versoek word, wat dan?***

***Gebed en Voorbidding***

***Die krag van ons Woorde***

***Die krag van saamstem***

***Die gee van Tiendes***

***Wedergeboorte***

***Geloof***

***Goddelike Genesing***

***Handoplegging***

***Heiligmaking***

***Saai en Maai***

# AS EK VERSOEK WORD, WAT DAN?

Hoe baie welnemende Christene het net nie al hierdie vraag gevra nie. Baie is onder die indruk dat die duiwel jou adres verloor het wanneer jy jou lewe aan Christus gee! O nee, hoe nader jy aan die Here leef, hoe meer sal jy vind dat die duiwel sy pyle op jou sal afskiet. Gelukkig het ons die volle wapenrusting van God ontvang om te oorwin teen die duiwel

**Ef. 6:10-17:** "EINDELIK, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van Gees – dit is die woord van God – ".

**Ons lees in Luk. 4:1-13 van die versoeking van Jesus.**

En as die duiwel kans gesien het om Jesus te versoek, sal hy kans sien ook vir jou. "Daarom wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie". (1 Kor. 10:12)

Gelukkig kan ons die duiwel teëstaan.
**1 Pet. 5:7-9:** "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. Wees nugter en waaksam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof..."

**Kom ons kyk in watter tyd was Jesus versoek**
Dit was net nadat Jesus gedoop was en die Gees op Hom neergedaal het in die Jordaanrivier. Is dit nie ook ons ondervinding nie? Die oomblik nadat ons aan God gehoorsaam word kom die Versoeker met sy aanvalle!

Die duiwel is 'n gewisse vyand, maar as kind van God behoort ek nie onbekend te wees met sy planne nie.

**2 Kor. 2:11:** "want ons is met sy planne nie onbekend nie."

**Daar is drie tipe versoekings**

**Luk. 4:13:** "En toe die duiwel <u>elke versoeking</u> geëindig het, het hy 'n tyd lank van Hom gewyk." Die duiwel het drie soorte versoekings gebruik teen Jesus en toe <u>'n tyd lank</u> van Hom gewyk. Hierdie woorde "'n tyd lank" vertel aan ons dat die duiwel nie geheel en al pad gegee het om nooit weer met sy versoekings te kom nie.

**Die duiwel versoek gewoonlik ten eerste die swakste plek in my lewe.**
**Luk.2:2-4:** "Jesus was veertig dae lank deur die duiwel versoek is; en Hy het niks geëet in diè dae nie; en toe hulle verby was, het Hy naderhand honger geword. Toe sê die duiwel vir Hom: As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dat dit brood moet word. Maar Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God."

Jesus was na 40 dae honger daarom kom die duiwel met die versoeking dat Jesus van die klippe brood moes maak. Normaalweg sou dit 'n groot wonder gewees het. Maar indien Jesus in opdrag van die duiwel hierdie wonder gedoen het, sou Hy voor die duiwel gebuig het.
Om vleeslike drange te hê is geen sonde nie, maar indien hierdie drange op die verkeerde manier bevredig word, kan dit sondig wees! Ons dink hier aan Esau. Dit was nie verkeerd om honger te word vir lensiesop nie, maar om sy geboortereg te verkoop om dit te verkry, was heeltemal verkeerd.

**Die duiwel versoek ook deur dit wat ons sien.**
**Luk. 4:5-8:** "Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

Jesus word versoek deur dit wat Hy gesien het. Om te sien is geen sonde nie, maar om te begeer wat ons sien, as dit nie God se wil vir ons is nie.

**In verse 9-12 gebruik die duiwel God se woord om Jesus te versoek.**
Moenie dink die duiwel ken nie die Bybel nie! Leer egter die les by Jesus om die duiwel te oorwin deur te kan sê: " Daar is ook geskrywe", ken dus God se Woord sodat u die duiwel kan antwoord.

In **1 Joh. 2:16** gee Johannes 'n opsomming oor hoe versoeking tot die mens kom "Want alles wat in die wêreld is…<u>die begeerlikheid van die vlees</u> (Jesus was vesoek toe Hy honger was) en <u>die begeerlikheid van die oë</u> (kyk wat het die duiwel vir Jesus gewys) en <u>die grootsheid van die lewe</u> … is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld".

**Die vraag is nou: Hoe kan ek oorwin oor versoeking?**

- **Wees vol van die Heilige Gees.** Kyk weer mooi na Luk. 4:1 en 14: "En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei." Vers 14 "en Jesus het in die krag van die Gees na Galilea teruggekeer, en daar het 'n gerug aangaande Hom deur die hele omtrek uitgegaan;"

  Jesus se krag was daarin dat Hy vol was van die Heilige Gees. Geen wonder dat Paulus dit soos volg aan ons stel: "Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" **Gal. 5:16**

- **Maak seker dat jy jouself bevind op die plek waar God se Gees jou gelei het. (vers 1.)**
  " When you are out of God's will, you are in total darkness"

- **Ken God se Woord sodat jy dit kan gebruik teen die duiwel.**
  Sorg dat jy genoeg bybelverse ken wat jy kan gebruik.

- **Moenie net hier voor jou vaskyk nie, maar plaas jou oë op 'n doel verder as dit.** Dink hier aan Moses **Heb. 11:24-26:** "Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, ………en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning."
  Dink ook aan Josef. Al moes hy wegvlug van Potifar se vrou en selfs onskuldig in die tronk beland (Gen. 39:40)
  Kry 'n vèr gesig van die heerlikheid wat wag!

**Een ding moet ons duidelik verstaan, en dit is:**

Ek het nog nie gesondig as ek net versoek was nie.
As versoeking sonde was, dan het Jesus gesondig. Hy was egter versoek net soos enige van ons maar het nie toegegee aan die versoeking nie en het dus toe nie gesondig nie.

**Heb.4:15:** "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek was net soos ons, maar sonder sonde".

Die ou mense het altyd gesê: "Jy kan nie help as 'n kraai oor jou kop vlieg nie, maar jy kan help dat hy nie in jou hare nes maak nie".

God versoek geen mens nie, en Hy sal ook nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie. **1 Kor, 10:13:** "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra".

**Ons vraag: "En as ek versoek word, wat dan?" Word baie duidelik beantwoord deur Jakobus in sy eerste hoofstuk.**

**Kyk mooi na Jak. 1:2-4:** "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof leidsaamheid bewerk. Maar die leidsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kort kom nie."
Dit is dus duidelik dat Jakobus ons wil leer om nie moedeloos te word as versoeking kom nie, maar juis dit as louter vreugde te ag.

**Jak. 1:12-15:** "Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.
Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."

**Hieruit leer ons die volgende lesse:**

Daar wag 'n kroon vir elke oorwinnaar oor versoeking! (v.12).

God versoek niemand nie (v.13).

V.14,15: Versoeking probeer jou wegsleep of weglok. As jy dus nie bereid is om weggesleep of weggelok te word nie, het jy nog nie gesondig nie.

Agan het eers gesondig toe hy begeer en geneem het … **Jos.7:20,21:** "Toe het Agan Josua geantwoord en gesê: Waarlik, ek het gesondig teen die HERE, die God van Israel, en so en so het ek gedoen. Ek het naamlik een mooi mantel uit Sinear by die buitgoed gesien en twee honderd sikkels silwer en een goud staaf van vyftig sikkels in gewig, en ek het dit begeer en dit geneem; en kyk, daar lê dit begrawe in die grond binne-in my tent en die silwer daaronder."

**Nou verstaan ons Jak. 1:15 beter wat sê:** "Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort".

**<u>Ander tekse oor versoeking</u>:**
**Matt.26:41:** “Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.”
**Luk. 22:40:** “En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie.”
**Gal. 6:1:** “broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reg help met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.”
**2 Pet.2:9**: “die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;”

# GEBED en VOORBIDDING

## Wat is gebed?

Dit is 'n geprek met God! Daarom is dit 'n dialoog en nie 'n monoloog nie. Ek praat met God, maar luister dan weer dat Hy met my praat. Hy praat met my in my hart deur Sy Gees en deur Sy Woord.

## Hoe moet ons bid?

- IN DIE NAAM VAN JESUS **Joh. 16:24 Joh. 14:6**
- GEBRUIK NIE 'N YDELE HERHALING VAN WOORDE NIE **Matt. 6:7**
- DIE "ONSE VADER" BLY 'N MODEL GEBED **Matt. 6:9-13**
- ONS MOET "SONDER OPHOU" BID **1 Thes. 5:17**
- ONS MOET "GEDURIG BID EN NIE MOEDELOOS WORD NIE" **Luk. 18:1**

## Dank God vir die krag van gebed

Die eerste Kerk het met krag gebid! **Hand. 4:31** ***"En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."***

SEWE DINGE HET GEBEUR TOE HULLE GEBID HET:

- Die plek is geskud (vers 31)
- Almal is gevul met die Heilige Gees (vers 31)
- Hulle het God se Woord met vrymoedigheid gespreek (v. 31)
- Hulle was een van hart en siel (vers 32)
- Hulle besittings het almal gedien (vers 32)
- Verkeerde dinge is onder hulle geopenbaar (Hand. 5)
- Wonders en tekens het plaasgevind (Hand. 5:12-16)

**ONS GEBEDE IS VIR GOD KOSBAAR EN SOOS REUKWERK!**

**Op. 5:8** "En toe hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."

**Dawid roep uit in Ps. 141:2;** "Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer".

**In Ex.30 lees ons van die reukoffer-altaar.**
Dit was van Akasia hout en vierkantig. Die lengte was een el, asook die breedte. Die hoogte twee el. Dit was met suiwer goud oorgetrek, en het twee goue ringe aan die kante gehad vir die draagringe waarmee die reukofferaltaar gedra is.
(‘n “el” is die lengte vanaf jou elmboog tot by jou langste vinger)

- **Waar het dit gestaan?** Reg voor die voorhangsel. Die reukwerk het dus ingetrek in die voorhangsel.
- **Kyk wat moes die hoëpriester hier gedoen het: Ex. 30:7,8;** “En Aäron moet daarop (op die reukofferaltaar) reukwerk van speserye aan die brand steek; **elke môre** as hy die lampe regmaak, moet hy dit aan die brand steek. En as Aäron **teen die aand** die lampe opsteek, moet hy dit aan die brand steek as ‘n **voortdurende reukwerk voor** die aangesig van die Here in julle geslagte”.
  **Vraag: Hoe lyk jou “reukoffer altar”?**

## Waarvoor kan ons bid?

1. **Vir die redding van siele**
   **Rom. 10:1** “Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding”.
   **God wil alle mense red! 1 Tim. 2:3,4** *“Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.”*

2. **Vir ons leiers**
   **1 Tim. 2:1,2** sê: “In die eerste plek (let op!) vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid”.
   Die regering is in ‘n swak toestand omdat daar nie vir hulle gebid word nie.

3. **Vir herlewing**
   “Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie.”
   **Psalm 85:7**
   Voor die Wallis-herlewing in 1903/1904 het Evan Roberts vir 15 maande aanhoudend daarvoor gebid! Gedurende die eerste vyf weke van hierdie herlewing het 25 000 siele tot bekering gekom.

   **2 Kron. 7:14** “En (as) My volk, oor wie My naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees”.

4. **Vir genesing**
   - **Soos wat Hiskia ervaar het in 2 Kon. 20**
   - **Hoe verstaan ons Jakobus 5:14,14?**

5. **Ons kan selfs bid vir die geboorte van ons kinders**
   Hanna het vir Samuel gebid! **1 Sam. 1:27.**
   Sagaria (die priester) het vir Johannes die doper gebid! **Luk. 1:13**

**6. Ons kan bid vir uitredding in nood**

Dink aan Josafat (vermom) waar hy saam met Agab, sy swaer, geveg het. **2 Kron. 18:31.** (Die geveg was teen die Aramiërs).

Dr. Paul Y Cho, die pastoor van die grootste kerk op aarde in Seoul, sê dat hulle kerk in ‘n krisis was in 1969 tot 1973. Hulle het gebou aan hul 10 000 sitplek-kerk en ‘n blok woonstelle. Die dollar het geval en die olieboikot was aan die gang. Lidmate het hul werk verloor - bangkrotskap het hulle in die gesig gestaar!
Die duiwel het vir hom gesê om homself om die lewe te bring deur van die woonstelblok af te spring! Toe gaan bid hy in die bedompige kelder by hul gebedsberg - die gemeente het saam gevas en gebid. God het uitkoms gegee!
**Die hemel is nou oop bo Korea - duisende mense word gered.**

## EN NOU DIE VRAAG: WAT IS ‘N VOORBIDDER?

‘n Voorbidder is iemand wat tussen God en mens staan in gebed
‘n Voorbidder is dus ‘n voorspraak; iemand wat intree; wat bid vir ander.
Christene behoort voorbidders te wees. **Lees 1 Tim. 2:1-8 met aandag.**

**1. Dit is wat Jesus is**
**Joh. 17:20; Rom. 8:34; Heb. 7:25; 9:24;**
**1 Tim. 2:5** “Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus” (Lees ook **1 Joh. 2:1**)
Sò het Jesus voorbidding vir Petrus gedoen: **Luk. 22:31,32:** “En die Here sê: Simon, Simon, kyk die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.”
Jesus het vir Petrus gebid **voordat** hy soos koring gesif is. Ons moenie wag totdat iets iemand tref nie; ons moet intree by God en dit keer.

**Past. Ronnie Barnard se vader het ‘n gesig gesien hoedat sy oudste seun in ‘n motor ongeluk was. Die motor het gerol met sy seuntjie by hom. Hy het nie geweet dat as gelowige kom hy intree en dit verhoed het nie!**

**2. ‘n Voorbidder kan God se oordele stuit**
i) Abraham bid vir Sodom (**Gen. 18:20-32)**
ii) **Num. 16:1-50:**
Korag, Datan en Abiram trek op teen Moses! (verse 27 tot 33)
Die volk is kwaad vir Moses hieroor (verse 41 tot 48) 14700 sterf

**3. ‘n Voorbidder soek nie sy eie belang nie.**
Luister na dit wat jy bid, en u sal weet of jy ‘n ware voorbidder is.
**Lees Ex. 32: 9-14** En vind uit hoe Moses dit waag om tussen God en Israel te pleit vir hulle lewens, terwyl hul verdien het om uitgeroei te word

**Num. 12: 1-15** Mirjam tree op teen Moses omdat hy, volgens haar, 'n verkeerde vrou getrou het. Sy word melaats, maar Moses word die voorbidder wat haar lewe spaar deurdat hy bid in vers 13 *"En Moses het die Here aangeroep en gesê: o God, maak haar tog gesond."*

'n Ware voorbidder is iemand wat kan vergewe.
As jy in elk geval berge van probleme wil verskuif sal moet kan vergewe **Mark. 11:23-26.**

**4. 'n Voorbidder se lot word verander wanneer hy vir ander intree**
**Job. 42:10** "En die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het."
**Toe Job vir ander intree by God:** het God sy besittings vermeerder; het sy familie vir hom geld gebring (vers 11); was hy geseënd en het hy lank gelewe! (verse 12,16 & 17).

**5. 'n Voorbidder verander 'n nederlaag in 'n oorwinning**

**<u>Een voorbeeld vind in - 2 Kon. 18 & 19</u>**

- In Hiskia se veertiende jaar van regering, verower Sanherib ( die koning van Assirië) vir Juda.
- Hy neem die silwer en goud vanuit die temple.
  (hy sny selfs die goud van die deure en kosyne).
- Sy manne daag Israel in die Joodse taal uit en verkleineer God.
- Hiskia skeur sy klere en neem Sanherib se brief na die tempel en plaas dit voor God. **(2 Kon. 19:14-19)**
- Kyk wat doen God! (**2 Kon. 19:35-37)**

**<u>'n Tweede voorbeeld: Hand. 12</u>**
Omdat die gemeente in Handelinge 12 voorbidding gedoen het, het 3 dinge gebeur:

1. Petrus is bevry (ons mense het bevryding nodig)

2. God se oordele tref Herodus Agrippa I (vers 21-23), Wurms verteer hom!

3. Die woord van God het gegroei en toegeneem. (vers 24)

**DAAR IS GEWELDIGE KRAG IN SAAMSTEM IN GEBED**
Maak gerus 'n studie van **Matt. 18:19**

**DIE HEILIGE GEES HELP ONS IN ONS VOORBIDDING.**
**Rom. 8:26** "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."
**v. 27** "En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree."

# DIE KRAG VAN ONS WOORDE

<u>Daar is baie krag in ons woorde. Positief of negatief</u>

Spr. 13:3 *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang te gemoed."*
Spr. 15:1 *"'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af (laat die woede bedaar) maar 'n krenkende woord ('n woord wat seer maak) laat die toorn opkom."*
Spr. 16:24 *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."*
Spr. 17:27 *"Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."*

**<u>'n Treffende teks bly Spr. 18:21:</u>** *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

**<u>Lees ook Jak.3:2-9 dan sal jy sien die geweldige krag die tong besit</u>**

**ONS MOET LET OP ONS WOORDE, WANT ONS PRAAT VERKEERD.**
"<u>Ek is bevrees, so en so gaan gebeur</u>" Hoekom gebruik ons die woord "vrees" so baie ?
"<u>Hoe gaan dit met JOU siekte?</u>" Ons praat of ons die siekte besit.
"<u>Dit is mos 'n familiekwaal - want die Here besoek 'n mens mos aan die 3de en 4de geslag</u>".

In Ex.20:5 lees ons hiervan maar let op die woorde ***"van die wat My haat"***
Indien jy nie die Here haat nie, kan dit mos nie van toepassing wees op jou nie.

"<u>Ek voel die griep kom aan</u>" Moenie siekte na jou of jou huis "roep" nie.
"<u>Ag, ek is maar swak.</u>" Hoe kan jy ooit dit sê terwyl Sy krag in ons swakheid volbring word.

En so kan ons aanvul op hierdie lys van die negatiewe dinge wat ons sê

**<u>DANK DIE HERE DAAR IS OOK POSETIEWE KRAG IN ONS WOORDE, EN DAAROM KAN ONS SELFS DIE DUIWEL OORWIN DEUR ONS TONG</u>**

**<u>Op. 12:11</u>** "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur DIE WOORD VAN HULLE GETUIENIS."

- Luister na Dawid se gesprek met Goliat. **1 Sam. 17:45-47**
  In vers 26 spreek Dawid vir Goliat soos volg aan:
  "Jou onbesnedene" met ander woorde "Goliat, jy het geen verbond met God nie - maar neem kennis, ek wel."
  Dawid het Goliat oorwin nog voordat die klip sy voorhoof binnegedring het.

- Dink ook wat met die Griekse vrou gebeur het in **Mark. 7:28,29**
  **(Haar dogter was gebind deur ‘n onreine gees !)**
  "En sy antwoord en sê vir Hom; Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels, en Hy sê vir haar, terwille van HIERDIE WOORDE kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar."

**IN JOU MOND HET JY SKEPPINGSKRAG**

**2 Kor.4:13;** "En omdat ons *dieselfde Gees van die geloof het* - soos geskrywe is; Ek het geglo, daarom het ek gespreek - glo ons ook, daarom spreek ons ook.”

**Geloof is in ons mond en moet uitgespreek word.**
**Rom. 10:8-10** *“Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.”*

**Ek het altyd oorwinning oor my seuns gespreek het toe hul tieners was. Selfs in die nag wanneer hulle geslaap het, het ek in hul kamer gaan staan en woorde van oorwinning oor hulle uitgespreek.**
**Ek doen dit nog steeds oor my vrou, deur haar te neem en seën hoorbaar oor haar uit te spreek!**

**Mark. 11:23,24** *Volgens hierdie skrif kan ons berge van probleme verskuif met ons mond !*

**ONTHOU DIE VOLGENDE WANNEER JY MET JOU “BERG” VAN PROBLEME PRAAT:**

- Maak seker dat jy vanuit 'n posisie van gesag praat! Moenie voel jou "berg" is te groot vir jou nie. Onthou: By God is alle dinge moontlik.
- Maak seker dat jy die regte woorde gebruik teen "jou berg."

**HOE SAL JY PRAAT MET DIE VOLGENDE BERGE?**

**Finansële berg ?** *OMDAT EK VOLOP SAAI SAL EK VOLOP MAAI !* ***2 Kor.9:6***
*EK GLO DIE BELOFTE IN* ***Mal.3:10***

**Siekte ?** *DEUR SY WONDE IS EK GENEES !* ***1 Pet.2:24***
*ONTHOU: GOD HET DIE LAASTE WOORD OOR JOU LEWE*

*Daar was ‘n blinde man vir wie gebid was in dienste. Daarna het hy teenoor almal bely dat hy genees is deur die wonde van Jesus. Terwyl hy in ‘n haarkapper salon sit vra die haarkapper hom uit oor die gebed wat vir hom gedoen is en wat gebeur het. Weer het hy getuig: “En deur Sy wonde is ek genees” Die volgende oomblik sien hy homself in die spieël van die haarkapper, spring uit die stoel en hardloop daaruit terwyl hy juigend uitroep: “Ek kan sien, ek kan sien !”*

**<u>Jou Gesin ?</u>** 'n Treffende teks wat ons kan bely indien daar 'n aanval teen ons gesin sou kom is:
***Jes.54:17*** *"ELKE WAPEN WAT TEEN JOU GESMEE WORD, SAL NIKS UITRIG NIE; EN ELKE TONG WAT TEEN JOU OPSTAAN IN DIE GEREG, SAL JY WEERLê."*

**<u>Is die aanvalle van die duiwel in jou DENKE ?</u>** <u>Bely dan die volgende</u>:

| | |
|---|---|
| ***<u>1 Joh. 4:4</u>*** | *Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is !* |
| ***<u>2 Kor.5:17</u>*** | *Omdat ek in Christus is, is ek 'n nuwe skepsel !* |
| ***<u>2 Tim.1:7</u>*** | *God het aan my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. !* |
| ***<u>Rom.8:1</u>*** | *Ek het geen veroordeling nie omdat ek in Christus Jesus is !* |

**Gebruik die Woord van God elke keer as jy met jou probleme praat. Jesus het die duiwel ook oorwin deur God se Woord tydens Sy versoeking in die wildernis. Ons lees daarvan in Matt. 4.**

**<u>ONS HET 'N AANRAKING OP ONS LIPPE NODIG, SOOS WAT JESAJA ONDERVIND HET TOE DIE HERE HOM VIR DIE TWEEDE KEER GEROEP HET !!!!</u>**
**<u>JES. 6:6,7</u>** *God het 'n engel gestuur met 'n gloeiende kool en Jesaja se mond daarmee aangeraak en sodoende sy skuld weggeneem !*

# DIE KRAG VAN SAAMSTEM

In **Matt.18:19** sê Jesus hierdie treffende woorde:
*"Weer sê Ek vir julle:As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemeleis."*

- In ander vetalings lees hierdie skrif soos volg:
  **King James** *"Again I say unto you, that if two of you shall agree on earth as **touching** anything that they shall ask, it shall be done for them of My Father which is in heaven."*
  **Amplified** ***"****Again I tell you, if two of you on earth agree (harmonize together, together make a symphony) about – anything and everything – whatever they shall ask, it will come to pass and be done for them by My Father in heaven"*

AS TWEE SAAMSTEM IS DAAR 100% KRAG BESKIKBAAR. (**Wat van vier ?**)

Ons was vier Christene wat saam gery het in 'n bakkie op pad na Visrivier om die nag te gaan visvang. Die volgende dag sou twee van hulle weer vanaf Port Alfred gaan visvang in die see tydens 'n groot kompetisie.
Hulle het gevra ons moet saamstem dat hulle die kompetisie kon wen en hulle het beloof om al die eer aan die Here te gee.
Volgens Matt.18:19 het ons toe saamgestem in gebed.
Die volgende dag het hulle die eerste sowel as die tweede prys gewen !
Die eerste prys was 'n pragtige boot met 'n masjien.

## Saamstem was beslis die eerste Kerk se krag

**Hand.2:1** *"En toe die dag van die Pinsterfees aangebreek het, was hulle almal **eendragtig** bymekaar……**vers 4**….. en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek."*
**Hand.4:24** *"En toe hulle dit hoor, het hulle **eendragtig** die stem tot God verhef en gesê: Here, U is die God wat hemel en aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het……**(die resultaat van saamstem in gebed vind ons in vers 31)** En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."*

### Die krag van saamstem word regdeur die Bybel bevestig !

**Pred.4:9-12 (Salomo)** ***"****Twee is beter as een….want as hulle val, kan die een sy maat optel,…….en as iemand die een aanval, kan altwee hom teestand bied."*

- **Daarom het Jesus Sy dissipels twee-twee uitgestuur!** (Luk.10:1)
- Markus 3:25 vertel ons dat 'n huis wat verdeeld is sal nie bly staan nie
- Toe Daniël die droom van Nebukadneser bekend moes maak, het hy sy drie vriende gaan vra om saam met hom te stem in gebed. (Dan.2:16,17)

MOENIE ALLEEN WORSTEL MET 'N PROBLEEM NIE. SOEK IEMAND OM SAAM TE STEM IN GEBED.

**<u>Persoonlike Getuienisse van my en my vrou t.o.v. Matt. 18:19</u>**

- Ek het hierdie teks “ontdek” in 1974 toe ek as Sendeling ‘n kerk vir die kleurlinge moes bou in Heidelberg, Kaap.
  - Op daardie stadium was hulle maar net 62 lidmate
  - Die gemeente het toe al bestaan vir 18 jaar met ‘n inkomste van R20 p.m.
  - Die pastoor van die gemeente en myself het saamgestem dat die gemeente se inkomste sal verhoog na R1000 in die volgende maand sodat ons kon begin bou.
  - Die volgende maand het ons R1200 gebank en in die eerste vier maande was die totale inkomste R5400
  - Die kerk is uiteindelik gebou vir R14000 met ‘n verband van R6000
  - Daardie tyd was die totale waarde van die kerk beraam op R35000

- Terwyl ek evangelis was in die Noord Vrystaat moes ek tentdienste gaan hou op Bethlehem in Januarie 1975.
  Die Vrydagaand na diens het ‘n suster na my gekom en gevra dat ek vir haar vader sal bid wat die volgende oggend ‘n geneesheer moes gaan sien in New Castle aangesien hy kanker in sy een oog gehad het.
  Ons het daar in die tent volgens Matt. 18:19 saamgestem vir sy genesing.
  Die volgende dag om 12h00 het sy juigend by die pastorie opgedaag en aan my en haar pastoor kom vertel dat toe haar vader by die dokter opgedaag het, het die hom gesond verklaar, aangesien daar geen teken van kanker was nie ! Loof die Here vir die krag van saamstem.

- Kan ek jou vertel van ons R1.77 motor ?
  In dieselfde maand, naamlik Januarie 1975, het ons as gesin besef dat ons kombi my persoonlik baie gehelp het as evangelis om al my toerusting by dorpe kon bring wat ek nodig gehad het vir my tentveldtogte. Maar aan die anderkant het my vrou ‘n motor nodig gehad in Kroonstad vir haar en die vier seuns. Dit is vir kerk, skool en veel meer.
  Volgens Matt. 18:19 het ons as man en vrou een oggend saamgestem en die Here gevra om vir ons nog daardie dag te onderneem omdat ek weer die middag moes reis na ‘n veldtog. Dieselfde oggend het vriende uit Johannesburg gebel en gevra of ons nie ‘n tweede voertuig nodig het in ons bediening nie. Hulle was bereid om aan ons R40 per maand te gee vir ‘n paaiement.
  Ek is dadelik na die plaaslike Volkswagen handelaar om uit te vind dat hulle ouditeur se tweedehandse motor naamlik ‘n “fastback” net die regte motor vir ons was. Daar was geen deposito nodig nie en die paaiemnt per maand was R41.77. Natuurlik het ek dadelik die dokumente geteken met die versoek dat die motor nog dieselfde dag afgelaai moes word by my huis nie later as 14h00 nie. Dit was ook net wat gebeur het.
  Vandag praat ons van ons “R1.77 motor” omdat ons hierdie bedrag per maand moes bysit om die paaiement te kon betaal.
  Later het ons hierdie motor “gesaai” in ‘n swart prediker se lewe en het al drie motors “gemaai” **‘n Mens maai mos altyd meer as wat jy saai!**

# DIE GEE VAN TIENDES

Tiendes – gee? Wat beteken dit? Tiende is een tiende van my inkomste, of anders gestel beteken dit om aan die Here een rand uit elke tien rand te gee. Tiende is God se wyse om daartoe by te dra dat u ‘n betekenisvolle bydra tot
Sy koninkryk op aarde sal maak.

**Waarvandaan kom die gee van tiende?**
Baie sê dat die gee van tiende onder die wet is, en dat dit dus nie nodig is vir die kind van God om ‘n tiende van sy/haar inkomste aan God se werk te gee nie.

**Maar wat sê die Bybel?**
Abraham het tiende gegee aan Melgisedek wat ‘n priester van God was.
Gen. 14:18-20. En dit moet onthou word dat dit plaasgevind het 700 jaar voordat die wet gekom het. God het dit in Abraham se hart gelê om tiende van alles te gee.
Heb.7:1-4.
Jakob het ook tiende aan God gegee nadat God met hom ontmoet het by Bet-el. Dit was meer as 400 jaar voor die wet. Gen. 28:20-22.
Selfs Jesus verwys na tiendes in die Nuwe Testament in Matt. 23:23.

As ek die tiende nie gee nie, beroof ek die Here!

Israel was hieraan skuldig. Ons lees die volgende in **Mal. 3:8-10**: “Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof my en julle sê: Waarin het ons u beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle my, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef my tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie”.

Die teenoorgestelde is dus ook waar. As ek my tiende gee beloof die Here dat Hy ‘n oorvloedige seën oor my sal uitstort.

Ek wens dat ek my persoonlike getuienisse met jou kon deel oor die gee van tiendes. Iemand het dit eenmaal soos volg gestel: “You can never outgive God”

**Leer om in God se werk te saai en u sal die seën van maai ook ontdek.**
**Kyk gerus weer met nuwe aandag na 2 Kor.9:6-11.**

Watter magtige deurbraak op finansiële gebied sal net nie in die Kerk plaasvind as mense hul agterstallige tiendes sal bring na God se huis nie.
Ons sal “hope” tiendes sien soos dit was in **2 Kron. 31:6-8.**

**Jy kan nie die Here se tiende terughou deur die volgende argumente nie:**

1. "Ek wil gee, maar ek het te veel skuld".
   Moontlik ja, maar jy is in die skuld by God nog lank voor jy in skuld was by jou medemens. Hoe kan jy nou neem wat aan God behoort en gebruik om ander daarmee te betaal?

2. "Die Kerk vra net altyd geld".
   Dit is nie die Kerk wat dit vra nie, maar dit is God wat dit eis. **Mal. 2:10**:
   "Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin sê die HERE van die leërskare of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seen sal uitstort nie". Indien die kerk haar stem laat hoor i.v.m. die gee van tiendes dan is sy maar net besig om die volle woord te verkondig.

3. Miskien is jou argument: "Daar word nie reg gewerk met die tiendes nie". Hoe weet jy dat daar nie reg gewerk word met die geld in die Kerk nie? Kan jy bewys wat jy beweer? Indien jy dit wel kan bewys is dit jou plig om met die geestelike leiers van die betrokke gemeente hieroor te praat. 'n Lid van 'n gemeente het die volste reg om 'n finansiële staat van die gemeente te besigtig.

   Doen jy egter net wat God van jou verwag en hou sodoende jou saak met God reg.

   In **Matt. 17:24-27**, lees ons dat Jesus Tempelbelasting betaal het. Jesus het die Skrifgeleerdes en Fariseërs geken en geweet dat hulle die mense bedrieg met hulle skyn van godsdiens, maar ten spyte daarvan het Hy gedoen wat van Hom verwag was deur die tempelbelasting te betaal.

4. "Ek werk hard vir my geld".
   Wie gee jou die krag en gesondheid om dit te kan doen? Is dit nie die Here nie? **Deut.8:18** stel dit duidelik "Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe …

**'n Eerlike vraag: Waarvoor word die tiendes gebruik?**
**Mal. 3:10:** "Sodat daar spys in My huis kan wees …" Hierdie "spys" verwys daarna dat dit goed sal gaan in alle opsigte met God se gemeente. Jy wil tog immers sien dat daar nie 'n tekort is in die bedehuis nie, en dat die sang en aanbidding sal wees tot eer van die Here. Daarby verlang jy dat daar altyd 'n prediker sal wees wat jou die nodige "spys" uit God se woord sal gee.

Volgens die bybel was die tiendes gebring om die Leviete en Priesters te onderhou in hul diens aan die Here. **(Num.18.)**
Die argument dat die herder van 'n gemeente geen vergoeding mag ontvang nie, het dus geen waarde nie.

Paulus stel dit duidelik in **1 Kor. 9:13,14:** "Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie, en dat die wat by die altaar besig is , met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe". Geen wonder dat Nehemia ontsteld was toe hy uitgevind het dat die Leviete nie meer hul tiendes gekry het nie.**(Neh. 12:10-12.)**

Tiendes moet hoofsaaklik gaan om hulle wat voltyds in diens van die Here is te onderhou.

**'n Oproep tot elke kind van die Here!**

"Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom".
**Mark. 12:17.**

**<u>Wanneer jy aan God gee, gee altyd met blymoedigheid</u>.**

**2 Kor. 9:7** *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."*

**Deut.16:17** *"ooreenkomstig die seën van die Here jou God wat Hy vir jou gegee het."*

**Ex. 25:2** *"Sê aan die kinders van Israel dat hulle aan My 'n offergawe moet bring; <u>van elkeen wie se hart hom aandrywe</u>, moet julle My offergawe bring."*

# WEDERGEBOORTE

**1. Wat is wedergeboorte?**

Die woord "wedergeboorte" beskrywe dit self. Dit is m.a.w. 'n "tweede geboorte". Een geboorte is nodig om op aarde te mag lewe, en die tweede geboorte is nodig om in God se koninkryk in te gaan. Wedergeboorte is dus 'n daad van God waarvolgens 'n mens 'n goddelike natuur ontvang

**2 Pet. 1:4** "waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is."

Dit beteken ook om 'n nuwe "hart" te ontvang. **Eseg. 36:26 en 27** "En ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."

**Kom ons kyk nou mooi na Joh. 3:1-10:** "En daar was 'n man uit die Farrisieërs met die naam van Nikodemus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met Hom is nie.Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodemus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?
Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore word, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is Gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie van waar hy kom, en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. Nikodemus antwoord en sê vir hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur? Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?"
Jesus sê nie: "tensy 'n slegte mens wedergebore word nie. " Jesus praat hier met die leraar van Israel – tog het hy ook wedergeboorte nodig gehad.

**Joh. 3: 8 (Lees dit weer)**. Tog sien jy die blare beweeg en die stof wat waai en die bote wat seil – en jy weet dat dit die wind se werk is!
Jy sal weet wanneer God se wind (die Heilige Gees) jou lewe nuut gemaak het – 2 Kor. 5:17 "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nuut geword.".

**2. Hoe ontstaan die wedergeboorte?**

a) Eerstens is dit nodig vir die mens om hom tot God bekeer. Bekering is om om te draai van my sondige weg en om op God se weg te kom.

Die Woord van God moet die hart van die mens bereik om hierdie bekering te bewerk. Daarom sê Petrus in **1 Pet.1:23**: " want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly."

b) Tweedens is dit ook nodig dat die mens 'die bad van die wedergeboorte' sal deurgaan. **Titus 3:5**: "nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing van die Heilige Gees.
**Let wel**: Die doop is nie die wedergeboorte nie, daarom sê Titus nie dat die bad **wat die** wedergeboorte is nie, maar wel die bad **van die** wedergeboorte! Hierdie **bad** (die doop) word dus sterk gekoppel aan die wedergeboorte.

<u>Voorbeelde in die skrif van mense wat die bad van die wedergeboorte ondervind het nadat God hul lewens verander het, vind ons in:</u>
**Hand. 8:37**: "Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart is dit geoorloof, en hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is."
**Hand. 9:6,18**: "En terwyl hy bewe en verbaas was, sê Hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen. En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddelik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop."
**Hand. 16:31-33**: "Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin. En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan almal wat in sy huis was. En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense."

**3. Die gevolge van die Wedergeboorte**

<u>'n Mens word erfgenaam van die koninkryk van God **Joh.3:3**</u>: "Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

<u>Jy ontvang die ewige lewe **1 Joh. 3:14**</u>: "Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie bly in die dood."
**1 Joh. 5:12 en 13**: "Hy wat die seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe een julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."

Dit gee aan jou goddelike kindskap **Joh.1:12** "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."

Dit maak van 'n mens 'n nuwe skepsel
**2 Kor.5:17**:"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nuut geword."

**4. Hoe sal ek weet dat ek wedergebore is?**

a) **1 Joh. 3:9** Die letterlike betekenis hier is: " Elkeen wat uit God gebore is, wil nie sondig nie omdat hy uit God gebore is." Dieselfde skrywer vertel ons wat 'n mens moet maak indien jy sou sondig, naamlik, **1 Joh. 1:7,9**: "Maar as ons in die lig wandel, soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.".

**Die Lewende Bybel stel 1 Joh. 3:9 soos volg:**
"As God vir iemand die nuwe geboorte gegee het, sal hy nie aanhou om sonde te doen nie, want God se lewe is nou in hom. Vir so iemand is dit nie moontlik om in die sonde te lewe nie, want God is nou sy Vader."

**Die Amplified Bible** stel dit soos volg: "No one born (begotten) of God (deliberately and knowingly) habitually practises sin, for God's nature abides in him – His principle of life, the divine sperm, remains permanently within him – and he cannot practise sinning because he is born (begotten) of God."

'n Kind van God wil nie sondig nie, want hy is uit God gebore.
Indien hy wel sou sondig moet hy weet dat hy 'n voorspraak (een wat vir hom sal intree) by die Hemelse Vader het, naamlik Jesus. As hy sy sonde bely sal God hom weer vergewe. **1 Joh.2:1,2**: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir diè van die hele wêreld."

b) **1 Joh. 5:1**: "ELKEEN wat glo dat Jesus die Chrsitus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is." Christus beteken saligmaker. Indien u kan getuig dat Hy u Saligmaker persoonlik geword het, is u uit God gebore. Weet u van 'n tyd in u lewe toe Jesus Christus u as sondaar gered het?

Het jy Hom aanvaar as jou verlosser volgens **Joh. 1:12**?

c) **1 Joh. 5:6-8**:  “Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed;  en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.  Want daar is drie wat getuig in die hemel:  die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; En daar is drie wat getuig op die aarde:  die Gees en die water en die bloed, en die drie Is eenstemmig.”

Het u al drie hierdie getuienisse in u lewe?  Dit sal verseker dat u wedergebore is.

**Die getuienis van die bloed** M.a.w.  Die **bloed** van Jesus Christus het u gewas van al u sonde. **1 Joh. 1:7**:  “Maar as ons in die lig wandel, soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar;  en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.”

**Die getuienis van die water** M.a.w.  Is u gedoop soos wat Jesus gedoop is?

**1 Joh. 5:6**:  “Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed;  en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.”;

**Matt. 3:13-17**:  “Toe het Jesus van Galilea na die Jordaan na Johannes gekom, om deur hom gedoop te word. Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê:  Ek het nodig om duer u gedoop te word, en kom U na my toe? Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê:  Laat dit nou toe, want sò pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.  Daarna het hy Hom toegelaat. En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê:  Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n webehae het.”.

**Die getuienis van die Gees** M.a.w.  Kan u sê dat God se Gees saam met u gees getuig dat u waarlik Sy kind is volgens **Rom. 8:16**:  “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;”?

# G E L O O F

God het dit so belangrik geag om ons te leer wat GELOOF is dat daar ‘n hele hoofstuk daaroor is in die Bybel.
Baie praat van Heb.11 as die GELOOFSHOOFSTUK

**Ons lees in Heb. 11:1 en 6 hierdie teffende woorde:** ***“Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie………En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek.”***

**1. Geloof is om te weet dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur.**

Past. Reinhardt Bonnke het gesê dat as jy die Here vertrou vir ‘n karavaan kan jy maar begin om die afdak te bou. Want geloof is soos ‘n getekende tjek.

Dr. Paul Yonggi Cho van Korea het so geglo vir sy eetste fiets en lessenaar. Nadat hy die oggend in die diens die gemeente vertel het dat hy ‘n fiets en ‘n lessenaar het, het hul na die diens saam met hom gestap na sy woonstel om dit te sien. Toe hul daar opdaag was daar niks ! Saam met die groep was ‘n swanger vroutjie. Hy vra haar toe of sy ‘n baba het.
Natuurlik was haar antwoord “ja” Maar hy reageer dadelik deur vir haar te sê dat hy geen baba kan SIEN nie. Haar antwoord was dat sy die baba gewaar binne haar. Dit is net waarvoor hy gewag het ! Hy verduidelik vir sy lidmate dat hy ook “swanger” was met die fiets en lessenaar.
Hierdie boodskap het hul nooit vergeet nie.

**Heb.11 :1 In die Lewende Bybel**: “ Wat beteken dit om op God te vertrou ? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is.”

**THE LIVING BIBLE, stel dit weer soos volg**:
” What is faith ? It is the confident assurance that something we want is going to happen. It is the certainty that what we hope for is waiting for us, even though we cannot see it ahead.”

DINK AAN MOSES! Daar was ‘n droom in sy hart. (Lees Heb. 11:24-27)
In vers 27 lees ons: *“hy (Moses) het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.”*
Ek hoop daar is ‘n “droom” in jou hart?

**2. Geloof is om met jou MOND te bely wat God gesê het.**

Maak ‘n studie van Rom.10:8 en 2 Kor.4:13
Geloof word dus aktief vrygelaat as ons dit wat ons in ons harte glo sal spreek.
Geen wonder dat Bartimeus al harder uitgeroep het nie. (Mark. 10:48)
Luister, niks moet jou keer om in God te glo nie.

Voorbeelde: Elia op Karmel (1 Kon.18:36) Paulus op boot (Hand. 27:25)

(1) Praat met jou “BERG” Mark.11 :23,24
(2) Praat met jou siekte 1 Pet.2 :24
Ja, BID vir die sieke, maar spreek die SIEKTE aan in JESUS se naam.
(3) Praat met jou FINANSIES.
Bely hardop die volgende skrifte : Mal.3 :10 Fil.4 :19

Bely God se BELOFTES oor jou lewe soos Maria dit gedoen het in
Luk.1:37,38 “Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie. EN MARIA Sê:
Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens U Woord “

**3. Geloof is om bereid te wees om te OFFER**

Wys my wat jy bereid is om te offer dan sal ek weet dat jy waarlik glo

In Gen.22 leer ons dat GELOOF bereid is om te OFFER. Dit is die gedeelte in die Bybel waar Abraham sy seun Isak moes gaan offer op die berg Moria.

Lesse wat ons in die hoofstuk leer is:
(1) Ons word almal getoets (verse 1,2)
(2) Abraham (noual 125 jaar oud) word gevra om Isak (25 jaar oud) as ‘n brandoffer te gaan offer. (Lev.1)
(3) Abraham moet dit wat God aan hom beloof het weer offer.
(4) Hoor hoe praat iemand met geloof in sy hart het: “Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle TERUGKOM.” (vers 5)
(5) Lees self Gen.22:6-11
(6) Die resultaat van ware gehoorsaamheid vind ons in verse 15-18.

**4. Geloof is om GEHOORSAAM te wees!**

As iemand waarlik glo sal hy gered word (Dink aan Num.21 Net hy wat geglo het, het gekyk en geleef !)
Dieselfde geld vir GENESING.
As jy glo sal strome van lewende water uit jou binneste vloei. Joh.7:37-39

**As jy glo sal jy soms dinge doen wat die gewone mens nie sal verstaan nie.**
Noag bou bv. ‘n ark vêr van die see af terwyl dit ook nog nooit voorheen gereën het nie. Heb.11:7

Abraham trek weer weg toe God hom geroep het SONDER OM TE WEET waar hy sou kom. Heb.11:8 (God mag dit ook van jou vra)

Ons sê gewoonlik dat as God lei dan lei Hy duidelik. Tog het Israel nie die pad vorentoe in die woestyn altyd verstaan nie.
Want God sê hul moet optrek en net oor die bult wag die vyand om baie van hulle selfs dood te maak. Hoe verstaan ons dit ?

SOMTYDS NEEM GOD SELFS DIT WEG WAT ONS KAN SIEN SODAT ONS HOM TEN VOLLE SAL VERTROU.

Dink aan wat met die weduwee van Sarfat gebeur het in 1 Kon.17.
Sy moes haar handvol meel en die bietjie olie weggee vir God se dienskneg, voordat dit meer kon word.

AS JY GLO, SAL JY DIE HEERLIKHEID VAN GOD SIEN.   Joh.11:40

Die verhaal in 2 Sam.1:1-21 spreek altyd tot my van gelowiges wat hul GELOOFSKILD verloor het en soos koning Saul se skild wat op Gilboa in die son gelê en brand het, en nie meer met “Olie” gesalf was nie.

VERTROU DIE HERE OM WEER JOU “GELOOFSKILD” TE SALF MET SY WONDERLIKE HEILIGE GEES “OLIE”

Mag jy vandag weer jou “skild van geloof” optel in die Naam van die Here

# GODDELIKE GENESING

Ons praat hier van **Goddelike** genesing, en NIE **geloofsgenesing** nie.
**Geloofsgenesing** fokus alles op die persoon se **geloof**.
Alhoewel geloof nodig is as ek gesond wil word, bly dit **God** wat genees.
Daarom praat ons van **Goddelike genesing**.

1. DIT IS GOD SE WIL OM TE GENEES:
   a) Reg voor in die Bybel het God Homself openbaar as Jahweh-Rapha **Ex. 15:26 "Ek is die Here wat jou gesond maak"**
   b) God maak nie **siek** en dan weer **gesond** nie! \`n Koninkryk wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie. **Luk.11:17,18**
   c) Dit is God se **wil** dat jy gesond moet wees. **3 Joh. vers 2** *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan."*
   d) Genesing vorm ook \`n deel van Christus se versoeningswerk op Golgotha **Jes.53:4,5 1 Pet.2:24 Matt.8:17**

2. JESUS SE HELE BEDIENING WAS GENESING EN BEVRYDING
   **(Matt.4:23) (Matt.8:16) (Matt.14:36) (Luk.7:21) (Hand.10:38)**

3. DIE GENESINGSBEDIENING IS VOORTGESIT DEUR DIE EERSTE KERK
   **(Hand.3:1-9) (Hand.8:5-8) (Hand.9:33-34) (Hand.14:8-10) (Hand.19:11-12) (Hand.28:8-9)**

4. DIE KERK IN HANDELINGE HET GEWELDIG **GEGROEI** AS GEVOLG VAN DIE **WONDERS** EN **TEKENS**.
   **(Hand.4:4) (Hand.5:12-16) (Hand.9:32-35)**

   Daar was tydperke in die geskiedenis van die kerk dat genesings minder voorgekom het, maar dit het nooit opgehou nie.

5. DAAR IS 3 TIPE SIEKTES:
   a) Siektes in ons **gees** veroorsaak deur persoonlike sondes.
   b) **Emosionele** siektes en probleme (bv. Spanning) deur letsels uit die verlede.
   c) **Fisiese** siektes in ons liggame, veroorsaak deur siektetoestande of ongelukke.

6. HOE VIND GENESING PLAAS?
   a) Ons moet bid in die **Naam van Jesus** (Joh.14:3; Hand.3:6,16).
   b) Deur die **oplegging** van die hande (Mark.6:5; Mark.8:23; Luk.4:40; Luk.13:13; Mark.16:18).
   c) Deur te **salf met olie** (Mark.6 :13 ; Jak.5 :14).
   d) Oplegging van **doeke of sakdoeke** (Hand.19:11,12)

7. DIE TYDSDUUR VAN DIE GENESING:
   a) Party genesings is **onmiddelik**.
   b) Sommige vind eers **later** plaas (Dink aan die 10 melaatse manne, wat eers op pad na die priester gesond geword het – Luk.17:14)

8. WAAROM PARTY MENSE NIE GENESING ONTVANG NIE?
   a) Gebrek aan geloof – Matt.13:58.
   b) Verkeerde opvattinge, soos:
      - siekte is deur God as kruis op my gelê
      - siekte sal my geestelik verdiep
      - siekte hou my nederig
   c) Sonde kan moontlik die oorsaak wees – Jes. 59:1,2; Joh.5:14.
      ONTHOU: Sonde is nie ALTYD die oorsaak nie – Joh.9:1-3

9. HOE KAN `N MENS SY GENESING BEHOU?
   a) Eer die Here vir jou genesing. (Ps.50:15; Ps.103:1,2)
   b) Getuig teenoor ander daarvan. (Joh.9:24,25; Hand.4:29,30)
   c) Moenie twyfel toelaat nie. (Matt.14:31)
   d) Moenie moedswillig verder sondig nie. (Joh.5:14)
   e) Wy jou liggaam aan die diens van die Here toe. (Rom.6:13)
   f) En natuurlik, skuil by die Here! (Ps.91)

**SLOTWOORD:**

**Jesus is die groot Geneesheer en het nog nooit verander nie.
Hy wil vir jou en my gebruik om vir mense te bid sodat hul gesond kan word. (Joh.14:12; Mark16:17,18)**

**KOM ONS DOEN DIT!**

# HANDOPLEGGING

**Die laaste opdrag wat Jesus aan Sy dissipels gegee het vind ons opgeteken in Mark. 16:15-20.**

Hierdie opdrag het Jesus gegee net voordat Hy opgevaar het na Sy Vader in die hemel. In verse 17 en 18 roep Jesus uit: " En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: op siekes sal hulle (dit is hulle wat glo) die hande lê en hulle sal gesond word".
Reg deur die Bybel vind ons dat daar groot seën en krag is in handoplegging in die Naam van die Here. Selfs in dienste deur die jare was my ondervinding dat hulle wat uitgekom het vir gebed met handoplegging groter seën ontvang het teenoor hulle wat in die kerkbanke gebly het.

**Wat leer die Bybel ons oor die oplegging van hande?**

1. *Oplegging van hande was gebruik wanneer mense afgesonder was in diens van God*
   Die Leviete was so afgesonder vir diens aan God. Ons lees daarvan in Num. 8:10,11: "Dan moet jy die Leviete voor die aangesig van die HERE laat nader kom, en die kinders van Israel moet hulle hande op die Leviete lê en Aåron moet die Leviete as beweegoffer beweeg voor die aangesig van die HERE namens die kinders van Israel, sodat hulle daar kan wees om die dienswerk van die HERE te verrig".
   Nadat die Leviete hulself gereining het was hulle letterlik beweeg voor die Here as 'n beweegoffer terwyl hande op hulle gelê was!

   Die eerste diakens in die Nuwe Testament was ook so afgesonder vir hul taak. Ons lees daarvan in Hand.6:1-7, Paulus en Barnabas het dieselfde ondervinding gehad.(Hand. 13:3).
   Persoonlik dink ek dat dit gebiedend noodsaaklik is dat hulle wat in diens van die Here moet staan met oplegging van hande voor die gemeente afgesonder moet word.

2. *Selfs die Gawes van die Heilige Gees word gegee deur handoplegging*
   Paulus skryf die volgende aan Timoteus in 1 Tim. 4:14 "Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderling".
   Verder skryf Paulus in 2 Tim. 1:6: "Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande". In albei hierdie skrifte word duidelik verwys na die oplegging van hande toe Timoteus die Heilige Gees ontvang het.

   Dit is ook duidelik dat ons nie God se gawes in ons moet verwaarloos nie, maar dit moet aanwakker.
   Indien jy begeer dat God se vlam in jou weer sterk moet brand beveel ek aan dat jy 'n gesalfde van God vra om met handoplegging vir jou te bid. Mag God se wonderlike gawe weer aangewakker word in jou lewe.

Nadat die Apostels in Jerusalem gehoor het van die wonders wat in Samaria gebeur het, het hulle dit noodsaaklik geag om vir Johannes en Petrus na Samaria te stuur om vir die gelowiges daar te bid dat hulle ook die Heilige Gees te ontvang. Dit was gedoen deur vir hulle te bid met handoplegging. Ons lees daarvan in Hand. 8:14-17.
Simon die towenaar was so aangegryp deur wat hy gesien het dat hy geld aangebied het om ook mag te kon besit om sy hande op mense te lê met dieselfde resultate. Hiervoor was hy bestraf. (Hand 8: 18-24).

In Hand. 19:6 het Paulus vir die manne in Efese met handoplegging gebid dat hulle ook die Heilige Gees sou ontvang.

**'n Persoonlike vraag: "Het jy al die Heilige Gees ontvang?"**
Die noodsaaklikheid van die vervulling met die Heilige Gees kan nie oorbeklemtoon word nie want:

- Die Heilige Gees help ons om te getuig (Hand. 1:8)
- Help ons om te bid (Rom. 8:26)
- Lei ons in al die waarheid (Joh. 16:13).

3. *Handoplegging word gebruik wanneer vir siekes gebid word*
   Kyk weer 'n slag na Mark. 16:18. Jesus het dikwels Sy hande op die siekes geplaas.
   - In Matt. 8:4 lees ons dat Jesus 'n man wat melaats was aanraak en gesond maak.
   - In Matt. 8:15 het Jesus Simon se skoonmoeder se hand aangeraak en die koors het haar verlaat.
   - Matt. 9:29,30 vertel ons dat Jesus twee blindes se oë aanraak en hul siende maak.
   - In Mark. 7:32-35 het Jesus 'n doofstomme weg van die mense geneem, sy vingers in sy ore gedruk en sy tong aangeraak en hom herstel.
   - Luk. 13:13 vertel ons hoe Jesus sy hande op die vrou geplaas het wat al 18 jaar deur die duiwel gebind was. Sy is onmiddelik herstel.

   Kom, jy en ek word die verlengstuk van God se hande wanneer ons vir die siekes bid in Jesus se naam met die oplegging van hande.

4. *Deur handoplegging word gesag oorgedra*
   Een van die uitstaande voorbeelde in die Bybel is in Num. 27:18-20.
   Hier lees ons dat Moses die gesag wat hy van God ontvang het aan Josua sy opvolger oordra met handoplegging.
   In Deut. 34:9 lees ons: "En Josua, die seun van Nun, was vol van die gees van wysheid, want Moses het hom die hande opgelê".
   **Lê hande op jou vrou en kind wanneer jy weer vir hulle bid**

# HEILIGMAKING

**Wat is heiligmaking?**
Dit is daardie geestelike proses in die lewe van die mens, waardeur 'n persoon meer en meer heiligheid deelagtig word.

*In Hebreeus beteken dit:* "Om een kant te sit" ("to set apart"). Dit word ook vertaal met "afsny", "eenkant stel" en "toegewy."
*In Grieks beteken dit: (hagiazo)* "afsonder", "eenkant sit"
2 Kor.6:17: "Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en ek sal julle aanneem".

In watter area's in ons lewe moet ons heiligmaking nastreef?
Volgens 1Thes.5:23 is dit in ons gees, siel (ons denke) en in ons liggaam.

Hoekom moet ons heiligmaking nastreef? Omdat dit God se wil is vir ons!
**1 Thes. 4:3-7** "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer,nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie;dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het. **Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking."**

**1 Pet. 1:15-16** "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig."**
**Lev. 20:26** "**En julle moet vir My heilig wees**, want Ek, die Here, is heilig; en Ek het julle van die volke afgesonder om myne te wees."

**Heb. 12:14,15** "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder, niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."

**Hoe vind Heiligmaking plaas?**

1. **Deur God se Woord. Joh.17:17**

   "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid."
   Heiligmaking kan alleenlik kom as ons God se Woord toelaat in ons harte.
   Geen wonder dat Billy Graham eenmaal gesê het: "As jy herlewing in jou gemeente wil hê, preek heiligmaking!"

Kom ons bid Ps.119:25: “My siel kleef aan die stof; maak my lewend na u woord.” As ons alles behalwe God se Woord lees, hoe verwag ons om rein te word?

Dink aan Jesus se woorde in Joh.15:3: “Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.”
Die persoon wat ‘n honger en dors ondervind na God se Woord sal ook agterkom namate hy die Woord lees en doen sal die proses van heiligmaking gestalte vind in sy lewe.

Dink maar net aan die uitwerking wat die Woord van God in Israel se lewens gehad het. Ons lees daarvan in Nehemia 8 tot 10
(Maak gerus ‘n studie hiervan.)

2. **Deur self die verkeerde dinge in ons lewens af te lê:**

**2 Tim. 2:15-21:** “Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid, en hulle woord sal voortwoeker soos ‘n kanker, onder wie daar Himenèüs en Filètus is, wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om. Ewenwel die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid. Maar in ‘n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oneer. As iemand hom dus hiervan deeglik reining, sal hy ‘n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk.”

Heiligmaking is ‘n geestelike proses waarin beide God sowel as die mens ‘n deel het. (Kyk ook na:2 Kor. 6:17 en 2 Kor. 7:1.)
Volgens 2 Tim. 2:15,16 moet ons in hierdie proses van heiligmaking die woord “reg sny” en moet ons “onheilige en onsinnige praatjies” vermy.

3. **Deur selfverloëning en die kruisiging van die ou mens in my**
Ek moet nou nie meer staan onder die heerskappy van my ou menslike natuur nie, maar onder die heerskappy van die nuwe.

Onthou, heiligmaking is ook die ontwikkeling van my nuwe goddelike natuur, en hoe meer dit ontwikkel is, hoe meer staan ek onder die heerskappy daarvan, en hoe heiliger word ek. Laat toe dat God vormingswerk in jou lewe doen. Hy is in elk geval die groot beeldhouer.

Dit word vertel van die wêreldberoemde beeldhouer Michael-Angelo dat daar een maal aan hom ‘n stuk marmer gegee is wat so skeef was dat niemand anders dit wou hê nie. Dit is vir hom gegee om te kyk of hy iets daarmee kon maak. Nadat hy lank voor die rotsblok gestaan het, neem hy sy hamer en beitel en begin kap, en van daardie skewe rots maak hy die wêreldberoemde standbeeld van Dawid met sy slingervel wat vandag in Florence in Italië staan. Uit die een skewe punt kap hy die uitgestrekte arm van Dawid en uit die ander deel die voet van Dawid soos hy staan om te gooi.

As ons die dag tot bekering kom, word ons in die hand van die Heilige Gees geplaas as ‘n ou skewe rotsblok, waaraan die Heilige Gees moet arbei om daaruit die beeld van Jesus Christus te voorskyn te haal. Daardie groot taak begin die oomblik wanneer Christus gesê het: “Hierdie ruwe rots is Myne – sit hom eenkant, hy is afgesonder Ek het beslag op hom gelê! Ek het hom op sy naam geroep, hy is Myne!” Van daardie oomblik af begin die Heilige Gees om aan daardie “rots” te werk. Dit bly ‘n lewenslange taak. Dit bly ‘n lewenslange stryd tussen die ou mens en die nuwe mens.

“As ek sien dat ‘n boom in my tuin,. sê nou maar ‘n perskeboom, slegte perskes dra, snoei ek hom en ek ent op sy stam ‘n lootjie of ‘n ogie van ‘n perskesoort wat beter vrugte dra. Ek gebruik daardie ou stam en die wortestelsel wat al stewig in die grond staan, maar sit daarop die loot van ‘n ander boom wat ander vrugte moet dra. Nou voed en dra die ou stam die nuwe wat daaraan moet ontwikkel. Elke roosboom in ons tuin is geënt op die stam van ‘n wilde roos. Want daardie ou wilde roos is ‘n sterk groeier; hy is ‘n taai boom met goeie wortels. Maar hy word afgekap tot op die wortel, en uit die nuwe lootjie wat daarin gelê word, groei die pragtige rose! Maar nou moet u versigtig wees. As u nie versigtig is nie, kom die lang slap lote van die wilde roosboom weer uit. Hulle groei uit die grond uit. As ‘n mens ‘n roosboom ‘n tyd lank nie snoei nie, kom die ou lote van onder af weer uit. Hulle dra nooit ‘n blom nie; hulle groei welig en maak die goeie ranke dood. Daar het jy die ou en die nuwe lewe!” (Oorgeneem uit: Die vrug van die Gees – deur F.E. O’B Geldenhuys.)

**3. Heiligmaking sal plaasving as ek in die Gees sal wandel.**
Gal. 5:16: “Maar ek sê: Wandel in die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie”
Die Lewende Bybel: “My raad aan julle is dit: Laat die Heilige Gees toe om alles te beheer wat julle doen. Dan sal julle nooit toegee aan die sondige drange van julle menslike geaardheid nie.”

## Verkeerde opvattings oor Heiligmaking

### Heiligmaking is nie perfeksionisme nie

Dit is ‘n proses. Dit gebeur stap vir stap.Wanneer God sê in 1 Pet. 1:16: “Wees heilig want ek is heilig”. Dan bedoel Hy nie “Soos Ek Heilig is nie”. ‘n Koppie water uit die see, is dieselfde as die water in die see – maar nie in hoeveelheid nie.
Selfs Paulus het gestrewe na Heiligmaking. **Lees wat in Fil. 3:12 geskrywe staan.**

### Heiligmaking is nie om vry te wees van versoeking nie

Jy sal vind dat hoe nader jy aan God sal lewe, hoe nader leef die duiwel aan jou. Jesus was dan ook versoek. Matt. 4; Lukas 4.
Lees ook Heb. 4:15: “Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons*, maar* sonder sonde.” Alhoewel Jesus versoek was het Hy nie sonde gedoen nie.

Onthou dus: As jy versoek word het jy nog nie gesondig nie. Jy kan tog nie help as ‘n kraai oor jou kop vlieg nie, maar jy kan keer dat hy in jou hare nes maak nie.

### Heiligmaking is nie issolasie nie

Joh. 17:15,16 (Jesus bid): “Ek bid nie dat u hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat u hulle van die bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.”
Ons is in hierdie wêreld, maar moenie toelaat dat die wêreld in u kom nie! Heiligmaking beteken dus nie om jouself te issoleer soos ‘n kluisenaar; van die res van die wêreld nie, maar dit is‘n afsondering van dit wat sleg en sondig is. In die mate waarin ons ons van die sonde onttrek en ons aan die Here toewy, word die Christus-natuur in ons ontwikkel.

### Heiligmaking beteken nie net om sekere wette te hou nie

Vir baie mense is Heiligmaking die wyse waarop jy aantrek, jou voorkoms, gebrek aan grimering en die onthouding van baie dinge.

Kol. 2:16-23: “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus. Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele en indring in wat hy nie gesien het nie, en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid, en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindinge ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei grootword. As julle dan saam met Christus die eerste beginsel van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle *nog* in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? – Almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan – volgens die gebooie en leringe van mense, wat, alhoewel dit ‘n skyn van wysheid het, in eiesinnige goedsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees. “

Weliswaar sal heiligmaking uiteindelik in ‘n mens se algemene gedrag en voorkoms geopenbaar word, maar – dit is die resultaat van die werking van die Heilige Gees in ‘n mens se lewe, en nie die toepassing van sekere reëls en wette nie. Heiligmaking werk van binne na buite en nie andersom nie.

**<u>En nou: Watter waarde het ‘n lewe van Heiligmaking vir my?</u>**

**Dit sal my gereed maak om voor God te verskyn**

Heb. 12:14: “Jaag die vrede na met almal, en die Heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;”
1 Thes. 5:23: “En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees n siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus.”
1 Joh. 2:28: “En nou, *my* kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.”

**‘n Heiligmakende lewe is ‘n kragtige lewe.**

In 2 Kron.29: 1-5: “Jehiskia het, vyf-en-twintig jaar oud, koning geword en negen-en-twintig jaar in Jerusalem geregeer; en die naam van sy moeder was Abia, die dogter van Sagaria en hy het gedoen wat reg was in die oë van die HERE net soos sy vader Dawid gedoen het. Hy het in die eerste jaar van sy regering, in die eerste maand, die deure van die huis van die HERE oopgemaak en dit herstel, en die priesters en Leviete laar inkom en hulle versamel op die Oosplein
en vir hulle gesê: Luister na my, Leviete! Heilig julle nou, en heilig die huis van die HERE, die God van julle vaders, en bring die onreinheid uit die heiligdom uit;”
**Hiskia het almal beveel om heilig te leef !**

En in 2 Kon. 20:1-6: word ons vertel hoe God hom gespaar het juis as gevolg van sy toegewyde lewe “in diè dae het Hiskia dodelik siek geword; en Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het by hom gekom en vir hom gesê:  So spreek die HERE: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie. Toe draai hy sy gesig na die muur, en hy het gebid tot die HERE en gesê: Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met ‘n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë.  En Hiskia het bitterlik geween. En Jesaja het die middelste voorhof nog nie uitgegaan nie of die woord van die HERE het tot hom gekom en gesê: Draai om en sê vir Hiskia, die vors van my volk:  So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid:  Ek het jou gebed gehoor,  Ek het jou trane gesien;  kyk, Ek sal jou gesond maak;  op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die HERE. En Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg en jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Assirië red, en ook hierdie stad beskut ter wille van My en my kneg Dawid.”

Hiskia se geheiligde lewe het soveel krag besit, dat dit God beweeg het om nog 15 jaar by sy lewe te voeg.

**Slot:**  Het dit nie tyd geword om die woorde van Josua van ouds uit te roep  soos dit geskrywe staan in Jos. 3:5 nie, naamlik: “Heilig julle;  want  môre sal die Here wonders onder julle doen”.

God is ‘n God van wonders, en Hy wil wonders vir Sy volk doen … Maar dan moet ons onsself heilig.

# SAAI EN MAAI

**<u>Gal. 6:7- 9</u> "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar Hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie".**

**<u>WAT Sê ONS AS ONS PRAAT VAN SAAI EN MAAI?</u>**

Dit is om iets wat jy het weg te gee (soos saad wat jy in die grond sit) sodat jy meer daarvan kan terugkry.

**1. DAAR IS 'N POSITIEWE ASOOK 'N NEGATIEWE GEDAGTE IN SAAI EN MAAI.**

- As jy buite God se wil saai het jy moeilikheid.
  Pasop dan vir dié dag wanneer jou saailand jou sal aanklae. (Job 31:38).

- Koning Hiskia het reg gesaai in sy lewe (lees daarvan in 2 Kon.18:3-6 en hy maai deur 15 jaar langer te leef – 2 Kon. 20)

- Eer jou ouers en jy maai 'n voorspoedige en lang lewe.

  **Ef. 6:2,3;** "Eer jou vader en jou moeder – dit is die gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde".

**2. WAT JY SAAI SAL JY MAAI.**

<u>Dit is die wet van die natuur maar ook 'n wet van God se Koninkryk</u>.

<u>Jy maai dieselfde soort as wat jy gesaai het</u>. Jakob bedrieg sy vader Isak en sy oom Laban bedrieg hom met Lea en Ragel.

<u>Jy maai meer as wat jy gesaai het</u>.

<u>Sommige keer maai 'n mens gouer as ander tye</u>.
Wees net geduldig – **Gal. 6:9;** "En laat ons nie oeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie".

**VERSKILLENDE PERSONE IN DIE BYBEL WIL ONS IETS LEER OOR SAAI EN MAAI.**

<u>ELIFAS HET JOB DIE VOLGENDE GELEER</u>:

**Job 4:1-8;** "Toe antwoord Elifas, die Temaniet, en sê: Kyk, jy het baie mense tereggewys en slap hande versterk. Jou woorde het opgerig die wat struikel, en jy het knikkende knieë versterk. Maar nou dat dit joú oorkom, is jy moedverlore; nou dat dit jou tref, is jy verslae. (Praat God
se Woord hieruit met u?) "Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit". Job! Jy sal nie onreg maai nie – moet dus nie bekommerd wees nie.
Gaan lees maar self wat Job gemaai het in Job 41:10.

<u>DIE WYSE SALOMO WIL HOM WAT BARMHARTIGHEIDSWERK DOEN DIE VOLGENDE LEER OOR SAAI EN MAAI.</u>

**Pred. 11:1,6;** "Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind. Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie".
<u>Pred. 11:4 (In die Lewende Bybel)</u> "As 'n mens wil wag totdat die wind presies reg waai, sal jy nooit so vêr kom om te saai nie; en as jy wil wag totdat die wolke heeltemal reg is, sal jy nooit oes nie."

**DAN VOEG SALOMO NOG BY: Spr. 19:17;** "Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here".

<u>JEREMIA LEER ONS OOK IETS BESONDERS OOR SAAI EN MAAI.</u>

**Jer. 4:3;** "Want so sê die Here … Braak vir julle 'n braakland en saai nie onder die dorings nie".

Kyk mooi waar jy saai!  Ek saai beslis nie op sement nie!
Moenie op plekke saai waar jy weet die saad geen kans het om te groei nie!

- AS JY VREDE WIL Hê – SAAI VREDE
  **Jak. 3:18;** "En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak".
  DIE LEWENDE BYBEL: "'n Mens wat die vrede bevorder, is soos iemand wat die vrede saai. Die oes sal goeie dinge vir hom oplewer".
- WIL JY 'N "MOOI OU-MENS" WORD?
  Kry nou die regte "saad" in die grond. Moenie dat verbittering wortel skiet in jou lewe nie. Maak baie vriende, anders gaan jy vereensaam.
- WIL JY Hê DIT MOET GOED GAAN MET JOU KINDERS?
  Doen goed aan ander jongmense
- EN HOE SAAI JY IN JOU HUWELIK?
  Hoe praat julle met mekaar?

ONTHOU: 'n Mens word ouer en nie jonger nie.  **Lees: 1 Pet. 3:1-7**

**PAULUS LEER OOR SAAI EN MAAI OP ‘N HEEL ANDER VLAK, WANNEER HY PRAAT OOR DIE DIENSBETONING AAN DIE HEILIGES.**

Lees met aandag God se woord in **2 Kor. 9: 6 – 11;**
***Met hierdie skrif wil ek ‘n sleutel in jou hand plaas wat finansiële deure sal oopsluit.***

1. KYK NA DIE OPSKRIF BOKANT 2 KOR. 8
   Palestina is in drie dele verdeel, naamlik: Galilea, Samaria en Judea. Paulus soek materiële hulp vir die arm Christine in Jerusalem en omgewing! Griekeland is weer in twee dele verdeel, naamlik: Macedonië en Achaje.

2. INDIEN ‘N MENS HOOFSTUK 8 EN 9 STUDEER, DAN VIND JY DIE VOLGENDE:
   Dat Noord Griekeland naamlik Macedonië gegee het aan Judea terwyl hulle maar self baie arm was.
   **2 Kor. 8:1,2:** “Julle weet self dat hulle (Macedonië) brandarm is, maar ten spyte hiervan was hulle vol blydskap en baie gewillig om nog vir ander ook te gee”. (Die Lewende Bybel)

2. PAULUS MOEDIG DIE KORINTHIëRS AAN OM HUL BES TE GEE – SODAT HY NIE VIR HUL SKAAM SAL KRY NIE. **2 Kor. 9:4.**
   Hy het hul tog immers ‘n jaar tevore gesê om die fondse bymekaar te maak vir Jerusalem se Christene.(2 Kor. 8:10 en 1 Kor. 16: 1-5).

4. EEN VAN DIE EERSTE GROOT LESSE WAT ONS HIER LEER IS: JY MOET GEE (JY MOET SAAI) SELFS AS DIT MET JOU NIE GOED GAAN NIE.

- Kyk wat gebeur in **Mark 12:41,42;** “En Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die skare geld in die skatkis gooi. En baie rykes het veel ingegooi. En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in “dit is ‘n oortjie”. Jesus sê dat sy die meeste ingegooi het – want sy het uit haar gebrek alles gegee wat sy gehad het.
- Dink ook aan die weduwee van Sarfat.
  Sien Elia terwyl hy huisbesoek doen. Kyk hoe tree hy op! Nadat sy, wat sy gehad het (‘n handvol meel en ’n bietjie olie) weggegee het aan Elia, lees ons die volgende in die Bybel:
  **1 Kon. 17:16;** “Die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie”.
  GOD KAN MOS VAN ‘N BIETJIE BAIE MAAK.
- Het jy al in ‘n diens gesit dat God vir jou sê om alles te gee wat in jou beursie is? En wat was jou reaksie daarop?

**LEES OOK WAT MET ISAK GEBEUR HET IN GEN. 26:1-14**

(1) Isak het gesaai in 'n tyd wanneer geen boer sou saai nie naamlik in 'n Groot droogte.

(2) Isak het skatryk geword omdat hy in opdrag van God gesaai het.

(3) Onthou: Isak se naam beteken "Gelag" **(Gen. 21:6).** Gee met blydskap.

(4) Hoekom het Isak 'n honderdvoudig gewen?
**Vers 12** in die Amplified Bybel gee hierdie antwoord:
**"Then Isaac sowed seed in that land, and received in the same year 100 times as much as he planted, and the Lord favoured him with blessings."** ***Asseblief!*** ***Moenie jou saad opeet nie!***

**VOLGENS 2 KOR.8 EN 9 GLO EK DAT AS 'N MENS GELD SAAI SAL JY OOK GELD MAAI.**

- Maar moet nooit uit die oog verloor dat God aan jou sal gee sodat jy meer en meer kan gee nie. (Verse 8, 10, 11).
  **2 Kor. 9:8** word in die LEWENDE BYBEL SO GESTEL:
  "God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het (die teks stop nie hier nie!) – en nog baie meer as wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee" **Vers 11** "God sal vir julle volop gee sodat julle volop kan weggee".

- Moet tog nooit word soos die Dooie See nie.
  Dit ontvang water van die Jordaanrivier en tog is die Dooie See sonder enige lewe, omdat dit nie weer 'n uitloop het nie.

  LUISTER MOOI NA **Spr. 11:24;** "Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terug hou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek".

- KYK HOE MOET JY GEE. **2 Kor. 9:7**
  "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem,
  nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief".
  LEES SELF: **Ex. 25:2; Deut. 16:7; 1 Kron. 29:9;**

  Toets jou eie gesindheid wanneer jy gee in die lig van bogenoemde tekse.
  ***As jy wil maai, wys my wat jy bereid is om te saai !***

# HOE KAN 'N GEMEENTE GROEI?

## GOD WIL GEESTELIK ASOOK GETALLE GROEI SIEN IN SY KERK

Elke gemeente behoort geestelik maar ook in getalle te groei. Dit is natuurlik so dat alles wat God geskape het sal groei. As 'n egpaar nie kinders het nie raak hul bekommerd en as hul wel 'n baba het en hy groei nie, neem hulle hom na 'n dokter toe om vas te stel waarom daar nie groei plaasvind nie. Hoeveel temeer behoort daar groei te wees in God se gemeente wat tog Sy liggaam is.

**DIT IS GOD WAT LAAT GROEI.**
In 1 Kor.3:6-7 skryf Paulus:"Ek het geplant, Apollos het natgemaak***, MAAR GOD HET LAAT GROEI.*** So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, ***MAAR GOD WAT LAAT GROEI"***
***Wie plant en wie maak nat ? (Jy en ek of GOD?)***
'n Verdere vraag: Wie plaas die hande op die een wat siek is?
**Die antwoord is natuurlik: "Ons" <u>Lees gerus</u>:**
***Mark. 16:18*** "..op siekes sal julle die hande lê, en hulle sal gesond word."
***Luk.10:19*** "Maak die siekes gesond"

***TWEE DINGE IS NODIG VIR GROEI.***

***<u>Daar moet GEPLANT word.</u>***
Dit verwys na EVANGELISASIE. Ons moet nie dink 'n gemeente sal maar net nuwe siele by kry as God se Woord nie geplant word in harte nie.
Miskien moet ons ***Mark.16:20*** meer duidelik verstaan.
***Living Bible<u>:</u>*** "And the disciples went everywhere preaching, and the Lord was with them and confirmed what they said by the miracles that followed their messages."

***<u>Daar moet VERSORGING plaasvind.</u>***
Persoonlik is ek van mening dat elke lidmaat besig moet wees met een (of albei) van bogenoemde, nl. Om te "***plant***"of om te "***versorg***".
Volgens 1 Kor.3:6 laat God groei dit wat ons plant en ook dit wat ons natmaak.
***Die klag teen die herders : Eseg.34:4*** "Julle versterk die ***<u>swakkes</u>*** nie, en maak die ***<u>siekes</u>*** nie gesond nie, en die wat ***<u>gewond</u>*** is, verbind julle nie, en wat ***<u>weggedryf</u>*** is, bring julle nie terug nie en wat ***<u>verlore</u>*** is, soek julle nie "

***DAAR IS DRIE DINGE VANDAG IN DIE KERK WAT GROEI VERHINDER***
***1 Kor. 3:1-3*** *"En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle* ***jaloersheid*** *en* ***twis*** *en* ***tweedrag*** *is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie ?"*

***JALOERSHEID!***

Ons kan natuurlik ook geestelik jaloers raak op mekaar deur nie ander gelowiges voorspoed te gun nie of te erken dat die hand van die Here op my broer en suster in 'n sekere taak rus nie.

***TWIS!***

Hoor wat leer Paulus hieroor:

**1Tim.3:3** Paulus sê as ons in geestelike leierskap wil staan dan moet ons "geen vegter, geen vuilgewinsoeker, geen strydlistige" wees nie.

Dan lees ons in **2 Tim.2:24** "'n Dienskneg van die Here moet nie twis nie"

***TWEEDRAG!***

Dit meen om mense van mekaar te skei   Die "vleeslike mens" in God se gemeente openbaar altyd hierdie eienskappe.

Hoor wat sê Paulus in Rom.8:6-8 *"Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie."*

***GROEI IS EINTLIK DIE ENIGSTE BEWYS DAT DAAR LEWE IS.***

**Daar is drie stadiums van Groei.**

1. Die wortelstelsel wat die plant vestig. Dit kan nie gesien word nie.
2. Die stam en blare wat gesien kan word.
3. Die vrugte wat gebruik kan word.
   Vrugte was nooit bedoel om as 'n   versiering vir die boom te dien nie.

Die afwesigheid van groei dui aan dat daar 'n probleem area in so 'n mens se lewe is. Dit het treffend tot my gespreek toe ek 'n dogtertjie ontmoet het met een kort armpie. Haar handjie was volkome reg, maar haar armpie was uit verhouding kort .

Geen meubelstuk kan geval groei nie.  Dit kan net mooi lyk.  Daar is baie lidmate wat ongelukkig net "mooi lyk" in gemeentes.  Geestelik het hulle gestagneer en groei het lankal opgehou.

Gelukkig kan God "DOOIE HOUT" laat lewe. Dink aan Aaron se staf (Num.17:8). Tussen die ander twaalf stawwe was dit net syne wat gebloei het en vrugte gedra het.

By God is alle dinge moontlik. Daarom kon die dooie bene in Eseg.37 weer opstaan as 'n magtige leer vir God.

DINK AAN 'N BABA. 'n Baba is volkome geskape by geboorte. Geen liggaamsdeel kom later by nie.  Dit is 'n liggaam volkome saamgestel maar nie volkome in ontwikkeling nie.

***HOE HET PAULUS EN APOLLOS GEWERK IN KORINTE?***

Paulus het geplant; dit lees ons in Hand.18:7-11 "En hy het daar gebly 'n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer." (vers 11)

Dit is treffend dat selfs in daardie tyd het almal nie tot bekering gekom in kerkgeboue nie maar in huise. In hierdie geval nogal in die huis langs die kerk. God wil ons weer na die "Kerk in die huis" neem.

Ek het verneem van 'n Fillipynse kok op 'n boot en sy vrou wat werk as sekretaresse en hoe hul jaarliks spaar om 'n huisie in die Fillipyne te koop om dan 'n selkerk in daardie huis te plant. Deur die jare heen het hulle sodoende 'n hele paar huise gekoop en selkerke geplant.

Apollos het weer "natgemaak" deur meer uit die woord te leer, aangesien hy magtig in die skrifte was. (Hand. 18:24-28)

***HOE HET DIE EERSTE KERK GEGROEI ?***

**Hand. 2:41 en 47** *"Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op die dag omtrent drieduisend siele toegebring……. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."*

**Hand. 4:4** *"En baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyfduisend geword."*

**Hand. 5:14** *"En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne en vroue,…."*

**Hand. 6:7** *"En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof."*

**Hand. 9:31** *"En die gemeentes deur die hele Judea en Galilea en Samaria het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder."*

**Hand. 9:35** Toe Petrus Eneas die lam man genees het in die Naam van Jesus, lees ons: *"En al die inwoners van Lidda en Saron het hom gesien en hulle tot die Here bekeer."* (Twee dorpe kom tot bekering as gevolg van hierdie genesing.)

**Hand. 11:21** *"En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer." (Dit was in Antiochië.)*

**Hand. 16:5** *"En die gemeentes is versterk in die geloof en het elke dag vermeerder in getal."*

**Hand. 21:17-20** Paulus vertel die ouderlinge in Jerusalem van al die wonderlike dinge wat die Here oral gedoen het en in **vers 20** lees ons die woorde:
*"En toe hulle dit hoor, het hulle die Here verheerlik en vir hom gesê U sien, broeder, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die wet."*

***Die boek Handelinge is ‘n wonderlike boek***

Wanneer jy Handelinge bestudeer moet jy altyd onthou dat die eerste sewe hoofstukke die geskiedenis gee van wat in Jerusalem plaasgevind het.
Eers vanaf hoofstuk 8 word die evangelie verder as Jerusalem se grense geneem as gevolg van ‘n *“groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem”* (Hand. 8:1)

Jy sien, die gelowiges wou bly in Jerusalem (omdat dit die plek was waar God op daardie stadium gewerk het) maar God het ‘n vervolging toegelaat sodat die evangelie die res van die wêreld kon bereik. Baie keer moet die Here dieselfde doen met jou en my, veral as ons vashou aan dit wat ons het en nie bereid is om deur Sy Gees gelei te word en die evangelie na ander te neem nie.

# DAAR IS 9 DINGE WAT GOD GEBRUIK HET OM SY EERSTE GEMEENTE IN JERUSALEM TE LAAT GROEI (Hand. 2)

***Die skrif waarna ek verwys is: Hand. 2:42-47***

*“En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind. En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.”*

1. ***Hulle geestelike fondasie was die gesonde lering wat hul ontvang het van die apostels.***
   *Vers 42 lees: “En hulle het volhard in die leer van die apostels.”*

**The Living Bible** het hierdie teks soos volg vertaal: “They joined with the other believers in regular attendance at the apostles’ teaching sessions.”

Indien ‘n gemeente gesonde *“woord prediking”* ontvang, sal dit dien as ‘n fondasie waarop lidmate geestelik kan bou.

Die leiers moet toesien dat hulle nie net mooi preke preek nie, maar God se woord met entoesiasme aan die lidmate bring, want God sal net Sy woord bevestig.
Mark. 16:20 se vertaling in Die Lewende Bybel lees soos volg: *“Die dissipels het toe orals vir mense hierdie boodskap (die evangelie) gaan vertel. Waar hulle dit vertel het, het die Here ook gewerk, en deur die wonderwerke wat daar gebeur het, het Hy ook bewys dat die boodskap waar is.”*

In Januarie 2006 het ek 300 predikante en leiers (wat meer as 200 gemeentes verteenwoordig) gevra wat hul mening is aangaande prediking. Die antwoord wat ek terug ontvang was:

- 99% het gesê dat die prediking in die gemeente moet die behoeftes van die mense aanspreek
- 100% het gesê dat die prediking moet Bybels gevondeerd wees.
  M.a.w. Die prediking moet uit die woord van die Here kom en nie net sede-preke wees nie.

*2.* ***Hulle het gemeenskap (fellowship) met mekaar gehad.***
*Vers 42 "hulle het volhard….in die gemeenskap en in die breking van die brood…."*

**Die Nuwe Vertaling** praat van "Onderlinge verbondenheid" .
Om te "fellowship" is belangrik vir groei in enige gemeente.
Daar is vandag baie eensame lidmate wat smag dat hul medegelowige hul net sal raaksien.

**Die Lewende Bybel** stel dit so: "Hulle het veral gekonsentreer op die maniere waarop hulle mekaar kon help en die maaltye waar hulle ge-ëet het."

Hoekom eet ons so min saam ?
Maaltyd met mekaar is ook 'n manier hoe ons kan "fellowship"

*3.* ***Hulle het volhard….in die gebed." (****Vers 42)*
'n Gemeente sal groei as hulle kan bid !

Ons lees in Hand. 4:31 hierdie woorde: *"**En toe hulle gebid** het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."*

<u>As ons lees vanaf hierdie vers tot by Hand. 5:14, sal ons vind dat daar sewe dinge was wat gebeur het in die eerste gemeente van Jerusalem, omdat hulle gebid het.</u>

- Die plek was geskud deur God (Hand. 4:31)
- Hulle was almal vervul met die Heilige Gees (Hand. 4:31)
- Hulle het groot vrymoedigheid ontvang (Hand. 4:31)
  Vrymoedigheid het altyd 'n groot beloning (Heb. 10:35)
- Hulle was een van hart en siel en nie een het gesê dat sy besitting sy eie was nie, omdat hulle alles gemeenskaplik besit het (Hand. 4:32)
- Omdat hulle gebid het, was die gemeente gesuiwer van 'n man en vrou wat "gelieg" het vir die Heilige Gees. (Hand. 5:1-11) As 'n gemeente bid sal God sorg dat die verkeerdie goed onder ons geopenbaar en verwyder word.
- Daar het wonders en tekens plaasgevind ((Hand. 5:12-16)
- God het meer en meer gelowiges bygevoeg (Hand. 5:14)

Jak 5:16 *"Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

*4.* ***Hulle het wonders en tekens ondervind.*** *(Vers 43)*

Ek glo dat wonders en tekens weer gemeentes sal laat groei.
God het wonders en tekens in die verlede gebruik en sal dit weer gebruik.
Die ou argument dat mense kerktoe kom net vir die "vis en die brood" is eintlik geen argument nie, omdat God juis die mens wil ontmoet op sy vlak van nood.

Lees gerus weer met aandag die volgende skrifte:

Hand. 5: *Vers 12: "En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind;"*

*Verse 14-16: "En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue, sodat hulle die siekes op die strate uirgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val. En die menigte van die stede in die omtrek het ook in Jerusalem bymekaargekom en siekes gebring en mense wat deur onreine geeste gekwel was; en hulle is almal genees."*

Hand. 9: *Verse 32 tot 35: "En onderwyl Petrus oral rondgaan, het hy ook gekom by die heiliges wat in Lidda woon; en hy het daar 'n man gevind met die naam van Eneas, wat al agt jaar bedlêend en verlam was. En Petrus sê vir hom: Eneas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op! En hy het dadelik opgestaan. En* ***al die inwoners*** *van Lidda en Saron het hom gesien en hulle tot die Here bekeer."*

Hand.19: *Verse 11,12,18 en 20 "En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het……En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hul dade bekend gemaak;….. So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword."*

Tans loop Argentinia oor van wat God doen!
As gevolg daarvan het klein gemeentes (van 30 tot 100 lidmate) gegroei na selfs duisende, ja tot 20 000 en 70 000 lidmate.

*5.* ***Hulle het alles gemeenskaplik besit.****(Verse 44 en 45)*

Dit was so belangrik vir hulle as gemeente dat ons weer daarvan lees in Hand 4:32
"En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad."

Die "Amplified" Bybel stel dit so: "Not one of them claimed that anything which he possessed was (exclusively) his own, but everything they had was in common and use of all."

***Kom ons besluit opnuut dat:***
*"ONS SAL VIR MEKAAR OMGEE EN MET MEKAAR DEEL WAT ONS HET."*

*6.* ***Hulle het daagliks die Tempel besoek.*** *(Vers 46)*

As ons wil sien dat ons gemeente groei dan moet ons mense nie in die gewoonte kom soos ons lees in Heb 10:25 nie. Hier lees ons die volgende:
*"en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom."*
Die publiek sal ons dienste wil besoek as hulle agter kom dat ons entoesiasties is oor ons kerkdienste. As ons traag is om te gaan hoe verwag ons dat hulle sal kom ?

Daar is teveel DUIKBOOT christene in gemeentes. Dit is dié mense wat net nou en dan "opkom" om net te wys dat hulle nog in die omgewing is.

*7.* ***Hulle het van huis tot huis brood gebreek.*** *(Vers 46).*

Hulle het nagmaal in mekaar se huise gevier en maaltye saam geniet as gelowiges. **The Living Bible** stel dit soos volg: "They met in small groups in homes for communion, and shared their meals with great joy and thankfulness."

*8.* ***Hulle het geweet wat dit was om God te prys.*** *(Vers 47)*

Dit was nie net in hul dienste nie, maar vir die eerste KERK was dit 'n LEEFWYSE.

***ONS KERKE SAL VANDAG OORLOOP AS LOFPRYSING AAN DIE HERE OOK VIR ONS 'N LEEFWYSE IS.***
Wat ons dienste betref behoort die sang en musiek "lewendig en opgewek" wees, met 'n toegewyde aanbiddingspan, wat maar gerus ou en nuwe liede kan vermeng in die lof en aanbidding.
Kerkdienste moet inspirerende ondervindings vir ons mense wees.
Die hoofdoel van enige aanbidding in die kerk moet wees om die lidmaat te neem in die teenwoordigheid van God. Die aanbiddingspan gee nie 'n vertoning van sang en musiek nie maar is aanbidders wat ander inspireer om God ook te aanbid.

*9.* ***Hulle het guns by al die mense gehad.*** *(Vers 47)*

Die Bybel sê dat *"hulle in guns was by die hele volk."*
Ons sal hierdie wêreld vir God wen indien ons guns by mense kan kry.
Dit beteken nie ons moet 'n kompromie met die wêreld aangaan nie, maar ons moet op 'n manier met mense buite die kerk kommunikeer wat hulle sal trek na God toe en nie wegdryf nie.
Die Lewende Bybel gebruik hierdie woorde: *"Die hele volk het 'n goeie opinie van hulle gehad."*

<u>Die Boodskap stel dit weer soos volg</u>: *"Die gelowiges se lewenstyl het die ander mense in Jerusalem baie beindruk. Almal het daaroor gepraat. Daarom het daar elke dag baie mense tot geloof in Christus gekom."*
<u>Ons het soms verkeerde persepsies, soos:</u>
"Almal moet my haat omdat ek 'n Christen is.
Ons oorbeklemtoon tekse soos: Joh. 16:33 en 2 Tim. 3:12)
<u>*God wil ons guns wil gee in ons gemeenskap, maar dan moet ons nie die publiek aanval met aggressie nie. Ons het immers "'n Goeie Boodskap" om te bring.*</u>

# <u>EK WIL JOU WYS WAT GEMEENTES IN 'N STREEK LAAT GROEI HET (Hand. 9)</u>

In **Hand. 9:31** is daar 'n treffende vers wat jy moet raaksien. Dit lees soos volg:
*"En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het <u>vrede</u> gehad; en terwyl hulle <u>opgebou</u> is en gewandel het in <u>die vrees van die Here</u> en <u>die vertroosting van die Heilige Gees</u>,* ***het hulle vermeerder****."*

Gemeentes in 'n dorp, stad of selfs in 'n streek moet kennis neem van hierdie teks, indien hulle wil groei. God het dit in die Bybel geplaas sodat ons kennis kan neem wat nodig is indien ons groei wil sien. Kom ek probeer dit in praktiese woorde vir jou vertel wat ek dink daar gebeur het:

<u>Die eerste ding wat ons is lees is dat hulle **"vrede"** gehad het.</u>
Ja vrede onder mekaar in hul gemeente en ook vrede met ander gemeentes.
Maar een ding staan soos 'n paal bo water en dit is dat jy nie kan vrede gee of maak as jy dit nie besit nie.

<u>Die tweede punt wat ons verneem uit hierdie teks is dat hulle **"opgebou"** was.</u>
M.a.w hulle het nie mekaar "afgebreek" nie. Een ding wat baie afbrekend in kerke vandag is, is die tong. Maak gerus weer 'n studie van wat Jakobus ons leer rakende die tong in Jak. 3.
As ons gedurig mekaar afbreek en kritiseer moet ons nie verwag daar sal enige geestelike groei in ons lewens asook in ons gemeentes wees nie.

<u>Die derde saak wat hier so duidelik uitgelig word is dat hulle:</u>
**"<u>gewandel het in die vrees van die Here</u>"**
Jy sal saamstem dat die vrees (respek) vir God sal moet terugkom in die kerk.
Want as daar 'n heilige vrees vir God is sal ons mense nie so maklik sondig nie, en dan sal geestelike groei nie 'n probleem wees nie.

<u>Hulle het **"gewandel in die vertroosting van die Heilige Gees"**</u>
Dit is net die Heilige Gees wat werklik kan vertroos, lei en inspireer.
Indien 'n gemeente (of gemeentes) dit nie ervaar nie sal gebrokenheid in mense nie geheel kan word nie en sal ons ontbreek aan werklike passie om te doen wat God verlang ons moet doen.

**Ons teks sluit af met die treffende woorde: *"het hulle vermeerder"***

As ek dit reg verstaan, het al die voorafgaande dinge eers gebeur en as gevolg daarvan het die vermeerdering en groei natuurlik plaasgevind. Groei behoort altyd iets natuurlik te wees, maar dan moet alles wat die groei moet stimuleer in plek wees. Ek hoop hierdie geselsie met jou oor Hand. 9:31 het jou gehelp ?

# ONS GAAN KYK HOE EFESE VAN 'N KLEIN GEMEENTE GEGROEI HET TOT 'N GROOT GEMEENTE (Hand. 19)

Efese was 'n pragtige stad in Galasië. Vandag praat ons van Turkye.
Dit was 'n afgodstad waar die inwoners geglo het Diana, hul afgod, uit die hemel geval het. Die grofsmede het groot inkomste gemaak uit al die beeltjies van Diana wat hul verkoop het.

Dit word vertel dat die heidense tempel van Efese 'n duisend prostitute gehad het en in die tempelgebied het hul hul sondige bedryf beoefen.
Geskiedskrywers beweer dat die gemeente van Efese gegroei het tot 10,000 lidmate. Ek wil nie hierdie stelling probeer verdedig nie, omdat ek nie kan nie.
Ek lees egter die volgende woorde in **Hand. 19:20** *"So het die woord van Here met krag gegroei en sterk geword."*

Die eerste twintig verse van Hand. 19 is waaroor ek met jou wil gesels en jou dan wys wat God gebruik het om in hierdie sondige stad 'n pragtige gemeente te vestig.

**Daar is vier dinge wat Efese laat groei het van 'n gemeente met omtrent twaalf manne tot 'n dinamiese gemeente.**

***Die eerste is dat God hul gevul het met Sy Gees***
Toe Paulus die gemeente ontmoet het hy skynbaar nie getwyfel dat hul gelowiges is nie maar hy moes agter kom dat hulle nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, daarom vra hy in vers 2: *"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het ? (sien, hy het nie getwyfel aan hul geloof in God nie) En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie."*

Nadat hy sekere dinge aan hulle verduidelik het, lees ons die volgende in die sesde vers: *"En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer."*

Indien 'n gemeente wil groei moet hulle weet dat dit noodsaaklik sal wees dat God se Gees die lidmate moet vul sodat hulle meer effektief deur God gebruik kan word.
**Lees weer wat Jesus gesê het in Hand. 1:8**

***<u>Die tweede waarheid was dat die gelowiges die woord van die Here geleer was.</u>***
Omdat sommige mense nie in die stad na Paulus wou luister nie het hy die gelowiges eenkant geneem en in die Here se woord onderrig.
Ons lees dat hierdie lering vir twee jaar plaasgevind het, en dat die hele Asië beinvloed was met die Here se woord.
<u>Ek haal aan</u>:*"Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadspreek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tirànnus samesprekinge gehou. En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke." (Hand. 19:9,10)*

Deur die jare heen het ek uitgevind dat die prediking op Sondae nie genoeg woord is vir ons lidmate nie. As gemeentes ware groei wil sien sal hulle bo en behalwe Sondae se prediking hul mense toerus in God se ewige woord.
Enige spesiale poging hierin sal beloon word met geestelike groei.

***<u>Die derde ding wat God gebruik het tot groei in Efese was:</u>***
***<u>Wonders en tekens</u>***
*<u>Verse 11,12:</u>  "En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het."*

Wonders en tekens sal gemeentes laat groei. Daarom moet jy en ek die Here daarvoor vertrou.
Jesus het mos aan ons as gelowiges die volgende beloof: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan." (Joh. 14:12)*

***<u>Die vierde ding wat God gebruik het om groei in Efese te bewerkstelling is toe almal wat christene geword het hulle sonde bekend gemaak en bely het.</u>***
Bedekte sonde sal altyd geestelike groei verhinder.
Maar wanneer sonde bely en laat staan word sal daar verseker groei plaasvind.

<u>Ons lees in verse 18 en 19</u>: *"En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak; en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftifduisend silwerstukke was."*
***<u>Vers 20</u>: "So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword."***

As gelowiges moet ons altyd onthou dat **1 Joh. 1:7-9** eintlik geskryf is vir ons as gelowiges. As ons dus bereid is om "<u>in die lig te wandel</u>" (m.a.w. die goeie na te streef) en "<u>gemeenskap met mekaar</u>" te hê (m.a.w. in goeie verhouding met my mede-gelowige te leef) ***dan sal die bloed van Jesus ons reinig van alle sonde.*** As ons dus nie bereid is om bogenoemde te doen nie sal die bloed van Jesus ons nie kan reinig van ons sondes nie. Wees altyd bereid om jou sonde te bely ! (vers 9)

# AANBIDDING AS 'N LEWENSTYL

## Aanbidding moet by ons 'n lewensstyl wees indien ons ware groei in die Kerk wil sien

**Kom ons lees met aandag Ps. 103:1-12 en dan antwoord ons die vraag:**
**Waarom moet God geloof word ?**

**1. Omdat Hy ons sondes vergewe het. Ps. 103:2, 3 en 12**
*"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie ! Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees,….So vêr as die ooste verwyderd is van die weste, so vêr verwyder Hy ons oortredinge van ons."*
*Dank jy nog God dat Hy jou sondes vergewe het ? Jy moet nooit jou dank teenoor God hiervoor verloor nie.*

*Wees ook dankbaar vir Sy genesingskrag. Hy het sekerlik vir jou en jou gesin wonders gedoen. Loof Hom daarvoor en moet dit nooit vanselfsprekend aanvaar nie.*

**2. Wat ons verlos het uit die mag van die bose . Ps. 103:4**
*"wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede."*
Verstaan jy Kol. 1:13? *"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde "*

**3. Omdat dit net Hy is wat ons siel kan versadig. Ps. 103:5**
*"wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut sal word soos die van 'n arend."*

**4. Lees Ps. 103:6,8,9 in "The Living Bible"**
*"He gives justice to all who are treated unfearly"*
*"He is merciful and tender towards those who don't deserve it. He is slow to get angry and full of kindness and love – He never bears a grudge, nor remains angry forever"*

**Die Boodskap stel die tekse soos volg:** *"Die Here help almal wat onderdruk word. Hy is goed. Hy sorg dat reg aan hulle gedoen word…..Die Here se hart is baie sag. Hy gee graag goeie dinge aan ons. Hy is geduldig. Hy het sy kinders baie lief. Die Here sal jou nie aanhou straf vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Ook bly Hy nie vir altyd kwaad oor iets nie."*

*Is hierdie nie genoeg rede waarom ons gedurig God moet loof en prys nie ?*

**LEES OOK PSALM 150**

**Hierdie Psalm gee vir ons die antwoord op 4 belangrike vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | ***WAAR*** moet God geloof word ? | Vers 1 |
| **2.** | ***WAAROM*** moet God geloof word ? | Vers 2 |
| **3.** | ***WAARMEE*** kan God geloof word ? | Verse 3 tot 5 |
| **4.** | ***WIE*** moet God loof ? | Vers 6 |

WAT BETEKEN LOFPRYSING AAN GOD ?
*"Lofprysing is om die voortreflikhede van God uit te spreek.*
*Om die hoedanighede van God op te hemel en te prys !"*

***ONS HOOFDOEL VIR ONS BESTAAN IS OM GOD TE AANBID !***

Geen bediening of *funksie* wat ek in Sy kerk doen, moet belangriker wees as dat ek God moet *aanbid* nie.

Baie gaan kerktoe en neem deel aan 'n ritueel. ***Maar God soek ware aanbidders wat Hom in Gees en in Waarheid sal aanbid ! (Joh. 4:23, 24)***
Die woord "***Aanbidder***" beteken: "***hartstogtelike vereerder***"

***Joh. 4:24*** In die Lewende Bybel: "God is Gees, en die wat Hom wil aanbid, moet gelei word deur die Heilige Gees en met 'n eerlike hart bid. "
***Nuwe Vertaling***: "God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet deur die Gees en in waarheid aanbid."

Dit is duidelik dat God sulke mense soek. Indien iemand na iets soek, dan het Hy 'n behoefte daaraan. Aanbidding is wanneer alles wat ons is, reageer op alles wat Hy is. Aanbidding is ons reaksie op die teenwoordigheid van God, sodra ons bewus word daarvan.

**DIE 7 HEBREEUSE WOORDE VIR LOFPRYSING:**
In die Bybel is daar 7 Hebreeuse woorde vir Lofprysing. Israel het dus presies geweet wat van hul verwag was as hulle die woorde Lof en Prys gelees en gehoor het .

**Ons verstaan aanbidding soos wat ons grootgeword het om dit te verstaan !!**
**Kom ons kyk na die volgende woorde:**

***1. HALLAL***
Hierdie woord kom ongeveer 100 keer voor in die Ou Testament. Een-derde vind ons in die Psalms.

***Hallal beteken:*** Om te roem; op te hemel; te spog; groot te praat; te vier; te herdenk; om uitbundig verspot te wees.
***Die woord Halleluja kom hiervan.*** Die woord *"halleluja"* het geen taalgrense nie en word in al die tale op dieselfde manier gebruik.
***Halleluja is die spontane uitroep van 'n persoon wat opgewonde is voor en oor God !***

***2. YADAH "Om met uitgestrekte hande God te aanbid"***

***Waarom hande ophef ? (Het jy dit al gedoen?)***

- Iemand steek hande op as hy oorgee. Maak soos Jeremia in Jer. 20:7,9
- Iemand se hande word opgelig as hy wen. Dink aan 'n boksgeveg.

Ons is mos meer as oorwinnaars en het rede om ons hande op te hef na God wat ons die oorwinning gee.

***3. TODAH "Uitgebreide hande in bewondering"***

Wat sê die Bybel van ***opheffing van hande ?***
***Ps. 63:5*** "So sal ek U prys my lewe lank, in U Naam my hande ophef."
***Ps. 134:2*** "Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die Here."
***Ps. 141:2*** "Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aand-offer."

<u>Lees gerus: Neh. 8:6,7</u>

***4. BARAK "Om God te verklaar as die oorsprong van alles"***

Een van die treffendste gedeeltes in die Bybel waar Barak lofoffers aan God gebring was, vind ons in 1 Kron. 29. 'n "Barak" lofoffer raak gewoonlik ons besittings."
**Luister:** Jy kan nie net lof aan God bring met leë hande nie. Kom ons kyk na die skrifgedeelte in 1 Kron. 29 en sien hoeveel gegee was aan God as deel van aanbidding.

- Die opskrif – vers 1 : Maak 'n studie van die hoofstuk.
- Vers 3 – Het jy 'n behae in die huis van God?
- Vers 4 – Kyk na Dawid se voorbeeld. Die Nuwe vertaling vertel ons wat Dawid bereid was om te gee as sy "Barak lofoffer" aan God.
  *"Honderd-en-drie ton goud, van Ofir se goud, en 240 ton gesuiwerde silwer."* (Teen vandag se pryse het Dawid R700 miljoen se goud gegee.)

Om jou te help om die waarde van die goud en silwer uit te werk gee ons die volgende inligting: <u>1 Talent is gelyk aan 125 pond</u>
***<u>Onthou:</u>*** Daar is 14 onse in ***<u>een pond goud</u>***

**The Living Bible** noem syfers soos:
- 85 miljoen Dollars se goud
- 145 miljoen Dollars se silwer

<u>Die Leiers gee 171 ton goud asook 342 ton silwer (vers 6,7)</u>
Geen leier kan God se volk lei as hy nie bereid is om die voorbeeld te stel deur te gee vir God se werk nie.
Laat dit wat jy gee aan God 'n lofprysing wees uit jou hart.
*<u>Bogenoemde is redes wat my oortuig dat 'n gemeente nie kan groei indien aanbidding aan God nie 'n ernstige saak vir hulle geword het nie.</u>*

***5. TEHILLAH <u>Dit beteken</u>: "Om met sang God te loof"***

***Ps. 22:4*** "Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange (Tehillah) van Israel"
Vir hierdie rede behoort ons 'n singende volk te wees.

Israel het 4000 voltydse lofsangers gehad ***1 Kron. 23:3-5.***
Die sangers het hul dorpe om Jerusalem gebou, om naby die tempel te wees
***Neh. 12:29.*** *"want die sangers het vir hulle dorpe rondom Jerusalem gebou."*

***<u>Ps. 100:4</u> sal ons beter verstaan as ons na die oorspronklike Hebreeuse woorde kyk in die teks:*** *"Gaan Sy poorte binne met* ***<u>lof</u>*** *(**Todah = Uitgebreide hande in bewondering**) Sy voorhowe met* ***<u>lofgesang</u>*** *(**Tehillah = Met gesang**)* ***<u>Loof Hom</u>*** *(**Yadah = Opheffing van hande**)* ***<u>Prys Sy Naam</u>*** *(**Barak = Prys Hom met iets tasbaar omdat Hy die oorsprong van alles is**!)*

***6. ZAMAR "Om op snare van instrumente God te loof"***

M.a.w. om jou vreugde en dank teenoor God deur musiek uit te druk.

<u>Die volgende instrumente was gebruik om God te loof</u>:

- Trompette Num. 10:10
  In 2 Kron. 5:12-14 vind ons 120 predikante wat God loof met trompette
- Siters
- Harpe
- Tamboeryne
- Bekkens (slaginstrumente)
- Simbale

***2 Kron. 30:21*** Die Bybel verwys selfs na "kragtige instrumente" wat gebruik was om God te aanbid.
***2 Kron. 34:12*** praat van hulle wat "verstand gehad het van musiekinstrumente"
***1 Kron. 25:6,7*** praat van 288 "geoefende" persone wat "meesters" was in musiek.

***7. SHABACH "Luidkeels uit te roep"***

Dit is duidelik dat ons hoorbaar lof aan God moet bring. ***Heb. 13:15*** "Laat ons gedurig (beteken dag en nag) deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely".
***Ps. 34:2*** "Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my mond wees."
***Ps. 126*** "Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel."
**Met die hart glo ons en met die mond bely ons. *Heb. 10:9,10***
**Luister: Daar is krag in "Shabach"**
So het Jerigo se mure geval. (***Jos. 6:20***) Teen watter mure moet jy "Shabach"?
Dit was met lof aan God dat Josafat die oorwinning behaal het. **2 Kron. 20:1-26**

***<u>Besluit om ‘n Lofprysser en ‘n Aanbidder te wees !</u>***
*Net soos die Tabernakel in die Ou Testament ‘n woonplek van God was – so is ons as gelowiges die woonplek van die Heilige Gees.*
<u>Ons is God se Tempels</u>. ***2 Kor. 6:16***; “Want julle is die tempel van die lewende God soos God gespreek het: **Ek** sal **in** hulle woon en onder hulle wandel”.
<u>Voordat jy verder kan beweeg in jou aanbidding tot God, hoe lyk jou **_Reukoffer-altaar?_**</u>
<u>M.a.w. Jou gebedslewe ?</u>
BAIE WIL AANBID TERWYL HULLE NOG MOET LEER OM TE BID !!

- Ons ***gebedes*** voor God is soos reukwerk – Op.8:3,4.
- As ek hoor hoe iemand **Bid** dan weet ek hoe hy **Aanbid.**

***INDIEN JY NOG NIE ‘N AANBIDDER GEWORD HET NIE, LUISTER HIERNA:***
*Joh. 4:23,24; “ Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders dieVader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid.”*
*<u>Meld asseblief aan, want God soek ware aanbidders !</u>*

## WAT SAL GEBEUR AS GOD GEPRYS WORD?

1. **Die Here sal by die gemeente byvoeg die wat gered is. (Hand. 2:47)**

God het 3 000 bygevoeg op Pinksterdag en ‘n paar dae later 5 000 **(Hand. 4:4)**
Ware lofprysing sal nie mense wegjaag nie, maar eerder mense trek na ons dienste.

2. **God se heerlikheid sal die kerk vul. (2 Kron. 5:13,14)**
3. **Jou probleme sal van jou ontslae raak. (Jona 2:1-10)**
4. **Ons vyande sal verneder word. (2 Kron.20)**

***‘n Evangelis hou dienste in Parow (Kaapstad) se Burger sentrum.***
Hy vertel aan my dat hy nie eers sy bybel kon lees voordat hy gepreek het nie. Die letters het net eenvoudig bly beweeg voor hom. Reg voor in die saal het twee spiritiste gesit wat hom probeer bind het. Maar toe God se volk lofprysing aan God gebring het, het die heerlikheid op almal neergedaal en die spiritiste het self hul klere begin skeur en uit die saal weggehardloop. Tot laat daardie nag is mense nog gevul met die Heilige Gees!

5. **Mense om jou sal ook bevry word as jy God prys (Hand.16:25,26)**

‘n Ware Lofpryser ken nie selfbejammering nie.(Kyk hoe tree Paulus en Silas op)
Selfs die deure van almal het oopgegaan. Die geregsdienaars het hul kom uitlei uit die stad, voor almal. (Hand. 16: verse 35-40) **Jy sien, lofprysers is altyd in beheer.**

# Evangelisasie

*Die groot Evangelisasie Opdrag van Christus vind ons in Matt. 28:19*
*"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle bevel het."*

**Matt. 9:37,38** *"Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."*

In Matt. 9:37,38 het ons verneem dat die oes groot is en die arbeiders min, maar in **Open. 14:15** verneem ons dat ***"die oes van die aarde oorryp geword het"***
Lees ook **Joh. 4:35**

Mag die Here ons 'n passie gee vir verlore siele !
Daar is geen groter vreugde as wanneer ons 'n soekende siel by 'n soekende Jesus uitbring nie

**<u>Wil jy 'n las vir siele hê ?</u>**
Besef dan dat elke onverloste persoon op pad is na 'n ewige hel

Al die aardse skatte kan nie betaal vir 'n siel nie !
**Matt. 16:26** *"Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly ? <u>Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel. ?</u>*
**Luk.19:10** *"Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is."*

**<u>DIE LEWE IS KORTSTONDIG</u>**
**<u>1 Sam. 20:3</u>** Een tree tussen ons en die dood !
**<u>Psalm 103:15-16</u>** Ons is soos gras en 'n blom. Selfs die wind verskroei dit.
**<u>Jak. 4:14</u>** 'n Mens se lewe is soos 'n handbreedte
**<u>Psalm 39:5</u>** Dawid vra die Here om hom te wees hoe verganklik hy is.

Siele wenner ! Baie keer kry ons net een kans met 'n siel

**<u>Hoekom moet ons siele vir Christus wen ?</u>**

**<u>Matt. 4:19</u>**
**<u>Mark. 16:15</u>**
**<u>Luk. 14:23</u>**
**<u>Matt. 10:32-33</u>**
**<u>Eseg.. 33:7-11</u>**

**<u>WAT ELKE SIELE WENNER MOET WEET</u>**

1. Hy/sy moet self wedergebore wees
2. Gevul wees met die Heilige Gees (Hand.1:8)
3. <u>Spr. 11:30</u>
   Matt.10:16
   Matt.10:19
4. ‘n Siele wenner is altyd gereed dat die Heilige Gees hom/haar kan gebruik.
5. Jesus gee ‘n voorbeeld in **Joh. 4** hoedat ons met ‘n soekende siel moet werk.
   (a) Hy het begin by haar nood, naamlik dat sy water nodig gehad het.
   (b) Daarna het Hy haar hart se problem aangespreek.
   (c) Hy kry haar sovêr om ‘n besluit te maak.
   (d) Daarna gaan haal sy die hele Dorp.

<u>HOE OM JOU GETUIENIS VOOR TE BEREI</u>

1. Vra die Here om wysheid (Jak. 1:5)
2. Gebruik ‘n 4 punt plan in jou getuienis
   - Vertel wat gebeur het voordat jy ‘n kind van God geword het, en moenie uitbrei op al die sondige dinge wat jy gedoen het nie.
   - Hoe jy Jesus aangeneem het
   - Die veranderinge in jou lewe daarna.
   - Die sekerheid en die vreugde wat jy tans ondervind.
3. Hou jou getuienis kort.
4. Bly posetief en los ander kerke uit.
5. Moenie preek nie en moenie teologiese woorde gebruik soos “geregtigheid” ens. wat hulle nie sal verstaan nie

## <u>HOE LEI ONS IEMAND NA CHRISTUS ?</u>

1. Verduidelik dat almal gesondig het
   **<u>Rom. 3:23</u>**
   **<u>1 Joh. 1:8 & 10</u>**

2. Hy/sy moet hul sondes bely teenoor Christus. **1 Joh. 1:7,9**

3. Jesus moet aangeneem word. **Joh. 1:12**

4. Die nuwe bekeerling moet dadelik mense soek aan wie hul kan vertel wat met hul gebeur het. **Rom. 10:9,10**

**<u>WAT ANTWOORD ONS HULLE WAT DIE VOLGENDE PROBLEME EN VERSKONINGS HET ?</u>**

*<u>Maak 'n nota van hierdie tekse in jou Bybel sodat jy antwoord kan gee uit die Skrif</u>*

***"Ek is 'n te groot sondaar" 1 Tim. 1:15 1 Joh. 1:7 Joh. 6:37***
***"Ek is te hard" Eseg.36:26***
***"God se gebooie is te swaar" I Joh.5:3***
***"Ek sal vervolg word as ek 'n kind van God word"***
***2 Kor. 11:24-28***
***2 Tim. 3:12 Matt. 5:10-12 Joh. 16:33 1 Pet. 4:12-16***
***Hand. 5:40,41***
***"Wat sal my familie en vriende sê ? Matt. 10:37 Matt. 19:29***
***"Ek is bang dat ek nie sal volhard nie" Joh. 10:28,29 1 Kor. 10:13***
***2 Tim. 1:12 Judas v.24 Fil. 3:13***

**" CHRIST ALONE CAN SAVE THE WORLD, BUT CHRIST CANNOT SAVE THE WORLD ALONE."**

## <u>'n SIELEWEN STRATEGIE</u>

Graag wil ek praktiese raad gee wat <u>'n plaaslike gemeente</u> kan doen om siele vir Christus te wen en hul ook te behou vir God se Koninkryk.

<u>Ek doen die volgende aan die hand:</u>

- Gee by elke diens 'n uitnodiging aan siele om gered te word (ongeag waaroor die boodskap gegaan het)

- Gebruik alleenlik voorbereide "Altaarwerkers" om met elke siel te bid

- Elke Maandagaand moet die "Opvolgwerkers" hierdie nuwe bekeerlinge tuis gaan besoek en hulle met geestelike raad bedien totdat hulle gereed is om gedoop te word en amptelik by die gemeente in te skakel
  <u>Ook hiervoor is 'n Kursus beskikbaar wat ook in een aand aangebied kan word</u>

- Die <u>vierde stap</u> is om die nuwe bekeerlinge by 'n selgroep te laat inskakel sodat hulle versorging kan kry en weet dat hulle aan 'n "geestelike familie" behoort

# Die Altaarwerker

Die Altaarwerker is daardie persoon wat saam met mense in die kerk bid nadat hulle reageer het op 'n uitnodiging van die prediker. Voorheen was verwys na die "Altaar" as dié gedeelte voor die kansel, waar mense soms kom kniel het vir gebed.
Altaarwerk is seker van die belangrikste werk in die Kerk vandag. Dit moet besef word dat as ons nie reg werk met mense wat uitkom vir gebed nie, oneindig baie skade gedoen kan word.
Onthou, die prediker sonder hom af en bring die boodskap van die Here in alle erns. As daar sorgvuldig gewerk word by die geboorte van 'n baba, hoeveel te meer as iemand met God wil ontmoet. Dr. Oswald Smith ('n groot sielwenner in Toronto) het die volgende uitdrukking gemaak: "If you can't help him through, leave him alone."

<u>KOM ONS KYK EERS NA DIE ALTAARWERKER SELF:</u>

1. Die altaarwerker moet 'n toegewyde persoon aan die Here wees. Iemand wat 'n voorbeeldige lewe leef. Jy kan tog nie ander help as jyself geestelike hulp nodig het nie! Dit is dus nodig om die Bybel getrou te lees en baie te bid.

2. Die aaltaarwerker moet iemand wees wat elke gesprek vertroulik kan hanteer. As 'n persoon sy/haar hart teenoor jou oopmaak, wil hulle tog nie die volgende dag dit op straat hoor nie.
3. Die altaarwerker moet netjies wees. Versorg tog altyd jou naels en asem, sodat dit nie 'n soekende siel sal hinder om met Christus te ontmoet nie.

<u>WAT MOET EK AS ALTAARWERKER DOEN t.o.v. NUWE BEKEERLINGE?</u>

1. By die uitnodiging kyk jy nie rond nie, maar bly biddend vir siele.
2. As die Prediker die mense uitnooi, kan jy dadelik opstaan en vorentoe beweeg. Deur soms langs 'n persoon op te staan, gee jy hom/haar ook die moed om op te staan vir die Here.
3. Broers deel met die manlike geslag en andersom.
4. Stel jouself voor en vra bv. "Wat het u van die Here nodig?" (Sodoende sal jy uitvind wat die persoon se behoefte is.)
5. Moenie te hard bid of praat nie; jy kan moontlik iemand anders steur daardeur. Sorg ook dat jy nie direk in die persoon se gesig bid of praat nie.
6. Moet tog nie haastig wees nie. Deel ook liewer net met een deeglik as wat jy halwe werk doen.
7. Laat die persoon self die tekse saam met jou in die Bybel lees. (Nie baie tekse nie)
8. Moet dus nooit sonder jou Bybel gaan om met 'n siel te deel nie. Maak ook merke in jou Bybel, sodat jy 'n rondsoekery na tekse kan vermy.
9. Sorg altyd dat jy 'n altaarkaart en 'n pen by jou het om die persoon se naam en adres neer te skryf.
10. Vermy die gewoonte om jou arm om die persoon te plaas.

SO HELP ONS IEMAND WAT TOT BEKEERING MOET KOM.

- Hy/sy moet erken dat hul ‘n sondaar is. **Rom 3:23**.
- Wys hom/haar daarop dat die Here hul sondes sal vergewe.
  Laat hul lees wat in **1 Joh. 1:7,9** geskrywe staan en vra verskillende vrae daaroor. Bv. “Van watter sondes reinig Jesus se bloed?”
  Die antwoord sal wees “van **alle** sonde”.
- Verduidelik **Joh. 1:12** en vra bv. die volgende vraag: “Wat moet ek maak volgens hierdie teks om ‘n kind van God te word ?”

Nou moet die persoon self bid en sy/haar sondes bely (hul hoef dit nie een vir een by die naam te noem nie, maar kan dit wat die Heilige Gees op hul hart lê, voor God bely) en daarna Jesus aanneem as hul Saligmaker.

AS GOD VERGEWE HET, MOET ONS ONSSELF OOK VERGEWE.

1. As die persoon nie self kan bid nie, moet jy hul voorgaan in gebed en hom/haar vra om dit woord vir woord te herhaal.

2. Jy kan aan hul verduidelik wat Jesus nou met hul sondes gedoen het (nadat dit bely is) of jy kan die tekse vir persoon neerskryf dat hul dit self kan gaan lees. 1 Joh. 1:7,9; Ps. 103:12; Miga. 7:19; Jes. 44:22; Jer. 31:34.

3. Vra die persoon daarna of hy/sy seker is dat hul sondes vergewe is en dat hul nou ‘n kind van God is. Help hul om positief hierop te antwoord.
   Om met die hart te glo en die mond te bely, is baie belangrik.
   Verduidelik Rom. 10:9-10

4. Wat gebeur as ek weer sou sondig? Is alles wat ek nou ondervind het verlore en tevergeefs? Beslis NEE! Lees en verduidelik 1 Joh. 2:1 & 2.
   Bid nou vir die persoon en wens hom/haar geluk vir die stap wat so pas geneem is. Neem daarna hul naam en adres. Vul nou die altaarkaart volledig in en gebruik asb drukskrif. Skryf ook duidelik of dit Mnr., Mev. of Mej. is. In die geval van ‘n kind, skryf jy sy noemnaam.
   Aan ‘n kind moet jy die tekse op ‘n kinderlike wyse verduidelik.

ALGEMENE VRAE
Hoe bid ek vir ‘n mede-gelowige wat weer ‘n toewyding aan die Here maak?
Hoe lê my hande op iemand wat siek is, wanneer ek vir hulle bid?
Is daar ‘n manier hoe ek ‘n persoon salf met olie?
Wat maak ek met vrae wat ek nie kan antwoord nie?
Wat maak ek as daar ‘n bose gees teenwoordig is?

# DIE OPVOLGWERKER

Opvolgwerk is iets wat baie verwaarloos geraak het in gemeentes en moet herstel word. Dit sal nie veel baat as mense ons dienste besoek en selfs oorgawes maak nie, maar dan nie opgevolg word nie.

**KYK NA DIE OPVOLGWERKER SELF:**

1. Dit moet iemand wees wat wedergebore is, met 'n voorbeeldige lewe.

2. Dit moet iemand wees wat vol is van God se Gees, of in elk geval sterk verlang na die doping met die Heilige Gees, sodat hy/sy met krag kan getuig. (Hand. 1:8) Jesus het aan Sy eerste dissipels gesê dat hul eers moet wag op die belofte van die Vader voordat hul kon uitgaan om die wêreld te evangeliseer! (Luk. 24:49 en Hand. 1:4)

   Spr. 11:30 sê dat hy wat siele wen, wys is. Wen eers iemand vir uself voordat u poog om daardie persoon vir Christus te wen. Ten alle tye moet u met groot wysheid siele bearbei. Nederigheid, sensitiwiteit en vriendelikheid sal baie foute verhoed. U moet ook 'n goeie luisteraar wees.

3. Die opvolgwerker moet 'n sielelas hê indien hy/sy suksesvol vir die Here wil werk. Is jy iemand wat waarlik 'n las vir siele het?

**WAAR EN HOE SAL ONS BEGIN**

1. Vertrou die Here om Sy hand op die regte opvolgwerkers te plaas.

2. Neem hul en lei hul in 'n kursus vir opvolgwerkers op VOORDAG hulle gebruik word.
3. Maandagaande is die regte tyd om mense te besoek, veral hulle wat Sondag 'n oorgawe aan Chrisus gemaak het.

**MAANDAGAAND SE PROGRAM:**

1. Die werkers kom om 6:30nm by die kerk bymekaar.

2. Hulle bid en beplan saam tot nie later as 7:00nm nie wanneer hul uitgaan op besoeke. (Die meeste van hierdie besoeke word deur die dag gereël deur afsprake met die mense te maak. Vir hierdie reëlings is die kerkkantoor verantwoordelik – verdere besoeke kan ook gereël word deur die opvolgwerker)
3. Dit is altyd raadsaam om 'n ervare werker saam met 'n nuweling te stuur.

   (Mark. 6:7) Die name en addresse van die persone wat besoek word, sal op 'n memo aan u gegee word met alle nodige besonderhede daarop.

4. Omdat baie mense soms skrik as hul u met 'n Bybel in die hand by hul deur sien staan, word aanbeveel dat die broeders 'n klein Bybel in hul baadjie sak sal saamneem en die susters dit in hul handsak sal hou.

Dit is ook verstandig om u leesstof wat u in ‘n huis agterlaat, sorgvuldig uit te soek, deur dit eers self te lees. Swak drukwerk en onwaarhede in leesstof sal baie skade doen aan welnemende siele.

**Wat doen u as u by ‘n huis kom?**

a. Nadat u aan die deur geklop het of die klokkie gedruk het, doen u navraag na die persoon wat u kom besoek het. U stel uself dan vriendelik voor en noem die doel van u besoek.
b. Indien u net een persoon/kind in die gesin wil opvolg, is dit belangrik om dit dadelik maar vriendelik te noem, sodat die res van die gesin daarvan bewus is. Hulle sal dan vir u ‘n private plekkie aanwys om te gesels of u bietjie later alleen laat met die verlangde persoon. Moet egter nie die persoon in die verleentheid stel deur u voor ander oor sy geestelike toestand gesels nie.
c. Stel persone op hul gemak deur eers ‘n “aanloop” te hê deur alledaagse sake te bespreek. Bly nogtans bewus van u eintlike doel en skakel oor na die geestelike sodra die tyd reg is.
d. Moenie net aanneem dat die altaarwerker sy/haar werk effektief gedoen het nie. Vind altyd by die persoon uit wat plaasgeving het, wat die altaarwerker gesê het en bepaal so waar die persoon nou staan. Van hier kan u dan verder gaan.

**Wees nou oorgegee aan die Heilige Gees om u baie duidelik te lei.**

Moet nie onnodig lank by ‘n huis vertoef nie – bly solank as wat hulle geinteresseerd is. Dit baat niks om met mense te praat as hulle moeg is nie.

Vermy twiste! 2 Tim. 2:23 – “En dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twiste verwek.” Verloor eerder ‘n argument en behou ‘n vriend. ‘n Argument kan u ook baie maklik van u koers afkry en so sal u u doel mis.

Bid saam met die huismense voordat u gaan. As iemand in die huis siek is, is dit natuurlik ‘n gulde geleentheid om vir die sieke te bid, en sodoende vir die hele huis. Bid egter met groot wysheid, en as daar nog ‘n werker saam met u is, moet hy nie onnodig hard saamstem in die gebed en die huismense sodoende afskrik nie. Indien die omstandighede nie reg is nie, moet u nie ‘n gebed op hulle afforseer nie. Indien u beloof om hulle tuis in u gebede op te dra, moet u dit nakom.

**"<u>Memo's</u>"**

Elke gemeente gebruik sy eie memo's. Op so 'n memo kom die persoon se naam en adres asook tel. no.; wanneer die persoon 'n oorgawe gemaak het aan Christus, hul ouderdom, wie die altaarwerker was ens. Bestudeer hierdie memo voor die tyd en gebruik dit wat daarop staan as 'n beginpunt van u gesprek by die huis wat u besoek.

Memo's word in tweevoud ingevul. Een hou die Pastoor wat die opdrag gee. Die persoon wat die besoek moet doen ontvang een afskrif. Na die besoek gedoen is word die opvolgverslag ingevul met die datum van besoek en geteken deur die Opvolgwerker. Die opvolgverslag word die volgende dag aan die Pastoor terug besorg. Die pastoor hou die ingevulde memo's alfabeties in 'n leêr.

Die oorspronklike memo met die nodige opvolgverslag daarop moet reeds die volgende dag aan die pastoor gegee word nie. Baie dringende gevalle moet dieselfde aand van besoek telefonies aan die pastoor oorgedra word. Voel vry om raad van die pastoor te vra indien nodig.

Evalueer u eie werk, sodat u volgende keer op swak punte kan verbeter. Indien u vind dat u kennis t.o.v. 'n basiese/fundamentele geestelike saak gebrekkig is, is dit belangrik dat u daaroor sal oplees of raad sal vra by iemand.

*<u>Let wel: Die volgende bladsy is 'n voorbeeld hoe 'n "MEMO" gedruk kan word. Hierdie memo's is beproef en werk prakties uitstekend.</u>*

**Gebruik van Memo’s** Datum:__________

Memo’s word in 2 voud ingevul. (Plaas twee op een bladsy om te spaar)
Een hou die Pastoor wat die opdrag gee.
Die persoon (of persone) wat die besoek moet doen ontvang die afskrif. Ná die besoek gedoen is word die opvolgverslag ingevul met die datum van besoek en geteken deur die Opvolgwerker. Dit word dan dadelik terug besorg aan die Pastoor wat dit alfabeties in ‘n lêer hou. Hierdie name en adresse word op die besoekerslys geplaas.

**AAN:**____________________

**VAN:**____________________

**Insake:**
**Naam**___________________________
**Adres**___________________________
________________________________
**Tel.**_____________________________

**Beste tyd vir besoek:**__________

**BOODSKAP**

________________________________
________________________________
________________________________
________________________________

*Hierdie deel word ingevul deur die Opvolgwerker:*

**OPVOLGVERSLAG**

________________________________
________________________________
________________________________
________________________________
________________________________
________________________________
________________________________
________________________________

**Datum:**____________

Handtekening:____________________

# GEESTELIKE LEIERSKAP

## *IS JY 'N LEIER ?*

Iemand het dit so in Engels gestel: "If you say that you are a leader, and you look behind you and see that nobody is following you, you are not a leader, you are only taking a walk! " The Message: "The mark of a good leader is loyal followers; leadership is nothing without a following" (Prov 14)

Die een groot tekort vandag in gemeentes is ware leiers. Dit was nooit God se beplanning dat net 'n paar alles moes doen in 'n gemeente nie !
Vandag is daar ongeveer 20% lidmate werklik betrokke in een of ander leierskap in die gemeente !

In 1 Kor 12:12-31 en Ef 4:11 word duidelik lering gegee hoe elkeen van ons 'n funksie het om te vervul in die gemeente sodat daar groei kan plaasvind.

***Die volgende leiers is vandag dringend nodig – selfs in die kleinste gemeente in die land:***

1. **Herders en Selleiers**. 'n Gemeente sal so sterk wees soos sy leierskap

2. **Vroue as leiers**. Vroue bediening moet sterker aangemoedig word

3. **Leiers onder die** jeug. Daar is 'n groter aanslag van die vyand teen ons jongmense.

4. **Sielewenners** (daarom moet ons bid vir arbeiders volgens Matt 9:37+38). Ons bid altyd vir die oes i.p.v. die arbeiders wat uitgestuur moet word.

5. **Voorbidders** wat tussen God en die mens kan staan. Eseg 22:30 – "En ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie, maar Ek het niemand gevind nie."

6. **'n "Worship leader"** wat God se volk in aanbidding kan lei. Die musiek bediening is so sterk soos die voorsangers en musikante. Daarom moet hierdie mense ingebid en voorbereid kom na die dienste om God se volk te lei na die Allerheiligdom

7. **Die Sondagskool of Kinderkerk is so sterk soos sy superintendent en onderwysers.** Die wat met die kinders werk moet van die **uitsoek-leiers** in die gemeente wees

Een ding wat gemeentes seker die sterkste geestelik bou is goeie Woord prediking. Daarom moet ons bid vir leiers wat die Woord kragtig kan bedien.

**The Living Bible** stel dit so in Rom 12:8 - "If you are a preacher, see to it that your sermons are strong and helpful"

Deur die eeue heen het God hoofsaaklik gewerk deur leiers. Hy het net twee keer van 'n esel gebruik gemaak.

**Onthou een ding:** 'n Leier word sterker wanneer hy ondersteun word deur ander leiers wat hom bystaan met die regte raad. Moenie bang wees om ander leiers om jou te vergader nie, want die Woord sê: (Spr 11:14) "In die veelheid van raadgewers is redding"

## *Die eienskappe van 'n ware geestelike leier:*

***1. Dit moet iemand wees wat van God geroep is vir die taak.***

Dink aan:
* Moses - Ex 3
* Josua - Jos 1:1-2
* Esegiël - Eseg 2-3

***Wil jy ook soos Esegiël vir Godwerk ?***
***Dan is God se Woord aan jou:***

1. Eseg 2:1 - *Staan op jou voete !*
   m.a.w. Staan op in jou gees, dat jy God kan hoor.

2. Eseg 2:2 - *Laat die Gees op jou kom !*
   Jy sal met krag kan werk as Sy Gees op jou rus. Die belangrikheid van die volheid van die Gees kan nie oor beklemtoon word nie.
   Hand. 1:8, Rom.8:26, Joh. 16:7-14

3. Eseg 3:1-2 - *Eet die Woord !*
   Laat die Woord ryklik in jou woon.
   Dissiplineer jouself om bybel te lees.
4. Eseg 3:8+9 - *Laat God jou voorhoof hard maak* Moenie kleinserig en liggeraak wees as jy vir God wil werk nie !

5. Eseg 3:15 - ***Sit 'n wag voor jou mond!***

Jy sal uitvind wanneer jy regtig met God ontmoet het , dat jy nie oorhaastig met mense moet praat nie.

As jy 'n werk doen wat nie resultate oplewer nie, was jy nooit vir daardie werk geroep nie óf dan het God 'n nuwe roeping vir jou.

Voordat ons leiers aanstel sal ons moet hoor wat sê die Heilige Gees. Ons lees bv. in Hand 13:2 – "En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Barnabas en Saulus vir my af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het."

2. ***'n Leier is een met moed.***

***Jos 1:7****– "Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het: wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan."*

Moed beteken: ***"Dapperheid in gevaar"***

Al word almal om jou moedeloos, behoort jy nog te kan uitroep soos Paulus op die boot wat besig was om te vergaan – "***Hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is."*** ***(Hand. 27:25)***

***'n Lewensles***! Neem nooit 'n besluit in moedeloosheid nie.
As jy moed het sal jy kan waag. Talle is vreesagtig om te waag. 'n Ware leier waag as hy oortuig is van dit wat hy moet doen.

3. ***'n Geestelike leier is een wat kan "dien"***

'n Mens se "grootte" word nie bepaal deur jou **plek en posisie** wat jy beklee nie. Ware leierskap word bereik nie om mense gedurig te oorheers nie, maar om myself te gee aan ander.
Elisa was geken deur sy dienskneg gees. 2 Kon 3:11
Jesus het eenmaal oor die begeerte van 'n moeder dat haar seuns (Johannes en Jakobus) aan Sy regter en linkerhand moes sit, gesê: *"Elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle eerste wil word, moet julle dienskneg wees".* **Matt. 20:26,27.**

In **Mark. 10:45** stel Jesus dit soos volg: "Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie".

### *4. ‘n Geestelike leier kan hom aan gesag onderwerp*

Iemand wat homself in elk geval nie aan God kan onderwerp nie, sal nooit die duiwel kan weerstaan nie. **Jak. 4:7**

Nadat Dawid deur Samuel as koning gesalf was, het hy homself nog 7 jaar aan koning Saul onderwerp voordat hy Saul vervang het as koning.

**Kom ons kyk na Luk. 10:19 (Krag en Mag)**
*Krag = Dinamus (Beteken inwonende krag)*
*Mag = Exousia (Die reg om op te tree vanuit hoër gesag)*
Gedelegeerde mag kry jy alleenlik as jy jouself onderwerp aan hoër gesag!

### *5. ‘n Ware leier het die regte mentaliteit*

Hy sien homself beslis nie as ‘n “sprinkaan” nie.
**Num. 13:30;** Kaleb sê*: “Laat ons in besit neem**, want ons kan**”.*

**Num***. **13:31-33;** “Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons.* Die ander sê: “Ons was soos sprinkane in ons oë”.
Hoor hoe roep kaleb 45 jaar later uit in **Josua 14:10-12** (toe was hy 85 jaar oud !)

***‘n Ware leier sê dat hy tot alles in staat is deur Christus wat hom die krag gee.* (Fil. 4:13*)***

***Hy weet dat Hy wat in hom is groter is as hy wat in die wêreld is*.**
**(1Joh. 4:4)**

### *6. ‘n Leier ken dissipline*

Die woord dissipline kom van dieselfde stamwoord as dissipel. Geen mens kan ‘n ware dissipel van Christus wees en nie dissipline ken nie.

*Die leier studeer terwyl ander slaap. Hy bid terwyl ander speel.*
**“The heights by great men reached and kept were not attained by sudden fight, but they, while their companions slept, were toiling upward in the night”.**

### *7. Hy is een wat besluite kan neem en dit dan uitvoer !*

Sodra ‘n ware leier seker is van God se wil, kom Hy dadelik in aksie en inspireer mense om dit saam met hom te doen.

8. ***'n Geestelike leier is iemand wat vol is van die Gees van God !***
Moses het so baie van die Gees van God op hom gehad, dat nadat nog 70 oudstes van die volk gedeel het in die krag van die Gees wat op hom was, hy nog kragtig in die Here was! Ons lees hiervan in **Num. 11:17,25**

Ons lees dat daar 'n "voortreflike Gees" in Daniël was **(Dan. 5:10-12) .** Die rede hiervoor was omdat Daniël God se gees in hom gehad het.

Een van die sterk kwalifikasies by die aansteling van die eerste diakens was dat hul vol moes wees van die Heilige Gees. **Hand. 6:35**

Selfs Jesus het die Heilige Gees nodig gehad. **Joh. 3:34 & Hand. 10:38.**

Hoe kan ons as leiers in God se werk met minder tevrede wees. **Luk. 11:13.**

9. ***'n Geestelike leier is iemand met 'n visie***
Hy moet so oortuig wees van die visie wat hy van God ontvang het dat hy dit met oortuiging kan oordra, sodat dit ander kan aangryp dat hul daarmee kan hardloop. **Hab.2:2** stel dit soos volg (in die King James vertaling):

***"And the Lord answered me, and said, write the vision, and make it plain upon tables, that he may run that readeth it".***

Dit is dus nodig dat die Leier gedurig "vars"
openbaringe van God kry. Ons moet oppas dat God se wolk nie onder ons uitbeweeg nie.

10. ***Hy is een wat sy stand kan neem teen dit wat verkeerd is!***
Ons leef mos in die tyd van die swygende menigte! Jesus as die volmaakte leier het duidelik sy stand geneem teen die verkeerde.
Dink maar aan: **Joh. 2:15-17 & Matt. 21:12-14**
**Eers moes die tempel gereinig word voordat wonders kon plaasvind.**

11. ***Hy is een wat 'n insig het in die geesteswêreld:*** **m.a.w. sy oog is reg. Matt. 6:22,23.**

Dit was hulle in die verlede wat meer kon "sien" as die gewone mens, wat hul geslag kon beinvloed vir God.

Daarom sal daar altyd ‘n groot verskil wees tussen ‘n geestelike werker en ander. Dink aan die geweldige verskil wat daar was tussen Elisa en Gehasi **(2Kon. 6)**.

Casey Treat het gesê: “You must be spiritual minded if you want to take part in spiritual warfare”.

Ons moet dink soos God dink!

Paulus verklaar in **Fil. 4:8,** “Verder broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.”

Die duiwel haal ons baie maal uit geestelike oorlogvoering uit en kry ons om in die vlees te veg. Selfs baie keer as ons bid baklei ons met onsself i.p.v. met die bose magte in die lug.

Ons praat te veel van die duiwel – kom ons dryf hom net uit! Dit is tog die opdrag aan die wat glo **Mark. 16:17**.

### *12. ‘n Leier kan delegeer!*

D.L. Moody het eenmaal gesê dat hy liewer ‘n 1000 man aan die werk wil sit as om ‘n 1000 man se werk te moet doen.

As jy geneig is om alles altyd self te wil doen is jy nie ‘n goeie leier nie.

Dit is wat Moses gedoen het in **Ex. 18.** (Ons kyk later na hierdie beginsels). Maar wanneer u take delegeer moet u dit ook duidelik uitspel wat u van die persoon verwag, m.a.w. pligte moet duidelik uiteengesit word. Die raad wat Paulus aan Timotheus as jong leier gegee het in **1Tim. 4:14-16** is baie belangrik. Mense wil weet wat van hulle verwag word.

Moses was bereid om 70 ander leiers aan te stel **(Num.11:16+17)** en nie alles self te doen nie. In die Nuwe Testament is dit God se wil dat daar verskeidenheid van bedieninge moet wees in Sy kerk **(1Kor. 12:4-6).**

### 13. ‘n Ware leier gee erkenning aan ander:

**Behandel ander soos wenners en waardeer as iemand iets goeds gedoen het. Om erkenning vir iemand te gee, is meer effektief as selfs die mees opbouende kritiek wat baie maklik tog ‘n seer in harte agter laat.**

*Iemand het gesê: “Catch people doing something right, then tell everybody about it”.*

**BEANTWOORD VIR JOUSELF DIE VOLGENDE VRAE**:

- Is ek jaloers as God ander gebruik ? (Moses was nie: Num 11:26-29)
- Is daar hoogmoed in my hart ? (Spr 16:5)
- Wat doen ek as ander verkies word bo my ?
- Kritiseer ek graag ?

- Behou ek kontrole oor myself as dinge verkeerd loop?
- Is ek iemand wat vrede kan maak ? (Matt 5:9)
- Kan ek uitdagings aanvaar ?

14. ***'n Ware leier is iemand wat van God hoor!***
***Jy kan net van God hoor as jy in verhouding met Hom leef!***
In niks meer moet die leier voor wees in hulle wat hom volg nie – ***As in Gebed!***
Martin Luther het gesê – die dag as hy meer het om te doen, spandeer hy meer tyd in gebed.

Maak 'n studie van Jesus se gebedslewe en jy sal sien hoe ernstig Hy daarmee was.
**Luk 5:16 Luk 6:12 Mark 1:35**
**Mark 6:46 Luk 9:28 Heb 5:7.**
Daarom is tye van afsondering voor God so geweldig nodig. Die duiwel gee nie om dat ons hardloop deur God se groen weivelde nie, maar hy raak bekommerd as ons wil neerlê in die groen weivelde. ***Ps. 23:2***
Wanneer 'n leier van God gehoor het, is hy ook geen mense-behaer nie.
**Gal. 1:10-12**
Tree op soos 'n Leier. Baie wil 'n Leier wees, maar tree so verskonend op dat hul nooit sukses sal behaal nie.

15. ***'n Leier neem sy mense saam met hom –***
*Jos. 1:2 "Maak jou klaar trek deur hierdie Jordaan, jy en hierdie hele volk"*
As ons waarlik van God gehoor het, sal mense ons volg. As ek nie mense kry wat my volg in 'n saak nie, moet ek weet dat ek nie die leier is vir daardie spesifiede taak nie!

## 'N KARAKTERSTUDIE VAN MOSES AS LEIER

'n Mens kan nie 'n studie van leierskap aandurf en nie na Moses as leier kyk nie. Hy het tog 3 miljoen Jode vir 40 jaar deur die woestyn gelei na kanaänsland. Moses se lewe was in 3 dele ingedeel. Vir sy eerste 40 jaar was hy in Egipte. Vir die tweede 40 jaar in die wildernis waar hy vee opgepas het en ingewoon het by die priester van Midian en die laaste 40 jaar van sy lewe het hy Israel gelei uit Egipte tot Kanaän.

Deur die gasvryheid van Jetro **(Ex. 2:20)** het hy Moses gehelp uit sy bitterheid en selfverwyt waarmee hy gevlug het uit Egipteland. Jetro het sy hand vir Moses gegee en hom ingelei in 'n wêreld van hoop en voorbereiding.

**'n Ware leier behoort 'n bediening van gasvryheid te openbaar.** In elk geval sê die Bybel dat ons deur gasvryheid engele as gaste herberg. **(Heb. 13:3)**

Hier in die woestyn het Moses onderskei tussen meegevoel en beginsel, tussen deur impulsief te wees en kalmte.

Net in die wildernis leer jy dat die nood wat jy sien nie noodwendig jou roeping is nie. Hier het Moses in die eensaamheid van die wildernis baie geleer, maar gelukkig het God ‘n familie om hom gesit. Dank God dat ons as leiers ook nie alleen is nie. God het aan ons broers en susters in die Here gegee wat ons kan bystaan in ons taak wat ons moet doen !

**‘n Ware leier is een wat deeglik deur God voorberei word vir sy taak.** Moses se graad in die “Wildernis Universiteit” het hom 40 jaar geneem om te voltooi.
Moses was ‘n mens net soos ons met ‘n opvliëende humeur en sommer ‘n spraakgebrek daarby.

Moses het vir ‘n besondere tyd van sy lewe net sukses gehad.
Dink aan die 10 plae en die deurtog deur die Rooi See. Ja, selfs die grootste regeerder op aarde, nl. Farao, het voor Moses tot ‘n einde gekom. Die manna wat uit die hemel geval het; die water uit die rots; die Amalekiete wat verslaan is deurdat Moses op die berg sy hande omhoog gehou het

Geen wonder dat die mense nag en dag na hom gestroom het vir hulp nie Wat ‘n besondere posisie om in te wees. Maar wat ‘n gevaarlike posisie

God stuur ‘n eenvoudige priester na Moses (sy skoonvader) om hom te waarsku. Jetro sê nogal: “***Die ding wat jy doen is nie reg nie***” Jetro se raad het ‘n leier gered van ondergang asook die volk Israel

Sien Moses en Jetro in die tent in gesprek oor wat God vir Israel gedoen het **(Ex. 18:7-9)** Toe volg aanbidding **(v. 12)**
<u>Wat in vers 13 gebeur het, het die geskiendenis van die wêreld verander</u>. Tot op daardie stadium het Moses gedink dat hy al die bedieninge besit om die volk te kan help in hul probleme. Hy wou ‘n groot indruk by Jetro, sy skoonvader, maak. Moses het gemeen dat Jetro trots op hom sou wees.
Daardie aand is hul weer in gesprek met mekaar in die tent. Luister wat sê die wyse Jetro **(Ex. 18:14,17,18)**

**JETRO GEE AAN MOSES VYF EIENSKAPPE HOE OM ‘N SUKSES TE BEREIK AS LEIER.**

**DIE EIENSKAPPE GELD NOG NA 4000 JAAR, HULLE IS:**

1. Hy moes die volk se verteenwoordiger by God wees, en hul sake voor God bring.

   Geen persoon kan ‘n suksesvlle geestelike leier wees as hy nie die mense wat hy lei by God verteenwoordig deur gebed nie! Moses was voorwaar ‘n ***Voorbidder***.

***As Voorbidder stuit Moses God se oordele – Num 16:1-50***

***As Voorbidder soek Moses nie sy eie belang nie!***
***Ex 32:7-14 & Num 12:1-15***

2. Hy moes ‘n ***leermeester*** wees. Hy moes hulle die insettinge en wette van God leer.

3. Hy moes ‘n ***voorbeeld*** wees. ‘n Leier wys nie die pad nie, hy lei die pad.

4. Hy moes kon ***delegeer***. Daarom kon Moses die werk deurgee aan ander leiers. Sommige oor ‘n duisend, ander oor ‘n honderd , vyftig en selfs tien.

   Paulus het dieselfde raad aan Timotheus gegee in **2 Tim. 2:2.**

5. Hy moes ***uitsprake kon gee***, selfs oor die moeilike sake wat hul nie self kon oplos nie.

Jetro sluit af met sy raad aan Moses met die woorde: **Ex. 18:23**

***‘N WAARSKUWENDE WOORD AAN LEIERS!***

*1.* ***Regeer u huis!*** Die Bybel sê in **1 Tim. 3:4+5** dat ‘n geestelike leier is: “*een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?”*

Het jy geweet dat die Here Moses op ‘n stadium wou doodmaak? Ons lees daarvan in **Ex. 4:24-26.**
Die rede: Moses het nie sy seun besny nie! God het die stap as ‘n verbondsverbreking gesien!
**(Gen 17:14)** Sippora, sy vrou, kom tot sy redding en besny self haar seun.
Die tyd het aangebreek dat die vrou haar stand vir die Here sal neem. As die man nie toesien dat sy kinders in hul harte besny word nie (m.a.w. tot bekering kom nie) sal die vrou moet help dat dit wel gebeur.

2. ***Moenie dat jou staf ‘n slang word nie!*** In elke staf is daar ‘n slang. As outoriteit misbruik word, sal die slang tref! Dit byt die man wat die staf hou! Net eenmaal het Moses sy staf verkeerd gebruik. Toe hy moes praat met die rots het hy dit met die staf geslaan! Dit was tot sy eie nadeel want hy kon Kanaän sien maar nooit ingaan nie.

***'N KORT STUDIE VAN NEHEMIA AS LEIER***

1. Hy was 'n man van gebed. **(Neh 1:4+6, 2:4, 4:4, 9:5-19, 6:14+22+29)**

2. Hy was 'n man wat **kon erken**. **(Neh 1:6)**

3. Hy was 'n man **met moed**. (Neh 6:11)

4. Hy was 'n man wat opreg belanggestel het in die behoefte van sy medemens. **(Neh 2:10)**

5. Hy was 'n man wat **geweet het wat hy wil hê**. **(Neh 2:8)**

6. Hy was 'n man wat **versigtig beplan het**. **(Neh 2:11-16)**

7. Hy was 'n man **wat nugter opgetree het**. (Neh 4:9)

8. Hy was 'n man wat sy **volgeling gemotiveer** het. **(Neh 2:18+20, 4:14,20, 8:10)**

9. Hy was 'n man wat die gesag van die Woord erken het.

**<u>BESLUIT OM 'N GEESTELIKE LEIER TE WEES!</u>**

# DIE KONINKRYK VAN GOD

***<u>Ons sal ware groei sien in onsself asook in God se Kerk indien ons die beginsels van Sy Koninkryk sal verstaan en toepas</u>***

DIE KONINKRYK VAN GOD IS DIE PREDIKING VAN DIE NUWE TESTAMENT

Jesus se hele prediking het gegaan oor die Koninkryk van God

**Matt. 4: 17,23**: "Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: **Bekeer julle, wan**t die Koningkryk van die Hemele het naby gekom. En Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die Evangelie van die Koninkryk verkondig **en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees"**.
Dit is duidelik dat 'n mens nie kan inkom in God se Koninkryk sonder bekering nie Verder is dit ook duidelik uit wat hier in Matt. 4 gebeur het dat waar God se Koninkryk kom vind daar genesing en wonders plaas.

By die vermeerdering van die brode lees ons dié besondere woorde in **Luk. 9:11**: "En Hy het hulle ontvang en met hulle gespreek oor die Koninkryk van God".

Selfs in die **"Onse Vader**" leer Hy ons bid: "Laat u Konikryk kom;" **(Mat. 6:10). Lees ook**: Matt. 5:10, Matt. 10:7,8.

In **Matt. 6:33**; sê Jesus dat ons Sy Koninkryk moet soek! **"Maar soek eers die Koninkryk van God en sy Geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word"**. ("Hierdie dinge" verwys na wat ons eet, drink en aantrek).

**HIER STAAN NIE:**

1. "**Sodat** al hierdie dinge vir julle bygevoeg kan word nie"?

2. **OOK NIE:** "Met dié motief om al hierdie dinge te kry nie"?

**MOENIE KYK WAT JY UIT GODSDIENS KAN KRY NIE, MAAR KYK WAT JY DAARIN KAN INSIT!!**

**AMPLIFIED BIBLE**: "But seek for (aim at and strive after) first of all His kingdom, and His Righteousness (His way of doing and being right) and then all these things taken together will be given you besides".

**DIE LEWENDE BYBEL**: "Waarop julle in die eerste plek moet konsentreer, is dat God se Koninkryk erken sal word en dat mense sal doen wat Hy wil hê, dan sal Hy vir julle boonop al hierdie dinge gee wat julle nodig het."

**KRY JOU PRIORITEITE REG!!**
God is vòòr my man òf vrou. Voor my werk; my studies; my familie en vriende; my plesier en my eie behoeftes.

**WAT BEDOEL ONS AS ONS PRAAT VAN DIE KONINKRYK VAN GOD?**
Die Griekse woord vir "Koninkryk" is **Basileia**. Dit beteken:"KONINKLIKE GEBIED"

God se Koninkryk is die **gebied** en **plek** waar God se wil erken en gehoorsaam word.

- **IN MY HART** - Daarom moet jy jou hart bewaak. (Mark.7)
- **IN MY HUIS** - Wat laat jy toe?
- **IN MY BESIGHEID OF WERK** - Daarom moet jy eerlike besigheid doen.

**KOM ONS BAKEN DIE GEBIED AF VIR GOD WAAR ONS WOON, WERK OF STUDEER.**

Charles Finney, daardie magtige Evangelis het sy dorp sò af gebaken vir God! Selfs wanneer treine in die nag deur sy dorp beweeg het, het mense neergeval en hul aan God oorgegee. Kom ons neem ons gemeenskap in besit vir God.

**Luister weer mooi na die woorde van Paulus in:**
**2 Kor. 10:3,4** "Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp". (Lees ook verse 5, 6). Kom ons gebruik dié wapens om satan se planne te verydel.

In Lukas 17:20,21; vertel Jesus dat ons die Koninkryk van God geestelik moet verstaan: "En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die Koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die Koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of kyk daar! nie; want die Koninkryk van God is binne-in julle".

**DIT IS AS GOD REGEER IN MY HART. IS DIT OOK JOU GETUIENIS?**

JESUS SE EIE DISSIPELS HET GEDINK DAT SY KONIKRYK SOU BEVESTIG WORD AS HY HUL VERLOS HET VAN DIE ROMEINSE JUK.

KYK NA **HUL** VRAAG EN **SY** ANTWOORD:

Hand. 1:6-8: "Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê:
Here, gaan U in hierdie tyd die Koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuienis wees…"

**VIR PILATUS HET JESUS GESê:**
**Joh. 18:36**: " My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."

**1 Kor. 4:20**: is 'n besondere woord waar Paulus sê: "Want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in **krag"**

'n Voorbeeld hiervan vind ons waar Jesus 'n blinde en stomme Gees uit 'n man uitgedyf het.

Die Fariseërs het Jesus beskuldig dat Hy dit gedoen het deur die krag van die owerste van die duiwels.

**Jesus antwoord hulle in Matt. 12:28**: "Maar, as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom".

MAG GOD SY KONINKRYK BEVESTIG DEUR DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES!

Uit **Matt. 12** lei ons af dat elke keer as God werk deur Sy Heilige Gees, dan het Sy Koninkryk daar gekom.

**ONS ERVAAR DIT BY ELKE:**

Bekering
Vervulling met die Heilige Gees
Genesing
Bevryding

HOE KAN ONS DIE KONINKRYK VAN GOD VERGELYK?
Matt. 13; Matt. 18:23-25; Matt. 20:1-6; Matt. 22:2-14: Matt. 25:1-13.

**WAARSKUWING**: Die Koninkryk van God kan weggeneem word. Matt. 21:43

DIE VOLGENDE HET OOK DIE KONINKRYK VAN GOD GEPREEK:

- Johannes die Doper - Matt. 3:2
- Die Dissipels - Matt. 10:7
- Fillipus - Hand. 8:12
- Paulus - Hand. 14:21, 22; 19:8; 20:25; 28:23

**WAT IS DIE WOORWAARDES VAN TOELATING TOT DIE KONINKRYK VAN GOD?**

Matt. 5:1-10; (Sagmoedigheid; Honger en dors na die Here; Behoeftiges help; Rein harte besit; Vrede kan maak)

Matt. 25:34-40; Arm mense voed en kleed; Siekes bedien; Gevangenis help
Luk. 9:62; Volhard om God te dien
Joh. 3:5; Wedergebore word
Lees ook die volgende: Matt. 18:1-4; Ef. 5:5; Gal. 5:19-21;
1 Kor. 6:9-11; Kol. 1:13; Luk. 18:16, 17; 2 Pet. 1:3-15.

## DIE SLEUTELS VAN DIE KONINKRYK

**Matt. 16:13-19**
Die Koninkryk van God en die Koninkryk van die Hemele is presies dieselfde.
Die rede waarom Mattheüs nie praat van die Koninkryk van God nie, maar wel van die Koninkryk van die Hemele is omdat die Jode die naam van God nie geskryf of gesê het nie, omdat hul bang was dat hul dit ydellik sou doen.
Ex. 20:7; "Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat Sy naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie".

In **Matt.3:2** verstaan ons duidelik dat 'n mens nie in God se koninkryk kan ingaan sonder bekering nie. Want Johannes die doper preek en sê: "Bekeer julle, want die Koninkryk van die Hemele het naby gekom".

In **Matt. 5 tot 7** Leer Jesus ons die beginsels van die Koninkryk.

In **Matt. 8 en 9** vind 10 Wonders plaas om die koninkryk van God te bevestig.

In **Matt. 10** Stuur Jesus Sy dissipels uit om Sy koninkryk te gaan uitbou.
Hy gee Sy dissipels gesag in Sy koninkryk.

In **Matt. 16:19** Leer Jesus ons dat hierdie koninkryk sleutels het.

- Elke huis en besigheid het sy eie sleutels.
- Enige persoon het nie toegang tot jou huis nie; maar net hulle wat daar woon.
- Sal jy belangrike sleutels aan enige persoon of kind gee?
  Motorsleutels?
  Voordeursleutels?
  Kombuiskaste?
  Kluissleutels?

  NEE! Maar alleenlik aan húlle wat jy kan vertrou.

VRAAG: Kan God jou vertrou met die sleutels van Sy Koninkryk?
**Met hierdie sleutels kan ons oopsluit en ook toesluit.**

**WAT IS DIE SLEUTELS VAN DIE KONINKRYK VAN GOD?**

1. Die eerste sleutel: Matt. 18:1-3;
   **NEDERIGHEID** - As u groot wil wees, word die minste.

2. Matt. 12:22-25:
   **EENHEID** - As 'n koninkryk teen homself verdeeld is kan dit nie bly staan nie.
   As ons VERDEELD is sal ons nie geestelike deure oopkry nie.

3. **In Rom. 14:17**: Gee Paulus 3 sleutels in een bos.
   "**Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar GEREGTIGHEID en VREDE en BLYDSKAP in die Heilige Gees**"

   AMPLIFIED BIBLE: "After all the Kingdom of God is not a matter of food and drink but instead, it is righteousness - that state which makes a person acceptable to God - and heart peace and joy in the Holy Spirit".

   **GEREGTIGHEID**
   (Righteousness - In right standing with God)
   'n Staat waar ek aanneemlik voor God is! - Sonder enige skuld.

   Net 'n offer van bloed is aanneemlik voor God. Dink aan die bloed-offer wat die hoëpriester moes bring op die versoendag.
   Die wet binne die verbondsark was nie genoeg nie - God wou die bloed sien

   KAN GOD DIE BLOED VAN JESUS SIEN IN U LEWE?
   Volgens **Rom. 4:3-5** kry ons geregtigheid nie deur verdienste nie, maar deur geloof in God.
   Hiskia het 15 jaar langer geleef omdat hy die sleutel van Geregtigheid in sy hand gehad het op sy sterfbed. (2 Kon. 20)

   **VREDE**
   - Spanning bind jou - maar vrede maak vry.
   - Elke huwelik het voorwaar dié sleutel nodig.
   - As jy vrede met God het, asook met jou medemens - dán het jy God se koninkryk binne in jou.

   **BLYDSKAP IN DIE HEILIGE GEES**
   **Hierdie blydskap kan vervolging nie eers steel nie.**
   Nadat die Apostels geslaan was, lees ons in Hand. 5:41; "Hulle het toe van die raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir Sy naam oneer te ly". Dink ook aan Hand. 16. waar Paulus en Silas selfs traliedeure oopgesing het! U kan dieselfde ondervind as u hierdie sleutel van God se Koninkryk in u lewe gebruik. Geen wonder dat Nehemia onder baie druk van sy vyande kon uitroep: Neh. 8:11: "Die blydskap in die Here - dit is julle beskutting".

Hierdie blydskap word nie eers beïnvloed deur 'n misoes nie. (Hab. 3:17,18)
**BESIT JY**: Geregtigheid? Vrede? Blydskap in die Heilige Gees?
Dan besit jy God se Koninkryk.

**<u>KONINKRYKSWETTE</u>**

In Matt.5,6,7 vind ons die wette (of beginsels) van die koninkryk.

Elke koninkryk het wette wat streng nagekom moet word. God se koninkryk het ook duidelike wette. Jacobus verwys na een van hierdie koninkrykwette in Jak.2:8. "As julle ewenal die koninklike wet volbring volgens die skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself - dan doen julle goed".

**ONS VIND DIE VOLGENDE KONINKRYKSWETTE:**

<u>Die Koninkryk's Wet oor: **VERSOENING.** (Matt. 5:21-26)</u>

Die Nuwe Vertaling: vers 22 - 24: "Maar ek sê vir julle : Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regsbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad: en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die hel se vuur. As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe".

**'N PAAR VRAE OOR VERSOENING**:

1. Wat beteken die woord "Versoening"? Dit meen om vrede te maak. Ons moet ten eerste vrede maak met God, en waar nodig met ons medemens en moenie vergeet om met uself ook vrede te maak nie. As God u vergeef het, vergewe dus ook uself.

2. Wanneer moet ek met my broer (of suster) versoen? Matt. 5:23, 24: sê as ek besig is om tot God te bid of te aanbid en dit sou my byval dat my broer/suster iets teen my het.

3. Hoe versoen ek met my broer? Matt. 18:15 - 17

4. Hoeveel keer moet ek kan vrede maak?
Matt.18:21,22; Luk. 17:3,4.

5. Hoekom moet ek vrede maak? As ek dit nie doen nie sal God my oorgee aan die ppynigers - Matt. 18:34,35. Ek moet kan vrede maak met ander as ek wil hê daar moet vrede tussen my en God wees - Luk.11:4. Baie kan nie hul berge van probleme verskuif nie, omdat hul nie kan vergewe nie - Mark. 11:22-26.

**<u>Die HUWELIKSWET (</u>**<u>Matt. 5:27 – 32)</u>

Wat is die **HUWELIK?** Dit is 'n verbintenis tussen een man en een vrou, wat 'n gelofte voor God gemaak het, om aan mekaar verbind te bly totdat die dood hul sou skei! God het in elke geval vir Adam net een vrou gemaak! Die huwelik is 'n instelling van God en is 'n Heilige saak. 1 Tim. 4:1-3, Heb.13:4
**Daar is pligte in die huwelik. Ef.5:22-23, 1 Pet.3:1-7**.

<u>Die wet oor **EEDSWERING (**Matt. 5:33-37)</u>

Dit beteken: 'n Getuienis voor God aflê dat 'n verklaring die waarheid is.
<u>Voorbeelde in die Ou Testament</u>:
Gen. 21:23-32: Abraham en Abiméleg
Gen. 24:2-4: Abraham en Eliëser
Gen. 47:29-31: Jacob en Josef

God verlang van ons dat ons woord ons eer moet wees.
Jesus sê in Matt. 5:37: "Maar laat julle woord wees. Ja Ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose".

Luister wat sê Jakobus in die Lewende Bybel: Jak. 5:12 : "Liewe Broers, daar is nog iets wat baie belangrig is. Julle moet liewer glad nie sweer as julle wil wys dat julle die waarheid praat nie".

<u>Die wet oor **VERGELDING (**Matt. 5:38-48)</u>
Dit beteken: Afrekening of Terugbetaling.

<u>Die wet oor **GESINDHEDE (**Matt. 6:2,5,16)</u>
In Filippense leer Paulus die volgende oor gesindhede: **Fil. 1:12-18**.
Paulus het probleme met ander se gesindhede en motiewe - maar kyk hoe besonders is syne wanneer hy uitroep in vers 18: "Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly".

Paulus verwys ook dan na die wonderlike gesindheid wat in Jesus was en moedig ons aan om dié gesindheid te bekom. Fil. 2:1-5

<u>Hierdie gesindheid is om</u>:
- nie selfsugtig te wees nie
- nie ydele eer te soek nie
- nederig te wees
- ander hoër te ag as onsself
- na ander se belange ook om te sien

<u>Die wet oor **KWELLING (**Matt. 6:25-34)</u>

<u>Die wet oor **GEE (**Lukas 6:36-38)</u>
Dit is tog saliger om te gee as om te ontvang. Hand. 20:35:
Die dooie see is "dood" omdat dit net water ontvang.

Wanneer ons aan God gee is die volgende beginsels van toepassing:

- Gee gewilliglik - Ex.25:2, 1 Kron. 29:9
- Gee blymoedig - 2 Kor. 9:7
- Gee ooreenkomstig God se seën aan jou. Deut.16:17
- Gee jou beste. Mal. 1:8, 13, 14
  (kyk wat was die klag teen Israel)

<u>Die wet oor **OORDEEL** (Matt. 7 : 1-5)</u>
<u>Die betekenis van die volgende woorde</u>:

| | |
|---|---|
| OORDEEL | Uitspraak; Mening; Opinie; Sienswyse. |
| BEOORDEEL: | Goekeuring of afkeuring uitspreek: Om waarde te bepaal: Opbouend te kritiseer |
| VEROORDEEL: | Oordeel vooruit sonder die vereiste kennis en bewyse Moenie oordeel nie - al dink jy dat jy al die feite het. |

DIE BYBEL BELET ONS OM TE OORDEEL. Rom. 2:1-3 Jak. 4:11,12

**<u>DIE KONINKRYK VAN GOD BREEK VIR HOMSELF 'N PAD OOP!</u>**
In Matt. 11 vers 12 sê Jesus: "Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die Hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld".

DIE NUWE VERTALING STEL DIT Sò TREFFEND:
"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die Koninkryk van die Hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragte inspan, kry dit in besit".

DIE LEWENDE BYBEL Sê WEER;
"Vandat Johannes die doper begin preek het tot vandag toe is die nuwe ryk waarin God regeer besig om deur elke weerstand te breek, en mense wat al hulle kragte daarop konsentreer maak dit hulle eie".

KING JAMES VERTALING:
"And from the days of John the Baptist until now the Kingdom of Heaven suffereth violence, and the violent take it by force".

**<u>HOE HET DIE KONINKRYK VAN GOD SEDERT JOHANNES DIE DOPER VIR HOMSELF 'N PAD OOPGEBREEK?</u>**

**Matt. 3:1-12** Johannes preek en sê: "Bekeer julle, want die Koninkryk van die Hemele het naby gekom". Bekering is beslis nodig as 'n mens die Koninkryk van God wil ingaan. Bekering is iets wat met "geweld" plaasvind want dit is 'n 180 grade omdraai in 'n mens se lewe.

Die mense bestorm Johannes die Doper uit Judea en omgewing om gedoop te word. Hy het hul gedoop terwyl hul hul sondes bely het. (v.5,6) Ja, waarlik, die Koninkryk van God het vir homself 'n pad deurgebreek in hierdie mense se harte.

KYK WAT HET GEBEUR TOE JESUS DIE KONINKRYK BOODSKAP BEGIN VERKONDIG. MATT. 4:17, 23,24
Wonders vind altyd plaas waar die Koninkryk vir homself 'n pad deurbreek. Selfs duiwels moet dan padgee.

**MATTHEüS 8**
Dié melaatse het sy kragte ingespan en dit gewaag om naby Jesus neer te val. Melaatses moes vêr weg van ander gebly het, anders was hul gestenig. Melaatsheid word in die Bybel vergelyk met sonde. As 'n mens in sonde verval het, kos dit voorwaar inspanning om na God te gaan vir reiniging.

Nog steeds in Matt. 8 vind ons die verhaal van die besetenes van Gadara.
God se Koninkryk tref die gebied met geweld. 2000 Varke bly in die slag!
Dit is altyd sò: As God se Koninkryk in 'n hart of huis inkom moet alle onreinheid pad gee.

**MATTEüS 9**
Die verlamde man in Kapernaüm. Dit is voorwaar geweld om 'n ander man se huis se dak oop te breek. Wat doen ons om mense by Jesus uit te kry? Sal ons bereid wees om sò met geweld op te tree?

Nog 'n voorbeeld in Matt. 9 van hoe die Koninkryk van God vir homself 'n pad deurgebreek het vind ons by: Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het.
Sy dring met geweld deur die skare. Sy is maar 'n vrou en baie siek weens die baie bloed wat sy die afgelope twaalf jaar verloor het. Maar sy is vasberade en span àl haar kragte in om by Jesus te kom. Haar genesing is onmiddelik.

Is jy siek? Is jy in nood? As jy iets van God wil hê sal jy al jou kragte moet inspan om by Jesus uit te kom. Geen mens mag jou verhinder daarin nie.

Kom ons glo dat die Koninkryk van God ons dorp of stad sal besoek soos wat met Efese in Hand. 19 gebeur het. Dit was 'n stad vol afgodsbeelde en towerkunste. Maar kyk wat doen God toe Sy Koninkryk deurbreek. (v.18-20)

**VIR GEWELD IN ONS GEES**:

- Om gered te word.
- Om genesing te verkry.
- Teen die duiwel wat ons huise en huwelike aanval.
- Indien jy 'n geestelike deurbraak in jou lewe begeer sal daar geweld en deursettingsvermoë in jou gees moet kom. Besluit nou of nooit moet ek God soek met my hele hart. Lees jou Bybel meer en bid meer.

# GEESTELIKE OORLOGVOERING

## ONS IS IN 'N GEESTELIKE OORLOG BETROKKE.

**Efesiërs 6:11-12**: " trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersters van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug"

Die Griekse woord wat hier as "liste" vertaal word nl. "Metodeia" beteken: "metodes van die duiwel".

Dank God ons is nie onbekend met die planne en metodes van die duiwel nie.
In 2 Kor. 2:10,11 sê Paulus "sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie; want ons is met sy planne nie onbekend nie".

EFESIëRS IS 'N WONDERLIKE BOEK:

a) Ef. 1,2,3: Sê wat ons posisie in Christus is!
b) Ef. 4,5,6:9: Sê hoe ek moet wandel in Christus Lees Ef. 4:1,17.
c) Terwyl die voorafgaande waar is moet ek my stand neem teen die duiwel met die volle wapenrusting van God! Want ek is in 'n Geestelike Oorlog betrokke – Ef. 6:10-20.

Onthou een ding: Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie! Die probleem is nie jou man, vrou, werkgewer, buurman, kerk of predikant nie – maar die duiwel! Ons veg teen ons medegelowige terwyl die duiwel staan en lag. Waar mense jou terleurstel, seermaak, moet jy eers besef dat die geveg "in die lug" is en nie in die vlees nie. Die geveg moet eers in gebed gewen word voordat jy die persoon sou aanspreek!

<u>IDENTIFISEER JOU VYAND</u>

- Die duiwel is die vader van die leuens. Joh. 8:44
- Die duiwel lis 'n dief. Joh. 10:10. Hy steel ons gesondheid; karakter en ons blydskap in die Here.
- Die duiwel doen hom voor soos 'n engel van die lig. 2 Kor. 11:14
- Die duiwel is 'n teenstander. 1Pet.5:8;
  1 Thes. 2:18; 2 Kor. 4:3,4
- Die duiwel is 'n versoeker. 1 Thes. 3:5
- Die duiwel is 'n verleier. 2 Kor. 11:3;
  1 Kor. 21:1-8
- Die duiwel word genoem die god van hierdie wêreld. 2 Kor.4:4 (Geen wonder dat die Goddelose mense baie aardse skate besit nie).
- Die duiwel is die prins van die lug. Ef. 4:27
  Hy kla God aan – Gen. 3:1
  Hy kla ons by God aan – Job. 1:6-12; Job. 2:1-5; Op. 12:9-10

VRAAG: WAAR KOM DIE DUIWEL VANDAAN?

Hy was 'n pragtige engel by die naam Lucifer wat hom bokant God wou verhef het, en is toe deur God uit die hemel neergewerp. Jes. 14:11-15; Eseg. 28:12-19; Op.12:3-9

**DANK GOD VIR DIE VOLGENDE:**

1. Die duiwels is hatig en jaloers op mekaar – Dit is tot ons voordeel.

2. Die duiwel is nie alomteenwoordig nie.

3. Hy kan nie doodmaak soos hy wil nie. Met Jesus se opstanding is die duiwel se mag hom ontneem.
   (Ef. 4:8-10; Kol. 2:13-15; Matt. 22:18)
   Daarom kon Jesus uitroep in:
   Op. 1:17,18:"Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende en Ek was dood en kyk, Ek leef in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood"
   Jesus sal mos nooit Sy sleutels vir die duiwel gee nie!

DIE WêRELD BESTAAN NIE NET UIT DIE DINGE WAT JY KAN AANRAAK EN SIEN NIE. OM ONS IS DAAR 'N ONSIGBARE WêRELD.

1. Die lug is vol TV en RADIO Programme – met die regte apparaat kan ons dit sien en hoor.
2. Het jy al deur 'n mikroskoop gekyk na die water wat jy elke dag drink – Wat sien jy?
3. Om ons is Engele. Daar is geweldig baie Engele.
   Dan. 7:10; Matt. 26:53; Luk. 2:13; Heb. 12:22.

   Van jou geboorte af het jy 'n engel by jou.
   Matt. 18:10 "Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is".

   **God se Engele word ook gebruik om ons te help in die Geestelike Oorlogvoering.**
   2 Kon. 6:17 " En Elisa het gebid en gesê: Here, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die Here het die oë van sy dienaar ageopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa".
   Migael is die Hoof van die gevegsengele.
   Dan. 10:12,13; Dan. 12:11; Judas vers 9

HET JY GEWEET DAT VORSTE VAN SATAN AANGESTEL WORD OOR DORPE EN STEDE?
Dan. 10:10-21 In vers 12 &13 sê Engel Gabriel vir Daniël dat sy gebed al 21 dae tevore gehoor is in die hemel, maar dat die duiwel se vors wat aangestel was deur Satan oor

die Koninkryk van Perse hom al die tyd teengestaan het. Migael, die Gevegsgeneraal onder die Engele, het hom gehelp om met die boodskap deur te kom na Daniël

Gabriël het vir Daniël gesê dat hy weer sal moet veg teen die vors van die Perse en daarna die vors van Griekeland. Dan. 10:20.

Dit skyn asof die Satan self oor Tirus geregeer het. Eseg. 28:1-19; Hierdie skrifgedeelte en Jes. 14:11-15 is ‘n baie duidelike beskrywing van die Satan wat homselsf bokant God wou verhef en toe deur God uitgewerp is uit die Hemel. Lees ook Open. 12:7-9.

**HOEKOM WEN ONS NIE ONS GEESTELIKE OORLOë NIE?**

Omdat daar ‘n Agan in die laer is! Jos.7

Die duiwel lag ons uit as ons teen hom wil veg met sonde in ons lewens. As ons wil oorwin sal ons Heiligmaking moet nastreef.

**ONS STRYD IS TEEN “BOSE GEESTE” EN NIE TEEN MENSE NIE.**

**SOMMIGE SIEKTE IS ‘N GEES**. Luk. 13:10-17

Hoe baie keer dokter ons die liggaam, terwyl die gees van die mens eintlik die genesing nodig het.

KOM ONS KYK NA VERS 11 IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE:

Ander vertalings stel dit soos volg:

Die Lewende Bybel:

“In die Sinagoge was daar ‘n vrou in wie daar al agtien jaar lank ‘n Bose Gees was wat haar siek gemaak het. Haar rug was heeltemal krom getrek sodat sy nie meer orent kon kom nie”

Amplified Bible:

“And there was a woman there who for eighteen years had had an infirmity caused by a spirit (a demon of sickness). She was bent completely forward and utterly unable to straighten herself or to look upward”

Dit is treffend om te sien dat hierdie vrou in die kerk was vir agttien jaar en tog was sy gebind.

Is daar nie ook talle vandag binne die kerk, ja tussen ons, en tog is hulle gebind. Kom ons maak hul vry in Jesus se Naam.

**VREES KAN ‘N GEES WEES**.

**2 Tim. 1:7** “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegeen ie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”

HOE OORWIN ONS VREES?

Dank God ;vir 1 Joh. 4:18: "Daar is geen vrees indie lifde nie; maar adie volmaakte liefde dryf die vrees buite want adie vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie".

**LEUENS IS 'N GEES**

1Kon. 22:19-23 – Ses keer word daar melding in die Bybel gemaak van 'n leuen-gees! Is u verbaas dat mense vandag die leuen glo?
Lees 2 Thes. 2:9-12.

Joh. 8:44 "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader, wil julle doen., Hy was'n mense-moordenaar avan die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan".

**ONSEDELIKHEID IS 'N GEES**

Luk. 4:33-35 – Alle demone is tog sekerlik onrein. Maar die rede waarom verwys word na 'n onreine gees in hierdie man is omdat dit 'n onsedelike gees was. Ook hierdie man was in die kerk net soos die vrou in Luk. 13. Om te dink dat daar wel mense in die kerk sit wat 'n gees van onsedelikheid het, en niemand help hulle nie.

Die duiwel is teen die huwelik omdat God dit ingestel het. Daarom is daar vandag so baie egskeidings; en sogenaamde "vrye liefde" (mense wat saamwoon). Lesbianisme en Homosexualisme neem by die dag toe. Die eerste is vroue wat seksueel saam verkeer en tweede is mans wat dit doen! Geen wonder dat God se oordeel dlie mensdom vandag so geweldig tref deur "Vigs" nie. Vigs beteken: "Verworwe Immuniteitsgebrek sindroom" Dit takel alle weerstand af wat daar moontlik is in die menslike liggaam teen enige siekte. Dit is voorwaar 'n gees van onsedelikheid wat die mens bring by 'n toestand soos beskryf in Rom. 1:26,27.

Waar kom hierdie sonde, wat ook sodomie genoem word, vandaan?
Lees Gen 19:4-11.
Die manne van Sodom wou twee engele onsedelik aanrand. Lot wou die engele beskerm en bied sy twee dogters aan hulle. Die manne het egter niks belang gestel in Lot se dogters nie, maar wou hierdie vreemde manne gehad het, nl. God se engele. Geen onder dat God hul tref met Sy oordeel nie.

ANDER SKRIFTE OOR HIERDIE SONDE IS

Lev. 20:13; Deut.23:17; 1 Kon. 14:24;
1 Kon. 22:24,47; 2 Kon.23:7 (Die Bybel noem hul ook skandseuns)
Is daar verlossing? O ja, van die Korinthiërs was slawe van hierdie sonde, maar is bevry deur Jesus se bloed. 1 Kor. 6:9-11.

**WAARSEêRY  IS ‘N GEES**
Lev. 20:27;  Hand. 16:16-18.  Let daarop dat Paulus nie die vrou aanspreek nie, maar die gees.
Ons stryd is nie teen mense nie, maar teen die bose geeste.

**ONS LEES IN DIE BYBEL VAN ‘N STOMME GEES.**
**Mark. 9:17,18** “En een uit ie skare antwoord en sê: Meester, ek het my seun wat ‘n stomme gees het, na U gebring en waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom, en hy kners met sy tande en word styf, en ek het u dessipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie”.
**Matt. 9:32,33** “En terwyl hulle weggaan, bring die mense ‘n stom man wat van die duiwel besete was, na Hom toe. En nadat die duiwel uitgedryf was, het die stomme gepraat. En die skare het hulle verwonder en gesê: So iets is nog nooit in Israel gesien nie!” uifghasdiufhasdf

**REBELSHEID EN HUMEURIGHEID IS ‘N GEES.**
Hoor wat sê die Engelse Bybel van rebelsheid.
**I Sam. 15:23 “For rebellion is as the sin of witchcraft”.**

**HOOGMOED IS ‘N GEES.**
Hierdie is die grootste opening vir demoniese invloed in jou en my lewe.
Hoogmoed bring alle mense tot ‘n val.

Dit is Lucifer tot ‘n val gebring (Jes. 14:13-15)

**LOSBANIGHEID IS ‘N GEES.**
Iemand wat losbandig is, is ‘n persoon wat hom steur aan geen reëls en norme nie.
Ons probeer baie keer om losbandigheid met tug onder beheer te plaas terwyl ons dit deur Geestelike Oorlogvoering moet doen.
Lees **1 Pet. 4:3-5; Heb. 12:16**

## **<u>WAT IS ONS WAPENS?</u>**
Omdat ons in ‘n Geestelike Oorlog betrokke is, moet ons ook Geestelike wapens gebruik.
Die Bybel leer ons dat ons nie onbekend moet wees met die planne van die duiwel nie.
**2 Kor. 2:10,11**

**Lees met aandag wat leer Paulus ons leer aangaande die geestelike wapens wat God ons gegee het in 2 Korinthiërs 10:3-5**

**MET HIERDIE WAPENS KAN ONS**
**“Planne verbreek” (v.5)**  ‘n Plan is iets wat nog nie uitgevoer is nie. Ons moet nie wag totdat die duiwel dinge laat plaasvind het nie, maar as ons verneem van sy planne moet ons dit dadelik verbreek.

**“En elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid van Christus”(v.5)**
Mense kom nie tot bekering nie omdat die waarheid van saligheid hul nie bereik nie. Dieselfde geld vir enige ander waarheid. Ons moet daardie skanse afbreek.

**Die Lewende Bybel vertaal 2 Kor. 10:5 soos volg:**
“Met hierdie wapens vernietig ek mense se slim argumente teen God en breek die versperrings af wat mense kan verhinder om in Hom te glo enige vyandige gedagte waarmee mense vorendag kom, onderskep ek en stel ek onder die gesag van Christus sodat elke gedagte ook aan Hom gehoorsaam kan wees”.”.

**Ef. 6:10-18** gee duidelike name aan ons wapens:

1. Waarheid
2. Geregtigheid
3. Bereidheid vir die Evangelie
4. Geloof **Heb. 11:1-6**
5. Verlossing
6. Die Woord van God
   Toe Jesus versoek was deur die duiwel het Hy die Woord gebruik as wapen en oorwin. **Matt. 4**

**ONS HET NOG WAPENS:**

***** **Lofprysing – 2 Kron. 20:21-26**
Koning Josafat het die oorlog teen sy vyande gewen nog lank voordat hy by Lofdal gekom het.

Sy Geestelike oorlogvoering het bestaan uit die volgende:

Hy het die afgode uitgeroei en die lofprysers heel voor sy soldate geplaas, om God groot te maak.

* **Vas – Matt. 17:19-21**

***** **Talespraak – 1 Kor. 14:2**

***** **Jesus se Naam – Joh. 14:13,14; Hand. 3:5-8, 16, 4:10; Fil. 2:4-11**
Dink aan Dawid. Hy het Goliat oorwin in die Naam van ie Here deur aan God eer te gee. Ek dink Goliat was dood op sy voete.

* **ONS GETUIENIS EN JESUS SE BLOED. Open. 12:9-11**

# DIE SALWING MET DIE HEILIGE GEES

**INLEIDING**

- Salwing is meer as net die noem van sekere tekse in die Bybel.
- Soos wat olie gepers word van olywe, so sal jy ondervind dat God se "Heilige Gees olie" sal vloei wanneer jy deur moeilike tye in jou lewe gaan. Want dit is dan dat jy God meer soek!
- God se salwing word nie eintlik gegee vir die kanaal waardeur dit moet vloei nie, maar vir die persoon na wie dit vloei!
- "Salwing" is 'n Bybelse woord, en jy ondervind dit wanneer God se Gees op jou gees kom!

  Die mees uitstaande teks oor salwing vind ons in **Luk. 4:18,19** waar ons lees: *"Die Gees van die Here is op My, **omdat Hy My gesalf het** om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

  Ook lees ons in **Hand. 10:38** *"met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom **gesalf het met die Heilige Gees** en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was."*

  En in **1 Joh. 2:20,27** lees ons: *"En julle het **die salwing van die Heilige**, en weet alles... En **die salwing** wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie;..."*
  Wat hier geskrywe staan beteken nie dat ons niks meer by ander kan leer nie. Maar as ons verbind bly aan die Heilige Gees, sal Hy ons lei in al die waarheid. Ja, selfs dinge wat ons nie weet nie sal Hy aan ons bekend maak. (Joh 16:13)

  'n Ander skrifgedeelte wat ook verwys na die "salwing" vind ons in **2 Kor 1:21** wat lees: *"Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus **en ons gesalf het**, is God."*

**AS DAAR EEN DING IS WAT ONS VANDAG IN DIE KERK NODIG HET. DAN IS DIT 'N VARS SALWING MET DIE HEILIGE GEES!**

Is die salwing van die Heilige Gees iets wat fisies waargeneem kan word? Persoonlik ervaar ek die salwing van die Heilige Gees baie maal deur 'n besondere bonatuurlike krag wat van my liggaam besit neem, gepaardgaande met "hoendervleis" op my liggaam. Moontlik kan jy ook hiermee identifiseer?

Het Job nie ook 'n soortgelyke ondervinding gehad nie? Ons lees daarvan in **Job 4:12-15.** Dit lees: "siddering het my hele gebeente laat bewe. Toe skuif daar 'n gees voor my verby; die hare van my vlees het opgerys." Lees ook gerus van Daniël se ondervinding in **Dan. 10:10-17.**

**<u>OM DIE BOODSKAP OOR DIE SALWING BETER TE VERSTAAN MOET ONS IN DIE OU TESTAMENT GAAN KYK NA TWEE DINGE:</u>**

1. Watter waarde geheg was aan die salf met olie
2. Ons sal ook sien dat wanneer mense (en ook dit wat aan Hom geheilig was) gesalf was met olie, het God se salwing en heerlikheid daarop neergedaal.

<u>IN DIE OU TESTAMENT WAS SEWE MATERIëLE DINGE VIR GOD GESALF:</u>

1. Die Tabernakel – Ex 30:26-29 (lees v. 30 in die L/B), Ex 40:9, Lev 9:10
2. Die Altaar – Ex 29:36, 40:10, Lev 8:11
3. Die Waskom – Ex 40:11
4. Al die gereedskap in die Tabernakel – Ex 40:9-15
5. Brood – Ex 29:2, Lev 2:4, 7:12
6. Skilde – Jes 21:5, 2 Sam 1:21
7. Pilare – Gen. 31:13

ALLES WAT GEBRUIK WAS OM GOD TE AANBID, WAS GESALF VIR GOD.

**<u>DIE PRIESTERS WAS OOK DEUR SALWING MET OLIE AFGESONDER VIR DIE</u> HERE Ex 29:7,29 40:13**

Ps 133:2 vertel ons hoe hierdie salwing was: "Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aaron, wat afloop op die soom van sy klere".

**<u>EK HET UITGEVIND DAT GOD MENSE SALF MET SY GEES WANNEER HULLE GESALF WORD MET OLIE IN SY NAAM!</u>**
Een van die mooiste voorbeelde in die Bybel, rakende hierdie stelling, vind ons in **1 Sam. 16:13** waar Samuel vir Dawid gesalf het as koning in die plek van Saul.

- **<u>Iemand vra:</u> Maar salf ons nie net siekes met olie nie?**
  **In Jakobus 5:14** word ons vertel dat die ouderlinge hulle wat siek is moet salf met olie.
  Ek sal nooit vergeet hoe ek in 1957, as 'n jong prediker, 'n Omie op die plotte in Klerksdorp besoek het. Hy was siek en ek moes vir hom gaan bid het. My motor was stukkend en met my breëwiel fiets het ek na hom gerys, so deur die dik sanderige paaie. Toe ek dit egter vir hom wou bid het hy my gevra waar my salfbotteltjie is?
  Tot daardie oomblik het ek nog niks daarvan gehoor nie. Op Bybelskool het niemand ons daarvan vertel nie. Sy woorde aan my was: *"Jongman, moet nooit vir iemand bid sonder om hulle met olie te salf nie."*
  Ek moet erken dat ek deur die jare meer genesings gesien het wanneer ek mense met olie gesalf het voordat ek vir hulle gebid het.
- Ons probleem vandag is: Indien iets nie inpas by ons filosofie nie, dan plaas ons dit onder die Ou Testament. So maak baie ook met die gee van tiende. **Tog hou ons almal van Psalm 23 asook Deut. 28!!**

**Kom ek vertel jou die volgende:**

- ✓ Ek besoek die destydse "Noord Transvaal" met spesiale dienste
  In Nylstroom hou ek die een naweek dienste. Terwyl ek die Saterdagoggend in die kerk bid vir die aand se diens, het die Gees van die Here dit sterk op my hart gelê om dadelik (voor die Apteek toemaak) ‘n botteltjie met olyfolie te gaan koop om mense te salf met olie.
  Daardie aand het ons ‘n deurbraak ervaar! Na diens het ‘n hele klomp mense die pastorie, wat langs die kerk was, besoek vir tee. Daar was baie krag van die Here teenwoordig. Ongeveer 23h30 het ek opgestaan en verskoning gevra, aangesien ek nog ‘n baie besige dag die Sondag gehad het om die Woord te verkondig. ‘n Vrou, wat nie ‘n lidmaat was nie, het opgestaan om my te groet. Toe ek haar hand neem het sy van oorkant die koffietafel geval, en jy kon net koppies sien trek deur die lug! Ek het verder niemand gegroet nie en is na my kamer.
  Die volgende dag het ek verneem dat die pastoor baie besig was dwarsdeur die nag met die mense wat daar was en om vier uur die oggend het hy van hulle gedoop!

- ✓ Na drie weke van dienste in hierdie streek het ek my weer bevind naby Nylstroom by Pastoorsbidure van die streek. Ek was hul hoofspreker.
  Die laaste aand het ons afgesluit waar ek elke pastoor gesalf het met olie. Toe ek die streekvoorsitter salf, kon hy nie bly staan vanweë die krag van die Heilige Gees nie. ‘n Paar van ons moes hom help om in sy bed te kom vir die nag. Ons was nog twee pastore wat saam met hom gebly het in ‘n kamer.
  Die volgende oggend het hy beswaarlik in sy motor gekom om terug te ry na sy dorp.

- ✓ Helene het ‘n vrou beraad oor haar man wat ontrou was aan haar.
  Sy was so desperaat dat sy haar man se sakdoek gesalf het en geplaas het in sy kopkussing. Dit het sy vir so drie dae gedoen.
  Gewoonlik het hy "laat gewerk" maar na die derde dag was hy vroeg by die huis met blomme. Hy het voor sy vrou gaan sit en met trane bely dat hy ‘n verhouding met ‘n dame gehad het in sy kantoor. Hy het egter dit verbreek en trou beloof aan sy vrou!

- ✓ Tim Storey (een van Amerika se kragtige neger predikers) se ma het sy bed gesalf wanneer hy snags in die nagklubs was. Hy vertel dat as gevolg hiervan het die Here hom kragdadig gered, en ook geroep vir die bediening!

**WAT GEBEUR MET ONS WANNEER GOD ONS SALF MET DIE HEILIGE GEES?**

**Ons word verander in ‘n ander mens.**
Lees gerus wat met Saul gebeur het in **1 Sam 10:6.** Ja, jy kan jouselff nie verander nie, maar as jy toelaat dat God se Gees besit neem van jou lewe sal daar ‘n dramatiese verandering tot eer van God in jou plaasvind in u lewe!

**Die salwing open ons oë. In Num 24:1-4** lees ons van Bileam en hoe die Gees van God op hom gekom het. In die 3de vers kon hy van homself praat as die man met die geopende oog, omdat die Gees op hom gerus het.

In **Open. 3:17,18** praat Jesus ook van salf wat ons kan kry om ons oë te salf. Hoekom het die gemeente van Laodicea hierdie salwing nodig gehad? Omdat hulle "lou" was en dit nie eers geweet het nie! Het jy miskien jou vurigheid in God verloor? Bid dan vir 'n nuwe slawing van die Heilige gees!

In **2 Kon 6** lees ons van Elisa en sy kneg Gehasi. Dit is duidelik in hierdie verhaal dat Elisa se geestelike oë oop was, terwyl dit nie die geval met Gehasi was nie. Elisa kon meer as net die vyand gesien het. Elisa was gesalf met die Heilige Gees terwyl Gehasi dit nie kon sê nie. GOD SOEK MANNE EN VROUE WAT HY KAN SALF MET SY GEES, SODAT HULLE MEER KAN SIEN AS DIE GEWONE MENS!

**Die salwing gee ons krag.**
Net voordat Jesus opgevaar het na die hemel het Hy die volgende uitgeroep in **Hand. 1:8:** "Maar julle sal krag (dunamis) ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle sal kom, en julle sal My getuies wees."

Voorwaar die Heilige Gees gee ons "dinamiese" krag om vir Christus te getuig. Baie keer het ons nie 'n vakansie nodig nie, maar eerder 'n vars salwing met die Heilige Gees! Geen wonder dat Simson die leeu kon verskeur het wat hom aangeval het, want God se salwing het hom daartoe instaat gestel. Ons lees daarvan in Rig. 14:6 – DIE WêRELD MOET NOG SIEN WAT GOD KAN DOEN DEUR IEMAND WAT DEUR GOD GESALF IS!

**Die salwing plaas jou onder beheer van God se wil.**

| | | |
|---|---|---|
| Simson | - | Rig 13:25 |
| Jesus | - | Mark 1:12,13 |
| Paulus | - | Hand 20:22-24 |

**Die salwing laat jou geestelik groei.**
Het jy gegroei in jou gebedslewe, kennis in God se Woord asook jou bruikbaarheid vir die Here? Want 'n gesalfde stagneer nooit!

Tussen hakies: As jy iets doen vir God sonder 'n salwing dan was jy nooit daarvoor geroep nie. Want die salwing van die Heilige Gees bevestig jou roeping vir 'n saak.

**Lees met aandag Ps 92:11-15.**
Wanneer God 'n mens salf met Sy Gees dan groei jy soos 'n palmboom en word jy geplant in die huis van die Here! Met ander woorde jy is vagemaak in God se kerk, want jy is soos 'n steen wat ingemessel is. Los stene kan weggedra word, maar nie ingemesselde stene nie! Daar is te veel "los stene" in God se kerk vandag!

> **<u>En die nuwe vertaling stel vers 15 soos volg</u>:**
> ***"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag, Hulle sal fris en lewenskragtig wees."***

Anna, die profetes, was 84 jaar oud maar beslis lewenskragtig (sy kon nog selfs vas) omdat sy vol was van God se Gees! Ons lees daarvan in Luk 2.

**God se salwing op my kan ander mense vir God beïnvloed.**
Daarom vind ons in die Bybel dat die salwing wat op iemand was selfs oorgedra was aan ander. Een van die mees uitstaande voorbeelde in God se Woord hiervan vind ons in **Num 11:25.**

God neem van die Gees wat op Moses gerus het en plaas dit op 70 oudstes, sodat hulle geprofeteer het.

**Die salwing breek die jukke.**
Die engelse vertaling van **Jes. 10:27** stel dit so pragtig: “And the yoke shall be destroyed because of the anointing”
Hoe het ons nie al in die verlede gesien hoe jukke (laste) letterlik afval en verdwyn wanneer God se Gees op mense kom nie!

# OU TESTAMENT

**(1) Oorsig**
**(2) Christus in die Ou Testament**
**(3) Die Tabernakel**
**(4) Die Verbond**

## DAAR IS ELF FUNDAMENTELE BOEKE IN DIE OU TESTAMENT

GENESIS; EXODUS; NUMERI; JOSUA; 1 SAMUEL; 2 SAMUEL; 1 KONINGS; 2 KONINGS; ESRA en NEHEMIA

| **BOEK:** | **SLEUTEL HOOFSTUK(KE)** | **SLEUTEL WOORD(E)** |
|---|---|---|
| GENESIS | 12 | BEGIN |
| EXODUS | 12 & 20 | VERLOSSING |
| NUMERI | 14 | SWERWEND |
| JOSUA | 6 | OORWINNING |
| RIGTERS | 2 | NEDERLAAG |
| 1 SAMUEL | 8 | KONINGS |
| 2 SAMUEL | 7 | DAWID |
| 1 KONINGS | 12 | VERDEELTHEID |
| 2 KONINGS | 17 & 25 | GEVANGENIS |
| ESRA | 6 & 9 | GEESTELIKE Restourasie |
| NEHEMIA | 6 & 9 | POLITIESE Restourasie |

## DIE DRIE SUBDIVISIES VAN DIE OU TESTAMENT

(1) AARDSVADERS (2)MONARGISTE (3) NA BALLINGSKAP

DIE DRIE LEIERS WAT GOD GEBRUIK HET OM ISRAEL TERUG TE NEEM VAN BABILON NA DIE BELOOFDE LAND
(1) SERUBABEL (2) ESRA (3) NEHEMIA

## PROFETE WAT NIE TOT ISRAEL GEPROFETEER HET NIE

OBADJA HET GEPROFETEER TOT EDOM
JONA HET GEPROFETEER TOT NINEVE
NAHUM HET OOK GEPROFETEER TOT NINEVE

# OORSIG VAN DIE OU TESTAMENT

**GENESIS** (Hebreeus: "Bereshith")

(a) Sleutel Woord: "BEGIN"
(b) Sleutel Hoofstuk: Gen. 12 Die Verbond met Abraham
(c) Skrywer: Moses (1425 VC)
(d) Tydperk in Jare: 2,300 jaar vanaf die Skepping totdat Jakob in Egipte gekom het.
(e) Doel van Boek: Demonstreer dat God die Skepper is
Rekord van die eerste Sonde; Taal en oor die huwelik

Genesis vertel die storie van Israel totdat hulle gekom het by Sinai
Aan die einde van hierdie boek sal ons nie 'n groot Nasie vind nie, maar net vir Jakob as familie wat hoogstens 75 mense getel het. Hulle verhuising na Egipte het meegebring dat na 400 jaar was hulle 'n baie groot Nasie !
NOTA: Die boek van Job was geskrywe gedurende hierdie tydperk. Job was dus een van die oudste boeke in die Bybel.

**Die verslag van die SKEPPING vind ons in Gen. 1 & 2;**

| | | |
|---|---|---|
| God se Skepping: | Dag No.1: | LIG |
| | Dag No.2: | SKEIDING tussen WATER en WATER |
| | Dag No.3: | SEE, LAND en PLANTE |
| | Dag No.4: | SON, MAAN en STERRE |
| | Dag No.5: | VOELS, VIS en INSEKTE |
| | Dag No.6: | DIERE en die MENS |

DIE EERSTE BELOFTE VAN VERLOSSING FIND ONS IN GEN.3:15
Hierdie skrif behoort u van harte te ken en 'n studie van maak.
GENESIS verduidelik hoe baie dinge BEGIN het. Die Hemel; Aarde; Mense; Sonde; Maar dank die Here, ook Saligheid !

HIERDIE EERSTE BOEK IN DIE BYBEL HET BAIE VERHALE TE VERTEL:

1. Die verhaal van die SKEPPING (Gen.1:1-23)
2. Die verhaal van ADAM en EVA (Gen.2:4-5:32)
3. Die verhaal van NOAG en die VLOED (Gen.6:1-9:29)
4. Die verhaal van die NOAG se nageslag (Gen.10:1-32 / Gen.11:10-32)
5. Die verhaal van BABEL (Gen.11:1-9)
6. Die verhaal van ABRAHAM (Gen.12:1 tot 25:18)
7. Die verhaal van ISAK (Gen.25:19 tot 28:9)
8. Die verhaal van JAKOB en ESAU (Gen.28:5 tot 36:43)
9. Die verhaal van JOSEF (Gen.37:1 tot 50:26)

NOTA: Adam se verhaal word vertel in Gen.1:26 tot 4:26; 1 Kron.1:1; Job.31:33; Lukas 3:38; Rom.5:14; 1 Kor.15:22,45; 1 Tim.2:13,14

SELFS IN GENESIS KAN ONS DIE VERHAAL VIND VAN JESUS.

DAAR IS ‘N WONDERLIKE PARRALEL TUSSEN JOSEF en JESUS:

| | | |
|---|---|---|
| Liefde tussen Vader en Seun | Gen.37:3 | Matt.3:17 |
| Herder van Skape | Gen.37:2 | Joh.10:11-29 |
| Vader stuur hom na sy broers | Gen.37:13,14 | Heb.2:11 |
| Was gehaat deur sy broer | Gen.37:4 | Joh.7:4,5 |
| Ander span saam teen hom | Gen.37:20 | Joh.11:53 |
| Versoek | Gen.39:7 | Matt.4:1 |
| Geneem na Egipte | Gen.37:26 | Matt.2:14,15 |
| Mantel van hom geneem | Gen.37:23 | Joh.19:23,24 |
| Verkoop teen die prys van ‘n slaaf | Gen.37:23 | Matt.26:15 |
| In boeie gesit | Gen.39:20 | Matt.27:2 |
| Valslik beskuldig | Gen.39:16-18 | Matt.26:59,60 |
| Geplaas tussen twee misdadigers; die een gered die ander nie | Gen.40:2,3 | Lukas 23:32 |
| 30 Jaar oud toe God hul verhoog het | Gen.41:46 | Lukas 3:23 |
| Verhoog na lyding | Gen.41:41 | Fil.2:9-11 |
| Vergewe hulle wat hom benadeel het | Gen.45:1-15 | Lukas 23:34 |
| Red hul Nasie | Gen.45:7 | Matt.1:21 |
| God het hul smarte ten geode gebruik | Gen.50:20 | 1 Kor.2:7,8 |

**EXODUS** (Hebreeus: “Shemoth”)

(a) Sleutel Woord: “VERLOSSING”

(b) Sleutel Hoofstuk: Ex.12 Die Uittog
Ex.20 Die Tien Gebooie

(c) Skrywer: Moses (tydperk: 80 jare)

MOSES: Hy het 40 jaar spandeer in Egipte waar hy groot gemaak was in Farao se Paleis. Daarna het hy gevlug na Midian waar hy nog 40 jaar gewoon het. Die laaste 40 jaar van sy lewe het hy Israel gelei deur die woestyn na Kanaan. Die word “EXODUS” beteken “UITTOG” Alhoewel Moses die hoof karakter in Exodus is, gaan die boek oor die verlossende werk wat Yahweh vir Israel gedoen het om hulle te verlos uit die slawediens van Egipte.

Hierdie boek gee die record vanaf Moses se geboorte totdat Josua oorgeneem het as leier.

DIE TIEN PLAE IN EGIPTE:

(1) Die Nyl verander in BLOED (2) PADDAS (3) MUSKIETE (4) FLIEE
(5) SIEKTE onder die VEE (6) SWERE (7) HAEL (8) SPRINKANE
(9) DUISTERNIS (10) Dood van die EERSGEBORENES

**EXODUS kan in twee dele verdeel word:**

DEEL I: ISRAEL in EGIPTE (Gen.1:1 tot 14:31)
Slawerny in Egipte
Moses en Farao
Die Paas Fees
Verlossing uit Egipte and deur die Rooi See

DEEL 2: ISRAEL in die WOESTYN (Gen.15:1 tot 40:38)
Ontvangs van die Wet maar ook die verbreking daarvan
Tabernakel instruksies (Ex.25 tot 40)

HOEKOM HET GOD HULLE HIERDIE OMPAD GENEEM ? Ex.13:17 gee aan ons die antwoord op hierdie vraag.

DIE 5 PUNT PLAN wat God Moses gegee het deur sy skoonvader Jetro is nog steeds vandag ‘n wenresep vir Leierskap. Hierdie behoort beginsels te wees wat elke geestelike leier behoort na te streef.

**Ons vind dit in Ex.18:13-26**

**LEVITIKUS** Hierdie boek vertel ons hoe Israel **hul offers** aan die Here moes bring en leer ons ook oor hul **sewe feeste** Dan vind ons wette oor voedsel, siekte ens. Dit gee ons ook die **Seremonieele wette** vir Israel as volk. Dit was ‘n handboek vir “heilige lewenswyse”

| | | |
|---|---|---|
| OFFERANDES: | Brandoffers (Lev.1) | Vir algemene Sondes |
| | Graanoffers (Lev.2) | Om God te dank vir oeste |
| | Vredeoffers (Lev.3) | Algemene dank aan God |
| | Sondoffer (Lev.4) | Vir onbeplande Sondes |
| | Skuldoffer (Lev.5) | Sondes teen God en mens |

FEESTE: Paasoffer (Lev.23:5 (een dag) Vir eersgeborenes wat gespaar was
Ongesuurde Brood (Lev.23:6-8 (7 dae) Uittog van Egipte
Eerste Vrugte (Lev.23:9-14 (een dag) Die eerste oes
Pinkster (Lev.23:15-22 (een dag) Die graan oes
Trompette (Lev.23:23-25 (een dag) Begin van Nuwe Jaar
Dag van Versoening (Lev.23:26-32 (een dag) Sonde Vergifnis
Hutte Fees (Lev.23:33-45 (7 dae) Beskerming in die woestyn

**NUMERI** (Hebreeus: “Bimidhbar”)

(a) Sleutel Woord: “SWERWINGE”
(b) Sleutel Hoofstuk: Num.14:26-33 Ongeloof by Kadesh-Barnea
(c) Tydperk: 40 Jaar

NOTA: Deut. was geskryf gedurende die laaste deel van Numeri
In Numeri lees ons van Israel se eerste toenadering tot die beloofde land en hoe hulle terug gegaan het in die woestyn in, weens hul ongeloof.

IN HIERDIE BOEK LEES ONS DIE VOLGENDE:
Num.1 tot 10: Die Stamme en die Tabernakel (Num.4 vertel ons dat 17160 mense gebruik was om die Tabernakel te verskuif.
Num.9:15-22 vertel ons hoe lank hulle op ‘n plek gebly het)
Num.11: Hoe die Here 70 Leiers gekies het om Moses te ondersteun
Num.12: Wat met gebeur het met Miriam

Num.13,14: Die Spioene
Num.15: Wette van Graan en Drank Offers
Num.18: Verpligtinge van Priesters en Leviete
Num.20: Miriam se dood; Moses se sonde
Num.22-24: Die verhaal van Bileam
Num.27: Josua, Moses se Opvolger
Num.28: Wette rakende offerandes
Num.32: Stamme Oos van die Jordaan
Num.35: Levitiese stede en Toevlugstede

LESSE: Die Here wys ons om ons leiers se gesag te aanvaar. Miriam het uitgevind dat die Here ernstig hiermee was (Num.12:1-15) Ander leiers
ook (Num.16) Nog 'n les is dat wat God geseen het kan nie vervloek word nie.
Num.6:24-26 en Num.22 tot 24.
SENSUS getalle vind ons in Num.1 tot 26. Daar was meer as 600,000 soldate.
Die soldate was ongeveer een vierde van die populasie. Die geskatte getal Israeliete wat uit Egipte gekom het was tussen twee en drie miljoen.

**DIE STAMME:** (Num.26)

Ruben; Simeon; Gad — Juda; Issaskar; Sebulon
Efraim; Manasse; Benjamen — Dan; Aser; Naftalie

## DEUTERONONIUM

Handel oor die Verbond wat Israel aangegaan het met God by Sinai. Die nuwe geslag wat groot geword het sedert hul uittog uit Egipteland was deur hierdie boek voorberei om God se wette te ken. In baie opsigte is dit herhaling van talle van die wette. Moses maak 'n oproep tot Israel om God se wette te onderhou, soos die volgende:

Die Tien Gebooie (Deut.6:1-9)
Wette vir ware Aanbidding (Deut.12)
Wette vir rein en onrein voedsel en ook oor Tiendes (Deut.14)
Oor Skuld en Gee aan die armes (Deut.15)
Feeste en aanstelling van Rigters (Deut.16)
Beginsels van Oorlogvoering (Deut.20)
Algemene Wette (Deut.21,22)
Vloeke en Seeninge (Deut.27 en 28 – Lees ook Gal.3:13,14)
Die Lied van Moses en Seeninge (Deut.32,33)
Oorsig oor Moses se lewe en dood (Deut.34:1-12)

## JOSHUA (Hebreeus: "Yehoshua")

(a) Sleutel word: "OORWINNING"
(b) Sleutel Teks: Joshua 6:27
(c) Skrywer: Joshua (1400 VC)
(d) Tydperk: 30 Jaar
(e) Doel van boek: Die in besitneem van die Land

Hierdie boek handle oor hoe Israel die Beloofde Land in besit geneem het. Hier leer ons ook hoe Joshua by Moses oorgeneem het as leier. Leiers behoort altyd ander leiers

onder hulle op te lei om oor te neem by hulle. Dit is een ding wat baie nodig geword het vandag. Eenmaal het iemand dit so uitgedruk: "As jy dink dat jy 'n leier is en agter jou omkyk en niemand sien volg nie, dan was jy geen leier nie,. Jy het net gegaan vir 'n wandeling !

OPSOMMING VAN HIERDIE BOEK:

- Deurtog deur die Jordaan (Jos.3,4)
- Besnydenis (Jos.5:1-12)
- God se Generaal (Jos.5:13-15)
- Jerigo en Ai (Jos.6-8)
- Lys van Oorwinnings (Jos.12)
- Verdeling van die Land (Jos.13-17)
- Toevlugstede (Jos.20)
- Levitiese Stede (Jos.21)
- Verbondsake (Jos.22-24)

Die taal wat ons in Joshua vind is "OORLOG"  As jy sukses in hierdie lewe wil bereik moet jy innerlike kan opstaan om te kan "VEG" wat reg is !

**RIGTERS** (Hebreeus: "Shophetim")   Nota: Die boek RUT was geskryf in die tyd.

(a) Sleutel word: "NEDERLAAG"  Hulle het nie hul vyande oorwin nie.
(b) Sleutel hoofstuk: Rig.2:11-19
(c) Skrywer: Samuel
(d) Tydperk: 332 Jare
(e) Doel van boek: Gee 'n historiese verslag van Israel se geskiedenis

Voordat Konings aangestel was het God Rigters gegee om Israel te lei. Die rede hiervoor vind ons  in Rigters 17:6

| **RIGTERS SE NAME** | **JARE GERIG** | **WAT HUL GEDOEN HET** |
|---|---|---|
| OTNIEL | 40 | Rigters 3:7-11 |
| EHUD | 80 | Rigters 3:12-20 |
| SAMGAR | Onseker | Rigters 3:31 |
| DEBORA | 40 | Rigters 4 & 5 |
| GIDEON | 40 | Rigters 6 tot 8 |
| TOLA | 23 | Rigters 10:1,2 |
| JAIR | 22 | Rigters 10:3-5 |
| JEFTA | 6 | Rigters 10:6 tot 12:17 |
| IBSAN | 7 | Rigters 12:8-10 |
| ELON | 10 | Rigters 12:11,12 |
| ABDON | 8 | Rigters 12:13-15 |
| SIMSON | 20 | Rigters 13 tot 16 |

## RUT

**Hier lees ons van Rut, Naomi en Boas**
**<u>Opsomming van hierdie verhaal</u>:**
Die Moabiete was vyandig teenoor Israel
Rut bly lojaal teenoor Naomi. Sy ontmoet en trou met Boas (Rut 1 tot 4)
Hul seun, Obet, word gebore.
Hierdie boek vertel ons dat Rut in die geslagregister was van Dawid en Jesus.
Vergelyk Rut 4:18-22 en Matt.1:5-17 Boas was die vader van Obed; Obed was die vader van Isai en Isai was die vader van David.
Volgens Matt.1:6-17 vind ons dat vanaf Abraham tot Dawid was daar 14 geslagte; van Dawid tot by die ballingskap was 14 geslagte en vanaf die ballingskap tot Jesus was 14 geslagte !
Rut en Naomi het a verbintenis met mekaar gehad. Naomi was gewillige dat Rut terug kon gaan na haar mense. Rut was weer gewillig om haar eie mense prys te gee om deel van Israel te wees. God was in die senter van alles. Ons wandel met God sal ‘n diepte bring met ons verhouding teenoor mense.

## 1 SAMUEL (Hebreeus: “Shemuel”)

(a) Sleutel word: “KONING”
(b) Sleutel hoofstuk: 1 Sam.8:5
(c) Skrywer: Die skrywer is onbekend. Sommige meen dit kan Natan en Gad wees. (1 Chron.29:29)
(d) Tydperk: 90 Jaar (975 VC)

Hierdie boek gee die geskiedenis van die laaste Rigter, Samuel, en die eerste Koning van Israel Saul, asook oor Dawid die grootste Koning.
Israel was regeer deur Rigters vir amper 400 jaar. Eli en Samuel was die laastes. Samuel was die laaste Rigter maar die eerste Profeet. Daar is wonderlike lesse te leer by die roeping van Samuel (1 Sam.3)
**1 Sam.6 moet studeer word** Dit is hoe die Ark van die Verbond teruggekom het van die Fillistyne na Israel. Die boodskap van die tee koeie wat die wa met die Verbondsark getrek het, het ‘n boodskap vir ons vandag. Ons dra (of vervoer) ook God se heerlikheid. Niks behoort ons te hinder om reguit koers te hou nie, want ons het ‘n doel om te bereik !
**1 Sam.16** Hier roep God Dawid en salf hom in Saul se plek. Wag altyd dat die Here jou roep, en moenie beweeg voor dit nie !
**1 Sam.17 Is die verhaal tussen Dawid en Goliat.** Ons het ook “Goliat’s” in ons lewe wat ons moet oorwin.
DAWID HET GEWEN TOE NIEMAND HOM GESIEN HET NIE (agter die skape teen die leeu en die beer) DAAROM KON GOD HOM GEBRUIK HET VOOR ISRAEL TOE HY GOLIAT VERSLAAN HET.

## 2 SAMUEL

(a) Sleutel word: “DAWID”
(b) Sleutel hoofstuk: 2 Sam.7 (Dawid se verbond)
(c) Tydperk: 40 Jaar

NOTA: Die meeste van die Psalms was geskryf gedurende hierdie tyd. Selfs Spreuke, Prediker en Hooglied was toe geskryf.

Dawid word koning oor Juda en ook oor die hele Israel (2 Sam.1-5) Ons lees van die verhaal van Batseba en hoedat Dawid hom tot God bekeer het. Ons lees van ‘n rebellie teen Dawid. Ons lees ook waar Dawid voor die ark met al sy mag gedans het. (2 Sam.6) Ons lees Dawid se laaste woorde in 2 Sam.23 en dan
van die sensus wat hy gehad het in Usrael wat siekte en dood gebring het onder die volk. (2Sam.24)

## 1 KONINGS (Hebreeus: “Melakhim”)

(1) Sleutel word: “VERDEELDHEID”
(2) Sleutel hoofstuk: 1 Konings 12
(3) Skrywer: Onseker; moontlik Jeremia (600VC)
(4) Tydperk: 125 Jaar

Salomo word koning. Sy Wysheid. Hy bou die Tempel.
In hierdie boek lees ons van Elia, ‘n magtige profeet van die Here.
In 1 Konings 4 lees ons van al die verskillende “bedieninge” wat koning Salomo ondersteun het. Iets treffends wat vir ons neergepen is, is dat Salomo ‘n “friend” gehad het. Ons lees daarvan in 1 Kon.4:5. Die moes vir die Here belangrik gewees het, daarom is dit neergeskryf. Elke leier behoort ‘n friend te he.
In 1 Kon. 5 tot 8 lees ons waar die Tempel gebou en aan die Here toegewy is.
Hierdie Tempel was gebou 480 jaar nadat Israel Egipte verlaat het.
1 Kon.18 is waar God vir Elia gebruik het om Israel terug te bring na Hom.
Ons lees van die verdeelde Monargie (Noord en Suid) 1 Konings 12 tot 22:53
Van die bonatuurlike bediening van Elia en Elisa lees ons in 1 Koning 17 tot
2 Konings 2:25

## 2 KONINGS

(a) Sleutel word: “GEVANGENISSKAP”
(b) Sleutel hoofstuk: 2 Konings 17 (Noordelike Koninkryk – 722VC)
2 Konings 25 (Suidelike Koninkryk – 586 VC)
(c) Tydperk: 250 Jaar. Sedert Ahasia, die koning van Israel tot by Sedekia, die koning van Juda.
NOTA: KLAAGLIEDERE was geskryf deur Jeremia om te ween oor die verwoesting van Jerusalem en die Tempel.

Ons lees hoedat Elia op geneem is na die hemel in ‘n wa van vuur. Elisa se bediening het toe begin. Elisa het begeer om ‘n dubbele deel van Elia se krag op hom te kry. As

ons ‘n studie maak van hul wonderwerke dan vind ons dat Elia SEWE wonders gedoen het en Elisa VEERTIEN!
Ons lees ook van verskillende konings. Maar lees veral wat die Here vir Hiskia gedoen het. 2 Konings 18:56 som se lewe op en in 2 Konings 20 word vertel van sy wonder genesing.

## 1 KRONIEKE

1 Kron.1-9 ‘n Oorsig oor Juda se Erfporsie
1 Kron.10-29 ‘n Oorsig oor Koning Dawid se regering
Hierdie book loop parralel met 2 Samuel en is eintlik ‘n kommentaar van dit.
1 Kron.29 verdien ‘n studie deur enige student. Want dit toon hoedat die leiers aan God gegee het en ‘n voorbeeld vir die volk gestel het. In hebreeus word dit genoem ‘n “BARAK” lofoffer aan die Here. Dit is om God te aanbid met ons besiitings !

## 2 KRONIEKE

2 Kron.1-9 Die regering van Koning Salomo.
2 Kron.10-36 Die regering van die Konings van Juda.
2 Kron.36:17-36 Juda se gevangeskap en terugkeer.
Hierdie boek is ‘n kommentaar van 1 en 2 Konings. Dit onderstreep ook die belangrikheid van die Tempel en die geestelike herlewings in Juda.
2 Kron.20 is hoe God oorwinning gegee het aan Sy kinders toe hulle die aanbidders reg voor hul leermag geplaas het !
***Maak ‘n studie van 2 Kron.26 tot by 2 Kron.31*** Dit is waar Ussia gesterf het weens melaatsheid, omdat hy gedoen het wat net Priesters kon doen. Omdat wat met hom gebeur het, het sy seun Jotam nie kerktoe gegaan nie. Ons lees
Hiervan in 2 Kron.27:2. Daarna het sy broer, Ahas, die kerk (temple) se deure toegesluit, sodar niemand kon ingaan nie. (2 Kron.28:23,24) Maar lees wat het Hiskia gedoen in 2 Kron.29 tot 31. Lees dan ook 2 Kron.36:20,21 (en Lev.25:1-5)
**Die enigste manier hoe die land kon rus was om Israel uit die land te kry vir ‘n tydperk van 70 jaar wat hul die land mee beroof het. Sodat die land fisies kon genees !**

## ESRA

(a) Sleutel woord: “GEESTELIKE RESTORASIE”
(b) Doel van Boek: Vestiging van Israel in hul vaderland na 70 jaar in Babel. (Jer.25:12; Jer.29:10; Dan.9:2)

NOTA: Ester vind hier plaas in die tyd van Ahasveros oor ‘n tydperk van 10 jaar
In Esra lees ons waar die Here heidense Konings gebruik het om Israel te herstel as volk en hul terug te stuur na Jerusalem om die Tempel te gaan herbou. Hierdie Konings het selfs betaal vir die herbou van dieTempel.
**Esra 1 en 2: Terugkeer van Babilon onder leiding van Serubabel**
**Esra 3 tot 6: Tempel Konstruksie**
**Esra 7 en 8: Terugkeer onder Esra se leidin**
**Esra 9 en 10: Esra se Hervormings**

## NEHEMIA (Hebreeus: Nehemyah")

(a) Sleutel word: "POLITIEKE RESTORASIE"
(b) Sleutel hoofstukke: Neh.6 Herbou van Jerusalem se Mure
Neh.9 Herlewing en Hervorming
(c) Skrywer: Nehemia (425VC)
(d) Tydperk: 12 Jaar
(e) Doel van Boek: Rekord van versterking en heropbouing van Jerusalem. Dit wys hoe God kan werk deur 'n geestelike leier.

### Neh.1 tot 10: Nehemia en Esra werk saam om Jerusalem se mure te herbou

**Neh.11 tot 13: Priesters en Leviete word herstel; Muur word toegewy;**
Hervormings onder Nehemia.
Onthou: As enige iets herbou vir God sal daar teestand wees.
Lees: Neh.2:10; 4:1-3; 5:1-5; 6:1-6; Neh.12:27 tot einde van die boek.

## ESTER

God het Ester opgerig in die regte tyd dat Hy iemand nodig gehad het om Sy volk te red. Mordegai, haar oom, het 'n komplot ontbloot teen die volk Israel. (2:19-21)
Ester het koning Vasti hieroor ingelig (2:22,23)
Die komplot teen die Jode (Est. 3,4)
Mordegai ge-eer (Est. 5,6)
Haman gehang (Est.7)
Israel se vyande verslaan (Est.8)
Oorwinning van die Jode (Est.9)

## JOB

**Waarom laat God toe dat Sy kinders swaarkry ?** Hierdie verhaal leer ons een groot les en dit is Rom.8:28 "Alles werk mee ten goede vir hulle wat God liefhet"
Job se toets vind ons in hoofstuk 1 en 2
Job se vriende praat met hom. Job.3 tot 37
***God praat met Job Job.38 tot 41***
Job.42:1-17 Hier lees ons van Jod se Restorasie

## PSALMS

Die Psalms voorsien poesie vir LOF en AANBIDDING aan onse God. As jy wil leer hoe om die Here te Loof maak gebruik van die Psalms wanneer jy bid en sing.
Dawid het 73 Psams geskryf; Asaf 12; Die seuns van Korag 9; Salomo 2
Heman, Etan en Moses elkeen. 51 Psalms is naamloos

RANGSKIKKING VAN DIE PSALMS:

| | |
|---|---|
| Ps.1,2 | Inleiding tot die Psalms |
| Ps.3 tot 41 | Dawid se tweestryd met koning Saul |
| Ps.42 tot 72 | Dawid se koningskap |
| Ps.73 tot 89 | Vernietiging van die Tempel en die ballingskap in Babilon |
| Ps.107 tot 145 | Prys en Dank vir terugkeer van ballingskap |
| Ps.146 tot 150 | Afsluitings Lofuitinge |

## SPREUKE

Die hele doel in die boek is om mense te leer hoe om verstandig en wys te wees in alles wat hul doen. Spreuke 1:2 vat dit saam.

| | |
|---|---|
| Spr. 1 tot 4 | Wysheid in die algemeen |
| Spr.5 tot 7 | Wysheid i.v.m. seksuele prikkeling |
| Spr.8 en 9 | Wysheid verpersoonlik |
| Spr.10 tot 31 | Algemene Spreuke |

**SALOMO HET DIE MEESTE SPREUKE GESKRYF. IN TOTAAL HET HY 300O SPREUKE GESKRYF EN 1005 LIEDE ! 1 Konings 4:32**

## PREDIKER

Pred.1:1 "Die woorde van die prediker" Salomo som se lewe op in Pred.2:1-11
Baie negatiewe het met Salomo gebeur, en as dit met hom kon gebeur het kan dit gebeur met enige mens. In hoofstuk 11 en 12 leer hy ons om nie terug te hou in die lewe nie maar te gee wat ons het. Geniet jou jeug, waag, maar onthou altyd dat daar 'n Skepper is.
Die groot les wat ons by Salomo leer vind ons in die laaste hoofstuk van die boek wanneer hy skryf "VREES GOD, EN HOU SY GEBOOIE" (Pred.12:13)
Hierdie is die grootste doel van die mens en sy grootste waarde. Die hoofsaak is om God te respekteer en gehoorsaam te wees.

## HOOGLIED

Hierdie gaan oor ;n verhaal van 'n koning (Salomo) en sy bruid, om God se liefde vir Sy Bruid, die Kerk, te skets. Hooglied gaan oor 'n jongdame en twee mans. Die een is die koning en die ander is 'n skaap herder. Haar liefde was meer vir die jongman as vir Salomo.

## JESAJA (740-680 VC)

Jesaja was 'n Profeet vir tussen 56 tot 59 jaar ! Sy skrywe is baie belangrik vir die Nuwe Testamentiese Kerk omdat hy 700 jaar voor Jesus se geboorte en Kruisiging daaroor geprofeteer het.
In die eerste 5 boeke vind ons Jesaja waar hy baie negetief profeteer teen die sonde van die tyd. Jes.1:4,21; 2:6; 3:11,16; 5:8,11,18-22;
Maar deur op so'n manier te profeteer het hy sy lippe onrein gemaak ! Dit is daarom dat toe God hom ontmoet het, het die Here sy lippe aangeraak met 'n vuurkool om hom te reinig ! (Jes.6:5-7) Terwyl ons ons stand moet neem teen sonde moet ons versigtig wees hoe ons dit doen.
In Jes.6 word Jesaja vir 'n tweedemaal geroep. Daar behoort 'n tyd in ons lewens te wees dat ons weer 'n vars ontmoeting met God moet ondervind. Die rede hier-Voor is dat ons opnuut sal kan uitroep: "Hier is ek Here, stuur my !"
Jesaja het geprofeteer tydens konings: Jotam; Agas; Hiskia en Manasse.

**Die uitstaande hoofstukke in Jesaja is:**
*Jesaja se ontmoeting met God (Jes.6);* **Boodskap oor Immanuel (Jes.7)**
Boodskap van Oordeel (Jes.13 tot 25); Hiskia se Genesing (Jes.38)
Rakende die Messias (Jes.49 tot 57)

## JEREMIA en KLAAGLIEDERE (627-585 VC)

Jeremia het geprofeteer ten tyde van die volgende Konings: Josia; Jehoahas; Jehojakim; Jehojagin en Sedekia.
Jeremia word die "huilende profeet" genoem omdat hy met soveel gebrokenheid uitgeroep het oor die sondes van sy volk.
**Jeremia profeteer oor talle nasies:**

EGIPTE (46:1-28)
FILISTYNE (47:1-7)
MOAB (48:1-47)
AMONIETE (49:1-6)
EDOM (49:7-22)
DAMASCUS (49:23-27)
KEDAR en HASOR (49:28-33)
ELAM (49:43-39)
BABILON (50:1 tot 51:64)

## ESEGIËL (597-570)

Hy was 'n Profeet vir 22 jaar. Hy was ook as gevangene geneem na Babilon. Israel was daarheen geneem in 597 VC. Die hoof boodskap van Esegiel aan God se volk vind ons in Eseg.36:24-26. Die boodskap was dat God hulle sal terugbring in hul land; Hy sal hulle met water reinig; Hy sal aan hulle 'n nuwe hart gee; Hy sal hulle nuwe en regte begeertes gee en hul kliphart uitneem en vervang met 'n hart van vlees.
Dit is interesant om te studeer hoe God Esegiel geroep het. Hoofstukke 1 tot 3.
As jy ook deur God gebruik wil word maak 'n nota van wat met Esegiel gebeur het..

Die eerste wat hy gedoen het was dat hy opgestaan het to God met hom gespreek het ! Ons moet in ons "innerlike mens" opstaan wanneer God met ons praat as ons erns meen met Sy word aan ons. Daarna het die Gees op hom gekom. Hoe nodig het ons dit net nie. Die derde ding wat gebeur het was dat hy die "word ge-eet het" Ons moet Sy word dag en nag 'n deel maak van ons lewens.
Daarna het die Here se voorkom hard gemaak soos 'n diamant. Jy sal nie sterk genoeg kan staan teen die aanvegtinge van buite as God jou nie eers 'n harde
Voorkop gegee het nie !
Ons almal ken Eseg.37 t.o.v. die vallei met dor bene. God alleen kan Sy kerk laat herleef. Gelukkig is geen mens te "droog en dor" vir God nie !
In Eseg.40-47 praat hy van die restorasie van ons aanbidding aan die Here.

## DANIËL (537 VC)

Daniel se LEWE is opgeteken in Dan.1 tot 6 en sy VISIOENE in Dan.7 tot 12
Daniel was as gevangene deur Nebukadnesar na Babilon geneem in 605 VC.
Daar het hy gedien in die regering vir 60 jaar gedurende die regerings van Nebukadnesar, Belsasar, Darius en Kores.

Sleutel hoofstuk: Sy vriende verlos uit die vurige oond (Dan.3)
Hy is verlos van die leeukuil (Dan.6)
Sy Profesie (Dan.7 tot 12)

**HOSEA** (721 VC)
Hosea het in opdrag van die Here getrou met 'n prostituut, wat aan hom baie smarte gegee het. Net soos Gomer weggehardloop het van Hosea agter ander
Liefde, so hardloop ons ook weg van die Here. So was Israel, en seker vandag nog.
Hosea het ten spyte hiervan sy vrou liefgehad. So is dit met die Here. Hy hou aan om ons life te he al sou ons wegbeweeg van Hom !
God se liefde sal aanhou brand vir Sy volk (Hos.11 tot 14)

**JOËL** (835 VC – Ten tye van koning Joas)
Sy naam beteken "Yaweh is God"
Hierdie is 'n wonderlike boek waar God belowe dat Hy Sy Gees sal uitstort op alle vlees ! (Joel 2:18-27) Hierdie is vervul op die dag van Pinkster (Hand.2)
God belowe seen en voorspoed vir Israel (Joel 3:18-21)

**AMOS** (760 VC – Gedurende Jerobeam die 2de)
Hy was 'n boer van Tekoa, 'n dorp ongeveer 15 kil. van Bethlehem.
Hierdie wys weer dat God selfs plaasboere kan gebruik om te profeteer ! Daar agter die skape het God met hom gepraat en 'n word gegee vir sy volk. Die Here kan met oons praat op enige plek en enige tyd.
Amos het gebots met die valse godsdienstige leiers van sy dag. Ons het hierdie sort moed nodig om te staan teen sonde.

SY VISIOEN van OORDEEL:
Sprinkane (7:1-3)
Vuur (7:4-6)
God se skietlood (7:7-9)
Amasia daag Amos (7:10-17)
Mandjie met Somervrugte (8:1-3)
Oordeel en Restorasie van Israel (8:4 tot 9:15)

**OBADJA**
He profeteer oor die oordele teen Edom en die Restorasie van Israel. Die nasie van Israel kom uit Jakob en die nasie van Edom uit Esau.

**JONA** (760 VC – Geprofeteer teen Ninevi)
Die lesse wat ons leer uit Jona is dat geen mens kan van God af weghardloop nie ! Jy kan ook nie weghardloop van God se roeping in jou lewe nie. Toe die word van die Here die tweede keer tot Jona gekom het was dit presies dieselfde word. God gee nie 'n nuwe woord as ons die eerste een nog nie gedoen het nie !

**MIGA** (700 VC -- Gedurende die volgende konings van Juda: Jotam; Agas en Hiskia.
Hierdie is 'n kort profetiese boek, maar Miga was 'n profeet vir 55 jaar.
Hy gee HOOP vir: Aan Israel as volk (2:12,13; 7:8-20)
Die Leiers (4:1-8)

**NAHUM** (663-612)
Hy het ook geprofeteer teen Ninevi weens hul afgodediens.
Ninevi se Oordeel en Uitwissing (Nah.1 en 2)
Ninevi se Sonde (Nah.3:1-4)
Ninevi se besetting (Nah.3:5-18)
Ninevi se vreugde (Nah.3:19)

**HABAKKUK** (607 VC)
Juda se laaste vier konings was goddelose manne wat God verwerp het en hul medemens onderdruk het. Habakkuk kon nie verstaan dat God niks daaraan gedoen het nie. Totdat hy besef het dat geloof in God alleen die antwoorde kan gee. Een van die mooiste verse in die Bybel vind ons in Hab.2:2 waar die Here ons leer om neer te skryf wat Hy aan ons openbaar op so'n wyse dat ander wat die van ons hoor en lees geinsprireer sal word om daarmee te hardloop !

**SEFANJA** (625 VC – Gedurende Josia se tyd)
Hy was 'n Profeet vir 19 jaar. Hy het geprofeteer dat Juda hul moet bekeer tot die Here, anders sal Jerusalem geoordeel word. Hy het 'n aktiewe rol gespeel in die herlewing was plaas gevind het in 2 Kron.34:3

**HAGGAI** (520 VC)
God het Haggai gebruik om Sy volk terug te bring op 'n plek waar hulle weer sal begin bou aan die Tempel. Want 16 jaar het reeds verby gegaan sedert hul opdrag ontvang het om dit te doen. Hulle was net besorg oor hul eie huise. Ons lees daarvan in Hag.1:7-9. God het aan hulle belowe dat die toekomstige heerlikheid sal groter wees as die vorige. Hy het ook aan hulle belowe om vir hulle te voorsien in hul tydelike behoeftes. (Hag.2:4-9) DIE HEERLIKHEID VAN DIE HERE KOM OP VOORSIENING !

**SAGARIA** (520-518 VC)
Die hoofrede vir hierdie profesie was om God se hoop aan sy volk te gee deur die openbaring van die Messias wat sou kom ! Sag.9:9,10
Sag.8 kan 'n persoonlike word wees aan enige locale gemeente.

**MALEAGI** (450-400 VC)
Maleagi het Israel bestraf omdat hulle nagelaat het om God te aanbid en omdat hulle nie die Tiendes van die Here gebring het nie. Selfs vandag nog gee mense nie wat aan God behoort nie. Om te saai in die koninkryk van die Here is die enigste manier wat finansies vir jou as mens sal "los maak"

OPSOMMING:
- God se liefde vir Israel (1:2-5)
- Die Priesters en die volk stel teleur (1:6 tot 2:16)
- Die Dag van Oordeel (2:17 tot 3:5)
- Seeninge in die gee van Tiendes (3:10-16)
- Einddoel van dieRegverdige en die goddelose (3:13 tot 4:3)
- Toekomstige Beloftes (4:4-6)

# NUWE TESTAMENT

## ALGEMENE OORSIG

Daar was ‘n tyd van 400 jaar tussen Maleagi en Mattheüs waar daar geen profetiese woord aangeteken is. Die laaste profesie vind ons in Mal. 4:1-6 waar melding gemaak word van die koms van Johannes die Doper 0 die voorloper van Jesus Christus. Israel het onder die Romeinse Ryk gekom 63 jaar voordat Jesus gebore was.

**Met Jesus se geboorte was die Sanhedrin (‘n Regterlike Kommissie) in beheer van die Jode se toepassing van die Wet.**
Hulle het bestaan uit 70 lede: Fariseërs; Sadduseërs en Skrifgeleerdes.
Die Fariseërs wat wel geglo het in die opstanding en in die bonatuurlike.
Die Sadduseërs wat weer nie geglo het in die opstanding nie.

**OORSIG VAN DIE VIER EVANGELIES**
“Die Evangelie” beteken “Goeie Nuus” en dit is presies wat dit is!

**Die vier figure waarvan ons lees in Open. 4:7 stel die vier Evangelies voor:**
**Die Leeu (Mattheüs)** Jesus word uitgebeeld as “Die Leeu van Judah” Hierdie brief is geskryf aan die Jode. Ons vind 29 verwysings uit die Ou Testament in Mattheüs.
**Die Mens (Markus)** Hierdie boek se eenvoud is juis geskryf vir die gewone mens. Dit is ook geskryf vir die Romeine in daardie tyd.
**Die Os (Lukas)** Fokus op diens en opoffering, soos wat Jesus was.
**Die Arend (Johannes)** Soos wat die arend vlieg was die boodskap van Johannes aan alle mense dat hulle geestelik kan “vlieg” soos die arend.

DIE NUWE TESTAMENT HET 27 BOEKE EN IS INGEDEEL IN VIER AFDELINGS:

1. ***Historiese boeke***
   Mattheüs
   Markus
   Lukas
   Johannes
   Handelinge
2. ***Leerstellige Boeke***
   Romeine
   1 Korintiërs
   2 Korintiërs
   Galasiërs
   Efesiërs
   Filippense
   Kolossense
   1 Thessalonicense
   2 Thessalonicense

3. ***Pastorale Sendbriewe***
    1 Timotheüs
    2 Timotheüs
    Titus
    Filémon
4. ***Algemene Sendbriewe***
    Hebreërs
    Jakobus
    1 Petrus
    2 Petrus
    1 John
    2 Johannes
    3 Johannes
    Judas
    Openbaring

**Dit word verwag van 'n student om bogenoemde indeling van harte te ken**

# Hoe Jesus voorgestel word in die Evangelies

1. Jesus se Joodse Voorgeslagte (Matt.1:1-17; Lukas 3:23-38)
2. Aankondiging van Sy geboorte (Matt. 1:18-25; Lukas 1:2—38)
3. Maria se koms in Judea – haar loflied (Lukas 1:39-56)
4. Jesus se geboorte (Lukas 2:1-20)
5. Jesus se besnydenis (Lukas 2 :21)
6. Jesus word voorgestel in die Tempel (Lukas 2 :22-38)
7. Jesus se eerste jare
    (1) In Bethlehem (Matt.2:1-12)
    (2) In Egipte (Matt.2:13-18)
    (3) In Nasaret (Matt.2:19-23; Lukas 2:39)
8. Jesus as seun (Lukas 2:40-52)
9. Jesus se Bediening bevestig
    (1) By Sy Doop (Markus1:9-11; Matt.3:13-17;)
    (2) By Sy Versoeking (Matt.4:1-11; Lukas 4:1-13)
    (3) Deur Johannes die Doper (Johannes 1:19-34)

# OPSOMMING VAN DIE BOEKE IN DIE NUWE TESTAMENT

## DIE VERGELYKING TUSSEN DIE VIER EVANGELIES

**Al vier die Evangelies gaan oor die lewe en lering van Jesus Christus.**
Elke boek is geskryf deur 4 verskillende persone en fokus op ‘n verskillende gehoor.
*Wanneer jy deur ‘n Evangelie lees onderstreep al die sleutelverse – dit sal jou seën.*

### MATTHEUS

Datum 50-75NC. Die skrywer Mattheüs was bekend as ‘n tollenaar. (Matt. 9:9) Hy was gekies om te skryf aan die Jode oor die Messias. Tollenaars was iemand wat gehaat was deur die Jode omdat hy tolgeld ingesamel het vir die Regering.
Die woorde “koninkryk van die hemele” kom 32 keer voor. Hy het hoofsaaklik vir die Jode geskryf en haal ongeveer 100 verwysing uit die Ou Testament aan.

**Een van die belangrikste leringe in die Bybel vind ons in Matt. 5,6,7 wat bekend staan as “Die Berg-Predikasie”**

***Taak:* Gee ‘n opsomming van *vyf* uitstaande Waarhede in Matt. 5,6,7**

IN MATTHEUS GEE JESUS LERING OOR DIE VOLGENDE:

(1) Die Nuwe Wyn (Matt.9:16,17)
(2) Die Oes en die Arbeiders (Matt.9:35-37)
(3) Die Sending (Matt.10:1-23)
(4) Geweld in ons gees vir die Koninkryk (Matt.11:12)
(5) Die Sabbat (Matt.12:9-13)
(6) Die Sonde teen die Heilige Gees (Matt.12:31-32)
(7) Die Saai van Sy Woord (Matt.13)
(8) False Lering (Matt.16:5-12)
(9) Dissipelskap (Matt.16:24-26)
(10) Die Grootste in die Koninkryk (Matt.18:1-4)
(11) Vergifnis (Matt.18:15-35)
(12) Huwelik en Skei (Matt.19)
(13) Hoe God Sy Werkers vergoed (Matt.20:1-16)
(14) Diensbaarheid (Matt.20:20-28)
(15) Reiniging van die Tempel (Matt.21:12-17)
(16) Belasting (Matt.22:15-22)
(17) Die Opstanding (Matt.22:23-33)
(18) Die Groot Opdrag (Matt.22:34-40)
(19) Tekens van die Tye (Matt.24)
(20) Wat ons moet maak met ons Gawes (Matt.25)
(21) Die prys wat Hy vir ons betaal het (Matt.26:36; 27)
(22) Jesus se Opstanding en Sy groot Opdrag (Matt.28)

***Taak: Skryf en gee jou weergawe oor die volgende:***

(1) Die Oes en die Arbeiders (Matt.9:35-37)
(2) Geweld in ons gees vir die Koninkryk (Matt.11:12

## MARKUS

Dié boek was geskryf deur die Markus wat saam met Paulus en Barnabas gereis het. Die voorstel om Markus saam met hulle te neem het veroorsaak dat daar skeiding gekom het tussen Paulus en Barnabas. (Lees Hand. 15:36-41)
Ons lees later in 2 Tim. 4:11 en 1 Pet. 5:13 dat Markus tog sukses behaal het.
Markus was Maria se seun. Haar was oop vir die Christene. (Hand. 12:12)
**Markus 10:45 is ‘n sleutelteks:** *“Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie.”*
Daar is meer wonderwerke van Jesus in Markus as in die ander Evangelies.

## LUKAS

Hierdie boek was meer geskryf vir die Grieke. Lukas, die geneesheer, het dit geskryf.
**Die sleutelverse vind ons in Lukas 4:18,19 (Elke student moet die inhoud ken!)**

Lukas was ‘n metgesel van Paulus, die apostel. (Kol. 4:14; 2 Tim. 4:11)
Sy manier van skryf wys dat hy ‘n geleerde man was. Hy verwys nie baie na die Skrifte in die Ou Testament nie.

## JOHANNES

Johannes was een van die dissipels wat die naaste aan Jesus was, die ander twee was Petrus en Jakobus. Dit was Johannes wat teen Jesus se bors geleun het. Dit was hy wat, toe die ander dissipels Jesus verlaat het, Hom nog gevolg het. Hy was by die kruis van Jesus om die laaste boodskap van Sy Meester te kon hoor. (19:25-25)
Hy skryf oor ‘Jesus die Christus, die Seun van die lewende God.’

# OPSOMMING VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

1. Inleiding (Joh. 1 :1-18)
2. Johannes se Getuienis (Joh. 1:19-51)
3. Eerste wonderwerk (water in wyn) (Joh. 2)
4. Jesus reinig die Tempel (Joh. 2)
5. Nikodemus en Wedergeboorte (Joh. 3)
6. Die Samaritaanse vrou (Joh. 4)
7. Genesing van die koninklike beampte (Joh. 4:43-54)
8. Die lam man by Bethesda (Joh. 5)
9. 5000 word gevoed (Joh. 6)
10. Jesus die Lig van die wêreld (Joh. 8)
11. Die blinde man was genees word (Joh. 9)
12. Jesus die Groot Herder (Joh. 10)
13. Die opwekking van Lasarus (Joh. 11)
14. Jesus ry op ‘n donkie in Jerusalem (Joh. 12)

15. Jesus was Sy dissipels se voet (Joh. 13)
16. Laaste Onderwys (Joh. 14-16)
17. Die Hoëpriesterlike Gebed van Jesus (Joh. 17)
18. Die Kruisiging en Begrafnis (Joh. 19)
19. Jesus se Opstanding (Joh. 20 en 21)

Messiaanse Profesieë en hul vervulling

1. **Die Messias sou gebore word in Betlehem (Matt.2:1-6; Lukas 2:1-20)**
2. **Die Messias sou gebore word uit 'n maagd (Jes. 7:14; Matt.1:18-25; Luke 1:26-36)**
3. **Die Messias sou 'n Profeet wees soos Moses (Deut.18:15,18,19; Joh. 7:40)**
4. **Die Messias sou met triomf Jerusalem inkom (Zech. 9:9; Matt.21:1-9; Joh 12:12-16)**
5. **Die Messias sal verwerp word deur Sy mense (Jes. 53:1,3; Ps.118:22) (Matt.26:3,4; Joh. 12:37-43; Hand. 4:1-12)**
6. **Die Messias sal verloën word deur Sy volgelinge (Ps. 41:9) (Matt.26:14-16, 47-50; Lukas 22:19-23)**
7. **Die Messias sal vervolg en veroordeel word (Jes. 53:8) (Matt.27:1,2; Lukas 23:1-25)**
8. **Die Messias sou geslaan en verneder word (Ps. 22:7,8; Jes. 50:6) (Matt.26:67; 27:30-44; Markus14:65; Lukas 23:11,35)**
9. **Die Messias sou 'n Kruisdood sterf (Ps. 22:14-17) (Matt.27:31; Markus 15:20,25)**
10. **Die Messias sou gestraf word saam met boewe (Jes. 53:12) (Matt.27:38; Markus 15:27,28; Lukas 23:32-34)**
13. **Die Messias sou asyn en gal drink (Ps. 69:21) (Matt.27:34; Joh. 19:28-30)**
14. **Oor Sy klere sal die lot gewerp word (Ps. 22:18) (Matt.27:35; Joh. 19:23,24)**
15. **Die Messias se bene sal nie gebreek word nie (Ex. 12:46; Joh. 19:31-36)**
16. **Die Messias sal sterf as 'n offer vir ons sondes (Jes. 53:5-8) (Joh. 1:29; 11:49-52; Hand. 10:43; 13:38,39)**
17. **Die Messias sal opgewek word uit die dood (Ps. 16:10) (Hand. 2:22-32; Matt.28:1-10)**
18. **Die Messias is nou aan die Vader se regterhand (Ps. 110:11) (Markus 16:19; Lukas 24:50,51)**

Hierdie boek was geskryf lank na die ander Evangelies. Die doel was om sondaars te bereik, daarom moet die boek Johannes eerste aanbeveel word vir nuwe bekeerlinge.

**Lees Joh. 21:24** dan sal jy vind Johannes was so nederig dat hy nie sy eie naam genoem het met die skryf van sy boek nie! Dit lees so: *"Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is."*

GELYKENISSE VAN JESUS

**Oor die Koninkryk van God**

1. **Die Saaier (Matt.13:3-8; Markus 4:4-8; Lukas 8:5-8)**
2. **Die Onkruid (Matt.13:24-43)**

3. **Die Mosterdsaad (Matt.13:31,32; Markus 4:30-32; Lukas 13:18,19)**
4. **Die Suurdeeg (Matt.13:33; Lukas 13:20,21)**
5. **Die Skat (Matt.13:44-46)**
6. **Die Visnet (Matt.13:47-50)**
7. **Die Saad en hoe dit groei (Markus 4:26-29)**

**Oor Diens**

1. **Die Werkers in die Oes (Matt.20:1-16)**
2. **Die Talente (Matt.25:14-30)**
3. **Die Ponde (Lukas 19:11-27)**
4. **Die Dienskneg se plek (Lukas 17:7-10)**

**Oor Gebed**

1. **Die Vriend wat in die nag gekom het (Lukas 11:5-10)**
2. **Die Onregverdige Regter (Lukas 18:1-8)**

**Oor ons Naaste**

1. **Die Barmhartige Samaritaan (Lukas 10:30-37)**

**Oor Nederigheid**

1. **Die Bruilof Fees (Lukas 14:7-11)**
2. **Die Fariseër en Tollenaar (Lukas 18:9-14)**

**Oor Geld**

1. **Die Ryk Dwaas (Lukas 12:16-21)**
2. **Die Groot Fees (Lukas 14:16-24)**
3. **Die Oneerlike Rentmeester (Lukas 16:1-9)**

**Oor God se Liefde**

1. **Die Verlore Skaap (Matt.18:12-14; Lukas 15:3-7)**
2. **Die Verlore Penning (Lukas 15:8-10)**
3. **Die Verlore Seun (Lukas 15:11-32)**

**Oor Dankbaarheid**

1. **Die Kwytskelding (Lukas 17:41-43)**

**Oor Jesus se Wederkoms**

1. **Die Tien Maagde (Matt.25:1-13)**
2. **Die Wyse en Getroue Dienskneg (Matt.24:45-51; Lukas 12:42-48)**
3. **Die Reisende Baas (Markus 13:34-37)**

**Oor Waardes**

1. **Die Twee Seuns (Matt.21:28-32)**
2. **Die Landbouers (Matt.21:33,34; Mark 12:1-9; Lukas 20:9-16)**
3. **Die Onvrugbare Vyeboom (Lukas 13:6-9)**
4. **Die Bruilof Fees (Matt.22:1-14)**
5. **Die Dienskneg wat nie wou Vergewe nie (Matt.18:23-35)**

***Taak:*** ***Verduidelik wat is ‘n Gelykenis en kies twee gelykenisse uit en gee jou uitleg daaroor***

## HANDELINGE

Die skrywer van Handeling was Lukas. In Kol. 4:14 lees ons: *“Die geneesheer Lukas.”* Handelinge was geskryf tussen 61 – 65 NC. Dit dek ‘n tyd van 33 jaar nadat Jesus opgevaar het tot die dat Paulus 2jaar in die tronk was in Rome

Die naam van hierdie boek word genoem *“Die Handelinge van die Apostels”* maar dit moet eintlik bekend staan as *“Die Handelinge van die Heilige Gees”*
Die rede is omdat die hele boek van Handelinge vertel ons hoe die Heilige Gees gewerk het in die eerste kerk.

**Die sleutel vers is Hand. 1:8:** ***“… julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.”***

HIERDIE WYS WAT DIE ORDE IS VIR EVANGELISASIE

(1) Jerusalem (eers in ons eie gemeenskap)
(2) Judea (ons Streek)
(3) Samaria (Dié mense wat ons niks van hou nie – soos die Jode wat nie van die Samaritane gehou het nie)
(4) Regoor die Wêreld

‘n Gemeente kan nie besluit waar wil hulle e\Evangeliseer en waar nie. Elke gemeente moet betrokke wees in al bogenoemde plekke en die woorde “sowel as” sê vir ons dit moet gelyktydig plaasvind, oral.

**Die doel van die boek Handelinge:**
Om aan ons te wys hoe die Evangelie beweeg het met krag te midde van vervolging en baie teëstand.
**Die uitstaande Boodskap aan ons is:**
Die Kerk van vandag kan nie funksioneer sonder die Heilige Gees nie. Ons lees in Sagaria 4:6 dat dit nie gaan oor krag en geweld nie, maar deur God se Gees!
**Inhoud van Handelinge:**
Jesus openbaar Homself aan Sy dissipels net voor Sy hemelvaart en gee Sy opdrag aan hulle in Hand. 1:8
**Die Bediening van Petrus (Hand. 2 tot 12)**
Hand 2: Op Pinksterdag kom 3000 to bekering
Hand 3: Die genesing van die lam man
Hand 4: Petrus en Johannes in die tronk en hul bevryding
Hand 5: Die Storie oor Ananias en Sefira
Hand 6: Kiesing van die eerste Diakens
Hand 7: Stefanus die eerste martelaar
Hand 8: Die Evangelie bereik iemand van Ethiopia
Hand 9: Paulus se redding. Genesing van Eneas en opwekking van Tabita
Hand 10: Die Gesig van Petrus en Cornelius se redding
Hand 11: Die Evangelie bereik Antiochië
Hand 12: Koning Herodes vermoor Jakobus – hy sterf ‘n gruwel dood

**Die Bediening van Paulus (Hand. 13 tot 28)**
Handelinge gee baie gee verslag van geestelike groei in die eerste Kerk.
Dit begin waar die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is (Hand. 2)
God het gewone mense gebruik
Die Evangelie is eers aan die Jode gebring – maar hulle verwerp dit
Die tweede helfte van Handelinge fokus op Paulus se Sendingreise
Kyk na die vrymoedigheid waarmee die Apostels die woord verkondig het, te midde van baie vervolging. Besluit in jou hart om uit staan vir die Evangelie van Christus!

**Hand. 13 en 14**

**PAULUS SE EERSTE SENDINGREIS**
Paulus word gestuur deur Antiochië (Hand. 13:1-4)
Hy preek in verskillende stede en word gestenig in Listre, nadat ‘n lam man genees is.
Nadat God hom opgewek het (Hand. 14) gaan hy voort om die Evangelie te verkondig.

**Hand. 15 tot 17**

**PAULUS SE TWEEDE SENDINGREIS**
Paulus en Barnabas verskil oor Johannes Markus en hulle verdeel (Hand. 15:39)
Paulus en Silas in die tronk waar groot wonders plaasvind (Hand. 16)
Paulus preek in verskillende dorpe (Hand, 17) Sy uitstaande preek in Athene

**Hand. 18 tot 28**

**PAULUS SE DERDE SENDINGREIS**
**Efese groei van klein na ‘n kragtige gemeente (Hand. 19)**
**In Troas wek hy Eutychus op uit die dood (Hand. 20:6-12)**
**Paulus neem afskeid van Efese (Hand. 20:13-38)**
**Paulus kom in die tronk en kom voor Festus en Agrippa (Hand.24-26)**
**Paulus se bootreis na Rome en die skipbreuk by Mellite (Hand. 27 en 28)**
**Paulus in Rome onder huis ares (Hand. 28:30,31)**

***Taak:*** ***Gee ‘n oorsig oor die drie Sending Reise van Paulus***
***Wat is vir jou uitstaande en waarom?***

## ROMEINE

Geskryf deur Paulus ongeveer 56NC gedurende sy 3de Sendingreis.
In Romeine leer Paulus 4 waarhede:
*Eerste:* God maak gee onderskeid tussen ons as mense nie. Ons almal is skuldig maar ons het toegang tot volkome Redding. (Rom. 1:17 – 4:25)
*Tweede:* Deur God se Genade is daar volkome bevryding (Rom. 5:1 – 8:39)
*Derdens:* Ons almal is afhanklik van God (Rom. 9:1 – 11:36)
*Vierdens:* Deur God se genade moet ons respekte betoon aan mekaar ten spyte van al ons verskille (Rom. 12:1 – 15:13)

**Agtergrond:**
Paulus het nie self hierdie gemeente geplant nie. Hy het 20 jaar al gepreek voordat hy hierdie brief aan die gemeente in Rome geskryf het. Teen hierdie tyd het Paulus gegroei tot geestelike volwassenheid.
Daar was drie stadiums in Paulus se lewe:

(1) "Ek en Christus" (Die "ek" was eerste)
(2) "Christus en Ek" (Toe hy Jesus eerste gestel het)
(3) "Christus alleen" (Dit was toe hy Galasiërs 2:20 kon skryf. Is jy al daar?

**Die hoof boodskap in hierdie boek is "Geregtigheid"**
*Wanneer Paulus die woord "Geregtigheid" gebruik dan meen hy nie sondeloos nie, maar dat ons in die regte verhouding tot God staan – vry van enige skuld!*
*Die belangrikste is nie wat ek vir God doen nie, maar wat het Hy vir my gedoen.*

***Ons moet altyd onthou dat God 'n Regverdige God is:***
(1) Al is alle mense sondig (1:18 - 3:20)
(2) God wil nie ons straf nie, maar wil ons vergewe (3:21 – 5:21)
(3) Al behaag ons nie God in alles nie (6:1 – 8:17)
(4) Selfs as gelowiges swaarkry (8:18-39)
(5) Ook as baie Jode nie glo nie (9:1 – 11:36)

**Opsomming:**
**Rom 1 tot 3:** Almal het gesondig
**Rom 3 tot 5:** Justification is by faith alone
**Rom 6 tot 8:** Hoe ons Regverdig kan leef. Dit sluit die doop in (Rom. 6) asook om in die Gees te leef (Rom. 8)
**Rom 9 tot 11:** God se omgee vir Israel
**Rom 12 to 15:** Praktiese Toepassing

(a) Offer jou liggaam aan Christus
(b) Beoefen jou geestelike Gawes en Bediening
(c) Ons verhouding met Gelowiges en Ongelowiges
(d) Ons gesindheid teenoor die Regering

**Rom 16:** Paulus se Groete aan die Kerk

## <u>1 KORINTIËRS</u>

Geskryf deur Paulus ongeveer 55NC

**Agtergrond:**

1. Paulus het hierdie gemeente geplant en 18 maande daar gewoon (Hand. 18:1-11)
2. Hy het 'n brief aan Korintiërs gestuur wat verlore geraak het (1 Kor. 5:9-11)During his
3. Paulus het Timotheus na hulle gestuur as hulp (1 Kor.4:17)
4. Korinte was 'n stad met immorele mense. In hulle tempel was 1000 prostitute
5. Paulus antwoord sommige vrae van die Korintiërs:
   - (a) Rakende Verdeeldheid (1 Kor.1:10-17)
   - (b) Dat hul liggame God se tempel is (1 Kor. 3)
   - (c) Die Huwelik en Egskeiding (1 Kor.7)
   - (d) Offers aan Afgode (1 Kor.10)
   - (e) Die Nagmaal (1 Kor.11)
   - (f) Die Nege Gawes van die Heilige Gees (1 Kor. 12)
   - (g) Dat Liefde die belangrikste is (1 Kor.13)
   - (h) Hoe God se Gawes moet werk in Sy Gemeente (1 Kor.14)
   - (i) Die Opstanding uit die dood (1 Kor.15)
   - (j) Hoe om vir armes te gee (1 Kor.16)

**<u>Meer omtrent Korinte:</u>**

Korinte is ongeveer 64 kilometer Wes van Athene (Griekeland) Dit was 'n belangrike kommersiële stad, met drie hawens.
Korinte het in opstand gekom teen Rome en is volkome vernietig. Die Keiser Julius het dit weer opgebou. In Paulus se tyd was daar 400,000 inwoners.
'n Tempel vir die Griekse goddess Venus was in hierdie stad gebou en sex was iets wat in die tempel plaasgevind het met die 1000 prostitute wat daar in diens was.
Die Korintiërs het geglo dat jy kon enigiets gedoen het met jou liggaam sonder dat dit 'n sonde was vir jou. Teen hierdie agtergrond het Paulus 'n gemeente hier geplant.

**Geen wonder dat Paulus hierdie groot waarhede vir ons leer, naamlik:**

- (1) Daar is geen geestelike wins in die vlees nie (Joh. 6:63)
- (2) Die wat vleeslik is doen vleeslike dinge (Rom. 8:5)
- (3) As jy leef volgens die vlees sal jy sterf (Rom. 8:13)
- (4) Maak geen voorsiening vir die begeerte van die vlees nie (Rom. 13:14)
- (5) Kruisig die vlees met al sy begeertes (Gal. 5:24)

***Paulus se begeerte vir die Korintiërs vind ons in 1 Kor. 1:7 "Dat hulle in geen enkele genadegawe sou agterstaan nie, terwyl julle wag op die openbaring van ons Here Jesus Christus."***

***<u>Taak:</u>*** ***Verduidelik hoe jy die Nagmaal verstaan.***
***Hoe meen jy moet God se Gawes werk in 'n gemeente?***

## 2 KORINTIËRS

Paulus herinner die gemeente dat hy altyd eerlik met hulle was (2 Kor.1:12-14)
Paulus waarsku hulle teen valse leraars (2 Kor.2:17)
In 2 Kor.5:17-21 leer Paulus hulle dat hulle nuwe mense is!
Van die beste lering in die Bybel is in 2 Kor. 8 en 9. Maak ‘n deeglike studie daarvan.
In 2 Kor.10 leer Paulus ons oor Geestelike Oorlogvoering.
2 Kor. 11 to 12

(1) Sy Hemelse gesig oor die Paradys
(2) Sy Vervolging wat hy vir Christus moes ly
(3) Sy lering oor false apostels

2 Cor. 13 Oor outoriteit en dat ons onsself moet ondersoek

***Taak:*** ***Verduidelik hoe verstaan jy 2 Kor. 8 en 9***

## GALASIËRS

Geskryf deur Paulus in 96NC
Geskryf vir ‘n groep Gemeentes in Galasië. (Galasië is vandag se Turkye)
Galasië was ‘n Provinsie en nie ‘n stad nie. Dit het plekke ingesluit soos Antiochië, Ikonium, Listre en Derbe.
Paulus het aan hulle geskryf vanaf Macedonië of Korinte tydens sy 5de Sendingreis.
Wette en reëls in die gemeentes het die Christene gehinder om te wandel in hulle nuwe lewe van vrymaking. (Dit klink asof ons vandag praat?)

VIR HIERDIE REDE IS DIE SLEUTEL VERS IN GALASIË:
***Gal.5:1 “Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.”***

**Paulus se hoof boodskap aan hulle was “Regverdigmaking deur Geloof” alleen.**

MEER INLIGTING RAKENDE DIE STREEK VAN GALASIË
Meeste van die nuwe bekeerlinge in die eerste kerk was Jode. Hulle het geworstel tussen die Ou Testamentiese tradisies en hul nuwe lewe in Christus. Hulle kon ook nie verstaan hou nie-Jode deel kon wees van God se Koninkryk nie. Daar was geleer dat die heidene wat tot bekering gekom het moes hulle onderwerp aan Joodse Wette.
Ons sien dit ook vandag hoe toegewyde Christene wil teruggaan na die Ou Testament se Wette, Veral wat die Joodse Sabbat betref. Dit is treffend om te sien hoe verloor hierdie welmenende kinders van die Here hulle blydskap in die Here, en hoe verloor hulle die “fellowship” wat hulle in hul gemeentes gehad het.

## <u>Opsomming van Galasiërs</u>

Gal. 1,2: Paulus verdedig se gesag maar praat ook oor sy nederigheid.
Lees Gal.2:20 en 5:24

Gal. 3,4: Regverdigmaking deur Geloof
Hy het hulle geleer dat hulle verlos was van die vloek van die Wet.
Sodat die seëning van Abraham ook op hulle kon kom. (Gal. 3:13,15)

**Paulus leer ook:**

Wat Doop vir hom beteken (Gal.3:26-28)
Hoe hy oor die Kerk besorg is (Gal. 4:19,20)
Sy begeerte was dat hulle verander moes word na die beeld van Christus
Gal. 5,6: Paul moedig die Galasiërs aan:

(1) Om hul vryheid reg te gebruik
(2) Om in die Gees te wandel
(3) Om mekaar se laste te dra (Gal. 6)

**Die vlees en die Gees speel ‘n groot rol in ons lewens. Gal.5:16-25**
**(Lees weer wat Paulus erken het in Rom.7:15-23)**

Volgens Gal.6:7-9 is daar ‘n tyd vir alle Saad wat ons plant. Somtyds kom dit gou op en ander tye neem dit ‘n langer tyd.
Die vraag is: “Wat moet ons doen terwyl die Saad besig is om te groei?

(1) Moenie moed verloor nie
(2) Hou jou geloof lewendig en aktief
(3) Gee en hou aan om te gee (Lukas 6:38)

***Paulus het geweet wat vervolging beteken:***
***Gal.6:17 “Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam.”*** *(<u>Lees</u>: Hand. 14:19 2 Kor.11:23-25)*
*Paulus het geweet wat dit was om vir Jesus te ly! (Rom. 1:17)*

***<u>Taak</u>: Verduidelik hoe verstaan jy die boodskap in Galasiërs 5***

## **EFESIËRS**

Die Skrywer was Paulus
Datum: 60-61 NC
Geskryf vir die kerk in Efese (Vandag is dit Turkye)

**Agtergrond:**
(1) Efese was 'n kusdorp aan die Westekant van Klein Asië
(2) Dit was een van die SEWE gemeentes wat toes gespreek is in Openbaring 2,3
(3) Ons lees van Paulus se eerste besoek aan Efese in Hand.18:21
(4) Paulus het in Efese vir 2 jaar bedien (Hand. 19:8-10)
(5) Hy het hierdie brief vanuit die tronk in Rome geskryf (Ef. 3:1; 4:1; 6:20)
(6) Later het Paulus Timotheus as leier gestuur na Efese

**In Efesiërs leer ons DRIE dinge:**

***Ef. 1*** — ***ONS POSISIE IN CHRISTUS***
***Ef. 2-5*** — ***ONS LEEFWYSE***
***(1) Ons is God se gevangene (3:1; 4:1)***
***(2) Ons moet strewe na God se volheid (3:19)***
***(3) Ons moet wandel in Eenheid (4:1-6)***
***(4) Ons moet toegerus word om te Groei (4:11-16)***
***(5) Ons moet in Liefde wandel (5:1-11)***
***(6) Ons Familie Lewe (5:22 to 6:9)***
***Ef. 6:*** — ***ONS GEESTELIKE WAPENS (6:10-20)***

EFESE HET AS 'N MAGTIGE KERK BEGIN IN HAND. 19, MAAR NET 38 JAAR LATER SKRYF JOHANNES UIT PATMOS OOR HUL SWAK TOESTAND Open. 2:1-7 God prys hulle in SEWE dinge maar vertel hulle wat Hy teen hulle het, naamlik dat hulle hul eerste liefde verlaat het.

***Taak:*** ***Lees met aandag weer Efesiërs 6 en verduidelik dit soos wat jy dit aan 'n groep sou verduidelik***

## **FILIPPENSE**

Geskryf deur Paulus, ongeveer 61 NC
Sleutel vers: Fil. 4:4 *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle."*

**Agtergrond:**
Hand. 16:12-40 vertel ons dat hierdie kerk tydens Paulus se 2de Sendingreis geplant was. Ongeveer 51NC

1. Paulus se roeping was gefokus op Sending.
   Dié kerk het Paulus ondersteun – Fil. 4:15-16; 2 Kor.11:8-9
2. Paulus se bande met hierdie kerk was die sterkte as met enige ander kerk
3. Hy het hierdie brief geskryf gedurende die eerste keer toe hy in Rome in die tronk was en hulle gedank vir die gemeente se ondersteuning. Iets wat elke dienaar van God se Woord moet doen en dit is om dankie te sê.

**<u>Opsomming:</u>**

(1) Aanvaar predikers, al verskil ons – want Christus word gepreek (Fil. 1:12-18)
(2) Christus se Gesindheid moet ons gesindheid wees (Fil. 1:19-23)
(3) Dan leer Paulus oor Eenheid deur Nederigheid (Fil. 2:1-11)
(4) In Fil. 3 en Fil. 4 fokus Paulus op BLYDSKAP
Paulus verduidelik wat blydskap is en hoe om dit te besit ten alle tye
Alle mense wil gelukkig wees! Baie probeer geluk bekom deur dinge te koop, om dinge bymekaar te maak.

***Blydskap word meer in jou wanneer jou verhouding met Jesus meer word Lees met aandag Fil. 3:8-10. Ons moet die Here meer en meer soek, soos wat Paulus dit gedoen het, dan sal volkome blydskap jou deel wees!***

## <u>KOLOSSENSE</u>

Geskryf deur Paulus ook in 61NC
Die Sleutel vers is Fil. 2:8,10 *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag..."*

**Agtergrond:**
Paulus het nooit Kolosse besoek nie. (Dit was so 165 km van Efese)
Hierdie gemeente het vergader in die huis van Filemon (Fil. 1:2)
Paulus het aan hulle geskryf uit die tronk in Rome.
Daar was false lering (soos ook vandag) oor die Godheid van Jesus. Daar was geleer dat Christus nie kan voorsien in al die behoeftes van die gemeente nie.

**Inhoud:**
Jesus is Hoof van die gemeente (Kol. 1)
Paulus leer dat Christus die Beeld van die onsienlike God is. (Kol. 1:15)
Christus is die Skepper van alles (Kol. 1:16) Alles is deur Hom geskep.
Christus is die Hoof van die Kerk (Kol. 1:18)
**Dan voeg Paulus hierby, Kol. 1:28 *"Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus voor te stel."***

**In Kol. 3:15 leer Paulus oor God se vrede.**

'The Amplified Bible' vertaal vers 15 só treffend: ***"And Let the peace (soul harmony comes) from the Christ rule (act as umpire continually) in your hearts – deciding and settling with finality all questions that arise in your minds..."***

Kol. 3:17 *"En wat julle ook al doen in woord en in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."*
Dan gee hy lering oor ''n Christelike Huis (Kol. 3:18-25)
In ons huise moet ons weet Christus is ons Leier en ons Voorsiener. Dit is daar wat ons moet lees in Sy Woord, moet bid en in verhouding met mekaar moet leef.

## 1ste en 2de THESSALONICENSE

Paulus het aan hulle geskryf (in 50NC) en dit gedeel met Silas en Timótheüs
Hand. 15:22,32; Hand. 16 – Lees ook 1 Thes.1:1 en 2 Thes. 1:1
Sleutel verse: 1 Thes. 4:14; 2 Thes. 3:5

**Agtergrond:**
Thessalonicense was in Griekeland (Macedonië)
Paulus was geroep om na Macedonië te gaan (Hand. 16:8-20)
Hy het Filippi verlaat en 149 km gereis na Thessalonicense waar hy kontak gemaak het sekere vrou, wat sterk geestelike leiers was (Hand. 17)
Jason speel ook 'n rol (Hand. 17:6-9)
Paulus en Silas het hierdie stad in die nag verlaat omdat hulle lewe in gevaar was.
In Berea was hulle beter ontvang (Hand. 17:10-12)
Maar dieselfde Jode in Thessalonicense het na Berea gekom en almal opgesweep teen Paulus. Die gelowiges in Berea het home na veiligheid weggestuur. (Hand. 17:14)
In 1 Thes. 2:18 het Paulus gesê dat die satan hulle verhinder het. Later het Paulus vir Thimotheüs gestuur na Thessalonica. (1 Thes. 3:1,2)

**Paulus was bekommerd oor die onwaarhede wat aan hierdie gemeente verkondig was, veral dat Christus se Wederkoms reeds plaasgevind het.**
Sommige Christene het selfs opgehou werk en het onordelik gelewe.

**Paulus gee duidelike lering oor Jesus se Wederkoms in 1 Thes. 4:13-18 en 5:1-11**

***Die hoof tema van albei dié briewe was omtrent die Wederkoms van Christus.***
**Paulus waarsku ook teen hulle wat nie wil werk nie. 2 Thes 3:6-15**

Paulus moedig hulle aan om gereed te maak vir Jesus se Wederkoms
Hulle moet mekaar vermaan en diw swakke bemoedig
Hulle moet hul daagliks kan verbly in die Here en gereeld bid
Vermy die kwaad en verkondig die Blye Boodskap!

## 1ste TIMOTHEÜS

Deur Paulus geskryf in 64NC
**Die Sleutel vers is 1 Tim. 4:12** *"Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid."*

**Agtergrond:**
Paulus gee Timotheüs raad hoe hy 'n ware herder kon wees van sy gemeente.
Timotheüs se ouma was Loïs en sy moeder Eunice (2 Tim. 1:5) Alhoewel hy opgevoed was in die Joodse tradisie, wou sy vader (wat 'n heiden was) nie toelaat dat hy besny word nie. Paulus het hom aangemoedig om besny te word sodat die Jode hom aanvaar. Timotheüs was aangestel as leier van die gemeente in Efese. Alhoewel hy in die begin onseker was oor sy roeping (omdat hy jonk was) het Paulus hom sterk aangemoedig om die gawes wat in hom is aan te wakker. Paulus het die potensiaal in Timotheüs gesien. ***Weet een ding: Verantwoordelikheid bring Groei!***

**Inhoud:**
Paulus se brief aan Timotheüs is soos 'n vader aan sy seun.

***Ons het "Geestelike Vaders" nodig in die Kerk!***

(1) Hy waarsku Timotheüs teen valse leraars – en hou hy moet optree teen hulle
(2) In 1 Tim.2:1-8 word Timotheüs geleer oor hoe om te BID
  v.1: Verskillende manier om te bid
  v.2: Om vir almal te bid. Veral hulle wat hooggeplaas is.
   *Is die wêreld nie in hierdie toestand omdat ons nie vir ons leiers bid nie?*
  v.3,4: God wil dat almal gered word.
(3) Paulus bespreek die kwalifikasies van Gemeente Leiers. Lees 1 Tim. 3:1-14.
(4) Paulus praat van die "afval" in 1 Tim.4:1-4
(5) *In 1 Tim.4:14-18 sê Paulus aan Timotheüs: "Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie…"*
(6) In Hoofstuk word Timotheüs geleer om met ouer mense te werk.
(7) In 1 Tim.6:6-10 word hy geleer oor "Vergenoegdheid"

## <u>2de TIMOTHEÜS</u>

**Geskryf deur Paulus in 66NC = Sleutel vers is 2 Tim. 2:15**
**Background:**
Paulus was vrygelaat uit die tronk, na sy eerste keer in in Rome, en reis na Spanje.
In 64NC word hy weer in die Gevangenis geplaas. Die verskil was dat hy sy eie gehuurde huis gehad het. Mense kon hom besoek het.
Volgens 2 Tim. 4 is dit duidelik dat Paulus voorberei was om na sy ewige tuiste te gaan.
Hy het uitgesien na die Beloning wat vir hom wag. Die Geneesheer Lukas het al dii tyd by Paulus gebly. (2 Tim. 4:10,11)

**Paulus het Timotheüs geleer hoe om 'n waardige en getroue dienskneg van Christus te wees: (Elke Prediker moet hiervan kennis neem!)**

<u>Timotheüs moes:</u>
(1) Vashou daaraan dat God hom geroep het en gawes gegee het **(2 Tim.1:3-7)**
(2) Hy moes nooit skaam wees vir die Evangelie nie **(2 Tim.1:8-12)**
(3) Hy moes Getroue manne vra om ander te leer **(2 Tim.2:2)**
(4) Hy moes volhard en gefokus bly **(2 Tim.2:3-7)**
(5) **2 Tim.2:15** *"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.""*
(6) Hy moet Heiligmaking najaag **(2 Tim.2:21,22)**
(7) Vermy argumente! **(2 Tim.2:24,25)**
(8) Wees gereed wanneer slegte tye kom **(2 Tim.3:1-13)**
(9) Wat hy ook al doen moet hy sy Bediening Vervul! **(2 Tim.4:1-5)**
  Paulus vertel hom hoe getrou die Here is en dat God hom uit die bekke van leeus gered het. **(2 Tim.4:17,18)**

# <u>**TITUS**</u>

<u>Titus en Timotheüs is geskrywe aan jong leiers in Gemeentes</u>
Skrywer – Paulus in 64NC
**Sleutel vers Titus 1:5** *"Om hierdie rede het ek jou (Titus) in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het…"*

**Agtergrond:**

Daar word nie melding van Titus gemaak in Handelinge nie
Hy was 'n mede-werker van Paulus
Hy was 'n Griek en bekeerling van Paulus

**Doel:** Om Titus instruksies te gee in die Pastorale werk
**Tema:** <u>*Titus word geleer op drie vlakke:*</u>

*(1) Kerk Organisasie*
(2) *Gesonde Dogma*
(3) *Heilige Lewenswandel*

**Inhoud:**

**(1)** Paulus groet Titus en gee kwalifikasies van 'n Leier **(Titus 1:5-9)**
**(2)** Hoe ouer manne en vroue moet leef **(Titus 2:1-5)**
**(3)** ***In Titus 3:1,2 lees ons dat hy onderdanig moet wees aan die owerhede en om niemand te belaster nie – ook nie 'n strydlustige te wees nie – vriendelik te wees en aan alle mense sagmoedigheid te bewys."***
***(4) In Titus 3:5 leer Paulus Titus dat ons gered word deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing van die Heilige Gees."***

<u>Hierdie brief is kort, maar dit is 'n belangrike een wat Titus (en ook ons) sal help om te groei in leierskap in die Kerk.</u>

***As jy hierdie brief mooi lees sal jy insig bekom in die organisasie en lewe van die eerste kerk en beginsels leer vir die kerk van vandag.***

## **<u>FILÉMON</u>**

Paulus het aan Filémon hierdie brief geskryf in 60NC

**Agtergrond:**

Hierdie brief van Paulus was aan Filémon, ‘n ryk Christen slaweienaar, oor Onésimus wat tot bekering gekom het onder die bediening van Paulus (v. 8-12)
Filémon het ‘n *<u>“gemeente gehad wat in sy huis was”</u>* (v.2)
Onésimus, een van Filémon se slawe, het gevlug na Rome.
Hier in Rome het hy met Paulus ontmoet wat hom na Christus gelei het.

*<u>Palus stuur nou Onésimus terug na Filémon en vra dat hom moet terug neem en vergewe. Alles wat Onésimus aan Filémon verskuldig was moet nou kom op die rekening van Paulus. In vers 18 lees ons: “En as hy jou benadeel het of iets skuld, sit dit op my rekening – ek, Paulus, het dit met my eie hand geskrywe: ek sal betaal…”</u>*

**Is dit nie tog waaroor die Evangelie gaan nie?**

**<u>In Filémon 1:4-7</u>** prys Paulus vir Filémon oor sy liefde en geloof en omdat hy goed was vir mede-gelowiges.

Filémon was ‘n ryk lidmaat van die gemeente in Kolosse en hy was ‘n persoonlike vriend van Paulus.

**Die doel van hierdie brief:** Om Filémon te vra om Enésimus te vergewe as ‘n slaaf wat weggehardloop het en hom te ontvang as ‘n broeder in die geloof

Hierdie brief, met net een hoofstuk, demonstreer die krag van die Evangelie en ware Christen broederskap.
Watter struikelblokke is daar in jou huis, familie en woon gebied?
Wat skei jou van ander gelowiges? Ras – Geleerdheid – Finansiële status – Dogma?

***Soos vir Filémon, roep God jou om eenheid te soek en om mure af te breek sodat jy jou broers en susters kan omhels in die Here.***

## HEBREËRS

Baie is nie seker nie, maar moontlik was dit Paulus
Datum – Ongeveer 70 NC.
Geskryf vir Joodse Christene

**Agtergrond:**

Die meeste van die Joodse Christine het Jesus se Wederkoms vroeg verwag Vertraging op Jesus se Wederkoms het van hulle laat twyfel of hulle die regte besluit gemaak het om Christene te word.

**Doel van hierdie Boek:**

Om hierdie Joodse Christene te bemoedig om vas te staan in hulle Geloof. Hulle word daarop gewys dat wat Christus hulle aanbied baie beter is wat hulle gehad het onder die Wet. **Die Nuwe Verbond is beter as die Ou Verbond.**

***Die Boodskap aan die Hebreërs was dat Jesus beter is, dat Christenskap die regte besluit was omdat dit 'n Volkome Saligheid bied.***

**Inhoud:**

(1) Jesus is Verhewe bo alles **(Heb.1:1-14)**
Wat jy ook al op fokus in die lewe, Jesus is beter
(a) Hy is die perfekte Openbaring van God
(b) Hy is die finale en Perfekte Offer vir sonde
(c) Hy is die Middelaar
(d) Hy is die enigste Weg na die Ewigheid
Terwyl jy in Hebreërs lees, wy jouself aan God en gee jou wil oor aan Hom en gee alles oor aan die Here
(2) Ons sal nie ontvlug as ons Sy Saligheid ver agsaam nie **(Heb.2:1-4)**
(3) Die Getrouheid van Christus **(Heb.3)**
(4) Die Belofte van Rus **(Heb.4)**
**(5) Heb.5:8** ***"Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het…"***
Dan vind ons lering oor Geestelike Groei. **Heb.5:12-14 and Heb.6:1-8**
(6) Melgisédek, koning van Salem **(Heb.7)**
(7) Ons leer van die "Hoë Priester" **(Heb.8)**
(8) Hoekom die Tabernakel? **(Heb.9:1-15)**
(9) Hoekom Jesus as Testament Maker gesterf het? **(Heb.9:16-28)**
(10) Offerandes van Diere is nog genoeg nie **(Heb.10:1-18)**
(11) Lering oor Vrymoedigheid **(Heb. 10)**
(12) Die treffende "Geloofs- Boodskap" **(Heb.11)**
(13) Die Geloofs--helde **(Heb.12)**
(14) Goeie Raad en Broeder Liefde **(Heb.13)**

## <u>JAKOBUS</u>

Skrywer: Jakobus, die broer van Jesus (Gal. 1:9)

Jakobus was ‘n ongelowige gedurende Jesus se bediening (Joh. 7:3-5)
Iets het later met hom gebeur en toe kon hy skryf in Jakobus 1:1 *“Jakobus, ‘n dienskneg (‘n slaaf) van God en die Here Jesus Christus…”*
Jesus verskyn aan Jakobus na die Opstanding (1 Korinthiërs 15:7) wat seker gelei het tot sy bekering.
Sy naam kom voor as ‘n gelowige in Hand. 1:14 (In die Oppersaal)
Jakobus was die Leier in Jerusalem – Hand.12:17; 15:13-21; 21:18;
Hy was gestenig in 62 NC.

**Sy hoof boodskap was dat Geloof sonder Werke dood is**
**Jakobus skryf oor die Praktiese kant van die Evangelie en hoe Geloof werk**

**Inhoud:**

Baie Christene maak groot verklarings oor Jesus. Hulle sê hulle glo God maar hou vas aan die wêreld se waardes. Jakobus spreek hierdie dinge aan.
Dit is nie genoeg om te praat oor Geloof nie – ons moet die Leef!
Ware Geloof sal werk – daarom is dit Jakobus se hoof Boodskap.

***<u>Hoofstuk 1</u>:***
As jy <u>Wysheid</u> kort kom, neem kennis van **(v. 5-8)**
Wanneer jy <u>Versoek</u> word **(v.12-15)**
<u>Wees Daders</u> van die Woord **(v.22-25)**

***<u>Hoofstuk 2</u>:***
Moenie Partydig wees nie **(v.1-9)**
Geloof is dood sonder dade **(v.14-26)**

***<u>Hoofstuk 3:</u>***
Die belangrike rol van die Tong **(v.1-12)**
Hoe toets ons Goddelike Wysheid? **(v.13-18)**

***<u>Hoofstuk 4:</u>***
Waar kom veg en rusie vandaan? **(v.1-6)**
Ons kan die duiwel weerstaan **(v.7-12)**
Moenie spog oor môre nie **(v.13-17)**

***<u>Hoofstuk 5:</u>***
Oor Rykdom **(v.1-6)**
Volharding **(v.7-12)**
‘n Boodskap aan hulle wat siek is en lei **(v.13-18)**

**<u>Die book van Jakobus is ‘n boek van Christelike Leefwyse. Dit sal jou aanspreek en Toewyding van jou vra om ‘n Praktiese Gelowige te wees. Lees dit met aandag en word ‘n Dader van God se Woord!</u>**

# 1 PETRUS

Geskryf deur Petrus in 60-70 NC (Lees 1 Petrus 1:1,2) Daardie gebied is nou Turkye

**Agtergrond:**

Petrus skryf aan Christene wat verstrooi is in baie dele van Klein Asië, wat deur baie vervolging gaan terwille van hulle geloof in Christus.

**Inhoud:**

(a) Petrus begin sy brief om God te dank vir Saligheid
(b) Hy verduidelik wat beproewing sal bereik
(c) Ons moet bly glo ten spyte van omstandighede
(d) Hy verduidelik dat baie geglo het in God se plan van Saligheid al het hulle dit nie verstaan het nie.

**Petrus leer wat ons moet doen as ons deur vervolging gaan:**

i. Om heilig te leef **(1 Pet. 1:13-19)**
ii. Om te begeer dat Sy Woord sal groei **(1 Pet. 1:22-25/2:1,2)**
iii. Ons is "*lewendige Stene"* wat ingebou is **(1 Pe. 2:4-8)**
iv. Ons is *"uitverkies"* (**1 Pet. 2:9) Uitgesoek met Sy Hand!**
v. Onderwerp jou aan die Regering **(1 Pet. 2:13-17)**
vi. Onderwerp jouself **(1 Pet. 2:18-20)**
vii. Man/vrou onderwerp aan mekaar (en eer mekaar) **(1 Pet. 3:1-7)**
viii. Wees bereid om vir Jesus te lei **(1 Pet. 3:15 & 4:12-16)**
ix. Versorg God se Kudde **(1 Pet. 5:1-4)**

Petrus sê dat Jesus Christus, is die hoof "Hoeksteen" waarop die Kerk gebou. Dit is ook Hy wat verwerp was. Maar die Kerk moet op Christus bou.

Jesus is ons model van Gehoorsaamheid te midde van vervolging. **1 Pet. 4:1,2**

Dan vertel hy ons van die regte gesindheid wat ons moet hê in vervolging.
As jy 1 Petrus lees onthou lyding en versoeking kom ons jou geloof te versterk. Dit is nie die lyding wat jou geloof sterk maak nie, dit is jou vertroue in Christus jou geloof versterk. Wanneer toetse kom bly getrou aan die Here.

## **2 PETRUS**

Petrus skryf aan alle Christene

**Die Sleutel verse is sekerlik 2 Petrus 1:3-7**

**Agtergrond:**

(a) In 1 Petrus word gelowiges aangemoedig rakende teenstand vanuit die wêreld. In 2 Petrus word gelowiges gewaarsku teen die valse leraars in die Kerk

(b) Valse leraars het in die Kerk opgestaan wat teen God was, wat ‘n wêreldse leefwyse geleef het en teen die Wederkoms was

**Inhoud:**

***Die hoof lering vind ons in 2 Petrus 1:5-9***

Daar is duidelike dinge wat ons moet “byvoeg” tot ons geloof.

*“Voeg die volgende by jou GELOOF:* ***deug; kennis; selfbeheersing; lydsaamheid; godsvrug; broederliefde; naasteliefde.****”*

**As jy dié dinge in jou lewe het is jy vrugbaar. As jy dit nie het nie is jy geestelik blind.**

a. Dit is die laaste brief van Petrus (2 Pet. 1:12-15)
b. Hy moedig ware Profesie aan (2 Pet. 1:19-21)
c. Maar waarsku teen valse Profete (2 Pet. 2:1-3)
d. Oordeel oor valse Profete en Leraars (2 Pet. 2:4-22)
e. God se beloftes sal waar word (2 Pet. 3:1-9)
f. Die einde sal kom – staan dus vas! (2 Pet. 3:10-18)

*Kort na hierdie brief was Petrus gemartel vir sy geloof*

Petrus was gemartel deur Nero – dit word vertel dat, op sy keuse, was hy onderstebo gekruisig. Hy wou nie sterf soos sy Meester nie.

## 1 JOHANNES

Geskryf deur Johannes, wat ook Openbaring geskryf het. Dit was in 90 NC.

**Hoekom het Johannes hierdie brief geskryf? 1 Joh. 5:13 gee die antwoord:**
*"Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."*

**Agtergrond:** **Johannes skryf hierdie brief aan sy geestelike "kinders"**
**<u>In ander woorde:</u> Hierdie brief is geskryf vir die Kerk en nie vir wêreld nie**
***<u>In die eerste hoofstuk kom die woord "ons" meer as 30 keer!</u>***

**Doel van hierdie skrywe:** Om dwaling te openbaar en die Waarheid te bevestig.

<u>Valse lering het gelowiges verwar (net soos vandag) Soos die volgende:</u>

(1) VERGIFNIS **(1 Joh. 1:7-9 & 2:1,2)**

(2) BROEDERLIKE LIEFDE **(1 Joh. 2:9-11)**

(3) WAT IS "WÊRELDSE" DINGE? **(1 Joh. 2:15-17)**

(4) DIE ANTICHRIS **(1 Joh. 2:18-29)**

(5) WAT BETEKEN DIT OM GOD SE KIND TE WEES? **(1 Joh. 3:1-3)**

(6) WAT DOEN DIE *"NUWE GEBOORTE"* IN OONS LEWE? **(1 Joh. 3:6-10)**

(7) *"LUISTER NA JOU HART"* **(1 Joh. 3:21,22)**

(8) VALSE PROFETE **(1 Joh. 4:1-6)**

(9) ONS LIEFDE VIR GOD EN MENSE **(1 Joh. 4:7-21)**

(10) DIE DRIE GETUIES WAT ONS NODIG HET **(1 Joh. 5:6-8)**

(11) AS JY DIE SEUN VAN GOD HET, HET JY DIE LEWE **(1 Joh. 5:11-15)**

***<u>Wanneer jy hierdie brief lees, dra Sy liefde oor aan ander</u>***

## 2 JOHANNES

Geskryf deur dier Apostel Johannes ongeveer 90 NC

**Sleutel vers: Joh. 1:6** *"En dit is die liefde, dat ons wandel volgens Sy gebooie…"*

**Agtergrond:**

a. Geskryf kort na sy 1 Johannes
b. Johannes was bekommerd dat reisende leraars wat die gasvryheid van die gelowiges sou misbruik
c. Johannes gee opdragte wie die gelowiges moes toelaat om hulle te leer en wie nie
*Ons moet nie enige persoon toelaat om van ons kansels te leer nie!*

**Inhoud:** *Die "ouderling" in vers 1 is Johannes en "die uitverkore vrou" is die Kerk*

(a) Jesus se Waardes is teenoorgesteld as die van die wêreld

(b) Johannes was persoonlik naby Jesus en was so beïnvloed deur Hom dat sy lering vol is van God se Liefde. Liefde en Waarheid is vandag baie nodig.

2 Johannes neem nie lank om te lees nie – mag dit jou inspireer om in liefde en gehoorsaamheid te wande

## 3 JOHANNES

**Sleutel vers: (Geskryf aan Gajus) Vers 2:** *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan."*

**Agtergrond:**

Hy bemoedig Gajus maar waarsku teen Diótrefes

**Inhoud:**

(a) Hier word melding gemaak van drie Persone:
Gajus wat graag gee aan ander
Diótrefes wat selfsugtig is en die eenheid skade doen
Demétrius wat 'n mooi getuienis het

***Toets jouself:***

Kan jy met ander 'n maaltyd deel, slaapplek deel, tyd deel, asook jou geld?
Hoe hanteer jy ander en wat is vir jou belangrik?
Een van die belangrikste dinge vandag is om Jesus se liefde en voorsiening met ander te deel.

## JUDAS

Judas wat die broer van Jesus was (Markus 6:3) Nie die Iskariot nie.
Geskryf tussen 65 – 80 NC. Geskryf aan Joodse Christene
**Sleutel vers: Judas 1:20** *"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid."*

**Agtergrond:**
Judas was die broer van Jesus en Jakobus. Hy waarsku Christene teen valse Lering en dat hulle moet volhard in hul geloof in God.

**Inhoud:**

a. Judas se boodskap is dat God se Waarhede moet beskerm word deur hulle wat hul toegewy het aan die Here **(v.3)**
b. Goddelose mense het "ingesluip" **(v.4)**
c. Neem kennis van God se Oordeel **(v.5-9)**
d. Ons moet leer om onsself "op te bou in geloof" **(v.20)**
e. En wat dit meen om "in die Heilige Gees te bid" **(v.20)**
   **Rom.8:26; 1 Cor.14:13,14; Eph.8:18**
f. God is in staat om ons te bewaar van struikeling **(v.24)**

Judas waarsku teen opposisie en valse leraars. Maar ware gelowiges sal soek om God meer te vertrou en om ander te help

## OPENBARING

Johannes het geskryf aan die sewe Gemeentes van Klein Asië **(Open. 2,3)**
Geskryf in die tyd toe baie Christene gemartel was vir hul geloof in die Here
Johannes was meer as 90 jaar oud toe hy verban was na die eiland Patmos

**Inhoud:**

(a) Hierdie boek is 'n Openbaring van Jesus Christus **(Open.1:9-20)**
(b) Maar dit is ook 'n openbaring oor die LAASTE DAE
(c) Die Groot Gemeente in die Hemel **(Open. 4,5)**
(d) Die SEWE seëls **(Open. 6,7)**
(e) Die SEWE Trompette **(Rev.8,9)**
(f) Die TWEE getuies (**Open. 11:1-14)**
(g) Die VROU (die Kerk) Die KIND (Jesus) Die DRAAK (die duiwel) **(Open. 12:1-17)**
(h) Die twee DIERE **(Open.13:1-18)**
**(i)** Die LAM en die 144,000 **(Open. 14:1-5)**
(j) Die EWIGE EVANGELIE **(Open. 14:6-20)**
(k) Die laaste SEWE PLAE **(Open. 15, 16)**
(l) Babilon val en die Messias kom terug **(Open. 17, 18)**
(m) Die Bruilof van die Lam **(Open. 19)**
(n) Die Dier en sy magte word verslaan **(Open.19:17-21)**
(o) Satan word gebind vir 'n 1000 jaar **(Open. 20:1-3)**
(p) Die Gelowiges regeer met Christus 'n 1000 jaar (Open. 20:4-6)

(q) Die WIT TROON OORDEEL **(Open. 20:11-15)**
(r) ‘n NUWE HEMEL en ‘n NUWE AARDE **(Open. 21:27)**
(s) GEEN TRANE, SIEKTE en SONDE **(Open. 22:11)**
(t) ‘n FINALE UITNODIGING AAN ALMAL **(Open. 22:17-20)**

**<u>KYK WEER NA DIE BRIEWE AAN DIE 7 GEMEENTES IN OPEN. 2,3</u>**

**<u>Efese</u>** Hierdie kerk het begin as ‘n baie klein gemeente. Ons lees van hulle in Hand. 19. Maar hulle het gegroei na ‘n sterk gemeente. Toe Johannes aan hulle geskryf het (Open. 2) was dit net 38 jaar nadat hulle gestig is. Hy was tevrede met 7 dinge maar voeg by in Open. 2:4: *“Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.”*

**<u>Smirna</u>** Dit was ‘n vervolgde kerk. Baie Christene was verbrand en gekruisig. Tien wrede Keisers (wat Nero insluit) het verwoesting gesaai. Ons lees die volgende in Open. 2:10: *“…julle sal* ***<u>tien dae lank</u>*** *verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.”*

**<u>Pérgamus</u>** Hierdie was ‘n kerk wat geneig was om ‘n kompromie aan te gaan. Hulle het goeie kwaliteite gehad (vers 13) maar dit vermeng met die wêreld. Jy sien, ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie!
Lees vers 15. Die leer van die Nikolaiete was *<u>“Eenmaal gered altyd gered”</u>*
Vandag is dit nog een van die grootste probleme in die kerk!
.
**<u>Thiatire</u>** Die korrupte kerk! Dit was die Isébel gees wat onheilige en verbode sex in die kerk gebring het. Hierdie kerk het ‘n goeie begin gehad in Hand. 16 maar hulle probleem het gekom dat hulle Isébel toegelaat het om te profeteer.

**<u>Sardis</u>** In hulle tyd het daar Reformasie in die kerk plaasgevind. Hulle het gesê dat hulle baie lewe het, terwyl God gesê het dat hulle dood was. Ons lees in Open. 3:1 *“Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.”*

**<u>Filadelfia</u>** Hulle naam beteken *<u>“broederlike liefde”</u>*
God prys hulle en sê in Open. 3:10 *“Omdat jy die woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.”*

**<u>Laodicéa</u>** Die “Lou-warm” kerk. Nie aan die brand vir God nie, maar nie heeltemal dood nie! Hierdie is ‘n baie gevaarlike toestand, omdat God gesê het in Open. 3:16 *“Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.”*

***<u>As jy en ek hierdie briewe aan die sewe gemeentes lees, moet ons vra: “In watter toestand is my persoonlike lewe vandag? Moet ek nie ook omdraai na God toe nie?</u>***

## WENKE VIR PREDIKING

**2 Tim. 4:1,2** *"Ek beveel jou dan voor God en voor Christus wat die lewendes en die dooies sal oordeel... ...verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee."*
**Die Lewende Bybel:** *"...jy moet die woord van God vir mense bring. Jy moet altyd oorgehaal wees om dit te doen, dit maak nie saak of dit die regte tyd is of nie..."*
**The Living Bible:** *"Whenever you get the chance, in season and out, when it is convenient and it is not. Convince, rebuke, exhort, with all longsuffering and teaching."*

**2 Tim. 2:15** *"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny."*
**2 Tim. 3:16,17** *"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*

### Hoe om 'n Boodskap voor te berei.

Maak altyd seker dat jy 'n woord van die Here ontvang.
Hoe kry jy dit? Lees die Bybel met baie aandag en jy sal meer "Preke" kry as wat jy ooit sal kan gebruik. Vermy die gewoonte om na boeke te hardloop om 'n boodskap te kry. Gebruik boeke (en enige ander hulpmiddel) eers nadat jy reeds uit die Bybel van God gehoor het.

### Moet nooit die Bybel lees om 'n preek te kry nie.

Deur jou Bybel met aandag te lees sal jy ook ondervind wat Esegiël ondervind het:
Eseg. 1:3 *"...die woord van die Here het uitdruklik gekom tot Eségiël."*
Eseg. 3:16 *"...aan die einde van sewe dae het die woord van die Here tot my gekom..."*
Eseg. 6:1 *"En die woord van die Here het tot my gekom en gesê..."*

Maak 'n nota van elke gedagtes wat tot jou kom rakende jou boodskap. Al is hulle nie in volgorde nie. Selfs as die Here met jou praat in die nag, moet jy opstaan en dit gaan neerskryf, want die duiwel (wat 'n dief is) sal dié gedagtes van jou steel.

Maak goeie navorsing oor die Skrifgedeeltes wat jy in jou preek wil gebruik. Vra vir jouself vrae, want die Here sal jou antwoorde gee. Met die baie vertalings wat daar vandag is, is dit moontlik dat 'n ander vertaling jou 'n beter antwoord sal gee.

**Dit is goed om vrae te vra soos:**
*"In watter omstandigheid was hierdie Skrif geskryf en wie was die gehoor?"*
*"Wat is my tema?" (En hou daarby)*
*"Wat is die doel wat ek wil bereik?" (Moet nooit afwyk van jou doel nie)*
*"Is dit nog relevant om vanuit my fisiese Bybel te preek, óf kan ek my tab gebruik?"*

**Voordat jy preek moet jy tyd neem om ernstig te bid oor jou boodskap.**
Bid oor elke punt wat jy neergeskryf het.
Laat toe dat jou preek eers tot jou spreek en hoe dit jou persoonlik raak.

Jou preek moet 'n treffende "**Inleiding"** hê en 'n treffende "**Klimaks"**!
Jou preek moet drie tot vyf punte bevat. Meer as dit moet in 'n volgende preek gebring word.
'n Goeie prediker sal altyd bereid wees om notas van 'n ander prediker te maak.
Wees altyd duidelik in wat jy wil sê.

**Sorg dat jou prediking "Woord – gebonde" is!**
Geen preek moet net 'n mooi toespraak wees nie, dit moet openbaring wees vanuit God se Woord. Hieraan is daar 'n groot tekort vandag!
Maak dus altyd seker dat wat jy sê van die Here kom.
*Om net 'n klomp tekste te gee is nie altyd "Woord Prediking" nie. Die Skrifgedeeltes moet aan jou gehoor verduidelik word. Daar is 'n verskil om net 'n teks aan te haal, want dit is die "logos" maar om 'n "rhema" (gesproke woord) te gee is heel iets anders.*
***'n Gesproke woord is die openbaring in die Skrifgedeelte wat jy lees! Dit is broodnodig in enige prediking!***

**Elke Prediker het sy eie styl. Vra jouself die volgende:**
Is ek vol entoesiasme? In Rom. 12:11 lees ons: *"...wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees..."*
Die woord entoesiasme kom van die Griekse woord "entheos" en verwys na God.
Hoe meer jy van God in jou het hoe meer entoesiasties sal jy wees!
Wil mense graag na my luister?
Is ek senuwee-agtig?
Is ek aanpasbaar?

**Wees jouself en moet nooit iemand anders probeer naboots nie.**
Dit mag wees dat die Here sê dat Hy alreeds so iemand het, en nie nog so een nodig het nie.

**Gebruik notas wanneer jy preek. Maar moet nooit 'n slaaf van jou eie notas wees nie!**

**Gebruik "omskrywende" woorde in jou preek wat gedagtes beter sal oordra.**
Maar moenie woorde gebruik wat nie deur die meeste mense verstaan sal word nie.
Indien jy woorde gebruik soos "Geregtigheid" en "Wedergeboorte" moet jy dit verduidelik aan hulle wat nie teologies dit verstaan nie.

**Moenie skreeu wanneer jy preek nie!**
En leer om jou stem en asemhaling reg te gebruik sodat dit nie klink of jy woorde "insluk" nie.
**En asseblief: "Don't chase rabbits"**
Dit meen om lang draaie te maak wanneer jy iets wil tuis bring nie. Baie keer sal jy sukkel om weer jou draad op te tel. Bly by jou punt.

**Die taal van jou Liggaam is baie belangrik.**
Moenie jou vinger na die gehoor wys of met gebalde vuiste preek nie. Jy wys tog seker nie jou vuis vir jou vrou as jy haar vertel hoe lief jy haar het nie? Moet ook nooit preek met jou hande in jou sakke nie!

Wees netjies op jouself en sorg dat jy skoene skoon is!

**Jou oog kontak met die mense is belangrik.**
Moenie teen die dak kyk of teen die agter muur nie. Leer om oog kontak te maak met die mense wat na jou luister. Vind mense in jou gehoor wat met oorgawe na jou luister en preek vir hulle. Vermy hulle wat nie wil luister nie.

**Wat doen jy met jou Preek-Notas?**
Hou rekord waar jy 'n boodskap gepreek het. Agter op jou notas of in 'n "Folder"

**Drie maniere om 'n gedeelte in die Bybel te bestudeer:**
Gebruik Bybelse kommentare
Vra jouself: Wat is die sleutel woorde en gedagtes in hierdie Skrifgedeelte?
Wat is die "Openbarings-woord" (Rhema woord) in dié gedeelte?

**As Prediker het jy die volgende nodig:**
'n Paar Bybel vertalings en goeie Woordeboeke.

**Wanneer jy 'n "Vertaler" gebruik**
Gebruik volledige sinne. Maak 'n gedagte klaar voordat jy met 'n nuwe sin begin. Sommige tale begin eers met die werkwoord. Neem kennis daarvan.
Maak seker dat jy die regte teks aanhaal. In baie gevalle kom die Afrikaans nie ooreen met die Engels nie. In die Russiese Bybel is daar nie 'n boek met die naam "Samuel" nie. Hulle het 1ste tot 4de Konings. In Sjina praat hulle van rys en nie brood nie!

**Tipe Prediking**
Daar is "Onderwerp" Prediking. Kies 'n onderwerp en preek daaroor.
Daar is ook 'n "Openbarings Woord" uit 'n Skrifgedeelte. Iets wat die Heilige Gees jou wys in 'n hoofstuk, wat nie deur almal raakgesien sal word nie
Daar is ook die "Analitiese" metode. Dit is om 'n deel in die Bybel te neem en dit dan teks-vir-teks te ontleed.

Daar is ook "Reeks Prediking" waar die leiers kan besluit oor 'n waarheid wat hulle aan die gemeente wil tuis bring.

**Sewe dinge wat skade doen aan 'n Prediker**
Swak Skrif verduideliking
Negatiewe denkwyse
Fisiese moegheid
Geestelike doodsheid
Swak struktuur van jou notas